# MET CHRISTUS IN DIE SKOOL VAN GEBED

*"Here, leer ons bid."*

Dr. Andrew Murray

In Afrikaans vertaal deur F.J. Liebenberg
1969

# MET CHRISTUS IN DIE SKOOL VAN GEBED

## Inhoud

Voorwoord
1. Die Enigste Leermeester
2. Die Ware Aanbidders
3. Die Binnekamer
4. Die Model Gebed
5. Die Sekerheid van Gebedsverhoring
6. Die Oneindige Vaderliefde van God
7. Die Allesomvattende Gawe
8. Die Vrymoedigheid van God se Vriende
9. Gebed voorsien Arbeiders
10. Gebed moet duidelik omskrewe wees
11. Die Geloof wat die Belofte aanvaar
12. Die Geheim van Gelowige Gebed
13. Die Geneesmiddel vir Ongeloof
14. Gebed en die Liefde
15. Die Krag van die Gemeenskaplike Gebed
16. Die Krag van Volhardende Gebed
17. Die Gebed gegrond in die Wese van God
18. Gebed in Harmonie met die Bestemming van die Mens
19. Krag om te bid en te werk
20. Hoofdoel van die Gebed
21. Die Allesinsluitende Voorwaarde
22. Die Woord en Gebed
23. Gehoorsaamheid en Gebedsverhoring
24. Ons Goddelike Volmag
25. Die Heilige Gees en Gebed
26. Christus die Voorbidder
27. Die Hoëpriesterlike Gebed
28. Die Offer op die Altaar
29. Ons Vrymoedigheid in die Gebed
30. Die Bediening van die Voorbidding
31. ‘n Lewe van Gebed

George Muller en die geheim van sy kragtige gebedslewe

# Voorwoord

Van al die beloftes verbonde aan die bevel 'Bly in My' is daar geen hoër, en geen ander wat gouer die belydenis voortbring: "*Nie dat ek al verkry het of al volmaak is nie*" (Filip. 3:12) dan hierdie nie: "*As julle in My bly en My woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit kry*" (Joh. 15:7). Die hoogste waartoe die lewe wat ten volle in God bly kan kom is om krag by God te hê. En van al die trekke van 'n lewe *soos Christus* is daar geeneen hoër en heerliker nie as gelykvormigheid aan Hom in die arbeid waarmee Hy hom nou onophoudelik voor die Vader besig hou – sy alles oorwinnende voorbidding. Hoe meer ons in Hom bly, en groei tot gelykvormigheid aan sy beeld, hoe magtiger sal sy priesterlike lewe in ons werk en ons lewe word wat syne is, 'n lewe wat altyd pleit en oorwin vir mense.

"*U het ons tot priesters en konings vir God gemaak.*" By die Koning sowel as by die priester is mag, invloed, seën die vernaamste dinge. By die koning is dit die mag wat van bo afkom; by die priester is dit die mag wat na bo gaan en krag by God het. In onse geseënde Priester-Koning, Jesus Christus, is die koninklike mag gegrondves op die priesterlike "*Hy **kan** ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, **omdat** Hy altyd leef om vir hulle in te tree*" (Hebr. 7:25). Dit is in ons, sy priesters en konings, nie ook anders gesteld nie: dit is deur voorbidding dat die Kerk sy grootste mag moet vind en gebruik, dat elke lid van die Kerk sy afkoms van Israel sal moet bewys, wat as 'n prins by God en mens mag gehad en oorwin het.

Dit is onder die diepe indruk dat die plek en krag van die gebed in die Christelike lewe te min verstaan word, dat daar tot die skrywe van hierdie boek oorgegaan is. Ek is daar seker van dat ons nooit ten volle sal weet wat die gebed bedoel is om te wees nie, solank as ons dit hoofsaaklik beskou as 'n middel om ons eie Christelike lewe te onderhou. Maar as ons leer om dit te beskou as die vernaamste deel van die werk wat aan ons

toevertrou is, die grond en sterkte vir al ons werk, dan sal ons sien dat daar niks is wat ons so moet bestudeer en beoefen as die kuns om reg te bid nie. As ek enigsins daarin geslaag het om die voortgaande leer van onse Here aan te toon met betrekking tot die gebed, en die duidelike betrekking wat die wonderlike beloftes van die laaste aand (Joh. 14:16) het op die werke wat ons in Sy Naam moet doen, op die groter werke, en op die dra van veel vrug, dan sal ons almal erken dat, alleen wanneer die Kerk hom oorgee en wy aan hierdie heilige bediening van voorbidding, kan ons verwag dat die krag van Christus hom ten behoewe van die Kerk sal openbaar. Dit is my bede dat God hierdie boekie mag gebruik om aan sommige van Sy kinders die wonderlike plek en invloed duideliker te maak, wat Hy wag dat hulle moet inneem, en waarvoor ‘n moeë wêreld ook wagtende is.

In hierdie verband is daar nog ‘n waarheid wat met wonderlike duidelikheid tot my gekom het onderwyl ek Jesus se leer aangaande die gebed bestudeer het. Dit is dit: dat die Vader wag om elke gelowige gebed te hoor, om ons te gee net wat ons wil hê en wat ons ookal in die Naam van Jesus mag vra. Ons het daar so gewoond aan geraak om die wonderlike liefde en groot beloftes van God te beperk, dat ons nie die eenvoudigste en duidelikste verklarings van onse Here kan lees sonder die bepalende sinne waardeur ons hulle beskerm en uitlê nie. As daar een ding is wat ek dink die Kerk behoort te leer, dan is dit dat dit Gods bedoeling is dat die gebed ‘n antwoord moet hê, en dat dit nog nie in die hart van die mens opgekom het om te dink wat God vir sy kind, wat hom oorgee om te glo dat sy gebed verhoor sal word, sal doen nie. **God verhoor die gebed**. Dit is ‘n waarheid wat algemeen erken word, maar die betekenis waarvan deur weinige begryp word, of die krag waarvan deur min mense ondervind word. As dit wat ek hier geskrywe het my leser mag aanspoor om na die Meester se woorde te gaan en sy wonderlike beloftes eenvoudig en letterlik te neem soos hulle staan, dan is my doel bereik.

Dan nog net een sakie. Duisende gelowiges het gedurende die afgelope jare ‘n onuitspreeklike seën ondervind deur te leer hoe volkome Christus ons lewe is, en hoedat Hy onderneem om alles te wees en alles in ons te doen wat ons nodig het. Ek weet nie of ons al geleer het om hierdie waarheid op ons gebedslewe toe te pas nie. Baie kla dat hulle nie die krag het om die geloofsgebed te bid, om die gebed te bid wat groot krag het nie. Die boodskap wat ek verlang om te bring is dat die dierbare Jesus wagtend en verlangend is om dit aan hulle te leer. Christus is ons lewe: in die hemel leef Hy om altyd in te tree; sy lewe in ons is ‘n lewe van voortdurende gebed, as ons Hom maar net hieroor wil vertrou. Christus leer ons bid nie net deur voorbeeld, deur onderrig, deur bevel, deur beloftes nie, maar **deur Homself aan ons te toon, die Een wat altyd leef om vir ons in te tree, as ons Lewe**. Dit is wanneer ons dit glo en in Hom ook gaan bly vir ons gebedslewe, dat ons vrees, dat ons nie reg sal kan bid nie, verdwyn en dat ons die Here met blydskap en oorwinning sal vertrou om ons te leer bid, om self die lewe en krag van ons gebed te wees.
Mag God ons oë oopmaak om in te sien wat die heilige bediening van voorbidding is waartoe ons, as sy Heilige Priesterdom, afgesonder is. Mag Hy ons hart verruim en versterk om te glo watter magtige invloed ons gebed kan uitoefen. En mag alle vrees, wat ons mag oorval dat ons nie ons roeping sal kan vervul nie, verdwyn namate ons Jesus sien, wat altyd leef om te bid, en wat vir ons gebedslewe borg staan.

Andrew Murray.
Wellington,
28 Oktober 1885.

# EERSTE LES

*"Here, leer ons bid"*
*of*
***DIE ENIGSTE LEERMEESTER***

"*En toe Hy op 'n sekere plek besig was om te bid, sê een van sy dissipels vir Hom toe Hy ophou: Here, leer ons bid, soos Johannes ook sy dissipels geleer het*." – Lukas 11:1.

Die dissipels was met Christus en het Hom gesien bid. Hulle het geleer om iets te verstaan omtrent die verband wat daar bestaan het tussen sy wonderlike lewe in die openbaar en sy geheime lewe van gebed. Hulle het geleer om in Hom te glo as 'n Meester in die kuns van die gebed – niemand kon bid soos Hy nie. Daarom het hulle na Hom met die versoek gekom, "*Here, leer ons bid*." In latere jare sou hulle ons vertel het dat daar min dinge was wat wonderliker of meer geseënd was wat Hy vir hulle geleer het, as sy lesse oor gebed.

So gebeur dit ook nog vandag dat, terwyl Hy besig is om op 'n sekere plek te bid, dissipels wat Hom op hierdie wyse besig sien die behoefte voel om dieselfde versoek te herhaal, "*Here, leer ons bid*." Namate ons groei in die Christelike lewe, word die gedagte en die geloof aan die Geliefde Meester in sy onfeilbare voorbidding elke dag kosbaarder, en die hoop om soos Christus in sy voorbidding te wees verkry 'n aantreklikheid wat voorheen onbekend was. En wanneer ons Hom so sien bid, en daaraan dink dat daar niemand is wat kan bid soos Hy nie, en niemand wat ons kan leer soos Hy nie, dan besef ons dat die versoek van die dissipels, "*Here, leer ons bid*" presies ons eie behoefte is. En namate ons daaraan dink hoedat alles wat Hy is en het, hoe Hy self ons eie is, hoe Hy self ons lewe is, het ons die versekering dat ons maar net moet vra en dat dit vir Hom 'n

vreugde sal wees om ons in nouer gemeenskap met Homself te neem en ons te leer bid soos Hy bid.

Kom, my vriende! Sal ons nie na die Geseënde Meester gaan nie en Hom vra om ons name opnuut in te skryf in daardie skool, wat Hy altyd oophou vir dié wat verlang om hul studies voort te sit in die goddelike kuns van die gebed en voorbidding? Ja, laat ons nog sommer vandag vir die Meester sê, soos hulle van ouds gedoen het, "*Here, leer ons bid*." In ons oordenking sal ons vind dat elke woord van die versoek waarmee ons kom vol betekenis is.

"*Here, leer ons **bid***." Ja, **bid**. Dit is wat ons behoefte aan het om geleer te word. Hoewel gebed in sy beginstadium so eenvoudig is dat die kleinste kind kan bid, is dit terselfdertyd die hoogste en heiligste arbeid waartoe die mens kan streef. Dit is gemeenskap met die Onsienlike en die Allerheiligste God. Die magte van die ewige wêreld word tot ons beskikking gestel. Dit is die kern van ware godsdiens, die kanaal van alle seëninge, die geheim van krag en lewe. Nie net vir onsself nie, maar vir andere, vir die kerk, vir die wêreld, is dit die gebed wat God gegee het waardeur die reg verkry is om Hom en sy krag aan te gryp. Dit is op gebed dat die beloftes wag vir hul vervulling, die Koninkryk vir sy koms en die heerlikheid van God vir sy volle openbaring. En hoe traag en ongeskik is ons nie vir hierdie geseënde werk nie! Dit is net die Gees van God wat ons in staat kan stel om daaraan reg te laat geskied. Hoe gou word ons nie verlei om met die vorm tevrede te wees terwyl die krag ontbreek nie!

Ons vroeë opvoeding, die onderrig van die kerk, die invloed van die gewoonte, die opwek van die gevoelens – hoe maklik lei hierdie dinge nie tot gebed waarin daar geen geestelike krag is nie, en wat maar weinig uitrig. Ware gebed wat God's sterkte en krag aangryp, wat groot krag het, in antwoord waarop die vensters van die hemel waarlik wyd oopgemaak word – wie sal nie uitroep, O vir iemand om my te leer om so te bid nie?

Jesus het ‘n skool begin waarin Hy sy verlostes, wie dit spesiaal begeer, oplei om krag in die gebed te besit. Sal ons nie die skool binnegaan met die versoek, Here! Dit is net wat ons nodig het om geleer te word! O leer ons **bid**.

“*Here, leer* ***ons*** *bid*.” Ja, **ons**, Here. Ons het in u Woord gelees hoedat u gelowige volk van ouds gebid het, en watter wonderdade gedoen was in antwoord op hul gebede. En as dit onder die Ou Verbond plaasgevind het, hoeveel te meer sal U nie nou, in hierdie dae van vervulling in die Nuwe Verbond aan u volk hierdie ware teken van u teenwoordigheid in hul midde skenk nie? Ons het gehoor van die beloftes, wat U aan u dissipels gegee het, van die krag van die gebed in u Naam, en ons het gesien hoe heerlik hulle hul waarheid ondervind het: Ons weet verseker dat hulle ook vir ons waar kan word. Gedurig hoor ons, ook selfs nog in ons tyd, watter wonderlike bewyse van u krag U nog skenk aan diegene wat U geheel-en-al vertrou. Die beloftes is vir ons, die kragte en gawes van die hemelse wêreld is vir ons. O leer **ons** bid sodat ons oorvloed kan ontvang. U het u werk ook aan ons toevertrou, die koms van u Koninkryk is ook van ons gebed afhanklik, en U kan ook u Naam in ons gebed verheerlik: “*Here, leer* ***ons*** *bid*.”

“*Here,* ***leer*** *ons bid*.” Ja, ons voel die behoefte om **geleer** te word hoe om te bid. In die begin is daar nie ‘n werk wat so maklik blyk te wees nie; later geen werk so swaar nie. En dan moet ons erken: Ons weet nie hoe om te bid soos ons behoort nie. Dis waar dat ons God se Woord het met sy duidelike en gewisse beloftes; maar sonde het ons gemoed so verduister, dat ons nie altyd weet hoe om die Woord toe te pas nie. In geestelike sake soek ons nie altyd na die nodige dinge nie, of dit geluk ons nie om te bid in ooreenstemming met die wet van die heiligdom nie. In tydelike sake is ons nog minder in staat om gebruik te maak van die wonderlike vryheid wat onse Vader ons gegee het om te vra wat ons nodig het. En al

weet ons ook soms wat om te vra, dan kom ons nog soveel kort om die gebed aanneemlik te maak. Dit moet wees tot die verheerliking van God, in volle oorgawe aan sy wil, in volle versekerdheid van die geloof, in die Naam van Jesus, en met ‘n volharding wat, as dit nie anders kan nie, weier om geweier te word. Dit alles moet geleer word. Dit kan alleen in die skool van veel gebed geleer word, want oefening werp vrugte af! Te midde van die pynlike bewustheid van onkunde en onwaardigheid, in die stryd tussen geloof en twyfel, word die hemelse kuns van kragtige gebed geleer. Want, al onthou ons dit nie, daar is Een, die Begin en Voleinder van geloof en gebed, wat oor ons gebed-oefening waak en wat daarna kyk dat **almal, wat Hom daarvoor vertrou,** se onderrig in die skool van gebed voortgesit word totdat dit volmaak is. Laat die diepe ondertoon van al ons gebede maar net wees die gewilligheid om geleer te word, met ‘n bewussyn van ons onkunde, en uit ‘n geloof in Hom as ‘n volmaakte Leermeester. Ons kan dan daarvan seker wees dat ons geleer sal word, en dat ons sal leer om met krag te bid. Ja, ons kan daar op reken dat Hy **leer** hoe om te bid.

“***Here**, leer ons bid*.” Niemand kan leer soos Jesus nie, niemand behalwe Jesus nie; daarom roep ons tot Hom, “*Here, leer ons bid*.” ‘n Leerling moet ‘n leermeester hê, wat sy werk ken, wat die gawe om onderwys te gee besit, wat met geduld en liefde sal afdaal tot die behoeftes van die leerling. Loof God! Jesus is dit alles en nog baie meer. Hy weet wat gebed is. Dit is Jesus, wat self bid, wat ons leer om te bid. Hy weet wat gebed is. Hy het dit te midde van die beproewinge en trane van sy aardse lewe geleer. In die hemel is dit nog steeds sy geliefkoosde werk. Sy lewe daar by God se troon is gebed. Niks gee Hom meer vreugde as om dié te vind wat Hy saam met Hom in sy Vader se teenwoordigheid kan opneem nie; wat Hy met krag kan beklee om God se seëninge af te bid op diegene rondom hulle; wat Hy kan oplei om sy medewerkers in die bediening van die voorbidding te wees en waardeur die Koninkryk op aarde geopenbaar moet word. Hy weet hoe om te leer. Nou deur middel van ‘n behoefte

wat as dringend gevoel word, dan weer deur die vertroue deur vreugde geïnspireer. Hier deur onderrig uit Gods Woord, daar weer deur die getuienis van 'n ander gelowige wat weet wat dit beteken om die verhoring van gebed te ondervind.

Deur sy Heilige Gees het Hy toegang tot ons hart, en leer ons om te bid deur ons daarop te wys dat sonde die gebed verhinder, of deur ons die versekering te gee dat ons God behaag. Hy leer ons deur aan ons nie net gedagtes te gee oor wat om te vra of hoe om te vra nie, maar deur in ons die Gees van gebed in te asem, deurdat Hy in ons woon as die Grote Voorbidder. Ons mag in der waarheid en met groot vreugde verklaar, "Wie leer soos Hy?" Jesus het sy dissipels nooit geleer hoe om te preek nie, maar hoe om te bid. Hy het nie veel gesê oor wat nodig was om goed te preek nie, maar baie oor hoe om goed te bid. Om te weet hoe om met God te praat is van groter belang as om te weet hoe om met mense te praat. Nie krag met mense nie, maar krag met God is die eerste vereiste. Jesus skep behae daarin om ons te leer hoe om te bid.

Wat dink u my geliefde mede-dissipels? Kom ons vra die Meester om ons vir 'n paar weke lank 'n spesiale kursus oor die kuns van gebed te gee. Soos ons die woorde wat Hy op aarde uitgespreek het bedink, laat ons onsself aan sy lering oorgee met die volste vertroue dat ons, met so 'n Leermeester, vordering sal maak. Laat ons tyd neem, nie net vir oordenking nie, maar vir gebed, om by die voet van die troon te vertoef, en opgelei te word vir die bediening van die voorbidding. Laat ons dit doen met die versekering, dat Hy, te midde van ons stameling en vrees, besig is om sy werk lieflik uit te voer. Hy sal sy eie lewe, wat geheel-en-al gebed is, in ons blaas. Net soos Hy ons deelgenote maak van sy geregtigheid, so ook sal Hy ons deelgenote van sy voorbidding maak. As lede van sy liggaam, as 'n heilige priesterdom, sal ons deelneem aan sy priesterlike arbeid om by God vir die mens te pleit en te volhard. Ja, laat

ons met die grootste vreugde sê; hoe onkundig en swak ons ookal mag wees, "*Here, leer ons bid*."

*HERE, LEER ONS BID*

Geseënde Here! Wat altyd leef om te bid, U kan my ook leer bid en hoe om altyd te leef om te bid. U skep 'n behae daarin om my 'n deelhebber te maak van u heerlikheid in die hemel, dat ek saam met U sonder ophou sal bid, en vir altyd as 'n priester sal staan in die teenwoordigheid van my God.

Here Jesus! Ek vra U om my naam vandag in te skrywe saam met diegene wat bely dat hulle nie weet hoe om te bid soos hulle behoort te bid nie. Ons vra U vir hierdie 'n kursus in die kuns van gebed. Here! Leer my om met U in die skool te vertoef, en U tyd te gee om my op te lei. Mag 'n diepe besef van my onkunde, van die wonderlike voorreg en krag van die gebed, van die behoefte aan die Heilige Gees as die Gees van gebed, my lei om my gedagtes oor wat ek van gebed weet te laat gaan, en my voor U laat kniel met ware bereidwilligheid en in armoede van gees om geleer te word.

En vul my, Here, met die vertroue dat ek, met so 'n Leermeester soos U is, sal leer om te bid. Met Jesus as my Leermeester, wat altyddeur tot die Vader bid, en wat deur sy gebede die bestemming van sy Kerk en die wêreld beheers, sal ek nie bevrees wees nie. U sal soveel as wat ek nodig het om van die verborgenhede van die wêreld van gebed te weet, aan my ontvou. En wanneer ek dit miskien nie mag verstaan nie, sal U my leer om sterk in die geloof te staan en aan God die eer te gee.

Geseënde Here! U sal u leerling wat U vertrou nie teleurstel nie, en deur u genade, sal hy U ook nie teleurstel nie. Amen.

## TWEEDE LES

*"In Gees en Waarheid"*
*of*
***DIE WARE AANBIDDERS***

"*Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook sulke mense wat Hom aanbid. God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid."* – Johannes 4:23-24.

Hierdie woorde van Jesus aan die vrou van Samaria is sy eerste woorde oor die onderwerp van gebed wat vir ons aangeteken is. Hulle gee ons 'n paar wonderlike eerste kykies in die gebedswêreld. Die Vader **soek** aanbidders; ons aanbidding bevredig sy liefdevolle hart en is 'n vreugde vir Hom. Hy soek **ware aanbidders**, maar vind baie wat nie is soos Hy verlang dat hulle moet wees nie. Ware aanbidding is dit wat geskied **in gees en in waarheid**. Die Seun het gekom om die weg tot hierdie aanbidding in gees en waarheid te open en om dit vir ons te leer. Dus sal een van die eerste lesse wat ons in die skool van gebed moet leer wees om te verstaan wat dit beteken om in gees en in waarheid te bid, en om te weet hoe ons daartoe kan kom om dit te doen.

Onse Here het van 'n drievoudige aanbidding met die Samaritaanse vrou gepraat. Ons kry eers die onkundige aanbidding van die Samaritane: "*Julle aanbid wat julle nie weet nie.*" Dan kry ons die tweede, die intelligente aanbidding van die Jood, wat die ware kennis van God besit: "*Ons aanbid wat ons weet, want die saligheid is uit die Jode.*" Eindelik volg die nuwe, die geestelike aanbidding wat Hyself gekom het om in te bring: "*Daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid*." Vanuit hierdie verband blyk dit dat die woorde "in gees en waarheid" nie beteken, soos so dikwels gedink word, ernstig,

uit die hart, in opregtheid nie. Die Samaritane het die vyf boeke van Moses en 'n bietjie kennis omtrent God gehad, en daar was heel waarskynlik meer as een onder hulle wat ernstig en eerlik vir God in gebed gesoek het. Die Jode het die ware volle openbaring van God in sy Woord, so ver as wat dit gegee was, gehad, en daar was onder hulle vrome mense wat tot God met hul hele hart geroep het, en tog nie "in gees en waarheid" in die volle betekenis van die woorde nie. Jesus sê" "***Daar kom 'n uur, en dit is nou***." Dit is slegs in en deur Hom dat die aanbidding van God in gees en waarheid sal wees.

Mens vind onder Christene ook nog hierdie drie klasse van aanbidders. Daar is sommige wat in hul onkunde skaars weet wat hulle vra: hulle bid ernstig en tog ontvang hulle min. Daar is weer andere, met meer korrekte kennis, wat met hul hele gemoed en hart bid, en wat dikwels baie ernstig bid en nogtans nie die volle seën van die aanbidding in gees en in waarheid bereik nie. Dit is in die derde klas wat ons die Here Jesus moet vra om ons te neem. Ons moet deur Hom geleer word hoe om in gees en in waarheid te aanbid. Slegs dit is geestelike aanbidding: dit maak van ons aanbidders van die soort wat die Vader na soek. In gebed sal alles daarvan afhang of ons die aanbidding in gees en waarheid goed verstaan en dit beoefen.

"God is Gees, en die wat Hom aanbid, moet **in gees** en waarheid aanbid." Die eerste gedagte wat hier deur die Meester geopper word is dat daar harmonie tussen God en sy aanbidders moet wees; soos God is, so moet sy aanbidding wees. Dit is volgens 'n beginsel wat dwarsdeur die heelal bestaan: ons verwag ooreenstemming tussen 'n voorwerp en die orgaan wat kennis aan hom openbaar of aan wie dit hom oorgee. Die oog het 'n innerlike ontvanklikheid vir lig, die oor vir geluid. Die persoon wat vir God waarlik wil aanbid, Hom vind en ken en besit en geniet, moet in harmonie met Hom wees, moet die vermoë besit om Hom te kan ontvang. Omdat

God **Gees** is moet ons **in gees** aanbid. Soos God is, so moet sy aanbidder wees.

En wat beteken dit? Die vrou het aan Jesus gevra watter van die twee plekke, Samaria of Jerusalem, die ware plek vir aanbidding was. Sy antwoord was dat aanbidding voortaan nie meer tot 'n sekere plek beperk sal wees nie: "*Vrou, glo My* ***daar kom 'n uur*** *wanneer julle nie op hierdie berg en ook nie in Jerusalem die Vader sal aanbid nie*." Net soos God se Gees nie gebind is deur ruimte of tyd nie, maar in sy oneindige volmaaktheid altyd en oral dieselfde is, so sou sy aanbidding van nou af nie meer deur plek of vorm beperk word nie, maar geestelike wees soos God Self geestelik is. Dis 'n les van die allergrootste belang. Hoe veel ly ons Christendom nie as gevolg daarvan dat dit tot sekere tye en plekke beperk word. 'n Man wat streef om ernstig in die kerk of in die binnekamer te bid, bring die grootste gedeelte van die week of die dag deur in 'n gees wat heeltemal anders is as die waarin hy gebid het. Sy aanbidding was die werk van 'n vasgestelde plek of uur en nie van sy hele wese nie. God is Gees: Hy is die Ewigdurende en Onveranderlike God en wat Hy is, is Hy altyd en in waarheid. Net so moet ook ons aanbidding in gees en waarheid wees. Sy aanbidding moet die gees van ons lewe wees. Ons lewe moet in aanbidding in gees wees soos God Gees is.

"*God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid*." Die tweede gedagte wat by ons opkom is dat hierdie aanbidding in die gees van God self moet kom. God is Gees en Hy alleen het Gees om te gee. Dit was hiervoor dat Hy sy Seun gestuur het om ons vir so 'n geestelike aanbidding te bekwaam, deur ons die Heilige Gees te gee. Jesus spreek van sy eie werk wanneer Hy twee maal sê: "*Daar kom 'n uur*" en dan byvoeg, "*en dit is nou*." Hy het gekom om met die Heilige Gees te doop en die Gees kon nie in al sy volheid voortgevloei het voordat Hy nie verheerlik was nie. Sien Johannes 1:33; 7:37-38; 16:7. Dit was nadat Hy 'n einde aan die sonde gemaak het, in die Allerheiligste

ingegaan het deur sy bloed, daar om ons ontwil die Heilige Gees **ontvang** het (Handelinge 2:33), dat Hy Hom na ons kon stuur as die Gees van die Vader. Dit was toe Christus ons verlos het, en ons in Hom die posisie van kinders ontvang het, dat die Vader die Gees van sy Seun in ons harte gestuur het om uit te roep: "*Abba, Vader*." Die aanbidding in gees is die aanbidding van die Vader in die Gees van Christus, die Gees van Seunskap.

Dit is die rede waarom Jesus die naam **Vader** hier so uitdruklik noem. Nêrens in die Ou Testament vind ons dat een van die gelowiges dit durf waag om die naam van kind vir hom persoonlik toe te eien of om God sy Vader te noem nie. Die aanbidding **van die Vader** is alleen moontlik vir diegene aan wie die Gees van die Seun gegee is. Die aanbidding **in gees** is alleen moontlik vir diegene aan wie die Seun die Vader geopenbaar het, en wie die gees van Seunskap ontvang het. Dit is maar net Christus wat die weg oopmaak en leer om in gees te aanbid.

En **in waarheid**. Dit wil nie net sê **in opregtheid** nie. Ook beteken dit nie slegs in ooreenstemming met die waarheid in God se Woord nie. Dit is 'n uitdrukking met 'n diep goddelike betekenis. Jesus is die Eniggeborene van die Vader, "**vol van** genade en **waarheid**." "Die wet is deur Moses gegee; die genade en **waarheid** het deur Jesus Christus gekom." Jesus sê: "***Ek is die waarheid*** *en die lewe*." In die Ou Testament was alles skaduwee en belofte. Jesus het die werklikheid, die **vaste vertroue** op die dinge wat ons hoop, gebring en gee dit vir ons. In Hom is die seëninge en die kragte van die ewige lewe ons werklike besitting en ondervinding. Jesus is vol van genade en waarheid. Die Heilige Gees is die Gees van waarheid, en deur Hom is die genade, wat in Jesus is ons eie in wesenlike werklikheid, 'n positiewe oordrag van die goddelike lewe. So is aanbidding in die gees dan aanbidding in **waarheid**; 'n wesenlike lewende gemeenskapsoefening met God, 'n werklike ooreenstemming en gelykvormigheid tussen die Vader, wat Gees is, en die kind wat in die gees bid.

Die Samaritaanse vrou kon nie onmiddellik begryp wat Jesus aan haar gesê het nie. Pinkster was nodig om die volle betekenis daarvan te ontvou. Ons is skaars gereed by die aanvang van ons lesse in die skool van gebed, om hierdie lering te verstaan. Ons sal dit later beter verstaan. Laat ons slegs begin deur die les te neem soos Hy dit aan ons gee. Ons is vleeslik en kan aan God nie die aanbidding bewys waarna Hy soek nie; maar Jesus het gekom om die Gees te gee: Hy het Hom aan ons gegee. Laat die gees waarin ons dan vir ons ten doel stel om te bid wees wat die woorde van Christus ons geleer het. Laat ons met diepe belydenis van ons onbekwaamheid om aan Hom die aanbidding te bring, wat Hom welbehaaglik sal wees, tot Hom nader. Laat ons kom met kinderlike bereidwilligheid om deur Hom geleer te word en met die eenvoudige geloof wat homself sal oorgee aan die influisteringe van die Gees. Laat ons bo alles vashou aan die heerlike waarheid – ons sal uitvind dat die Here nog meer hieroor vir ons te sê het – dat die kennis van die Vaderskap van God, die openbaring van sy oneindige Vaderliefde in ons harte, die geloof in die oneindige liefde wat sy Seun en sy Gees skenk om ons kinders te maak, in der waarheid die geheim is van aanbidding in gees en in waarheid. Dit is die nuwe en lewende weg wat Christus vir ons geopen het. Om Christus die Seun en die **Gees van die Seun** as die inwonende Here te besit wat die Vader aan ons openbaar, sal van ons ware geestelike aanbidders maak.

*HERE, LEER ONS BID*

Geseënde Here! Ek aanbid U  - die liefde waarmee U ‘n vrou, wat geweier het om aan u ‘n beker water te gee, geleer het hoedanig die aanbidding van God behoort te wees. Ek verheug my in die versekering dat U ook so nou u dissipel sal leer, wat na U kom met ‘n hart wat brand van verlange om in gees en in waarheid te bid. O my Heilige Meester! Leer tog vir my hierdie heerlike geheim.

Leer my dat die aanbidding in gees en waarheid nie uit die mens is nie, maar net van U kom; dat dit nie iets is van sekere tye en geleenthede nie, maar ‘n uitstroming van u lewe in my is. Leer my om naby God in die gebed te kom onder die diepe indruk van my onkunde en dat ek niks in myself het om Hom aan te bied nie, en terselfdertyd van die voorsiening wat U, my Verlosser, maak dat U Gees deur my kinderlike stamelinge bid. Ek loof U dat ek in U ‘n kind is, en ‘n kind se vryheid van toegang het, dat ek in U die gees van Seunskap en van aanbidding in waarheid het. Leer my bo alles, Geseënde Seun van die Vader, hoe dat dit die openbaring van die Vader is wat vertroue in die gebed skenk; en laat die oneindige Vaderlikheid van God se hart my vreugde en sterkte vir ‘n lewe van gebed en aanbidding wees. Amen.

# DERDE LES

*"Bid jou Vader wat in die verborge is"*
*of*
***DIE BINNEKAMER***

"*Maar jy, wanneer jy bid, gaan in jou binnekamer, sluit jou deur en bid jou Vader wat in die verborge is; en jou Vader wat in die verborge sien, sal jou in die openbaar vergelde."* – Matthéüs 6:6.

Hul eerste openbare onderrig, wat Jesus aan sy dissipels gegee het, nadat Hy hulle geroep het, was die bergrede. Daar het Hy die Koninkryk van God, sy wette en lewe aan hulle uitgelê. In daardie Koninkryk is God nie net Koning nie maar ook Vader; Hy gee nie net alles nie, maar is self alles. Die heerlikheid van daardie Koninkryk bestaan alleen in die kennis en gemeenskap van God. Dit spreek dus vanself dat die openbaring van gebed en die gebedslewe 'n deel van sy onderrig aangaande die Nuwe Koninkryk, wat Hy gekom het om op te rig, uitgemaak het. Moses het nóg bevele nóg reëls omtrent die gebed gegee, en selfs die profete sê baie min wat direk betrekking op die plig van gebed het. Dit is Christus wat leer om te bid.

Die eerste ding wat die Here Sy dissipels leer, is dat hulle 'n afgesonderde plek vir gebed moet hê. Elkeen moet een of ander eensame plekkie hê waar hy met God alleen kan vertoef. Elke leermeester moet 'n klaskamer hê. Ons het geleer om Christus te ken en aan te neem as ons enigste Leermeester in die skool van gebed. Hy het ons reeds in Samaria geleer dat aanbidding nie langer tot sekere tye en plekke beperk is nie; dat aanbidding, ware geestelike aanbidding, 'n saak is van die gees en die lewe; die hele mens moet in sy hele lewe Hom in gees en waarheid aanbid. En nogtans verlang Hy dat elkeen vir hom 'n vaste plekkie sal uitkies waar Hy hom elke dag kan ontmoet. Daardie binnekamer, daardie

afgesonderde plek, is die klaskamer van Jesus. Dit kan enige plek wees; daardie plek kan van dag tot dag verander as ons van woonplek moet verander; waar daardie geheime plekkie moet daar wees, met die stiltyd wanneer die leerling homself in die teenwoordigheid van sy Meester sal stel, om deur Hom voorberei te word om die Vader te aanbid. Dis daar alleen, maar daar sekerlik, waarheen Jesus kom om ons te leer bid.

‘n Onderwyser is altyd daarop gesteld dat sy klaskamer verlig en aantreklik sal wees, vol van die lig en lug van die hemel, ‘n plek waarheen leerlinge graag kom en graag wil bly. In sy eerste woorde oor gebed in die bergrede, probeer Jesus om die binnekamer aan ons in sy aantreklikste lig voor te stel. As ons fn luister sal ons gou merk wat die vernaamste saak is wat Hy aan ons te vertel het oor die tydjie wat ons daar vertoef. Driemaal gebruik Hy die naam Vader: “Bid **jou Vader**,” “**Jou Vader**... sal jou vergelde,” “**Jul Vader** weet wat julle nodig het.” Die eerste ding in die gebed in die binnekamer is: Ek moet my Vader ontmoet. Die lig wat in die binnekamer skyn moet die lig van die aangesig van die Vader wees. Die vars lug van die hemel waarmee Jesus dit gevul wil hê, die atmosfeer waarin ek moet asemhaal en bid, is: Gods Vaderliefde, Gods oneindige Vaderlikheid. Dus sal elke gedagte of versoek wat ek opstuur eenvoudige, hartlike, kinderlike vertroue in die Vader wees. So leer die Meester ons bid: Hy bring ons in die lewende teenwoordigheid van die Vader. Wat ons daar bid moet krag hê. Laat ons baie fyn luister om te hoor wat die Here aan ons te sê het.

In die eerste plek: “*Bid jou Vader wat in die verborge is.*” God is ‘n God wat Homself verberg vir die vleeslike oog. Solank as wat ons in ons aanbidding van God hoofsaaklik besig is met ons eie gedagtes en oefeninge, sal ons Hom wat ‘n Gees is, die Onsienlike, nie ontmoet nie. Maar die Vader sal Hom openbaar aan die persoon wat homself onttrek aan alles wat van die wêreld of van die mens is, en hom gereed maak om op God alleen te wag. Namate hy die wêreld en die lewe van die wêreld

versaak, opgee en uitsluit en homself oorgee om deur Christus ingelei te word in die verborgenheid van die teenwoordigheid van God, sal die lig van die Vader se liefde oor hom opgaan. Die verborgenheid van die binnekamer en die geslote deur, die algehele afsondering van alles om ons heen, is ‘n beeld van en ook ‘n hulp tot daardie innerlike geestelike heiligdom, die verborgenheid van Gods tabernakel agter die gordyn, waar ons gees waarlik in aanraking met die Onsienlike God kom. So word ons dan sommer by die aanvang van ons soek na die geheim van doeltreffende gebed, geleer om te onthou dat dit in die binnekamer, waar ons alleen met die Vader verkeer, is waar ons sal leer om reg te bid. Die Vader is in die verborge – met die woorde leer Jesus vir ons waar Hy vir ons wag, waar Hy altyd gevind kan word.

Dikwels kla Christene dat privaat gebed nie is wat dit behoort te wees nie. Hulle voel swak en sondig, en die hart is koud en donker. Dit is asof hulle so min het om oor te bid en in daardie bietjie is daar so min geloof en vreugde. Hulle word ontmoedig en weggehou van die gebed deur die gedagte, dat hulle nie na die Vader kan kom soos hulle behoort en soos hulle begeer om te doen nie. Kind van God! Luister na u Leermeester. Hy vertel u dat, wanneer u gaan om alleen te bid, u eerste gedagte moet wees: Die Vader is in die verborge, die Vader wag daar vir my. U moet net omdat u hart koud en biddeloos voel vir u in die teenwoordigheid van die liefdevolle Vader begeef. Soos ‘n Vader hom oor sy kinders bekommer, so bekommer die Heer Hom oor u. Moenie dink aan hoe min u het om aan Hom te bring nie, maar aan hoeveel Hy vir u wil gee. Stel uself net voor Hom en kyk op in sy gesig. Dink aan sy liefde, sy wonderlike, tere, neerbuigende liefde. Vertel Hom maar hoe sondig en koud en donker alles is. Dit is die Vader se liefdevolle hart wat lig en warmte aan u hart sal gee. O doen wat Jesus vir u sê: sluit net die deur en bid u Vader wat in die verborge is. Is dit nie wonderlik nie? Om alleen met God, die ewige God te kan wees nie! En om dan op te kyk en te sê: My Vader!

"*En jou Vader wat in die verborge sien, sal jou in die openbaar vergelde.*" Hier verseker Jesus ons dat verborge gebed nie sonder vrug kan wees nie: die seën daarvan sal in ons lewe tot uiting kom. Ons moet maar net in die verborge, alleen met God, ons lewe voor die mens aan Hom toevertrou; Hy sal ons in die openbaar vergelde. Hy sal toesien dat die antwoord op ons gebed geopenbaar sal word deur die seëninge wat Hy aan ons sal skenk. Onse Here wil ons dan leer dat net soos God ons in die verborge met sy ewige Vaderlikheid en Getrouheid ontmoet, so moet daar aan ons kant die kinderlike eenvoudige geloof, die vertroue dat ons gebed die seën sal meebring, wees. "*Hy wat tot God gaan moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek*" (Hebr. 11:6). Die seën van die binnekamer hang nie af van die sterkte en ernstige gevoel waarmee ek bid nie, maar van die liefde en krag van die Vader aan Wie ek daar my behoeftes toevertrou. Daarom het die Meester slegs een begeerte: Onthou u Vader is, sien en hoor in die verborge; gaan daarheen en bly daar en kom daaruit terug met die vertroue dat Hy sal beloon. Vertrou Hom daarvoor. Reken op Hom. Gebed tot die Vader kan nie tevergeefs wees nie. Hy sal u in die openbaar vergelde.

Om hierdie geloof in die Vaderliefde van God nog meer te bevestig spreek Christus 'n derde gedagte uit: "*Jul Vader weet wat julle nodig het voordat julle Hom vra*." Met die eerste oogopslag lyk dit asof hierdie gedagte gebed minder noodsaaklik maak: God weet baie beter as ons wat ons nodig het. Maar namate ons 'n dieper insig kry in die betekenis van die gebed, sal hierdie waarheid baie daartoe bydra om ons geloof te versterk. Dit sal ons leer dat ons nie, soos die heiden, nodig het om met die veelvuldigheid en erns van ons woorde 'n onwillige God te dwing om na ons te luister nie. Dit werk in ons 'n heilige stilte en bedagsaamheid in die gebed wat ons tot die vraag lei: Sou my Vader werklik weet dat ek dit nodig het? En as ons eers deur die Gees gelei word tot die sekerheid dat ons versoek werklik iets is wat ons, volgens die Woord, nodig het om God mee te verheerlik, dan gee dit ons 'n wonderlike vertroue om te sê: my

Vader weet ek het dit nodig en dat ek dit moet hê. En as die antwoord vertraag word sal dit ons leer om in stille volharding vas te hou met: **Vader! U weet** dat ek dit nodig het. O die salige vryheid en kinderlike eenvoud wat Christus, onse Leermeester, by ons wil aankweek as ons tot God nader. Laat ons opsien na die Vader totdat sy Gees dit in ons werk. Laat ons soms in ons gebede, wanneer ons gevaar loop om so ingenome te wees met ons vurige, dringende versoeke dat ons vergeet dat die Vader weet en hoor, stil wees en net sê: My Vader sien, My Vader hoor, my Vader weet. Ons geloof sal daardeur versterk word om te sê: Ons weet dat ons die versoeke het wat ons van Hom gevra het.

En nou, u almal wat opnuut tot die skool van Christus toegetree het om van Hom geleer te word om te bid, neem hierdie lesse ter harte, bring hulle in beoefening en vertrou die Here om hulle in u tot volmaaktheid te bring. Vertoef lank in die binnekamer, met die deur gesluit – afgesluit van mense, opgesluit met God. Dit is daar waar die Vader vir u wag en dit is daar waar Jesus vir u sal leer om te bid. Om met die Vader alleen in die verborge te wees moet u grootste vreugde wees. Om die versekering te hê dat die Vader u gebed in die verborge in die openbaar sal vergelde, sodat dit nie sonder seën kan bly nie; laat dit u krag vir elke dag wees. En om te weet dat die Vader weet dat wat u vra dit het u nodig: laat dit u vryheid gee om met elke behoefte te kom met die versekering dat u God sal voorsien na sy rykdom en genade in Christus Jesus.

*HERE, LEER ONS BID*

Geseënde Verlosser! Met my hele hart loof en dank ek U dat U die binnekamer daargestel het, as die skool waar U elkeen van u leerlinge afsonderlik ontmoet om aan hulle die Vader te openbaar. O my Here! Versterk my geloof in die Vader se tere liefde en goedheid sodat elke maal, wanneer ek sondig en bekommerd voel, die eerste gedagte as vanself mag wees dat ek moet gaan waar ek weet waar die Vader vir my

wag, en waar die gebed nooit ongeseën sal wees nie. Laat die gedagte, dat Hy my behoeftes ken voordat ek vra, my daartoe bring om met groter geloofsoortuiging te vertrou dat Hy aan sy kind sal skenk wat hy nodig het. En laat my binnekamer vir my die mees geliefde plek op aarde word. En Here! Hoor my waar ek U vra om al die binnekamers van u gelowige volk te seën... Laat U wonderlike openbaring van 'n Vader se tederheid alle jong Christene verlos van elke gedagte wat die verborge gebed as 'n plig of 'n las beskou, en lei hulle om dit as die grootste voorreg, vreugde en seën van jul lewe te beskou. Bring almal wat mismoedig is omdat hulle niks kan vind om vir U in die gebed te bring nie, terug. Laat hulle tog verstaan dat hulle maar net soos hulle is, met hul leegheid, na Hom moet kom wat alles het om te gee en wat daar 'n behae in skep om dit te doen. Mag, nie dat wat hulle tot die Vader moet bring nie, maar dat wat die Vader verlang om aan hulle te skenk, hul een groot gedagte wees.

En seën veral die binnekamer van al u diensknegte wat vir U werk, as die plek waar die waarheid en genade van God aan hulle geopenbaar word, waar hulle elke dag met vars olie gesalf word, waar hul krag vernuwe en die seëninge in geloof ontvang word, waardeur hulle vir hul medemens tot seën moet wees. Here, trek ons almal in die binnekamer nader tot Uself en die Vader. Amen.

# VIERDE LES

*"Só moet julle dan bid"*
*of*
***DIE MODEL GEBED***

"*Só moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is"* – Matthéüs 6:9.

Elke onderwyser ken die krag van die voorbeeld. Hy sê nie net wat die kind moet doen nie, maar wys hom hoe dit werklik gedoen kan word. Onse Hemelse Leermeester het Hom neergebuig ter wille van ons swakheid en aan ons die werklike woorde gegee om as voorbeeld te dien by ons toetrede tot die Vader. In die woorde het ons 'n vorm van gebed waarin al die frisheid en volheid van die Ewige Lewe gevind word. Dit is so eenvoudig dat 'n kind dit kan opsê en tog so goddelik ryk dat dit alles saamvat wat God kan gee. Dis 'n vorm van gebed wat dien as die model en inspirasie vir alle ander gebede, en wat ons nogtans altyd weer laat besef dat dit die diepste uiting van ons siele voor God is.

*"Onse Vader wat in die hemele is."* Om die wonderbaarlike van hierdie aanhef waarlik te waardeer, moet ek onthou dat geen een van die gelowiges in die Ou Testament ooit gewaag het om God as hul Vader aan te spreek nie. Die aanheg plaas ons al dadelik in die middel van die wonderlike openbaring dat die Seun gekom het om van sy Vader ook ons Vader te maak. Dit omvat die verborgenheid van die verlossing – Christus verlos ons van die vloek sodat ons kinders van God kan word. Die verborgenheid van die wedergeboorte – die Gees gee ons in die wedergeboorte die nuwe lewe. En die verborgenheid van die geloof – nog voordat die verlossing verwerf is of verstaan word, ontvang die dissipels die belofte om hulle voor te berei vir die geseënde ondervinding wat nog moet plaasvind. Die woorde is die sleutel van die hele gebed, ja, vir alle gebed. Dit neem tyd, ja dit vat 'n leeftyd om hulle te bestudeer en dit sal

‘n ewigheid neem om hulle ten volle te verstaan. Die kennis van die Vaderliefde van God is die eerste en eenvoudigste, maar ook die laaste en mees verhewe les in die skool van gebed. Gebed begin met die persoonlike verhouding tot die lewende God en die persoonlike bewuste gemeenskap van liefde met Homself. Dit is in die kennis van Gods Vaderlikheid, deur die Heilige Gees geopenbaar, dat die krag van gebed sal wortel skiet en groei. In die oneindige tederheid en medelye en geduld van die ewige Vader, in sy liefdevolle gereedheid om te hoor en te help, vind die lewe van gebed sy vreugde. O laat ons tyd neem, totdat die Gees hierdie woorde vir ons gees en waarheid gemaak en ons hart en lewe gevul het: *Onse Vader wat in die hemele is.”* Dan is ons waarlik agter die gordyn in die verborge plek van krag waar die gebed veel vermag.

*"Laat u Naam geheilig word,"* Daar is hier iets wat ons onmiddellik tref. Waar dit ons gewoonte is om eers met ons eie behoeftes in die gebed tot God te kom, en daarna dink aan wat aan God en sy belange behoort, daar verander die Meester hier die volgorde. Eers **u** Naam, **u** Koninkryk, **u** wil en dan gee **ons**, vergewe **ons**, lei **ons**, verlos **ons**. Daar sit meer in hierdie les as wat ons dink. In ware aanbidding moet die Vader eerste kom en alles wees. Hoe gouer ek leer om myself te vergeet by die begeerte dat Hy verheerlik mag word, hoe ryker sal die seëninge wees wat ek uit die gebed sal ontvang. Niemand sal ooit verloor omdat hy iets vir die Vader opoffer nie.

Dit moet ons hele gebedslewe beïnvloed. Daar is twee soorte gebede: persoonlike gebed en voorbidding. Gewoonlik neem laasgenoemde die ondergeskikte deel van ons tyd en kragte in. Dit mag nie so wees nie. Christus het die skool van gebed spesiaal geopen om voorbidders op te lei vir die groot werk om deur hul geloof en gebed die seëninge van sy arbeid en liefde af te bring van die hemel na die wêreld om hul heen. Daar kan nooit sprake van ware groei in ons gebedslewe wees as ons nie hierdie doel voor oë het nie. Die klein kindjie mag vir die vader net vra wat hy vir

homself wil hê maar hy leer gou om te sê: Gee vir boetie of sussie ook iets. Die volwasse seun egter, wat net vir die belange van sy vader leef en die belange van sy vader se besigheid behartig vra  groter en ruimer en ontvang alles wat hy vra. Jesus wil ons opvoed tot die heerlike lewe van toewyding en diens, waar ons al ons eie belange ondergeskik sal laat wees aan die van die Naam, die Koninkryk en die Wil van die Vader. O laat ons hiervoor lewe en laat op elke daad van aanbidding, Onse Vader! Daar in dieselfde asem volg: **U** Naam, **u** Koninkryk, **u** Wil. Hierna strewe en verlang ons.

"*Laat u Naam geheilig word.*" Watter naam? Hierdie nuwe naam: Vader. Die woord **heilig** neem die sentrale plek in die Ou Testament in, die **naam** Vader in die Nuwe Testament. Al die heiligheid en heerlikheid van God moet nou in hierdie Naam van liefde geopenbaar word. En hoe moet die Naam geheilig word? Deur God self: **Ek sal** my grote Naam **heilig** wat julle ontheilig het" (Eseg. 36:23). Dit moet ons gebed wees dat God self in ons, in al sy kinders, voor die hele wêreld, die heiligheid, goddelike krag en verborge heerlikheid van die Naam van die Vader sal openbaar. Die Gees van die Vader is die **Heilige** Gees. Dit is maar net wanneer ons onsself oorgee om **deur Hom** gelei te word dat die Naam deur ons gebede en ons lewens geheilig sal word. Laat ons die gebed leer: "Onse Vader, laat u Naam geheilig word."

"*Laat u Koninkryk kom*." Die Vader is 'n Koning en besit 'n Koninkryk. Die Seun en erfgenaam van 'n Koning het geen groter ambisie dan die eer van sy Vader se Koninkryk nie. In tye van oorlog en gevaar word dit sy hartstog – hy kan oor niks anders dink nie. Die kinders van die Vader is hier in die gebied van die vyand, waar die Koninkryk wat in die hemele is nog nie ten volle geopenbaar is nie. Wat is dan meer natuurlik dan, wanneer hulle leer om die Vader-naam te heilig, dat hulle sal verlang en bid met vurige entoesiasme: "Laat u Koninkryk kom"? Die koms van die Koninkryk is die een groot gebeurtenis waarvan die openbaring van die

Vader se heerlikheid, die volmaking van sy kinders en die redding van die wêreld afhang. Die koms van die Koninkryk wag ook op ons gebede! Sal ons dan nie saam met die verlostes bid: 'Laat u Koninkryk kom" nie? Laat ons dit in die skool van Jesus leer.

"*Laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde.*" Hierdie bede word te dikwels alleen toegepas op die **lyding** van Gods wil. In die hemel word Gods wil **gedoen** en die Meester leer die kind om te vra dat die wil op aarde gedoen mag word net soos in die hemel: in die gesindheid van aanbiddende onderworpenheid en gewillige gehoorsaamheid. Omdat die wil van God die heerlikheid van die hemel uitmaak daarom is die doen daarvan die hemelse saligheid. Namate die wil gedoen word kom die Koninkryk van die hemele in die hart. En oral waar die geloof die Vader se liefde aanvaar het, daar aanvaar gehoorsaamheid die Vader se wil. Die oorgawe aan en die gebed vir 'n lewe van hemelse gehoorsaamheid is die gees van die kinderlike gebed.

"*Gee ons vandag ons daaglikse brood.*" Nadat die kind homself aan die Vader oorgegee het vir sy Naam, sy Koninkryk en sy Wil ontwil, besit hy volle reg dat die Vader hom sy daaglikse brood sal gee. 'n Heer sorg vir die voedsel van sy dienskneg, 'n generaal vir sy soldate, 'n vader vir sy kind. En sal die hemelse Vader nie sorg vir die kind wat hom in die gebed oorgegee het aan sy belange nie? Ons mag waarlik met volle vertroue sê: Vader ek leef vir u eer en u werk; ek weet U sorg vir my. Toewyding aan God en sy wil gee wonderlike vryheid in die gebed vir tydelike dinge. Ons vertrou ons hele aardse lewe toe aan die liefdevolle sorg van die Vader.

"*En vergeef ons ons skulde soos ons ook ons skuldenaars vergewe*." Soos brood die grootste behoefte vir die liggaam is so is vergifnis vir die siel. En die voorsiening vir die een is net so seker as die vir die ander. Ons is kinders maar ook sondaars. Ons reg om in die Vader se teenwoordigheid te kom, het ons te danke aan die kosbare bloed en die vergifnis wat dit vir

ons verkry het. Laat ons daarteen waak dat die gebed om vergifnis nie ‘n blote gewoonte word nie, want net dit wat waarlik bely word waarlik vergewe. Laat ons deur die geloof die vergifnis aanneem soos dit vir ons belowe is. As ‘n geestelike werklikheid ‘n werklike transaksie tussen God en ons, verleen dit aan ons die toegang tot al die liefde van die Vader en al die voorregte van ’n kind. So ‘n vergifnis kan nie ‘n lewende ondervinding wees nie as ons nie ‘n vergewend-gesindheid aan andere openbaar nie. Net soos om vergewe te wees ons hemelse verhouding uitdruk, so druk ons vergifnis van ander ons aardse verhouding uit as kind van God. In elke gebed tot die Vader behoort ek te kan sê dat ek van iemand weet wat ek nie hartlik liefhet nie.

“*En lei ons nie in die versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.*” Ons daaglikse brood, die vergifnis van ons sondes en dan om bewaar te word van alle sonde en die mag van die Bose is die drie versoeke wat al ons persoonlike behoeftes insluit. Die gebed vir brood en vergifnis moet gepaard gaan met die oorgawe om in alle dinge in heilige gehoorsaamheid aan die Vader se wil te lewe, en die gelowige gebed om in alles bewaar te word deur die krag van die inwonende Gees teen die mag van die Bose.

Kinders van God! So wil Jesus hê moet ons tot die Vader in die hemele bid. Laat tog sy Naam en Koninkryk en Wil die eerste plek in ons liefde inneem, dan sal sy versorgende, vergewend en bewarende liefde ons sekere deel wees. Die gebed sal ons ook lei tot die ware kinderlewe waar die Vader alles vir die kind en die kind alles vir die Vader sal wees. Ons sal verstaan hoedat Vader en kind, die **U** en die **onse** almal een is, en hoedat die hart wat met die Godgewyde **U** begin die krag sal hê om ook te praat van die **onse** ook. Sodanige gebed sal in der waarheid die gemeenskap en wederkerige liefde wees, wat ons altyd weer terug sal voer tot vertroue in en aanbidding van Hom wat nie net die Begin nie maar ook die Einde van alles is: “*Want aan U behoort die Koninkryk en die krag en die heerlikheid*

*tot in ewigheid. Amen.*” Seun van die Vader, leer ons om te bid: “*Onse Vader*.”

### *HERE, LEER ONS BID*

O, U wat die Eniggebore Seun van die Vader is, ons smeek U, leer ons om te bid: “*Onse Vader*.” Ons dank U, Here vir hierdie lewende en geseënde woorde wat U ons gegee het. Ons dank U vir die miljoene wat deur hulle geleer het om U te ken en te aanbid as die Vader, en vir wat hulle vir ons beteken het. Here! Dit is asof ons dae en weke vir elke afsonderlike bede nodig het, so diep en so vol is hulle. Ons sien egter op tot U om ons in te lei in hul diepere betekenis. Doen dit, smeek ons U om U Naam ontwil – U Naam is Seun van die Vader.

Here! U het gesê: “*Niemand ken die Vader behalwe die Seun nie, en die aan wie die Seun Hom wil openbaar*.” En op ‘n ander plek: “*En Ek het u Naam aan hulle bekend gemaak en sal dit bekend maak, sodat die liefde waarmee U My liefgehad het, in hulle kan wees , en Ek in hulle*.” Here Jesus! Openbaar die Vader aan ons. Laat sy Naam, sy enige Vaderliefde, die liefde waarmee Hy U liefgehad het, volgens u gebed **in ons wees**. Dan sal ons leer om “Onse Vader!” reg uit te spreek. Dan sal ons u onderrig vat en die eerste spontane asemhaling van ons hart sal wees: “Onse Vader, u Naam, u Koninkryk, U Wil,” en ons sal met ons behoeftes en sondes en versoekings na Hom kom met die vaste vertroue dat die liefde van so ‘n Vader ons in dit alles sal verhoor.

Geseënde Heer! Ons is u leerlinge en ons vertrou U. Leer ons om te bid: “Onse Vader.” Amen.

# VYFDE LES

"Bid en vir julle sal gegee word"
of
## DIE SEKERHEID VAN GEBEDSVERHORING

*"Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word. Want elkeen wat bid, ontvang; en hy wat soek, vind; en vir hom wat klop, sal oopgemaak word." (Matthew 7:7-8)*
*"Julle bid en julle ontvang nie, omdat julle verkeerd bid, om dit in julle welluste deur te bring." (James 4:3)*

Onse Here Jesus kom hier vir die tweede maal in die bergrede terug na die gebed. Die eerste maal het Hy gespreek van die Vader wat in die verborge te vinde is en in die openbaar vergelde, en daar het Hy ons die volmaakte voorbeeld van gebed gegee (Matt. 6:5-15). Hier wil Hy vir ons leer wat die hele Skrif as hoofsaak van gebed beskou, die versekering dat gebed verhoor word. Let daarop hoedat Hy woorde gebruik wat byna dieselfde betekenis het en elke keer herhaal Hy die belofte baie duidelik: "Julle **sal** gegee word, julle **sal** vind, dit **sal** oopgemaak word", en dan gee Hy as grond van hierdie versekering, die wet van die Koninkryk, "Elkeen wat bid **ontvang**, die wat soek **vind**, en vir die wat klop **sal oopgemaak word**." Ons kan nie anders as om te voel, hoedat Hy op hierdie sesvoudige herhaling, die een waarheid diep op ons gemoed wil afdruk dat ons mag, en behoort met die grootste vrymoedigheid, 'n antwoord op ons gebed verwag. Naas die openbaring van die Vader se liefde is daar in die hele kursus van die skool van gebed geen belangriker les as hierdie een nie: "*Elkeen wat bid, ontvang*."

Daar is 'n onderskeid in die betekenis van die drie woorde wat die Here Jesus gebruik, ***bid, soek, klop, gesoek***. As dit wel sy doen was, dan het die eerste, ***bid***, betrekking op die gawes wat ons van God begeer. Maar ek

kan soms die gawe ontvang sonder dat ek die Gewer self besit. ***Soek***, is die woord wat die Skrif van God self gebruik, en Christus verseker my dat ek Homself kan vind. Dit is egter nie genoeg dat ek God in tye van nood vind sonder dat ek met Hom in blywende gemeenskap verkeer nie, en ***klop*** spreek van toegang om met Hom en in Hom te bly. As ek daarom vir die gawe bid en dit ontvang sal ek daartoe gelei word om die Gewer te soek en te vind, en dit lei weer tot die klop en die oopmaak van die deur van die Vader se woning en liefde. Een ding staan vas: die Here wil dat ons daarop moet staat maak dat om te bid, te soek en te klop nie tevergeefs kan wees nie. Om 'n antwoord te ontvang, om God te vind, 'n geopende hart en woning van God te verlang is die sekere vrug van die gebed.

Dat die Here dit nodig geag het om hierdie waarheid telkemale te herhaal, is 'n baie gewigtige les. Dit lewer vir ons die bewys dat Hy ons hart ken en weet hoedat twyfel en wantroue in God by ons natuurlik is, en hoe maklik ons daartoe kom om die gebed te beskou as 'n godsdiensoefening sonder 'n antwoord. Hy weet ook hoedat, selfs waar ons glo dat God 'n Hoorder van die gebed is, die gelowige gebed wat staatmaak op hierdie belofte iets geesteliks is en te hoog en te moeilik vir die halfhartige dissipel is. Hy wil die waarheid dus sommer by die begin by die wat wil leer om te bid, inskerp, dat die gebed groot krag het: bid en jy ***sal,*** ontvang; ***elkeen*** wat vra ontvang. Dit is die vaste wet van die Koninkryk: as jy bid en nie ontvang nie, dan moet dit wees omdat iets verkeerd is met die gebed. Hou daaraan vas. Laat die Woord en Gees jou leer hoe om reg te bid, maar moenie die vertroue, wat Hy by jou wil opwek, laat vaar nie: "*Elkeen wat bid, ontvang*."

***"Bid en vir julle sal gegee word***." Christus het geen magtiger prikkel tot volhardende gebed in sy skool as hierdie nie. Soos 'n kind moet bewys dat die wiskunde som reg is, so is die bewys dat ons reg gebid het ***die antwoord***. As ons bid en nie ontvang nie moet ons die rede daarin soek

dat ons nie geleer het om reg te bid nie. Laat elke leerling in die skool van Christus dus die Meester se Woord in alle eenvoud aanneem dat elkeen wat bid, ontvang. Hy het goeie redes gehad om dit so onvoorwaardelik te stel. Laat ons oppas dat ons nie gaan probeer om die Woord met ons menslike redenasies en wysheid af te water nie. As hy vir ons hemelse dinge vertel moet ons Hom glo. Sy Woord sal homself verklaar aan elkeen wat dit ten volle glo. As vrae en moeilikhede ontstaan laat ons dan nie probeer om hulle op te los voordat ons die Woord aanvaar het nie. Nee, laat ons hulle almal aan Hom toevertrou, Hy sal hulle oplos. Ons werk is om in die eerste plek en ten volle sy beloftes aan te neem en daaraan vas te hou. Laat die Woord in ons binnekamer, ook in die binnekamer van ons hart, ingegraveer word met die letters van lig. "*Elkeen wat bid, ontvang*."

Volgens die onderrig van die Meester bestaan die gebed uit twee dele, het dit twee aspekte, die menslike en die goddelike. Die mens bid en vra en God gee. Of om albei van die menslike kant af te bekyk, is daar die bid en ontvang aspekte, die twee helftes wat die geheel uitmaak. Dit is asof Hy vir ons wou sê dat ons nie tevrede moet wees sonder 'n antwoord nie, omdat dit die wil van God, die reël in die huis van die Vader is dat elke kinderlik gelowige gebed verhoor word. As daar geen antwoord kom nie moet ons nie met stille gelatenheid gerus wees nie en dink dat dit nie God se wil is dat ons 'n antwoord sal ontvang nie. Nee, daar moet iets in die gebed wees wat nie is soos God dit wil hê nie, kinderlik en gelowig. Ons moet om genade smeek om te bid totdat die antwoord kom. Dit is vir die vlees baie makliker om maar tevrede te wees sonder 'n antwoord as om homself deur die Gees te laat deursoek en reinig totdat hy geleer het om die gelowige gebed te bid.

Dit is een van die vreeslike kenmerke van die siek toestand van die christelike lewe in ons dae, dat daar so baie is wat tevrede is sonder die ondervinding van gebedsverhoring. Hulle bid dag vir dag, hulle vra baie dinge, en vertrou dat sommige daarvan verhoor sal word, maar hulle

weet min van die direkte gebedsverhoring as die reël van die alledaagse lewe. En tog is dit wat die Vader wil hê. Hy verlang na daaglikse gemeenskap met sy kinders deur te luister na en te antwoord op hul gebede. Dit is sy wil dat ek elke dag na Hom moet kom met duidelike versoeke, en dis sy wil om dag vir dag vir my te doen wat ek vra. Dit was deur sy antwoord op hul gebede dat die gelowiges van ouds vir God as die Lewende God leer ken het, en dat hulle tot lof en liefde aangespoor was (Psalm 34; 66:19, 116:1). Ons Leermeester wil dit op ons gemoed afdruk dat gebed en sy antwoord, die kind wat vra en die Vader wat gee, onafskeidbaar by mekaar behoort.

Daar mag gevalle wees waar die antwoord op 'n weiering neerkom, omdat die versoek nie volgens die Woord van God is nie, soos toe Moses gebid het om Kanaän binne te gaan. Die antwoord was egter daar. God het sy dienskneg nie in onsekerheid omtrent sy wil gelaat nie. Die gode van die heidene is stom en kan nie praat nie. Onse Vader laat sy weet wanneer Hy nie dit kan gee wat hy vra nie, en dan trek ons die versoek terug, net soos die Seun in Getsémané gedoen het. Beide Moses, die dienskneg van God, en Christus, die Seun van God, het geweet dat wat hulle gevra het nie volgens Sy Woord was nie. Hul gebed was 'n ootmoedige versoek of dit nie moontlik was dat sy beslissing verander kon word nie. God sal diegene, wat gewillig is om geleer te word en vir Hom tyd wil gee, deur sy Woord en Gees leer of hul versoek volgens sy wil is of nie. Laat ons die versoek terugtrek as dit nie met sy wil ooreenstem nie, of laat ons volhard totdat die antwoord kom. Gebed is daar om 'n antwoord te verlang. Dit is deur die gebed en die antwoord daarop dat 'n onderlinge beoefening van liefde plaasvind tussen die Vader en sy kind.

Hoe ver moet ons nie van God vervreemd wees nie, dat ons dit so moeilik vind om sulke beloftes te vat. Selfs waar ons die woorde aanvaar en in hulle waarheid glo, is die geloof van die hart, wat dit ten volle besig en sy

vreugde daarin vind, so traag om te kom. Dit is omdat ons geestelike lewe nog so swak is en ons nog so min ontvanklikheid vir die gedagtes van God het. Laat ons egter na Jesus opsien om ons te leer soos niemand anders dit kan doen nie. As ons sy woord in alle eenvoudigheid neem en Hom vertrou om hulle deur sy Gees in ons lewe en krag te laat word, sal hulle so deurdring tot ons innerlike wese, dat die geestelike en goddelike realiteit van die waarheid, wat hulle inhou, in der waarheid so van ons sal besit neem, dat ons nie sal rus nie totdat elke gebed wat ons opstuur na die hemel gedra sal word op Jesus se eie woorde: "*Bid en vir julle sal gegee word.*"

Geliefde mede-dissipels in die skool van Jesus! Laat ons ons daarop toelê om hierdie goed te leer. Laat ons die woorde aanvaar soos hulle uitgespreek is. Laat ons nie toelaat dat die menslike rede hul krag verswak nie. Laat ons hulle noem soos Jesus hulle gegee het en hulle glo. Op die regte tyd sal Hy ons leer om hulle ten volle te verstaan. Laat ons begin deur hulle onvoorwaardelik aan te neem. Laat ons, so dikwels as ons bid, tyd neem om na sy stem te luister: "*Elkeen wat bid, ontvang.*" Laat ons nie ons geringe ondervindings in hierdie verband, wat die gevolg van ons ongeloof is, die rigsnoer van ons geloof maak nie. Laat ons daarna strewe om, nie net by geleentheid van ons tye van gebed nie, maar ten alle tyde, vas te hou aan die blye versekering: die mens se gebed op aarde en God se antwoord in die hemel is vir mekaar bedoel. Laat ons die Here Jesus vertrou om ons so te leer bid dat die antwoord sal kom. Hy sal dit doen as ons vashou aan die woord wat Hy vandag aan ons gee: "*Bid en vir julle sal gegee word*."

*HERE LEER ONS BID*

O Here Jesus, leer my om te verstaan en te glo wat U nou vir my belowe het. Dit is nie vir U onbekend nie, o Here, met watter redeneringe my hart hom tevrede stel as daar geen antwoord kom nie. Daar is die gedagte dat

my gebed miskien nie volgens U verborge raadsbesluit is nie; dat daar dalk iets beters is wat U aan my wil skenk, of dat gebed as gemeenskap met God genoeg seën meebring sonder dat ek 'n antwoord hoef te ontvang. En tog, my dierbare Here, vind ek in U woorde oor gebed dat U nie van hierdie dinge gepraat het nie, maar dat U baie duidelik gesê het dat ons op die gebed 'n antwoord mag en moet verwag. U verseker ons dat dit die gemeenskap van die kind met sy Vader is, naamlik, dat die kind vra en die Vader gee.

Dierbare Here, U woorde is getrou en waaragtig! Dit moet wees omdat ek verkeerd bid dat my ondervinding omtrent die verhoring van gebed nie duideliker is nie. Dit moet wees omdat ek so min in die Gees leef dat my gebede so min in die Gees geskied en dat die krag vir die gelowige gebed ontbreek.

Here, leer my bid! Here Jesus, ek vertrou U hiervoor. Leer my om gelowige te bid. Here, leer my vandag hierdie les: "*Elkeen wat bid, ontvang*." Amen.

# SESDE LES

## *"Hoeveel te meer"*
## *of*
## ***DIE ONEINDIGE VADERLIEFDE VAN GOD***

"*Of watter mens is daar onder julle wat, as sy seun hom brood vra, vir hom 'n klip sal gee? En as hy 'n vis vra, vir hom 'n slang sal gee? As julle wat sleg is, dan weet om goeie gawes vir hulle kinders te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee vir die wat Hom bid?""* Matthéüs 7:9-11.

Met hierdie woorde gaan die Heer voort om wat Hy omtrent die sekerheid van gebedsverhoring gesê het, te bevestig. Om alle twyfel uit die weg te ruim en om ons te toon op watter sekere grond sy belofte rus, beroep Hy Hom op wat elkeen hier op aarde gesien en ondervind het. Ons was almal kinders en weet wat ons van ons vaders verwag het. Ons is self vaders of ons sien hulle gedurig, en oral is dit vir ons die natuurlikste ding van die wêreld dat 'n vader sy kind sal hoor. En die Here vra ons om van die aardse vaders, van wie die allerbeste tog nog sondig is, op te klim tot God en te oorweeg **hoeveel te meer** die hemelse Vader goeie gawes sal gee aan die wat Hom daarom vra. Jesus lei ons na bo om te sien, dat soveel as wat God groter as die sondige mens is, **soveel groter** behoort ons vertroue te wees dat Hy meer gereed is om ons kinderlike bede te verhoor as enige aardse vader dit sal doen. Soveel groter as wat God as die mens is, **soveel sekerder** is dit dat die gebed deur die Vader in die hemel as deur 'n vader op aarde verhoor sal word.

Net so eenvoudig en verstaanbaar as wat hierdie gelykenis is, net so diep en geestelik is die leer wat dit inhou aangaande gebed. Die Here wil ons daaraan herinner dat die gebed van 'n kind sy krag alleen te danke het aan die verhouding wat daar tussen hom en sy vader bestaan. Die gebed

kan daardie krag alleen uitoefen wanneer die kind werklik in daardie verhouding in die huis, in die liefde en in die diens van die Vader, lewe. Die krag van die belofte: "*Bid, en dit sal vir julle gegee word*" is geleë in die liefdesverhouding tussen ons as kinders en die Vader in die hemele. As ons in daardie verhouding lewe en wandel, sal die gelowige gebed met sy antwoord daarop die natuurlike gevolg wees. So is dan die les wat ons vandag in die skool van gebed leer dit: Leef soos 'n kind van God, dan sal u in staat wees om soos 'n kind te bid, en as 'n kind sal u verseker verhoor word.

En wat is nou die ware kinderlewe? Die antwoord kan ons in enige huis vind. Die kind wat die vader se huis verlaat deur sy eie keuse, wat geen vreugde vind in die teenwoordigheid en liefde van en in die gehoorsaamheid aan die vader nie, en nog dink om te vra en te verkry wat hy wil, sal sekerlik teleurgestel word. Daarenteen sal hy, vir wie die omgang met die vader, sy wil, sy eer en sy liefde die vreugde van sy lewe is, vind dat dit vir die vader 'n vreugde sal wees om aan sy versoeke gehoor te gee. Die Skrif sê: "*Sovele as wat deur die Gees van God* ***gelei*** *word, hulle is kinders van God*." Die kinderlike voorreg om alles te mag vra is onafskeidbaar van die kinderlike lewe onder leiding van die Heilige Gees. Hy wat homself in sy lewe deur die Gees laat lei, sal in sy gebede ook deur Hom gelei word, en hy sal uitvind dat as hy soos 'n kind van God leef, dit die goddelike antwoord sal wees om soos 'n Vader te gee.

Om hierdie kinderlike bestaan, waaruit die kinderlike gebed en geloof gebore word, reg te verstaan, is dit vir ons slegs nodig om te let op wat die Here Jesus in die bergrede omtrent die Vader en sy kinders leer. In die bergrede is die beloftes van gebed onlosmaaklik verbonde aan die voorskrifte van die lewe. Hulle maak saam een geheel uit, en hy alleen kan reken op die vervulling van die belofte, wat ook aanneem alles wat die Heer daaraan verbind het. Dit is asof Hy wanneer Hy sê: "*Bid, en dit sal vir julle gegee word*" ook daarby voeg: Ek gee hierdie beloftes aan

diegene wat Ek in die saligsprekinge in hul kinderlike armoede en reinheid beskryf het en van wie Ek gesê het: "*Hulle sal kinders van God genoem word*" (Matt. 5:3-9); aan kinders wat "*julle lig so laat skyn voor die mense dat julle julle Vader wat in die hemele is, verheerlik;*" aan hulle wat in die liefde wandel: "*sodat julle kinders kan word van julle Vader wat in die hemele is*;" aan die wat soek om volmaak te wees: "*soos julle Vader in die hemele volmaak is*" (Matt. 5:16, 45,48); aan hulle wie se vas en gebed nie voor mense geskied nie (Matt 6:1-18) maar "*voor jou Vader wat in die verborge sien*;" aan hulle wat vergewe "*soos die Vader julle vergewe*" (Matt. 6:15); aan die wat die hemelse Vader vir al hul aardse behoeftes vertrou en eers die Koninkryk van God en sy geregtigheid soek (Matt. 6:26-32); aan hulle wat nie net sê: "*Here, Here, nie, maar ook die wil van die Vader, wat in die hemele is, doen."* (Matt. 7:21). Sodanig is die kinders van die Vader, en so is die lewe in die Vader se liefde en diens. In so 'n kinderlewe is gebedsverhoring seker en oorvloedig.

Maar sal sulke woorde die swakkes dan nie ontmoedig nie? As ons eers aan hierdie beeld van 'n kind moet beantwoord sal baie van ons dan nie alle hoop moet laat vaar om ooit gebedsverhoring te ondervind nie? Die moeilikheid word weggeruim as ons nogeens dink aan die geseënde naam van vader en kind. 'n Kind is swak en daar is 'n groot verskil onder kinders wat ouderdom en gawes betref. Die Here eis nie van ons 'n volmaakte vervulling van die wet nie, nee, maar slegs die kinderlike en heelhartige oorgawe om as 'n kind saam met Hom in gehoorsaamheid en opregtheid te lewe. Niks meer verlang Hy nie, maar ook niks minder nie. Die Vader moet die hele hart hê. Wanneer dit gegee is, en Hy sien dat die kind eerlik en opreg soek om in alle opsigte soos 'n kind te wees en te lewe, dan sal Hy ons gebed as die van 'n kind beskou. As ons met alle eenvoudigheid en opregtheid die bergrede begin studeer en dit tot reël van ons lewe maak, dan sal ons, ten spyte van swakheid en mislukking, toenemende vryheid ondervind om die vervulling van sy beloftes, met betrekking tot die

gebed, vir ons toe te eien. In die naam van Vader en van kind het hy die waarborg dat sy gebed verhoor sal word.

Dit is die een hoofgedagte wat Jesus by ons wil inskerp, en wat Hy verlang dat al sy leerlinge moet begryp. Hy wil hê dat ons dit moet insien dat die geheim van die kragtige gebed is om 'n hart te hê wat vol is met die Vaderliefde van God. Dis nie vir ons genoeg om te weet dat God ‘n Vader is nie: Hy wil hê ons moet tyd neem om onder die volle indruk te kom van wat daardie naam veronderstel. Ons moet die beste aardse vader neem wat ons ken en dink aan die teerheid en liefde waarmee hy die versoeke van sy kind beskou, die liefde en vreugde waarmee hy aan elke redelike begeerte voldoen. Dan moet ons, wanneer ons met bewonderende aanbidding aan die oneindige liefde van God die Vader dink, bedink met **hoeveel meer** teerheid en vreugde Hy ons na Hom sien kom en vir ons gee wat ons opreg vra. As ons dan sien hoe ver hierdie goddelike rekenkunde ons begripsvermoë te bowe gaan, en voel hoe onmoontlik dit vir ons is om Gods gewilligheid om ons te hoor te begryp, dan verlang Hy dat ons sal kom, en ons harte sal oopmaak vir die Heilige Gees om God se Vaderliefde daarin uit te stort. Laat ons dit nie doen net wanneer ons wil bid nie, maar laat ons hart en lewe oorgee om in daardie liefde te bly. Die kind wat die vader se liefde net wil ken wanneer hy iets van hom wil vra, sal teleurgesteld wees. Maar hy wat God altyd en in alles as Vader erken, wat sy hele lewe in die Vader se teenwoordigheid en liefde wil lei, wat God toelaat om in die grootheid van sy liefde ‘n Vader vir hom te wees, O! hy sal die heerlikste ondervinding smaak, dat ‘n lewe in Gods oneindige Vaderliefde en gedurige gebedsverhoring onafskeidbaar van mekaar is.

Geliefde mede-dissipel! Ons begin die rede insien waarom ons so min weet van daaglikse gebedsverhoring, en wat die belangrikste les is wat die Here vir ons in sy skool het. Dit is alles in die Naam van die Vader. Ons dink aan die nuwe en dieper insig in die verborgenhede van die wêreld

van gebed wat ons in die skool van Christus sou kry, terwyl Hy vir ons vertel dat die eerste en vernaamste les is dit, dat ons moet leer om waarlik te kan sê: “*Abba, Vader*!” “*Onse Vader wat in die hemele is*.” Hy wat dit kan sê het die sleutel tot alle gebed. Ons moet die Vader se hart deurgrond om te sien met watter ontfermende liefde Hy luister na sy swak of sieklike kind, met watter vreugde Hy die stamelende kind aanhoor, hoe tederlik geduldig Hy is met ‘n onbedagsame kind, totdat elke gebed hemelwaarts gedra sal word op die geloof van hierdie goddelike woord: “***Hoeveel te meer*** *sal julle Vader wat in die hemele is, goeie dinge gee vir die wat Hom bid*!”

*HERE, LEER ONS BID*

Dierbare Here! U weet dat, hoewel hierdie een van die eerste en eenvoudigste en heerlikste lesse in u skool is, dit vir ons een van die swaarste lesse is om te leer. Ons ken die liefde van die Vader so swak. Here! leer ons om so met die Vader te lewe dat sy liefde nader by ons, duideliker en dierbaarder vir ons mag wees as die liefde van enige aardse vader. En laat die versekering dat Hy ons gebede verhoor, soveel groter wees as die vertroue in ‘n aardse vader, soos die hemele hoër is as die aarde en soos God oneindig groter is as die mens. Here! Toon ons dat net ons onkinderlike afstand van die Vader af in die pad staan vir die antwoord op gebed, en leer ons om opregte lewe as kinders van God te lei. Here Jesus! Dit is die vaderliefde wat kinderlike vertroue opwek. Openbaar die Vader en sy tere, medelydende liefde aan ons, sodat ons soos kinders kan word en kan ondervind hoedat die krag van die gebed in die kinderlewe geleë is.

Dierbare Seun van God! Die Vader het U lief en het alle dinge aan U gegee. En U het die Vader lief en het alles gedoen wat Hy U beveel het om te doen, en het dus die mag om alle dinge te vra. Here! Gee u eie Gees aan ons, die Gees van die Seun. Maak ons kinderlik, soos U op aarde

was, en laat elke gebed in die geloof opgestuur word dat soos die hemel hoër as die aarde is, so oortref Gods Vaderliefde en sy bereidwilligheid om te gee wat ons vra, alles wat ons kan dink of bedink. Amen.

# LES SEWE.

*Hoeveel te meer die Heilige Gees*
of
**DIE ALLESOMVATTENDE GAWE**

"*As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid?*" (Luke 11:13)

Die Here het reeds in die bergrede sy wonderlike *"Hoeveel te meer?"* uitgespreek. Waar hy die vraag hier in Lukas herhaal is daar 'n verskil. In plaas van *goeie gawes*, soos on dit aantref, sê Hy hier: Hoeveel te meer sal die hemelse Vader *die Heilige Gees* gee? Hy leer ons dus dat die vernaamste en beste van hierdie gawes die Heilige Gees is, of liewer, dat alle ander gawes in hierdie gawe opgeneem word. Die Heilige Gees is die eerste van al God se gawes en die een wat Hy die graagste aan ons skenk. Die Heilige Gees is dus die gawe wat ons eerste en hoofsaaklik moet soek om te besit.

Ons kan maklik verstaan van watter onuitspreeklike waarde hierdie gawe is. Jesus het van die Gees gepraat as "*die belofte van die Vader*" en dit is die een belofte waarin God se Vaderskap Homself geopenbaar het. Die beste gawe wat 'n goeie en wyse Vader aan sy kind op aarde kan gee is sy eie gees. Dit is die hoofdoel van 'n vader in die opvoeding van sy kind – om sy eie geaardheid en karakter in sy kind weer voort te bring. As die kind sy vader gaan ken en verstaan sodat wanneer hy volwasse is, in al die planne en die wil van sy vader gaan deel; as hy die hoogste vreugde in sy vader gaan vind, en die vader in hom, dan moet hy een wees met sy vader se verstand en gees. Dit is dus onmoontlik om te dink dat God 'n groter en meer verhewe gawe aan sy kind gee as sy eie Gees. Wat God is,

is Hy deur sy Gees. Die Gees is God se lewe self. Dink net wat dit beteken – dat God sy eie Gees aan sy kind op aarde gee.

Was dit nie die heerlikheid van Jesus as 'n Seun op aarde, dat die Gees van die Vader in Hom was nie? Met sy doop by die Jordaan was die twee dinge verenig – die stem het Hom as die Geliefde Seun verklaar, en die Gees het op Hom neergedaal. En so sê die apostel Paulus aan ons: "Omdat julle seuns is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestort wat roep: 'Abba, Vader!'" (Gal.4:6). In al die opvoeding van Sy Seun soek die Koning net dat die koninklike gees in sy kind ontwikkel sal word. Onse vader wat in die hemel is, verlang om ons, as sy kinders, op te voed tot 'n heilige hemelse lewe waarin Hy kan woon en om hierdie rede gee Hy, uit die diepte van sy hart, sy eie Gees aan ons.

Dit was Jesus se hele doel en strewe, nadat Hy versoening gedoen het met sy eie bloed om, om ons ontwil na God te gaan, sodat Hy daar vir ons die Heilige Gees kon verkry en Hom kon afstuur om in ons te woon. As die Gees van die Vader en van die Seun, vind ons die hele lewe en liefde van die Vader en die Seun in Hom. As die Gees het Hy in ons gekom om ons op te hef sodat ons met hulle gemeenskap kan hê. As Gees van die Vader, stort Hy die Vader se liefde, waarmee Hy die Seun liefgehad het, in ons harte uit en leer ons om in daardie liefde te wandel. As Gees van die Seun, skenk Hy ons die kinderlike vryheid en toewyding en gehoorsaamheid, waarin die Seun op aarde geleef het. Die Vader kan ons geen hoër of wonderliker gawe skenk as hierdie nie: Sy eie Heilige Gees, die Gees van Seunskap.

Die gedagte kom dus vanself in ons op, as ons hierdie waarheid bekyk, dat die eerste en belangrikste doel van ons gebed moet wees vir hierdie eerste en belangrikste van alle gawes van God. Ons het die Heilige Gees nodig vir elke behoefte van die geestelike lewe. Al die volheid is in Jesus, die volheid van genade en waarheid waaruit ons genade op genade

ontvang.  Die Heilige Gees is die draer wie se besondere taak is om Jesus met alles wat in Hom is vir ons persoonlik te laat toeëien deur ‘n geseënde ondervinding. Hy is die Gees van lewe in Christus Jesus en net so wonderlik as wat die lewe is, so wonderlik is die voorsiening waardeur so ‘n draer aan ons gegee word om dit met ons te deel. As ons ons maar net tot volle beskikking van die Gees stel, en Hom volle heerskappy oor ons lewe gee, dan sal Hy die lewe van Christus in ons tot openbaring laat kom. Met ‘n goddelike krag sal Hy dit doen, en die lewe van Christus in ons onafgebroke en gedurig onderhou. As daar een gebed is wat ons verseker na die troon van die Vader behoort te dryf dan is dit dat ons sal bid dat die Heilige Gees, wat ons as God se kinders ontvang het, in en deur ons sal vloei in ‘n heerliker volheid.

Deur die verskeidenheid van gawes wat die Heilige Gees moet meedeel, voorsien Hy in elke behoefte wat die gelowige mag hê. Dink net aan sy Name. Hy is die Gees van genade wat al die genade wat daar in Jesus is moet openbaar en meedeel. Hy is die Gees van geloof en leer ons om in die geloof te begin en om voort te gaan in die geloof sodat die geloof al groter en sterker word. Hy is die Gees van aanneming en sekerheid, wat getuig dat ons kinders van God is, wat ons met die vertroue-wekkende en betroubare Abba Vader inspireer! Hy is die Gees van waarheid wat ons ons in alle waarheid lei en wat elke woord van God in der waarheid ons eie maak. Hy is die Gees van gebed deur Wie ons tot die Vader spreek – die gebed wat beantwoord moet word. Hy is die Gees van oordeel en van vuur wat die hart deursoek en van sonde oortuig. Hy is die Gees van heiligheid wat die Vader se heilige teenwoordigheid in ons openbaar en oordra. Hy is die Gees van krag, deur wie ons krag ontvang om met vrymoedigheid te getuig en doeltreffend in sy diens te arbei. Hy is die Gees van heerlikheid, die waarborg van ons erfenis, die voorbereiding en voorsmaak van die heerlikheid wat sal kom. Dis tog duidelik dat die kind van God net maar een ding nodig het om soos ‘n kind te kan lewe en dit is om vervul te wees met die Gees.

Die les wat die Here Jesus nou vir ons vandag wil leer is dit: Dat die Vader verlang om Hom aan ons te gee as ons maar net wil bid met kinderlike vertroue in wat Hy sê: *"As julle dan weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, **hoeveel te meer** sal julle hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid."* In die woorde van God se belofte, "*Ek sal my Gees **oorvloediglik** uitstort*," en van sy bevel, "*word met die Gees **vervul***" besit ons die maatstaf van Gods bereidwilligheid om te gee en van wat ons mag verkry. As kinders van God het ons reeds die Gees ontvang. Ons het egter nog behoefte aan sy besondere gawes en werking soos ons hulle nodig het, en hiervoor moet ons bid. En nie alleen dit nie, maar ons moet bid dat Hy volkome besit van ons mag neem en vir sy voortdurende leiding van oomblik tot oomblik. Net soos die loot, wat reeds gevul is met die sap van die wynstok, gedurig hyg na die voortdurende deurvloei van daardie sap sodat dit die vrug tot volmaaktheid kan bring, net so sal die gelowige, wat hom verbly in die besit van die Gees, gedurig dors en na meer van die Gees verlang. Wat die grote Leermeester verlang dat ons moet leer is, dat die belofte en bevel van God die maatstaf van ons verwagting en gebed behoort te wees – ons moet oorvloediglik gevul word. Hy wil dat ons met die vertroue sal bid dat die wonderlike "***hoeveel te meer***" van God se Vaderliefde die waarborg sal wees dat, as ons vra, ons verseker sal ontvang.

Laat ons dit nou glo. Wanneer ons bid om met die Gees vervul te word, moet ons nie die antwoord in ons gevoelens soek nie. Alle geestelike seëninge moet ontvang word, dit wil sê, in die geloof aangeneem of geneem word. Laat ek glo dat die Vader sy Gees aan sy biddende kind **gee**. Selfs nou terwyl ek bid moet ek in die geloof sê: "*Ek het wat ek vra, die volheid van die Gees is myne*." Laat ons in hierdie geloof volhard. Op grond van God se Woord weet ons dat ons het wat ons vra. Laat ons dankbaar wees omdat ons verhoor is, dankbaar omdat ons ontvang en geneem het en nou dit vashou hou wat ons s'n is. Laat ons standvastig

volhard in gelowige gebed dat die seën, **wat alreeds aan ons gegee is**, en wat ons in die geloof aanvaar, mag deurbreek en ons hele wese vul. Deur sulke gelowige danksegging en gebed sal ons siel oopvou sodat die Gees volkome en ongestoorde besit daarvan sal kry. Dit is sulke gebed wat nie net vra en hoop nie, maar wat neem en vashou, wat die volle seën beërwe. Laat ons in al ons gebede die les, wat die Verlosser ons vandag wil leer, onthou sodat, as daar een ding op aarde is waarvan ons seker kan wees, dan is dit dit: dat die Vader verlang om ons met sy Gees vervul te sien, en dat niks vir Hom meer vreugde sal verskaf as om sy Gees aan ons te skenk nie.

En as ons eers eenmaal geleer het om so vir onsself te glo en elke dag uit die skat wat ons in die hemel besit wil neem, watter vryheid en krag sal ons nie hê om te bid vir die uitstorting van die Gees op die kerk van God, op alle vlees, op alle persone of alle spesiale geleenthede nie! Hy wat eenmaal self geleer het om die Vader in die gebed te ken, leer om met alle vertroue ook vir andere te bid. Die Vader gee die Heilige Gees aan die wat Hom bid en nog meer wanneer hulle Hom vir andere begeer.

*HERE, LEER ONS BID*

Vader in die hemele, U het u Seun gestuur om U, u Vaderliefde en alles, wat daardie liefde vir ons het, aan ons te openbaar! En Hy het ons geleer dat die gawe, wat U bo alle gawes aan ons wil skenk in antwoord op gebed, die Heilige Gees is.

O, my Vader, ek kom tot U met hierdie gebed, dat daar niks is wat ek meer begeer nie as om met die Gees, die Heilige Gees vervul te word! Sy seëninge is so onuitspreeklik en presies waaraan ek behoefte het. Hy stort u liefde uit in die hart en vul dit met Uself. Hierna verlang ek. Hy stuur die gemoed en lewe van Christus in my, sodat ek kan leef soos Hy geleef het – in en vir die Vader se liefde. Hierna verlang ek. Hy beklee my

met krag van omhoog vir al my wandel en werk. Hierna verlang ek. O Vader, ek smeek U skenk aan my nog vandag die volheid van u Gees.

Vader, ek vra dit op grond van die woorde van my Here: "*Hoeveel te meer die Heilige Gees*." Ek glo dat U my gebed hoor, ek ontvang nou wat ek vra. Vader, ek eien dit vir my toe en ek neem die volheid van u Gees as myne! Ek ontvang hierdie gawe vandag weer as 'n gawe van die geloof. Deur die geloof reken ek daarop dat my Vader deur die Gees alles werk wat Hy beloof het. Die Vader skep behae daarin om sy Gees uit te stort in sy wagtende kind onderwyl hy vertoef in gemeenskap met Homself. Amen.

# LES AGT

*Ter wille van sy onbeskaamdheid*
*of*
***DIE VRYMOEDIGHEID VAN GOD SE VRIENDE***

"*En Hy het vir hulle gesê: Wie van julle sal 'n vriend hê en sal middernag na hom gaan en vir hom sê: Vriend, leen my drie brode, want 'n vriend van my het van 'n reis by my aangekom, en ek het niks om aan hom voor te sit nie— en dié van binnekant sal antwoord en sê: Moenie my lastig val nie; die deur is al gesluit, en my kinders is saam met my al in die bed; ek kan nie opstaan om vir jou te gee nie. Ek sê vir julle, al sou hy ook nie opstaan en vir hom gee omdat hy sy vriend is nie, sal hy tog ter wille van sy onbeskaamdheid opstaan en hom gee soveel as hy nodig het." (Luke 11:5-8) NKJV.*

Die Here het sy eerste onderrig aan sy dissipels in die bergrede gegee. Dit was byna 'n jaar later dat sy dissipels Hom gevra het om hulle te leer bid. As antwoord het Hy die tweede maal vir hulle die Onse Vader gebed gegee, waarin Hy hulle geleer het om te bid. Dan praat Hy met hulle en sê *hoe* hulle behoort te bid, en herhaal wat Hy voorheen van die Vaderliefde van God en die sekerheid van gebedsverhoring gesê het. Tussenin het Hy die pragtige gelykenis van die vriend om middernag bygevoeg om aan hulle die tweevoudige les te lees, dat God nie net wil hê dat ons vir onsself moet bid nie maar ook vir die verloregaande wêreld om ons heen. En dat in sulke voorbidding dit dikwels nodig is om met groot vrymoedigheid by God aan te dring om verhoor te word. Om die waarheid te sê dit is altyd geoorloof en selfs welbehaaglik voor God.

Die gelykenis bevat 'n ware skat van onderrig aangaande die regter voorbidding. Daar is, vereers, die ***liefde*** wat soek om die behoeftiges te help: "*'n vriend van my het by my aangekom.*" Dan is daar die ***behoefte***

wat uitroep: "*ek het niks om aan hom voor te sit nie.*" Dan volg die ***vertroue*** dat hy hulp kan kry. "*Wie van julle sal 'n vriend hê en sê, 'Vriend, leen my drie brode.*" Dan kom die onverwagte ***weiering***: "*Ek **kan nie** opstaan om vir jou te gee nie.*" Dan vind ons weer die ***volharding*** wat geen weiering aanneem nie: "*ter wille van sy **onbeskaamdheid**."* En ten slotte kry ons die ***beloning*** van sulke gebed: "*Hy sal hom gee soveel as hy nodig het.*" Wat 'n wonderlike uiteensetting van die weg van gebed en geloof waarlangs die seën van God so dikwels gesoek en gevind is.

Laat ons ons egter by die hoofgedagte bepaal: Die gebed as 'n vriendskaps omgang met God. Ons vind hierin veral twee lesse. Die een is, dat as ons vriende van God is en as sodanig na Hom kom, dan moet ons onsself as vriende van die behoeftiges bewys. God se vriendskap met ons en ons vriendskap met ander gaan hand-aan-hand. Die ander les is, dat, as ons so ko dan mag ons die grootste vryheid gebruik om 'n antwoord te eis.

Daar is 'n tweevoudige gebruik van die gebed. Die een is om sterkte en seën vir ons eie lewe te verkry, en die ander en hoër en ware heerlikheid van die gebed, waartoe Christus ons in sy gemeenskap en skool geneem het, is die voorbidding, waar gebed die **koninklike krag** is wat die kind van God in die hemel beoefen in die belang van andere en selfs van die Koninkryk. Ons sien in die Skrif, hoedat dit deur voorbidding vir andere was, dat Abraham, Moses, Samuel en Elia, saam met al die gelowiges van ouds, bewys gelewer het dat hulle krag by God gehad het. Dit is wanneer ons onsself oorgee om tot seën vir andere te wees dat ons op die seën van God kan reken. Dit is wanneer ons tot God in gebed nader as 'n vriend van die armes en van ons verloregaandes, dat ons op sy vriendelikheid kan reken. Die regverdige persoon wat 'n vriend van die arme is, is 'n besondere vriend van God. Dit gee ons 'n wonderlike vryheid in gebed. Here! Ek het 'n behoeftige vriend wat ek moet help. In U het ek 'n Vriend, wie ek weet se goedheid en rykdomme onbeperk is. Ek is seker

daarvan dat U my sal skenk wat ek vra. As ek, wat sleg is, gereed is om vir my vriend te doen wat ek kan, hoeveel te meer sal U nie, O my hemelse Vriend, nou vir u vriend doen wat ek vra nie?

Die vraag mag ontstaan of die Vaderskap van God dan nie soveel vertroue in die gebed gee nie dat die gedagte aan sy Vriendskap ons nouliks nog meer kan leer – 'n vader is tog meer as 'n vriend. As ons daaroor na dink ontdek ons dat ons pleit op die vriendskap van God in die gebed vir ons nuwe wonders laat oopgaan. Dat 'n kind ontvang wat hy van sy vader vra klink so heel natuurlik. Ons wil byna sê dat dit die vader se plig is om te gee. Met 'n vriend is dit egter asof die gawe meer vry is, nie afhanklik van die natuur nie, maar van die simpatie en karakter. Ook is 'n verhouding met 'n kind meer van 'n volmaakte afhanklikheid, terwyl twee vriende op gelyke voet met mekaar staan. As die Here nou vir ons die verborgenheid van die gebed wil ontvou, dan wil Hy hê dat ons tot God ook in hierdie verhouding moet nader, as diegene wat Hy as sy vriende erken en wie se gedagtes en lewe in voeling met syne is.

Dan moet ons egter as sy vriende lewe. Al het ek afgedwaal bly ek steeds 'n kind, maar vriendskap hang af van die gedrag. "*Julle is my vriende as julle doen wat Ek julle beveel*." "*Sien jy dat die geloof saamgewerk het met sy werke en dat die geloof volkome geword het uit die werke? En die Skrif is vervul wat sê: En Abraham het God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken, en hy is 'n vriend van God genoem.*" (Jakobus 2:22-23). Dit is die Gees, "*dieselfde Gees*" wat ons lei wat ook getuig van ons aanname deur God; "*net so, ook*" help dieselfde Gees ons in die gebed. Dit is die lewe as vriend van God wat die wonderlike vryheid gee om te kan sê: Ek het 'n Vriend na wie ek selfs teen middernag kan gaan. Hoeveel te meer as ek in dieselfde gees van daardie vriendelikheid gaan, en in myself daardie goedheid openbaar wat ek in God soek, en probeer om my vriend te help soos ek verlang dat God my moet help!

As ek na God in gebed gaan let Hy altyd op wat die doel van my gebed is. As ek sy genade slegs soek vir my gerief en plesier, dan ontvang ek niks. As ek egter kan sê dat dit is om Hom te verheerlik deur sy seëninge aan andere mee te deel, sal ek nie tevergeefs bid nie. Of as ek vir andere bid, maar wil wag totdat God my so verryk het, dat dit geen opoffering of geloofsdaad sal verg om hulle te help nie, dan sal ek ook niks verkry nie. As ek egter kan sê dat ek alreeds vir my behoeftige vriend onderneem het, dat ek in my armoede reeds die werk van liefde begin het, omdat ek 'n Vriend het wat my sou help, dan sal my gebed verhoor word. O, ons weet nog nie watter groot krag daar in gebed is nie, waarin die vriendskap van die aarde in sy nood opkyk na die vriendskap van die hemel en reken op die woorde: "*Hy sal hom gee soveel as hy nodig het.*"

Dit gebeur egter nie altyd onmiddellik nie. Die een ding waardeur die mens God kan eer en geniet is: ***die geloof***. Voorbidding is ook 'n deel van ons opleiding in die skool van geloof. Daar word ons vriendskap met die mens en met God op die proef gestel. Daar sal dit gesien word of my vriendskap met die behoeftiges so 'n werklikheid is dat ek tyd sal neem en my rus sal opoffer, en selfs middernag sal gaan om te bid en nie ophou voordat ek vir hulle gekry het wat ek nodig het nie. Daar word dit gesien of my vriendskap met God so onbesproke is, dat ek daarop kan staatmaak dat Hy my nie sal afwys nie, en dus sal aanhou totdat Hy vir my gee.

O wat 'n onpeilbare hemels verborgenheid is dit van die volhardende gebed! God wat beloof het, wat verlang, wie se uitsluitlike doel dit is om die seën te skenk, hou dit terug. Dit is vir Hom so 'n belangrike saak dat sy vriende op aarde hulle ryk Vriend in die hemel sal ken en ten volle sal vertrou, dat Hy hulle in die skool van vertraagde gebedsverhoring sit sodat hulle kan uitvind of hulle werklik volhardende krag het; en wat die krag is wat hulle in die hemel kan gebruik as hulle hulle maar net daarop wil toelê. Daar is 'n geloof wat die belofte sien en dit omhels en dit nogtans nie ontvang nie (Heb.11:13, 39). Dit is wanneer die antwoord op

gebed nie kom nie, en die belofte wat ons so aan vashou geen indruk skyn te maak nie, dat die geloofstoets, wat kosbaarder is as goud, plaasvind. Dit is in hierdie toets, dat die geloof, wat die belofte omhels het, gereinig, versterk en voorberei word in 'n heilige gemeenskap met die lewende God, om die heerlikheid van God te aanskou. Dit neem en klou vas aan die belofte totdat dit die vervulling wat toegeëien is, ontvang, in die vorm van 'n lewende waarheid in die onsienlike dog lewende God.

Laat elke kind van God wat probeer om die liefdeswerk in sy Vader se diens te verrig, moed skep. Die ouer met sy kind, die onderwyser met sy klas, die besoeker met sy huisbesoek, die Bybelstudie leier met sy kring, die predikant met sy lidmate, elkeen wat in sy eie kringetjie van invloed onderneem het om die las van honger, verloregaande siele te dra – laat hulle almal moed skep. In die begin is niks vir ons so vreemd as dat God werklik aanhoudende gebed verlang nie, dat daar werklik vir 'n behoefte moet bestaan vir geestelike onbeskaamdheid. Om dit vir ons te leer gebruik die Meester hierdie byna vreemde gelykenis. As die onvriendelikheid van 'n selfsugtige aardse vriend deur onbeskaamdheid oorwin kan word, hoeveel te meer sal dit nie sy doel bereik by die hemelse Vader nie, wat so graag gee. Maar dit word teruggehou deur ons geestelike onbevoegdheid, ons onbekwaamheid om dit in te besit te neem wat Hy gegee het. O, laat ons Hom dank dat Hy, deur die vertraging van die antwoord, besig is om ons op te voed tot ons ware posisie en tot die beoefening van die mag wat Hy ons gegee het; en dat Hy ons opvoed om met hom in die gemeenskap van die geloof en vertroue wat nie twyfel nie, te leef. En om inderwaarheid die vriende van God te wees. Laat ons ook vashou aan die drievoudige koord wat nie verbreek kan word nie: die honger vriend wat hulp nodig het, en die biddende vriend wat hulp soek, en die Magtige Vriend wat verlang om te gee soveel as was nodig is.

## *HERE LEER ONS BID*

O my dierbare Here en Leermeester! Ek moet tot U in gebed nader. U lering is so heerlik en nogtans te hoog vir my om by te kom. Ek moet bely dat my hart te klein is om hierdie gedagtes van die wonderlike vrymoedigheid, waarvan ek gebruik kan maak teen U Vader, as my Vriend, in te neem. Here Jesus, ek vertrou U dat U vir my U Gees saam met u Woord skenk, en om die Woord lewendig en kragtig in my hart te maak. Ek verlang om u Woord vandag te bewaar: "*ter wille van sy onbeskaamdheid sal hy hom gee soveel as hy nodig het.*

Here, leer my om die volhardende krag van gebed meer en meer te ondervind. Ek weet dat die Vader Hom neerlê by die behoefte aan tyd en rypheid wat daar by ons is, totdat sy genade waarlik ons vaste wortel kan skiet en ons dit ons eie gemaak het. Ek weet dat Hy op hierdie manier vir ons wil oplei om daardie sterke geloof te beoefen wat Hom nie uitlos nie, selfs waar ons skynbare teleurstelling beleef. Ek weet dat Hy ons wil bring tot by daardie wonderlike vryheid, waarin ons sal verstaan hoe werklik Hy die meedeel van sy gawe van ons gebed afhanklik gemaak het. Here! Dit weet ek. Leer my om dit in gees en waarheid te sien.

En mag dit nou die vreugde van my lewe wees om my die lot van al die honger en verloregaande mense aan te trek, selfs om middernag, omdat ek ***my Vriend*** ken wat altyd vir hom, wat volhard, en ter wille van sy onbeskaamdheid, gee soveel as hy nodig het. Amen.

## LES NEGE

*“Bid dan die Here van die oes"*
*of*
***GEBED VOORSIEN ARBEIDERS***

“*Toe sê Hy vir Sy dissipels: Die oes is wel groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here van die oes, dat Hy arbeiders in Sy oes mag uitstuur*"- Matthéüs 9:37, 38.

Die Here het dikwels Sy dissipels geleer dat hulle moet bid en hoe hulle moet bid; maar selde wat hulle moet bid. Dit het Hy aan die behoefte van die harte en die leiding van die Gees oorgelaat. Hier het ons egter een ding wat Hy spesiaal op die hart bind. Met die oog op die grootheid van die oes en die behoefte aan arbeiders, moet hulle tot die Here van die oes roep om meer arbeiders. Net soos Hy in die gelykenis van die vriend om middernag hulle wou laat verstaan dat die gebed nie selfsugtig mag wees nie, so is dit ook hier die krag waardeur die seën na andere kan kom. Die Vader is Here van die oes. As ons bid om die Heilige Gees dan moet ons Hom bid om arbeiders vir die werk voor te berei en uit te stuur.

Is dit nie vreemd dat Hy Sy dissipels vra om hiervoor te bid nie? En kon Hy nie self gebid het nie? En sou een van Sy gebede nie meer doeltreffend dan 'n duisend van hulle s'n gewees het nie? En is dit nie God, die Here van die oes, wat die behoefte gesien het nie? En sou Hy nie op Sy eie tyd die arbeiders uitstoot nie? Sulke vrae lei ons tot die diepste verborgenhede van die gebed en van sy krag in die Koninkryk van God. Die antwoord op sulke vrae sal ons oortuig dat die gebed waarlik 'n krag is waarvan die insameling van die oes en die koms van die koninkryk baie sekerlik afhanklik is.

Gebed is nie 'n vorm of vertoon nie. Die Here Jesus self was die waarheid

en alles wat Hy gespreek het was die diepste waarheid. Dit was *"toe Hy die skare sien, het Hy innig jammer gevoel vir hulle, omdat hulle moeg en uitgeput was, soos skape wat geen wagter het nie*" dat Hy Sy dissipels versoek het om te bid dat arbeiders onder hulle mag uitgestuur word. Hy het dit gedoen omdat Hy werklik geglo het dat hul gebede nodig was en dat dit sou help. Die gordyn wat die onsigbare wêreld so vir ons verberg, was vir die heilige menslike siel van Jesus wonderlik deurskynend. Lank en diep het Hy deurgedring tot die verborge verhouding tussen oorsaak en gevolg in die geestelike wêreld. Hy het opgelet in Gods Woord, toe Hy manne soos Abraham en Moses, Josua en Samuel en Daniël geroep en hulle mag oor mense in Sy Naam gegee het, hoedat Hy terselfdertyd vir hulle die mag en reg gegee het om die magte van die hemele tot hul hulp in te roep wanneer hulle dit nodig gehad het. Hy het geweet dat, soos die werk van God hier op aarde aan hierdie manne van ouds, en aan Homself vir 'n tyd lank, toevertrou was, so het dit op die punt gestaan om oor te gaan in die hande van Sy dissipels. Hy het geweet dat, wanneer die werk aan hulle oorhandig sou word, dan sou dit nie 'n saak van blote vorm of vertoon wees nie, en dat van hulle, hul getrouheid of ontrouheid, die sukses van die werk werklik sou afhang. As 'n enkele indiwidu, in die beperkinge van die menslike liggaam en menslike lewe, het Jesus besef hoe min 'n kort besoek onder hierdie dwalende skape wat Hy rondom Hom gesien het, kon uitrig en het dus na hulp verlang waardeur daar vir hulle behoorlik gesorg kan word. Daarom sê Hy nou vir Sy dissipels dat hulle moet begin bid, en wanneer hulle die werk van Hom op aarde sou oorneem, moes hulle dit een van die belangrikste versoeke in hul gebede maak: *"dat die Here van die oes arbeiders in Sy oes mag uitstuur.*" Die God wat die werk aan hulle toevertrou het, en wat dit tot so 'n groot mate van hulle afhanklik gemaak het, gee aan hulle die mag om aansoek by Hom te doen vir arbeiders om te help, en Hy maak die voorsiening afhanklik van hul gebed.

Hoe min besef Christene werklik die behoefte aan arbeiders in die velde

van die wêreld wat so wit is om geoes te word! En hoe min glo hulle dat die voorsiening van arbeiders afhanklik van hul gebed is, en dat die gebed werklik sal voorsien *“soveel as hy nodig het*". Dit is nie dat die gebrek aan arbeiders nie bekend is of nie bespreek word nie. Dit is ook nie dat daar nie soms pogings aangewend word om in die behoefte voorsiening te maak nie. Maar hoe min word die las van die skape wat sonder 'n Herder dwaal, werklik in die geloof gedra dat die Here van die oes, in antwoord op gebed, arbeiders sal uitstuur; en hoe weinig vind ons die plegtige oortuiging dat sonder hierdie gebed sal die velde wat ryp is vir die oes, gelaat word om verlore te gaan! En tog is dit so. Die oorgawe van Sy werk in die hande van Sy Kerk is so wonderlik, en so afhanklik het die Here Homself van hulle as Sy liggaam gemaak, deur wie alleen Sy werk gedoen kan word; en so werklik is die mag wat die Here aan Sy volk gee om in hemel en op aarde te beoefen, dat die getal van die arbeiders en die omvang van die oes werklik van hul gebede afhang.

Watter plegtige gedagte is dit nie! O, waarom is dit dat ons nie meer opreg gehoorsaam is aan die opdrag van die Meester nie, en dat ons nie ernstiger bid om arbeiders nie? Daar is twee redes hiervoor. Die een is: dit ontbreek ons aan die medelye van Jesus wat die aanleiding tot hierdie versoek om gebed was. As gelowiges leer dat, om hul naaste soos hulleself lief te hê, om volkome te lewe vir die heerlikheid van God en hul medemens, die Vader se eerste bevel aan Sy verlostes is, dan sal hulle van die verloregaandes onder hulle sorg neem as dié wat die Here aan hulle toevertrou het. En as hulle die verloregaandes aanneem, nie net as die terrein van hul arbeid nie, maar as die voorwerpe van hul liefdevolle sorg en belangstelling, dan sal dit nie lank duur nie of medelye vir die hopelose verloregaandes sal hul harte aanraak, en die gebed sal opstyg met 'n erns tot hiertoe vir hul onbekend: "Here! stuur arbeiders". Die ander rede waarom die bevel verwaarloos word, die gebrek aan geloof, sal dan vanself gevoel word, maar sal oorwin word namate ons jammergevoel om hulp smeek. Ons glo te min in die krag van gebed om definitiewe

resultate te lewer. Ons leef nie na genoeg aan God en is nie geheel en al genoeg aan Sy diens en Koninkryk oorgegee om die vertroue te hê dat Hy dit aan ons, in antwoord op ons gebed, sal gee nie. O, laat ons bid vir 'n lewe so een met Christus, dat Sy medelye in ons mag instroom en dat Sy Gees ons kan verseker dat ons gebed verhoor word.

Sodanige gebed sal 'n tweevoudige seën vra en verkry. In die eerste plek sal daar die begeerte wees vir die vermeerdering van manne wat volkome aan die diens van God oorgegee is. Dit is 'n vreeslike klad op die Kerk van Christus dat daar tye is wanneer daar werklik nie genoeg werkers vir die diens van die Meester gevind kan word om predikante, sendelinge of bedienaars van die Woord van God te wees nie. Namate God se kinders hierdie 'n saak van gebed vir hul eie kring of Kerk maak, sal vir hulle gegee word. Die Here Jesus is nou die Here van die oes. Hy is verhoog om gawes mee te deel- die gawes van die Gees. Sy vernaamste gawes is werkers vervul met die Gees. Die voorsiening en verspreiding van die gawes hang egter af van die samewerking tussen die Hoof en sy lede. Slegs gebed sal tot sodanige samewerking lei. Die gelowige bidders sal opgewek word om die werkers en die middele vir die werk te vind.

Die ander seën wat gevra moet word is nie minder betekenisvol nie. Elke gelowige is 'n arbeider. Daar is nie een van God se kinders wat nie verlos is om te dien nie, en vir wie daar nie werk is nie. Ons gebed moet wees dat die Here al Sy gelowiges so sal vul met die gees van toewyding, dat nie een ydel mag wees in die wingerd nie. Waar daar ook al die klag mag wees dat daar gebrek aan arbeiders, of van bekwame helpers in Gods werk is, daar het gebed die belofte dat daar voorsiening is. Daar is geen Christelike werksaamheid waar God nie bereid en by magte is om voorsiening te maak nie. Dit mag tyd en volharding beteken, maar die bevel van Christus om die Here van die oes te vra, is die waarborg dat die gebed verhoor sal word: *“Ek sê vir jou hy sal opstaan en hom gee al wat hy nodig het.*"

Plegtige, heerlike gedagte! In die gebed besit ons die mag om in die nood van die wêreld te voorsien, om arbeiders vir God se werk te verkry. Die Here van die oes sal hoor. Christus wat ons geroep het om so te bid, sal ons gebede wat in Sy Naam en in Sy belang opgestuur word, steun. Laat ons tyd afsonder en onsself oorgee tot hierdie deel van die bediening van die voorbidding. Dit sal ons inlei in die gemeenskap van daardie medelydende hart van Hom wat Hom daartoe gelei het om ons gebedshulp te vra. Dit sal ons ophef tot die genot van ons koninklike waardigheid, as diegene wie se wens en wil vir iets by die grote God deurgaan in die uitbreiding van Sy koninkryk. Dit sal ons laat besef hoe ons inderdaad God se medearbeiders op aarde is, aan wie 'n deel van Sy werk in werklike erns toevertrou is. Dit sal ons deelnemers laat wees in die arbeid, maar ook in die versadiging van sy siel, as ons weet hoedat, in antwoord op ons gebed, seën geskenk word wat anders nie sou gekom het nie.

*HERE, LEER ONS BID*

Dierbare Here! U het vandag weer een van U wonderlike lesse vir ons gegee om te leer. Nederig bid ons U om ons die geestelike waarhede waarvan U gespreek het, reg te verstaan. Daar is die oes wat so groot is en verlore gaan onderwyl dit wag op slapende dissipels om met erns te roep vir arbeiders om te kom. Here, leer ons om na die oes te kyk met 'n hart wat van ontferming en medelye brand. Daar is die arbeiders, maar so min. Here, toon ons watter verskriklike sonde die gebrek aan gebed en geloof is, waarvan dit 'n bewys is. En daar is die Here van die oes, wat so bekwaam en so gereed is om hulle uit te stuur. Here, toon ons hoedat Hy waarlik wag op die gebed waaraan Hy Sy antwoord verbind het. En daar is die dissipels, aan wie die opdrag om te bid gegee is. Here toon ons hoedat U U Gees kan uitstort en hulle so kan vul, dat U ontferming en die geloof in U belofte hulle sal opwek tot die gebed van volharding en wat groot

krag het.

O, onse Here! Ons kan dit nie begryp dat U so 'n werk toevertrou en sulke krag gee aan mense wat so traag en ontrou is nie. Ons dank U vir almal wat U leer om dag en nag te bid dat arbeiders uitgestuur mag word. Here, stort U eie Gees op al U kinders uit sodat hulle kan leer om net vir hierdie een saak te lewe - die Koninkryk en heerlikheid van hul Here en dat hulle ten volle mag ontwaak tot die geloof van wat hul gebed kan verrig. En laat ons almal se harte in hierdie, soos in alle versoeke, vervul wees met die versekering dat die gebed, wat in liefdevolle geloof in die lewende God opgestuur word, met 'n gewisse en oorvloedige antwoord gepaard sal gaan. Amen.

# LES TIEN

## *"Wat wil jy hê?"*
## *of*
## ***GEBED MOET DUIDELIK OMSKREWE WEES***

"*En Jesus antwoord en sê vir hom: Wat wil jy hê moet ek vir jou doen?*" - Markus 10:51; Lukas 18:41.

Die blinde man het luid en aanhoudend uitgeroep: "*Seun van Dawid, Jesus, wees my barmhartig!*" Die geroep het die oor van die Here bereik. Hy het geweet wat die man wou hê en was gereed om aan sy versoek te voldoen; maar voordat Hy dit gedoen het, het Hy hom gevra: "***Wat wil jy hê**, moet ek vir jou doen?*" Hy wou van sy eie lippe nie net die algemene versoek om genade hoor nie, maar die duidelike omskrywing van die juiste ding waarna hy verlang het. Voordat hy dit nie uitgespreek het nie, kon hy nie genees word nie.

Daar is nog menige bidder aan wie die Here dieselfde vraag stel, en wat nie die hulp kan kry wat hy verlang voordat die vraag beantwoord is nie. Ons gebede moet nie 'n vae beroep op Sy genade en barmhartigheid wees nie, 'n onduidelike geroep om seën nie, maar 'n duidelike uitdrukking van 'n definitiewe behoefte. Dit beteken nie dat Sy liefdevolle hart nie die geroep verstaan of dat Hy nie bereid is om te hoor nie, maar Hy begeer dit ter wille van onsself. Sulke definitiewe gebed leer ons om ons eie behoeftes beter te ken. Dit deursoek en stel ons op die proef of ons begeertes eerlik en waaragtig is sodat ons bereid is om daarin te volhard. Dit lei ons om te oordeel of ons begeertes volgens die Woord van God is, en of ons werklik glo dat ons die dinge wat ons vra, sal ontvang. Dit help ons om op die regte antwoord te wag en dit raak te sien wanneer dit kom.

En tog is so baie van ons gebede vaag en sonder doel. Sommige vra om barmhartigheid maar doen nie die moeite om uit te vind wat barmhartigheid vir hulle moet doen nie. Andere vra miskien om van sonde verlos te word sonder om die presiese sondes te noem waarvan hulle verlos wil word. Andere weer, bid dat God diegene rondom hulle moet seën, dat Hy Sy Gees op hul volk of die wêreld moet uitstort, en het nogtans geen spesiale veld waar hulle vir die antwoord wag en verwag om dit te sien nie. Aan almal sê die Here: “En wat wil julle nou eintlik hê en wat verwag julle moet Ek vir julle doen?" Elke gelowige se kragte is beperk en moet derhalwe sy eie arbeidsveld hê waar hy kan werk; so moet dit ook met sy gebede wees. Elke gelowige het sy eie kring, sy huisgesin, sy vriende, sy bure. As hy een of meer van hulle by name noem sal hy vind dat hy dan werklik gebring word in die oefenskool van die geloof en gelei word om met God persoonlik en duidelik te handel. Dit is wanneer ons in sulke duidelike besondere gevalle in die geloof die antwoord toegeëien en ontvang het, dat ons gebede wat meer algemeen is, gelowig en van krag sal wees.

Dit is vir ons almal bekend watter verrassing dit vir die hele beskaafde wêreld was toe hulle gehoor het hoedat die Boere van die Transvaal die geoefende troepe by Majuba teruggeslaan het (1881). Waaraan was hul sukses toe te skrywe? Die soldaat in die leërs van Europa staan en skiet op die groot massa van die vyand sonder om 'n doel vir elke koeël te soek. Met wildjag het die Boer 'n ander les geleer; sy geoefende oog het geweet om elke koeël met 'n definitiewe doelwit voor oë af te vuur en so het hy sy man gesoek en hom gevind. As ons op geestelike gebied ook so aanlê, sal ons ons doel bereik. Solank as wat ons in die gebedslewe maar net 'n klomp gebede opstuur sonder om tyd te neem om uit te vind of elke gebed met 'n definitiewe doel opgestuur word en of ons 'n antwoord verwag, sal daar nie baie wees wat hul doel sal bereik nie. As ons egter ons siele in stilte neerbuig voor die Here en sulke vrae sou stel soos hierdie: Wat is nou eintlik my begeerte? Begeer ek dit gelowig deur 'n

antwoord te verwag. Is ek nou bereid om dit in die boesem van die Vader te lê en dit daar te laat? Is dit tussen God en my 'n uitgemaakte saak dat ek die antwoord sal ontvang? Dan sal ons leer om so te bid dat God sal sien en ons sal weet wat ons presies verwag.

Om hierdie en ander redes waarsku die Here ons teen die ydele herhaal van woorde van die heidene, wat dink om deur die hoeveelheid van hul woorde verhoor te word. Dikwels hoor ons baie gebede wat ernstig en vurig is, waarin 'n klomp versoeke opgestuur word, maar waarop die Verlosser ongetwyfeld sal antwoord: “*Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen*?" As ek in 'n vreemde land is in belang van my vader se besigheid, sal ek sekerlik twee soorte briewe skrywe. Daar sal die briewe vir die huisgesin wees wat uitdrukking sal gee aan al die teerste gevoelens van liefde; en daar sal besigheid briewe wees wat bestellings omtrent my behoeftes sal bevat. Daar mag ook briewe wees waarin albei gevind sal word. Die antwoorde sal ooreenstem met die briewe.

Ek verwag nie 'n spesiale antwoord op elke sin wat ek vir die familiekring skrywe nie, maar op elke bestelling omtrent my behoeftes verwag ek om 'n antwoord te ontvang of die verlangde artikel aangestuur is. Wanneer ons met God onderhandel, mag die besigheid element nie ontbreek nie. Saam met die uitdrukking van ons node en sonde, liefde, geloof en toewyding, moet dit gepaard gaan met die duidelike omskrywing van wat ons verlang en verwag om te ontvang. In die antwoord verlang die Vader om ons die bewys te gee dat Hy Sy goedkeuring aan ons gebede heg en hulle aanneem.

Die Woord van die Meester leer ons egter meer as dit. Hy sê nie: Wat **begeer** jy? nie, maar: Wat **wil** jy hê? Dikwels begeer ons 'n ding sonder om dit te wil he. Ek begeer om 'n sekere artikel te besit, maar ek vind die prys is te hoog en ek besluit om dit nie te neem nie - ek begeer, maar wil dit nie hê nie. Die luiaard begeer om ryk te wees, maar sit nie sy wil

daarop om fluks te wees nie. Menigeen begeer om gered te wees, maar gaan verlore omdat hy nie sy wil daarop gesit het nie. Die wil beheers die hele hart en wese van die mens, as ek dus waarlik iets wil hê sal ek nie rus voordat ek dit het nie. En as Jesus dus sê, *"Wat* ***wil jy*** *hê*?" vra Hy of dit werklik ons doel is om te besit wat ons vra, kos wat dit wil, en hoe groot die opoffering ook mag wees. Wil u in der waarheid dit so graag hê dat u, al vertraag Hy die antwoord ook hoe lank, nie sal rus totdat Hy u antwoord nie? Hoeveel gebede is, helaas, wense wat vir 'n kort tydjie opgestuur en dan vergeet word, of wat jaar na jaar opgestuur word uit blote pligsgevoel, terwyl ons tevrede met die gebed is sonder om nou eintlik 'n antwoord te verwag!

Dit mag egter gevra word of dit nie beste is om ons begeertes aan God bekend te maak en dit aan Hom oor te laat om te beslis wat die beste is, sonder dat ons probeer om ons wil by Hom te laat geld nie. Nee glad nie. Dit is eintlik die vrug van die gelowige gebed waartoe Jesus probeer het om Sy dissipels op te voed, dat dit nie slegs sy begeerte bekend maak en dan die beslissing aan God oorlaat nie. Dit sou die gebed van onderwerping wees, in gevalle waar ons God se wil nie kan ken nie. Maar die gelowige gebed, wat God se wil in een of ander belofte vind, hou aan totdat die belofte vervul word. Ons lees in Matthéüs 9:28 dat Jesus vir die blindes gesê het: *"**Glo julle** dat Ek dit kan doen?*" Hier in Markus sê Hy: "**Wat wil jy hê** moet Ek vir jou doen?" In albei gevalle sê Hy dat die geloof hulle gered het. So het Hy ook aan die Siro-Feniciese vrou gesê: *"Groot is jou geloof; laat dit vir jou wees soos jy wil hê*." Geloof is niks anders nie as die doel van die wil wat op die Woord van God staatmaak en sê: Ek moet dit hê. Om opreg te glo is om sterk te wil.

Is om so te wil nie in stryd met ons afhanklikheid van en onderwerping aan God nie? Glad nie. Veel eerder is dit die ware onderwerping van ons wil wat God eer. Dit is eers nadat die kind sy eie wil geheel en al oorgegee het aan die Vader, dat hy vryheid en reg van die Vader ontvang om te wil

wat hy wil hê. Maar as die gelowige eers eenmaal die wil van God aangeneem het, soos dit deur Sy Woord en Gees openbaar word, ook as Sy wil, dan is dit die wil van God dat Sy kind sy vernuwe eie wil in Sy diens sal gebruik. Die wil is die mens se hoogste vermoë en die genade van God wil bo alle dinge hierdie menslike wil in sy volle werksaamheid heilig en herstel as een van die vernaamste kenmerke van God se beeld. Net soos 'n seun wat net leef vir die belange van sy vader se besigheid, wat nie sy eie wil soek nie, maar dié van sy vader, met sy vader se besigheid vertrou word, so spreek God tot Sy kind met alle opregtheid: "*Wat **wil jy** hê?*" Dit is dikwels aan geestelike traagheid te wyte, onder die voorwendsel van nederig te wees, dat ons voorgee om geen wil te hê nie, omdat ons bevrees is vir die moeite om God se wil te soek, of, wanneer ons dit ontdek, terugdeins vir die geloofstryd wat dit meebring. Ware nederigheid gaan altyd hand aan hand met sterk geloof wat net soek om te weet wat volgens die wil van God is, en wat dan met groot vrymoedigheid die vervulling van die belofte toe-eien, "*Julle sal vra wat julle wil hê, en dit sal vir julle so wees.*"

*HERE, LEER ONS BID*

Here Jesus! Leer my om met my hele hart en al my kragte te bid, sodat daar nie by U, of by my, enige twyfel mag wees omtrent wat ek gevra het. Mag ek so seker wees van wat ek begeer, dat soos my versoeke in die hemel aangeteken word, ek hulle ook hier op aarde kan aanteken, en elke antwoord soos dit kom, kan afmerk. En mag my geloof in wat U Woord beloof het so helder wees, dat die Gees in der waarheid in my die vryheid sal werk om te wil dat dit sal geskied. Here! Vernuwe, versterk en heilig my wil geheel en al vir die arbeid van kragtige gebed.

Dierbare Verlosser! Openbaar tog aan my, ek smeek U, hoe wonderlik U Uself neerbuig, deurdat U ons vra om te sê wat ons wil hê dat U vir ons moet doen, en deurdat U beloof om te doen wat ons wil hê. Seun van

God! Ek begryp dit nie. Ek kan maar net glo dat U ons inderdaad geheel en al vir Uself gered het, en dat U trag om die wil, as ons mees verhewe vermoë, tot U mees doeltreffende dienskneg te maak.

Here! Onvoorwaardelik gee ek my wil aan U oor as die vermoë waardeur U Gees my hele wese moet regeer. Laat Hy daarvan besit neem, dit inlei in die waarheid van U beloftes en dit so sterk in die gebed maak dat ek altyd U stem mag hoor sê: ”*Groot is jou geloof; laat dit vir jou wees soos jy wil hê*." Amen.

## LES ELF

*“Glo dat julle dit ontvang*"
*of*
**DIE GELOOF WAT DIE BELOFTE AANVAAR**

“*Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry*" – Markus 11:24.

Wat 'n belofte! So groot, so goddelik dat ons klein harte dit nie kan inneem nie, met die gevolg dat ons dit op elke moontlike manier beperk tot wat ons dink veilig en moontlik is, in plaas daarvan dit toe te laat om, met sy versterkende krag en energie, net soos Hy dit gegee het, in ons harte in te gaan en die te verruim tot die mate wat Sy liefde en mag werklik gereed is om dit vir ons te doen. Geloof is glad nie net 'n blote oortuiging van die waarheid van God se Woord nie, of 'n gevolgtrekking wat van sekere vooropgestelde idees gemaak is nie. Dit is die oor wat gehoor het wat God gesê het Hy sal doen, die oog wat Hom dit sien doen het, en waar daar dus ware geloof is, is dit onmoontlik dat die antwoord nie sal kom nie. As ons net toesien dat ons die een ding doen wat Hy vra: “*glo dat julle dit sal ontvang*," dan sal Hy sorg dat Hy die ding wat Hy belowe het, doen: *“Julle sal dit verkry.*" Die grondtoon van Salomo se gebed (2 Kron. 6:4) *“Geloof sy die Here, die God van Israel,* ***wie se hand volbring het wat Sy mond*** *met my vader Dawid* ***gespreek*** *het…”* is die grondtoon van alle opregte gebed: die blye aanbidding van 'n God wie se **hand** altyd die vervulling verseker wat Sy **mond** gespreek het. Laat ons met hierdie gees en gesindheid luister na die belofte wat Jesus gee, want elke deel het sy goddelike boodskap.

*“Alles.*" Ons menslike wysheid trek sommer dadelik hierdie eerste woord in twyfel en vra: Dit kan sekerlik nie letterlik waar wees nie? Maar as dit nie waar is nie, waarom het die Meester dan hierdie sterk uitdrukking

gebruik? Dit is ook nie dat Hy net hierdie een maal so gespreek het nie. Het Hy nie ook gesê nie: *“As jy kan glo, **alle dinge** is moontlik vir die een wat glo*" (Mark. 9:23); *“As julle geloof het...**niks** sal vir julle onmoontlik wees nie*" (Matt. 17:20). Geloof is so geheel en al die werk van God se Gees deur Sy Woord in die voorbereide hart van die gelowige dissipel, dat dit onmoontlik is vir die vervulling om uit te bly. Geloof is die waarborg vir die voorloper van die antwoord wat kom. Ja, “*alles wat julle in die gebed vra, **glo** dat julle dit sal ontvang, en julle **sal dit verkry***." Die neiging van die menslike rede is om hier tussen-by te kom met sekere omskrywende sinne “as dit wenslik is," “as dit volgens God se wil is," om die krag van 'n bewering wat gevaarlik lyk, te breek. O laat ons tog versigtig wees om die Meester se woorde só te verdraai. Sy belofte is letterlik waar. Hy verlang dat die so dikwels herhaalde “***alle dinge***" van Hom moet insink in ons harte, aan ons die krag van die geloof moet openbaar, hoe waaragtig die Hoof die lede roep om met Hom in Sy krag te deel, hoe geheel en al onse Vader Sy krag tot beskikking van Sy kind wat Hom ten volle vertrou, stel. Geloof moet uit hierdie “*alle dinge*" sy voedsel en krag put; namate ons dit verswak, verswak ons ons geloof. Die **alles** is onvoorwaardelik, al voorwaarde is **geloof**. Voordat ons kan glo, moet ons uitvind en weet wat God se wil is. Geloof is die oefening vir die siel wat oorgegee is aan die invloed van die Woord en Gees van God, en as ons eers waarlik glo dan sal niks vir ons onmoontlik wees nie. Mag God dit verhoed dat ons Sy “***alle dinge***" sal afwater tot wat óns dink is moontlik. Laat ons eenvoudig Christus se “***alles***" as die maat en hoop van ons geloof aanneem. Dit is die woord wat ons met 'n saadkorrel kan vergelyk, wat, as dit geneem word net soos Hy dit gee, homself sal ontvou en wortel skiet, ons hele lewe met sy volheid sal vul en vrugte in oorvloed sal voortbring.

“*Alles wat julle **in die gebed vra.***" Dit is deur middel van die gebed dat hierdie “*alle dinge*" tot God gebring word en van Hom gevra en ontvang moet word. Die geloof wat hulle ontvang is die vrug van die gebed. In een opsig moet daar geloof wees voordat daar gebed kan wees en in 'n ander

opsig spruit die geloof weer voort uit en groei dit deur die gebed. Dit is deur die persoonlike teenwoordigheid van die Verlosser, as ons met Hom omgaan, dat geloof hom uitstrek en gryp na dit wat met die eerste oogopslag as te hoog voorgekom het. Dit is in die gebed dat ons ons begeerte in die lig van God se heilige wil stel, dat motiewe getoets word en die bewys gelewer word of ons werklik in die Naam van Jesus en net ter wille van die eer van God dinge vra. In die gebed is dit dat ons op die leiding van die Heilige Gees wag om ons te toon of ons die regte ding en dit in die regte gees vra. Dit is in die gebed dat ons 'n besef kry van ons gebrek aan geloof en dat ons gelei word om aan die Vader te sê dat ons glo, en dat ons die opregtheid van ons geloof bewys deur die vertroue waarmee ons volhard. Dit is in die gebed dat Jesus vir ons leer en inspireer. Hy wat uitstel om te bid of wat moedeloos in die gebed word omdat hy voel hy het nie die geloof wat die antwoord sal verseker nie, sal nooit leer om te glo nie. Hy wat begin bid en vra sal ontdek dat die Gees van geloof nêrens so seker gegee word as by die voet van die troon nie.

"***Glo** dat julle dit sal ontvang.*" Dit is duidelik dat wat ons moet glo is dat ons daardie juiste dinge wat ons vra, ontvang. Die Verlosser laat ons nie verstaan dat, omdat die Vader weet wat die beste vir ons is, Hy vir ons iets anders gee nie. Tot die berg wat die geloof gebied, is in die see gewerp. Wanneer ons in alle dinge ons versoeke aan God bekend maak deur gebed en smeking, dan ontvang ons as beloning daarvoor die soete vrede van God wat ons hart en sinne bewaar. Dit is die gebed van vertroue. Dit het betrekking op dinge wat ons nie kan uitvind of God hulle gaan gee nie. As kinders maak ons deur die ontelbare dinge van die alledaagse lewe ons begeertes bekend en laat dit aan die Vader oor om aan ons te gee of nie te gee nie, net soos Hy goed dink. Die gelowige gebed waarvan Jesus spreek, is egter iets geheel anders en meer verhewe. As ons gelei word om te sien dat daar niks is wat die Vader so eer nie, of dit nou in die grotere belange van die Meester se werk òf in die gewone belange van ons daaglikse lewe mag wees, as die geloof wat die

versekering het dat Hy sal doen wat Hy gesê het deur aan ons alles te gee wat ons vra. En dan te staan op die belofte wat deur die Gees tuisgebring is, dan mag ons met sekerheid weet dat ons sal ontvang presies wat ons vra. Let maar daarop hoe duidelik die Here dit vir ons maak in vers 23: "*Elkeen wat... nie in sy eie hart twyfel nie, maar glo dat **wat hy sê**, sal gebeur - hy sal verkry net wat hy sê.*"

"*Glo dat julle dit sal **ontvang**.*" Hierdie woorde is van die allergrootste belang, maar die betekenis daarvan is ongelukkig te dikwels misverstaan. Glo dat jy die ding wat jy vra nou ontvang terwyl jy bid! Dit mag wees dat u dit eers later as 'n persoonlike ondervinding sal hê, en sal sien wat u glo, maar nou, sonder dat u dit sien, moet u glo dat die Vader in die hemele dit vir u gegee het. Om 'n antwoord op gebed te ontvang en te aanvaar, is net soos om die Here Jesus of vergifnis te ontvang of aan te neem - dit is 'n geestelike saak, 'n geloofsdaad afgesien van alle gevoel. As ek kom om vergifnis te soek, dan glo ek dat Jesus daar in die hemel vir my is en ontvang of neem Hom dan daarvoor aan. As ek om 'n spesiale gawe na God kom in die gebed wat volgens die Woord van God is, dan glo ek dat wat ek vra vir my gegee word. Ek glo dat ek dit het en ek hou dit in die geloof vas en dank God terselfdertyd daarvoor. "*En as ons weet dat Hy ons verhoor, dan weet ons dat wat ons ook al vra, ons die bedes verkry wat ons van Hom vra*" (1 Joh. 5:15).

"***En julle sal dit verkry.***" Dit wil sê dat die gawe wat ons eers in die geloof aanvaar, asof dit in die hemel aan ons geskenk is, ons persoonlike ondervinding sal word. Is dit dan nodig om nog langer aan te hou bid, as ons eers eenmaal weet dat ons verhoor is en ontvang het wat ons gevra het? Daar is gevalle waar sodanige gebed nie nodig sal wees nie, waar die seën onmiddellik kom, as ons maar net vol vertroue vasklem aan die belofte, en as ons ons geloof bewys deur die Here te loof vir wat ons ontvang al is dit nog nie ons ondervinding nie. Daar is ander gevalle waar die geloof wat ontvang het, nog verder getoets en gesterk word deur die

volhardende gebed. Dis maar net God alleen wat weet wanneer dit in en om ons heen ryp is vir die deurbreek van die seën wat reeds aan die geloof geskenk is. Elia was seker dat dit sou reën, God het dit belowe, en tog moes hy sewe maal bid. Daardie gebed was geen vertoning of speletjies nie. Dit het gepaard gegaan met 'n diepe werklikheid in die hart van hom wat daar laat lê en pleit het, en ook so in die hemel daarbo waar dit sy krag moes openbaar. Dit is, *"deur die geloof en **geduld** dat ons die beloftes beërwe*". Geloof sê met die grootste vertroue: Ek het dit ontvang. Geduld volhard in die gebed totdat die gawe wat in die hemel geskenk is, op aarde gesien word. *"Glo dat julle sal **ontvang,** en **julle sal dit verkry**.*" Tussen die ontvang in die hemel en die sal verkry op aarde is daar die glo. Gelowige lof en gebed vorm die skakel.

Onthou nog hierdie een ding: Dit is Jesus wat dit gesê het. As ons sien hoedat die hemel vir ons so geopen word en hoedat die Vader aanbied om ons te gee alles wat ons in die geloof vra, dan vul dit ons harte met skaamte dat ons so min gebruik gemaak het van ons voorreg, en met die vrees dat ons klein geloof nog nie kan vat wat so duidelik binne ons bereik gestel word nie. Een ding moet ons sterk maak en met hoop vul: dat dit Jesus is wat hierdie boodskap vir ons gebring het van die Vader. Toe Hy op die aarde was het Hyself die lewe van geloof en gebed gelei. Dit was toe die dissipels hul verbasing te kenne gegee het oor wat Hy aan die vyeboom gedoen het, dat Hy vir hulle gesê het dat dieselfde lewe wat Hy lei, hulle s'n kon wees; dat hulle nie net die vyeboom kon gebied nie, maar selfs die berg, en dit moes gehoorsaam. En Hy is ons lewe - alles wat Hy op aarde was, is Hy nou in ons en alles wat Hy leer, skenk Hy in der waarheid. Hy self is die Begin sowel as die Voleinder van ons geloof. Hy gee die gees van geloof, laat ons nie bevrees wees dat sulke geloof nie vir ons bedoel is nie. Dit is vir elke kind van God bedoel. Dit is in die bereik van elkeen wat maar kinderlik genoeg wil wees en homself aan die Vader se wil en liefde wil oorgee en die Woord en krag van die Vader wil vertrou.

Geliefde mede-Christen! Laat die gedagte dat hierdie woord deur Jesus, die Seun, ons Broer, tot ons kom, ons met moed vervul en laat ons antwoord wees: Ja, dierbare Here, ons glo U Woord, ons glo dat ons ontvang.

*HERE, LEER ONS BID*

Dierbare Here! U het van die Vader gekom om ons bekend te stel aan Sy liefde en aan al die skatte van seëninge wat daardie liefde aan ons wil skenk. Here! U het vandag weer die poorte so wyd oopgemaak, en ons sulke heerlike beloftes aangaande ons vryheid in die gebed gegee, dat ons moet bloos van skaamte dat ons arme ou harte so min daarvan ingeneem het. Dit was te groot vir ons om te glo. Here! Ons kyk nou op na U om ons te leer om hierdie kosbare woord van U te neem, te bewaar en te gebruik. "*Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry.*"

Geseënde Here Jesus! Dit is in U self wat ons geloof geanker moet word en moet groei, U werk het ons geheel en al vrygemaak van die mag van sonde en vir ons die weg tot die Vader oopgemaak. U liefde verlang maar gedurig om ons in die volle gemeenskap van U heerlikheid en krag te bring. U Gees is gedurig besig om ons opwaarts te trek na 'n lewe van volmaakte geloof en vertroue. Ons weet verseker dat U ons sal leer om die gebed van die geloof te bid. U sal ons leer om so te bid dat ons glo dat ons ontvang, en om te glo dat ons werklik het wat ons vra. Here! Leer ons om U so te ken, te vertrou en lief te hê, om so in U te lewe en te bly, dat al my gebede tot God in U sal opstyg en kom, en dat my siel in U die versekering mag hê dat ek verhoor is. Amen.

# LES 12

*"Julle moet geloof in God hê*"
of
***DIE GEHEIM VAN GELOWIGE GEBED***

*"Jesus antwoord en sê vir hulle: Julle moet geloof in God hê. Want, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir hierdie berg sê: Hef jou op en werp jou in die see - en nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, sal gebeur - hy sal verkry net wat hy sê. Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry*." Markus 11:22-24.

Die belofte van gebedsverhoring waaroor die vorige les gegaan het, is een van die wonderlikste in die hele Skrif. In hoeveel harte het nie al die vraag laat ontstaan nie: Hoe kan ek ooit die geloof deelagtig word wat weet dat dit alles verkry wat dit vra?

Dit is hierdie vraag wat onse Here Jesus vandag vir ons wil beantwoord. Voordat Hy daardie wonderlike belofte aan die dissipels gegee het, het Hy 'n ander woord gespreek, waarin Hy aantoon waar die geloof in die antwoord op die gebed sy oorsprong vandaan het, en altyd sy sterkte daaruit verkry. Julle moet geloof in God hê. Hierdie woord gaan die ander vooraf - om geloof in die belofte van gebedsverhoring te hê. Die krag om 'n belofte te glo is volkome afhanklik alleen maar van geloof in die een wat die belofte doen. Vertroue in 'n persoon wek vertroue in sy woord. Dit is alleen wanneer ons met God in persoonlike, liefdevolle gemeenskap leef en omgaan, wanneer God self alles vir ons is, wanneer ons hele wese gedurig oopgestel is en blootgestel word aan die magtige invloede wat werksaam is waar Sy Heilige Teenwoordigheid geopenbaar word, dat ons vermoë ontwikkel sal word om te glo dat Hy alles gee wat ons vra.

As ons dink wat geloof werklik is, dan sal hierdie verband tussen geloof in God en geloof in Sy belofte vir ons duidelik word. Dit word dikwels vergelyk met die hand of die mond waarmee ons neem en toe-eien wat vir ons aangebied word. Dis egter belangrik vir ons om te verstaan dat geloof ook die oor is waarmee ons hoor wat aan ons beloof word, en die oog waarmee ons sien wat vir ons aangebied word.

Hiervan is die krag om te neem afhanklik. Ek moet die persoon wat my die belofte gee, hoor. Die toon van sy stem is al genoeg om my moed te gee om te glo. Ek moet hom sien. As ek die lig in sy oë en op sy gelaat sien, verdwyn alle vrees oor my reg om te neem. Die waarde van die belofte hang af van wie die belofte maak. My geloof in die belofte is afhanklik van my kennis aangaande hom wat die belofte maak.

Om hierdie rede het Jesus, voordat Hy die wonderlike gebedsbelofte gegee het, eers gesê: *"Julle moet in God geloof hê.*" Met ander woorde, laat u oë altyd oop wees om die Lewende God en Hom, die Onsienlike, te sien. Deur die oog gee ek my oor aan die invloed van wat voor my is - ek laat eenvoudig toe dat dit my ook binnedring, sy invloed uitoefen en sy indruk op my gemoed nalaat. So is dit met die geloof in God - ek moet net na Hom kyk en sien Wie Hy is en Hom toelaat om Sy teenwoordigheid te openbaar, Hom tyd gee en my hele wese aan Hom oorgee om die volle indruk van wat Hy as God is in te neem, die siel oopstel om die oorskaduwende liefde te ontvang en my in die belewenis daarvan te verheug. Ja, geloof is die oog aan wie God toon wat Hy is en doen. Deur die geloof stroom die lig van Sy teenwoordigheid en die werkinge van Sy Almag die siel binne. Soos dit wat ek sien in my leef, so leef God deur die geloof ook in my.

Net so is die geloof ook die oor waardeur die stem van God altyd gehoor en gemeenskap met Hom beoefen word. Deur die Heilige Gees spreek die Vader tot ons, die Seun is die Woord, die inhoud van wat God spreek en

die Gees is die lewende stem. Hierdie stem het die kind van God nodig om hom te lei. Die verborge stem uit die hemel moet hom leer, net soos Hy vir Jesus geleer het wat om te sê en wat om te doen. 'n Oor wat vir God oop is, dit wil sê, 'n gelowige hart wat op Hom wag om te hoor wat Hy sê, sal Hom hoor spreek. Die woorde van God sal nie maar net woorde uit 'n boek wees nie, maar as komende uit die mond van God, sal hulle gees en waarheid, lewe en krag wees. Wat anders maar net gedagtes is, sal lewende ondervinding wees. Deur hierdie geopende oor vertoef die siel onder die lewe en mag van God self. Net soos die woorde wat ek hoor my gemoed binnedring en daar bly en werk, so kom God in die hart deur die geloof en bly en werk daar.

As die geloof, as oog en oor, as die sintuig vermoë van die siel waardeur ons God aanskou en hoor, in volle werking is, dan sal dit in staat wees om sy volle mag as hand en mond, waardeur ons God en Sy seëninge toeëien, te beoefen. Daarom het die Here Jesus gesê, voordat Hy die belofte gegee het dat God die gelowige gebed sou verhoor: *“Julle moet geloof in God hê.*" Geloof is eenvoudig oorgawe: Ek gee my gemoed oor aan die indrukke wat 'n blye tyding wat ek hoor, op my maak. Deur die geloof gee ek my oor aan die lewende God. Sy heerlikheid en liefde vul my hart en voer heerskappy oor my lewe.

Geloof is gemeenskap. Ek gee myself oor aan die invloed van 'n vriend wat aan my 'n belofte doen, en word daardeur aan hom verbind. Dit is dan ook wanneer ons met God self 'n lewende gemeenskap aangaan, deur 'n geloof wat Hom altyd sien en hoor, dat dit maklik en natuurlik vir ons word om Sy belofte van gebedsverhoring te glo. Geloof in die belofte is die vrug van geloof in die een wat die belofte doen, en die gebed van die geloof is gewortel in die lewe van geloof. So is ook die geloof wat met krag bid inderdaad 'n gawe van God. Dis nie iets wat Hy meteens gee of instort nie, maar in 'n baie dieper sin is dit die geseënde gesindheid of gewoonte van die siel wat in ons bewerkstellig word en in ons groei deur

'n lewe van noue omgang met Hom. Dit is tog seker vir iemand wat sy Vader goed ken en in gedurige gemeenskap met Hom leef, 'n baie eenvoudige saak om die belofte te glo dat Hy die kind wat in so 'n noue omgang met Hom verkeer, se begeertes sal skenk.

Dit is omdat so baie van God se kinders nie die verband tussen lewe van geloof as die gebed van die geloof verstaan nie, dat hul ondervinding omtrent die krag van die gebed so beperk is. As hulle baie ernstig 'n antwoord van God verlang, dan sit hulle hul hele hart op die belofte en doen hul uiterste om dit in die geloof aan te gryp. As hulle nie daarin slaag nie, is hulle gereed om hoop op te gee. Die belofte is as't ware buite hul bereik om dit in die geloof vas te hou.

Luister wat die Here Jesus ons vandag wil leer: *"Julle moet geloof in God hê*, die lewende God." Die oog van geloof moet meer na die God kyk as na die belofte. Dit is Sy liefde, Sy krag, Sy lewende teenwoordigheid wat die geloof in ons sal opwek en werk. 'n Geneesheer sal aan iemand wat kla dat hy sy arms en bene so swak is dat hy nie kan werk of loop nie, sê dat sy hele gestel opgebou en versterk moet word. So kan 'n sieklike geloof alleen genees word as die hele geestelike lewe deur omgang met God versterk word. Leer om in God te glo, om Hom aan te gryp, om God van u lewe besit te laat neem, en dit sal maklik wees om die belofte vas te hou. Hy wat vir God ken en vertrou, vind dit maklik om die belofte ook te vertrou.

Let maar daarop hoe duidelik dit uitkom in die lewens van die geloofshelde van ouds. Elke besondere betoning van geloofskrag was die vrug van 'n besondere openbaring van God: "*Die Woord van die Here het tot Abraham gekom in 'n gesig en gesê: Vrees nie, Abraham, Ek is vir jou 'n skild. Daarop lei Hy hom uit na buite en sê ... En hy het in die Here geglo.*" En later weer: *"Die Here het aan Abraham verskyn en vir hom gesê: Ek is God, die Almagtige ... Toe val Abraham op sy aangesig, en God*

*het verder met hom gespreek en gesê: Wat My aangaan, kyk, my verbond is met jou.*" Die feit dat God Homself aan Abraham openbaar het, het die lewende krag aan die belofte gegee om in die hart in te gaan en die geloof te bewerkstellig. Omdat hulle God geken het, kon hierdie manne van die geloof nie anders as om op Sy beloftes te vertrou nie. God se beloftes sal vir ons wees wat Hy self is. Dit is die man wat voor God wandel en op sy aangesig val om te luister terwyl die lewende God tot Hom spreek, wat werklik die belofte sal ontvang.

Al het ons God se beloftes in die Bybel en die volle vryheid om hulle te neem, ontbreek dit ons aan geestelike krag, behalwe in soverre as God hulle persoonlik aan ons gee; en Hy gee hulle alleen aan die wat saam met Hom lewe. U moet derhalwe geloof in God hê. Laat die geloof geheel en al oog en oor vir u wees, die oorgawe om God die volle indruk op u gemoed te laat maak en om Homself ten volle in u siel te openbaar. Reken dit vir een van die grootste seëninge van die gebed om geloof in God te beoefen as die Lewende, Almagtige God, wat verlang om in ons met al die goeie van Sy wil en die werk van die geloof met krag, te vervul. Hy is die God van liefde, wie se behae dit is om te seën en Homself te gee. As u God met so 'n geloof aanbid, sal die krag gou kom om ook die belofte te glo: *"Alles wat julle vra, glo dat julle dit sal ontvang.*" Ja, u moet toesien dat u in die geloof God u eie maak, dan sal die belofte ook vir u wees.

Wat 'n kosbare les wil Jesus ons nie vandag leer nie! Ons wil God se gawes hê, maar God wil eers Homself aan ons gee. Ons dink aan gebed as die krag wat goeie gawes van die hemel vir ons verkry, maar Jesus dink daaraan as die middel om ons tot God te trek. Ons wil by die deur staan en roep, terwyl Jesus wil hê dat ons eers moet ingaan en besef dat ons vriende en kinders is. Laat ons hierdie les leer. Laat elke ondervinding van die kleinheid van ons geloof in die gebed ons aanspoor om eers meer geloof in die lewende God te hê en te beoefen, en om ons met sodanige

geloof aan Hom oor te gee. 'n Hart wat vol is van God het krag vir die gelowige gebed. Geloof in God wek ook geloof in die belofte van 'n antwoord op die gebed.

Kind van God, neem dus baie tyd om voor Hom neer te buig, om op Hom te wag om Homself te openbaar. Neem tyd, en laat u siel met heilige vrees en aanbidding geloof in die Oneindige God beoefen en daar uiting aan gee, en namate Hy Homself gee en van u besit neem, sal die gelowige gebed die kroon wees van u geloof in God.

### *HERE, LEER ONS BID*

O my God! Ek glo in U. Ek glo in U as die Vader, onbeperk in U liefde en krag. Ek glo in U as die Seun, my Redder en my Lewe. Ek glo in U as die Heilige Gees, Trooster, Gids en Sterkte. Drie-enige God, ek het geloof in U. Ek weet en is daarvan seker dat alles wat U is, is U vir my, en dat alles wat U belowe het sal U vervul.

Here Jesus! Versterk my geloof. Leer my om tyd te neem, te wag en te aanbid in die Heilige Teenwoordigheid totdat my geloof alles ingeneem het wat daar in God vir my is. Laat dit Hom aanskou as die Bron van alle Lewe, wat met Sy almagtige krag werk om Sy wil op aarde en in my te verwesenlik. Laat dit Hom in Sy liefde sien, soos Hy verlang om al my begeertes te vervul. Laat dit so van my hart en lewe besit neem dat deur die geloof net God daarin kan woon. Here Jesus help my! Ek verlang om in God met my hele hart te glo. Laat geloof in God my elke oomblik vul.

O my geseënde Verlosser! Hoe kan U Kerk U na regte verheerlik? Hoe kan sy die werk van voorbidding doen waardeur U Koninkryk moet kom, tensy ons hele lewe geloof in God is? Geseënde Here Jesus! Laat U Woord: “*Julle moet geloof in God hê*" tot die diepste dieptes van ons siele deurdring. Amen.

# LES 13

## *"Gebed en Vas"*
of
## ***DIE GENEESMIDDEL VIR ONGELOOF***

*"Toe kom die dissipels na Jesus afsonderlik en sê: 'Waarom kon ons hom nie uitdryf nie?' En Jesus antwoord hulle: 'Deur julle ongeloof: want, voorwaar Ek sé vir julle, as julle geloof het soos 'n mosterdsaad, sal julle vir hierdie berg sê: Gaan weg hiervandaan daarnatoe en hy sal weggaan, en niks sal vir julle onmoontlik wees nie. Maar hierdie soort gaan nie uit behalwe deur gebed en vas nie.'" Matthéüs 17:19-21.*

Toe die dissipels sien hoe die Here Jesus die onreine gees uit die maansieke kind wat, hulle nie gesond kon maak nie, uitdryf, vra hulle Hom wat die rede was waarom hulle dit nie kon doen nie. Hy het hulle mag gegee oor alle magte en oor alle duiwels en om die siekes gesond te maak. Dikwels het hulle daardie mag beoefen en met vreugde getuig hoedat die duiwels hulle aan hulle onderwerp het.
En tog nou, onderwyl Hy op die berg was, het hulle hopeloos misluk om dit weer te doen. Tog was daar niks wat aanduiding gee dat dit nie God se wil was dat die kind genees moes word nie, want op Christus se bevel het die bose gees hom verlaat. Hul woorde: *"Waarom kon ons nie?"* laat duidelik sien dat hulle begeer en probeer het om dit te doen. Heel waarskynlik het hulle die bose gees in die Naam van die Meester beveel om uit te gaan. Hul pogings was tevergeefs en voor die hele skare is hulle tot skande gemaak. "*Waarom kon ons nie*?"

Die antwoord van Christus was reguit en duidelik: "*Deur julle ongeloof*." Die oorsaak van Sy sukses en hul mislukking was nie toe te skrywe aan die feit dat Hy 'n krag besit het waarop hulle nie aan- spraak kon gemaak het nie. Nee, ons hoef die rede nie ver te soek nie. So dikwels het Hy hulle

geleer dat daar een krag was, die krag van die geloof, waaraan alles in die koninkryk van die duisternis sowel as in die Koninkryk van God, hul moes onderwerp.

Op geestelike gebied is mislukking maar net aan een rede toe te skrywe, en dit is gebrek aan geloof. Geloof is die een voorwaarde waarop alle goddelike krag in die mens kan kom en deur hom kan werk. Dit is die invloed van die onsienlike: die mens se wil oorgegee aan en gevorm deur die wil van God. Hulle het die mag om duiwels uit te werp nie ontvang as 'n permanente gawe of besitting nie; die krag moes in Christus ontvang en gehou en alleen deur die geloof, 'n lewende geloof in Homself, gebruik word. Was hulle vol van geloof **in Hom** as Here en Oorwinnaar in die geestewêreld, het hulle die volle geloof besit dat **in Hom** hulle die mag gehad het om in Sy Naam duiwels uit te werp, dan sou hierdie geloof vir hulle die oorwinning besorg het. *“Deur julle ongeloof*" is vir alle tye die Meester se verduideliking en berisping van mislukking in Sy Kerk.

So 'n gebrek aan geloof moet egter 'n oorsaak hê. Die dissipels kon net so goed ook gevra het: *“En waarom kon ons nie glo nie? Ons geloof het voorheen duiwels uitgewerp: waarom het ons geloof nou gefaal?"* Nog voordat hulle dit kon vra, gee die Meester vir hulle die antwoord: *”Hierdie soort gaan nie uit behalwe deur gebed en vas nie*." Net soos geloof die eenvoudigste oefening in die geestelike lewe is, so is dit ook die hoogste daarin, waar ons gees hom oorgegee het om God se Gees volkome te ontvang om versterk te word vir Sy hoogste werksaamheid. Hierdie geloof is volkome afhanklik van die toestand van die geestelike lewe; en daar is alleen krag van die geloof om kragtige dade te doen wanneer die geestelike lewe sterk en gesond is, en wanneer die Gees van God volle beheer in ons lewe het.

Daarom voeg Jesus by: *“Hierdie geslag gaan nie uit behalwe deur gebed en vas nie*." Die geloof wat so 'n hardnekkige weerstand te bowe kan kom

soos die van die bose gees hier, is alleen moontlik vir diegene wat in baie noue gemeenskap met God lewe, en op 'n baie besondere wyse hulle van die wêreld afgesonder het deur gebed en vas. Hy leer ons dus twee lesse van die allergrootste belang in verband met gebed. Die een is dat geloof 'n lewe van gebed vereis waardeur dit kan groei en sterk gehou word. Die ander een is dat dit nodig is om te vas as gebed tot sy volle ontwikkeling sal kom.

Geloof vereis 'n lewe van gebed vir sy volle groei. Daar is tussen die verskillende dele van die geestelike lewe so 'n noue verband, so 'n gedurige wisselwerking van die een op die ander, dat elkeen beide oorsaak en gevolg kan wees. So is dit met geloof. Daar kan geen ware gebed sonder geloof wees nie - 'n mate van geloof moet die gebed voorafgaan. Tog is gebed die pad wat lei tot meer geloof - van hoër grade van geloof kan daar geen sprake wees as dit nie gepaard gaan met gedurige gebed nie. Dit is die les wat Jesus ons hier wil leer. Daar is niks wat so 'n behoefte het om te groei soos ons geloof nie.

Toe Jesus die woorde gespreek het: *"Laat dit vir jou wees volgens jou geloof*", het Hy die wet van die Koninkryk aangekondig, wat sê dat almal nie dieselfde mate van geloof besit nie, dat dieselfde persoon nie altyd dieselfde mate van geloof het nie en dat die mate van geloof die mate van krag en van seën moet bepaal. As ons wil weet waar en hoe ons geloof moet groei, dan wys Hy ons na die troon van God. Dit is deur gebed, deur die beoefening van die geloof wat ek het, deur gemeenskap met die lewende God, dat geloof kan toeneem. Geloof kan alleen leef deur gevoed te word met wat goddelik is, ja met God Self.

Wanneer ons God met verering aanbid, op Hom en vir Hom wag, die diepe stilte van die siel wat homself oorgee aan God om Homself te openbaar, dan word die vermoë om God te ken en te vertrou ontwikkel. Dit is namate ons Sy Woord uit die Bybel neem en dit na Hom bring en vra

om dit deur Sy lewende stem tot ons te laat spreek, dat ons krag sal ontvang om ten volle die woord, as God se eie woord tot ons, te glo en te ontvang. Dit is deur gebed, in lewende aanraking met God deur 'n lewende geloof, dat geloof - die krag om God te vertrou, om alles wat Hy spreek aan te neem, om elke moontlikheid wat Hy vir ons geloof aangebied het aan te neem - in ons sterk sal word. Baie Christene kan nie verstaan wat bedoel word deur die baie gebed waarvan hulle dikwels ander hoor praat nie. Hulle kan hulle nie voorstel wat die betekenis daarvan is nie, en hulle voel ook nie die behoefte daaraan om ure met God om te gaan nie. Wat die Meester egter sê word deur die ondervinding van Sy volgelinge gestaaf: manne met sterk geloof is manne wat baie bid.

Dit bring ons weer terug by die les wat Jesus ons geleer het voordat Hy gesê het ons moet glo dat ons sal ontvang wat ons vra: "*Julle moet in God geloof hê*." Dit is God, die lewende God in wie ons geloof sy wortels diep en wyd moet slaan; dan sal dit sterk genoeg wees om berge te verwyder en duiwels uit te werp. "*As julle geloof het, sal niks vir julle onmoontlik wees nie*." O! As ons ons maar wou oorgee vir die werk wat God vir ons in die wêreld het om te doen, waar ons met die berge en duiwels in aanraking kom wat verwyder en uitgewerp moet word, dan sal ons baie gou die noodsaaklikheid vir sterk geloof besef en van volhardende gebed as enigste grond waarin geloof gekweek kan word. Christus is ons lewe en ook die lewe van ons geloof. Dit is Sy lewe in ons wat ons sterk maak en ook nederig genoeg maak om te glo. Dit is om aan die self te sterwe dat gebed so nodig is, en dit is deur 'n nouer vereniging met Jesus dat die gees van geloof tot krag sal kom. **Geloof het gebed nodig** om tot volle groei te kom.

En **gebed benodig vas** om tot sy volle groei te kan kom. Dit is die tweede les. Gebed is die een hand waarmee ons die onsigbare aangryp; vas die ander waarmee ons die sigbare laat los en wegwerp. Die mens word deur

geen ding so verbind met die sondige wêreld soos deur sy behoefte aan voedsel en die genieting daarvan nie. Dit was deur middel van die vrug, goed om te eet, dat die mens in die Paradys versoek was en geval het. Dit was deur middel van brood wat van stene gemaak moes word, dat Jesus, toe Hy begin honger ly het, in die woestyn versoek is, en deur middel van te vas dat Hy oorwin het. Die liggaam is verlos om 'n tempel van die Heilige Gees te wees. Dit is in die liggaam sowel as die gees, en in baie besondere sin die liggaam, en die Skrif sê in eet en drink dat ons God moet verheerlik. Ons vrees dat daar baie gelowiges is vir wie hierdie eet en drink nog nie 'n geestelike werklikheid geword het nie. En die eerste gedagte wat uit Jesus se woorde oor bid en vas spruit is dat dit alleen deur 'n lewe van matigheid, selfbeheersing en selfverloëning is dat ons die hart of die krag sal hê om baie te bid.

Daar lê egter 'n meer letterlike betekenis hierin ook opgesluit. Verdriet en angs kan nie eet nie, terwyl vreugde sy feeste vier deur te eet en te drink. Daar mag tye van sterk begeerte kom, wanneer ons baie sterk voel hoedat die liggaam met sy luste, geoorloof soos hulle ook al mag wees, nog die gees hinder in sy stryd teen die magte van die duisternis, en wanneer ons die behoefte voel dat dit onderdruk moet word. Ons word deur ons sintuie beheer: ons gemoed word gehelp deur wat tot ons in konkrete vorm kom; en vas help om aan die besluit uitdrukking te gee, dit te verdiep en te bevestig wat ons geneem het dat ons tot enige opoffering bereid is, om onsself op te offer om te verkry wat ons verlang vir die Koninkryk van God. En Hy wat die vas en offer van die Seun aangeneem het, weet om die siel wat regtig bereid is om alles op te gee vir Christus en Sy Koninkryk, te waardeer en met geestelike krag te beloon.

Daar volg dan 'n nog wyer toepassing. Gebed is die hand wat uitsteek tot God en die onsienlike, en vas is die hand wat alles wat sigbaar van tydelike aard is, laat los. Terwyl die gewone Christen reken dat alles wat

nie beslis verbied word en sondig is nie, vir hom geoorloof is, en soveel moontlik probeer behou van hierdie wêreld met sy besittings, sy lektuur, sy genietinge; en daar is die opreg toegewyde siel soos die soldaat wat net dra wat hy nodig het vir die stryd. Hy lê elke las, sowel as die sonde wat hom so maklik vang, af, en is bang om hom in te wikkel in die dinge van hierdie wêreld, hy probeer om die Nasareërslewe te lei, soos een wat spesiaal afgesonder is vir die Here en Sy diens. Sonder sulke vrywillige afsondering, selfs van wat geoorloof is, sal niemand krag in die gebed verkry nie. *Hierdie soort gaan nie uit behalwe deur vas en gebed nie*.

Dissipels van Jesus! U wat die Meester gevra het om u te leer bid, kom nou en neem sy lesse ter harte. Hy vertel vir u dat gebed die pad is wat lei tot geloof, die sterk geloof wat duiwels kan uitwerp. Hy vertel vir u: *"As jy geloof het, niks sal vir jou onmoontlik wees nie*." Laat hierdie heerlike belofte u aanmoedig om baie te bid. Is die beloning nie die prys werd nie? Sal ons nie alles opgee om Jesus te volg op die weg wat Hy vir ons hier open nie? Sal ons nie, as dit nodig mag wees, vas nie? Sal ons nie enigiets doen nie, dat nòg liggaam nòg die wêreld om ons heen ons in ons groot lewenstaak kan hinder, en dit is om met ons God in so 'n noue omgang in die gebed te lewe dat ons manne van geloof kan word, wat Hy in Sy werk om die wêreld te verlos, kan gebruik?

*HERE, LEER ONS BID*

O Here Jesus! Hoe moet U nie gedurig vir ons weens ons ongeloof berispe nie! Hoe vreemd moet dit nie vir U wees nie dat dit vir ons so verskriklik swaar is om onse Vader en Sy beloftes te vertrou. Here, laat U berisping met sy deurtastende "*deur julle ongeloof*" diep in ons harte insink en aan ons openbaar hoeveel van die sonde en lyding rondom ons op ons rekening staan. Leer ons dan, dierbare Here, dat daar 'n plek is waar geloof geleer en verkry kan word, ja deur die gebed en vas wat ons tot 'n lewende en blywende gemeenskap met Uself en die Vader bring.

O Verlosser! U self is die Begin en die Voleinding van ons geloof, leer ons wat dit beteken, om U toe te laat om in ons deur U Heilige Gees te woon. Here! Ons pogings en gebede vir genade om te glo was van so min betekenis. Ons weet waarom, omdat ons verlang het dat sterkte in onsself uit U gegee moes word. Heilige Jesus! Leer ons eindelik die verborgenheid van U lewe in ons, en hoe U, deur U Gees, onderneem om in ons die lewe van geloof te lei, en toe te sien dat ons geloof nie sal faal nie. O laat ons tog sien dat ons geloof net maar 'n deel sal wees van daardie wonderlike gebedslewe, wat U aan elkeen gee wat verwag dat hul opleiding in die bediening van die voorbidding nie net bestaan in woord en gedagte nie maar in die Heilige salwing wat U gee, die instroming van die Gees van U eie lewe. Leer ons ook hoe, deur gebed en vas, ons kan groei tot die geloof waardeur niks vir ons onmoontlik sal wees nie. Amen.

-------------------------------------

*Getuienis van Johann Blumhardt, 'n Duitse teoloog (1805 – 1880)*

Toe Blumhardt sy verskriklike stryd met die bose geeste, in mense wat besete was, deurgemaak het, en probeer het om hulle deur die gebed uit te werp, het hy dikwels gewonder wat die antwoord verhinder het. Op 'n sekere dag het 'n vriend, aan wie hy sy moeilikhede bekend gemaak het, sy aandag gevestig op die woorde van die Here Jesus omtrent vas. Blumhardt besluit toe om te vas, soms vir meer as dertig uur. Deur nadenking en uit ondervinding het die oortuiging by hom posgevat dat dit van meer belang is as wat in die algemeen gedink word. Hy sê:
"Aangesien vas voor God 'n praktiese bewys lewer dat die ding wat ons vra vir ons 'n ware en dringende saak is, en aangesien dit in 'n baie hoë mate die erns en krag van die gebed versterk, en die onafgebroke daadwerklike uitdrukking van 'n gebed sonder woorde word, kon ek glo

dat dit nie sonder uitwerking sal wees nie, veral waar die Meester se woorde betrekking gehad het op 'n dergelike geval soos die wat ek voor my gehad het. Ek het dit probeer, sonder om iemand daarvan te vertel, en die latere stryd was werklik hierdeur buitengewoon makliker gewees. Ek kon met 'n groter mate van gerustheid en beslistheid spreek. Dit was nie vir my nodig om meer so lank by die sieke te vertoef nie, en ek het gevoel dat ek, sonder om teenwoordig te wees, my invloed kon laat geld."

## Les 14

*“En wanneer julle staan en bid, vergeef*"
of
***GEBED EN DIE LIEFDE***

"*En wanneer julle staan en bid, vergeef as julle iets teen iemand het, sodat julle Vader wat in die hemele is, ook julle jul oortredinge mag vergewe.*" Markus 11:25.

Hierdie woorde volg onmiddellik op die groot gebedsbelofte: "*Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry.*" Ons het reeds verneem hoe dat die woorde, wat die belofte voorafgaan "*julle moet geloof in God hê*," ons geleer het dat in die gebed alles daarvan afhang dat ons verhouding tot God ongeskonde is, en hierdie woorde wat daarop volg herinner ons daaraan dat ons verhouding tot ons medemens ook suiwer moet wees. Liefde tot God en liefde tot die medemens is onafskeidbaar aan mekaar verbonde. Die gebed uit die hart, wat aan die een kant nie met God en aan die ander kant nie met die medemens reg is nie, kan geen krag hê nie. Geloof en liefde behoort bymekaar.

Ons vind dat die Here hierdie gedagte telkemale uitgespreek het. In die Bergrede (Matt. 5:23, 24), toe Hy oor die sesde gebod gespreek het, het Hy Sy dissipels geleer hoe onmoontlik dit is om die Vader in waarheid te aanbid as alles nie met die medemens in orde is nie: "*As jy dan jou gawe na die altaar bring en dit jou daar byval dat jou broer iets teen jou het, laat jou gawe daar voor die altaar bly en gaan versoen jou eers met jou broer, en kom dan en bring jou gawe.*" So ook later toe Hy oor gebed tot God gepraat het, en geleer het: "*Vergeef ons ons skulde soos ons ook ons skuldenaars vergewe,*" het Hy daaraan toegevoeg, "*as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie*

*vergewe nie.*" Aan die einde van die gelykenis oor die onbarmhartige dienskneg pas Hy Sy onderrig toe met die woorde: "*So sal ook my hemelse Vader aan julle doen as julle nie elkeen sy broer van harte sy oortredinge vergewe nie.*" (Matt. 18:35).

En hier, by die verdroogde vyeboom, waar Hy praat oor die wonderlike krag van geloof en van die gelowige gebed, kom Hy heel onverwags en blykbaar sonder verband weer met die gedagte: "*Wanneer julle staan en bid, vergeef as julle iets teen iemand het, sodat julle Vader wat in die hemele is, ook julle jul oortredinge mag vergewe.*" Dit is asof die Here Jesus, toe Hy in Nasaret gewoon het en daarna, geleer het dat ongehoorsaamheid aan die wet van liefde tot die medemens die groot sonde selfs van biddende mense is, en die groot rede is waarom hul gebed so kragteloos is. En dit is asof Hy ons in Sy heerlike ondervinding wou inlei, dat niks so 'n vryheid van toegang en so 'n krag in geloof gee nie, as die bewussyn dat ons onsself in liefde en barmhartigheid oorgegee het aan hulle wat God liefhet.

Die eerste les wat ons hier leer is dié van vergewensgesindheid. Ons bid: "*Vergeef ons... soos ons ook vergewe.*" Die Heilige Skrif sê: "*Vergewe mekaar soos God julle in Christus vergewe het.*" Die volkome en vrye vergifnis van God moet die vaste wet wees vir ons vergifnis aan die medemens, anders sal God ons halfhartige, trae vergifnis, wat glad geen vergifnis is nie, op ons toepas wanneer ons tot Hom bid. Elke gebed berus op ons geloof in die vergewende genade van God. As God ons na ons sondes moet vergelde, sal nie een gebed verhoor kan word nie. Vergewing open die deur wat lei tot al God se liefde en seëninge. Omdat God ons al ons sonde vergewe het, kan ons gebed krag hê om alles wat ons nodig het, te verkry. Die vaste grond van gebedsverhoring is Sy vergewende liefde. As dit van ons hart besit geneem het, bid ons in die geloof. Maar as dit van die hart besit geneem het, leef ons ook in die liefde. Die vergewende gesindheid van God, soos in Sy liefde vir ons

geopenbaar, word ons gesindheid, en vergewe ons soos Hy vergewe. As daar teenoor ons enige onreg wat ons diep grief gepleeg is, dan strewe ons in die eerste instansie daarna om 'n goddelike gesindheid te besit, en om bewaar te bly teen 'n gekrenkte eer, teen 'n begeerte om ons regte te handhaaf, of teen 'n begeerte om die onreg te vergelde.

Ons sal waaksaam wees in die klein, alledaagse hindernisse om nie 'n haastige humeur te verskoon nie, nog minder die skerp woord, die haastige oordeel, met die gedagte dat ons geen leed bedoel nie, dat ons nie lank kwaad bly nie, of dat dit te veel van die swakke menslike natuur verg, om werklik te vergewe soos God vergewe. Nee, ons vat die bevel letterlik: "*Soos ook Christus vergewe, net so moet julle ook doen.*" Die bloed wat die gewete van dooie werke reinig, reinig ook van alle selfsugtigheid; en die liefde openbaar Sy vergewende liefde wat van ons besit neem en tot andere vloei. Ons vergewende liefde aan ons medemens sal die bewys wees vir die opregtheid van God se vergewende liefde in ons, en derhalwe die voorwaarde vir die gelowige gebed.
Daar is 'n tweede, en meer algemene les: Ons daaglikse lewe in die wêreld word die toets vir ons omgang met God in die gebed. Dikwels dink die Christen dat as hy tot God in die gebed kom, moet hy in 'n sekere stemming verkeer wat vir God aangenaam sal wees. Hy besef nie, of vergeet, dat die lewe nie uit soveel los dele bestaan waarvan nou die een en dan die ander in gebruik geneem moet word nie, maar dit is een groot geheel, sodat die vrome stemming wat ons by tye van gebed in verkeer, geoordeel word deur God volgens die stemming van ons gemoed gedurende die res van die dag, omdat die uur van gebed maar 'n gedeelte daarvan is. Nie die gevoel wat ek opwek nie, maar die gesindheid van my lewe gedurende die dag, is die maatstaf van God vir wat ek werklik is en begeer.

My toetrede tot God en my omgang met my medemens maak een geheel uit. As ek dus in my omgang met my medemens nie reg is nie, sal my

gebede kragteloos wees. Dit geld nie slegs vir gevalle waar ek bewus is van iets wat verkeerd is tussen my en my medemens nie, maar die gewone rigting van my gedagtegang kan vir my in my gebedslewe 'n hindernis wees. Die gelowige gebed wat groot krag het, vloei voort uit 'n lewe wat aan die wil en die liefde van God oorgegee is. God oordeel my gebed nie na wat ek probeer om te wees wanneer ek bid nie, maar volgens wat ek is wanneer ek nie besig is om te bid nie.

Daar volg nog 'n derde les: Die een ding waarvan alles afhang in ons omgang met die medemens, is die liefde. Die gees wat vergewe is die gees van liefde. Omdat God liefde is, daarom vergewe Hy; en dit is slegs wanneer ons in daardie liefde bly, dat ons kan vergewe soos God vergewe. As ons ons medemens liefhet, sal ons die bewys hê dat ons God liefhet, dat ons die reg het om God te vertrou, en dat ons die versekering het dat ons gebede verhoor sal word (1 Joh. 4:20; 3:18-21, 23). "*Laat ons nie liefhê met woorde of met die tong nie, maar* ***met die daad en in waarheid****. En* ***hieraan*** *weet ons dat ons uit die waarheid is; en ons sal ons harte voor Hom gerusstel..., as ons hart ons nie veroordeel nie, dan het ons vrymoedigheid teenoor God; en wat ons ook al bid, ontvang ons van Hom*.” Nog geloof nog werk sal enige krag hê as ons nie liefde het nie. Dit is die liefde wat ons aan God verbind, en dit is die liefde wat die opregtheid van ons geloof sal bewys. Net so noodsaaklik soos die woord wat die groot gebedsbelofte in Markus 11:24 voorafgaan, "*Julle moet geloof in God hê*", is hierdie een wat daarop volg, "*Julle moet die naaste liefhê.*" Die regte verhoudinge tot God bo my en tot die mense wat om my woon, is die voorwaardes vir die gelowige gebed wat groot krag het. Hierdie liefde is veral van groot belang waar ons aan siele arbei en vir hulle bid. Soms gee ons ons oor aan die werk van die Here uit 'n ywer vir Sy saak, soos ons dit noem, of vir ons eie geestelike welvaart, sonder om ons uit persoonlike selfopofferende liefde vir die siele aan wie ons arbei, te gee. Geen wonder is dit dus dat ons geloof so gebrekkig is en niks uitrig nie. Om elke ellendige, hoe onbeminlik en aanstootlik ookal, te sien in die

lig van die tere liefde van Jesus, die Herder wat die verlore skape soek; om Jesus Christus in hom te sien, en hom in my hart, om Jesus ontwil, op te neem en waarlik lief te hê - dit, ja dit is die geheim van die gelowige gebed en van die geseënde arbeid. As Jesus van vergifnis spreek, dan spreek Hy oor liefde as die wortel daarvan. Net soos Hy in die bergrede Sy onderrig en beloftes oor die gebed verbind het met die oproep om barmhartig te wees soos die Vader in die hemele barmhartig is (Matt. 5:7,9, 22, 38-48), so sien ons ook hier dat 'n lewe van liefde die voorwaarde vir die gelowige gebed is

Dit is gesê dat niks so hart-deursoekend is soos die gelowige gebed, of die eerlike poging om in die geloof te bid nie. O, laat ons daardie selfondersoek nie afkeer met die gedagte dat God ons gebed nie verhoor nie om redes deur Hom alleen bekend. Nee glad nie! "*Julle bid en ontvang nie, omdat julle verkeerd bid.*" Laat hierdie woorde van God tot ons harte deurdring. Laat ons onsself afvra of ons gebed waarlik die uitdrukking is van 'n lewe wat geheel en al aan die wil van God en die liefde vir die medemens oorgegee is. Liefde is die enigste bodem waarin die geloof sy wortels kan slaan en floreer. God let daarop of liefde sy arms uitstrek tot die slegtes en onwaardiges sowel as tot Homself. In daardie liefde wat wel nie 'n liefde is wat die volmaaktheid bereik het nie, maar die liefde met 'n vaste doel voor oë en 'n opregte gehoorsaamheid, kan in geloof alleen die seën verkry.

Dit is hy wat homself oopstel vir God se liefde om in hom te woon, en wat in die alledaagse lewe die liefde van God beoefen, wat die vrymoedigheid het om te glo in die liefde wat elke gebed van hom verhoor. Dit is **die Lam** wat in die middel van die troon staan, die lydende en verdraagsame liefde, wat groot krag by God in die gebed het. Wie barmhartigheid bewys sal barmhartigheid ontvang, en die sagmoediges sal die aarde beërwe.

## *HERE, LEER ONS BID*

Dierbare Vader! U is Liefde en alleen hy wat in die liefde bly, bly in U en het gemeenskap met U. Die geseënde Seun het my vandag weer geleer hoe waar dit is van my gemeenskap met U in die gebed. O my God! Laat U liefde, deur U Heilige Gees in my gestort, in my 'n fontein van liefde vir almal rondom my wees, en dat daar uit 'n lewe van liefde die krag van die gelowige gebed mag voortspruit.

O my Vader! Gee dat deur die Heilige Gees, dit my ondervinding mag wees dat 'n lewe van liefde aan almal om my heen die poort is wat toegang verleen tot 'n lewe in die liefde van my God, en gee dat ek veral in die vreugde waarmee ek dag vir dag vergewe wie my ookal mag benadeel, die bewys sal vind dat U vergifnis vir my krag en lewe is.

Here Jesus! My hemelse Leermeester! Leer U vir my om te vergewe en lief te hê. Laat die krag van U bloed die vergewing van my sondes so 'n werklikheid vir my maak, dat vergifnis, soos U dit aan my bewys het, en deur my aan andere, die vreugde van die hemel self vir my sal wees. Toon my wat in my omgang met my medemens my gemeenskap met U mag hinder, sodat my alledaagse lewe in my eie huis en in die samelewing, die skool mag wees waarin ek vertroue en sterkte vir die gelowige gebed sal opdoen. Amen.

## Les 15

*"As twee saamstem*"
of
***DIE KRAG VAN GEMEENSKAPLIKE GEBED***

"*Weer sê Ek vir julle: As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van My Vader wat in die hemele is. Want waar twee of drie in My Naam vergader, daar is Ek in hul midde* " - Matthéüs 18:19, 20.

Een van die eerste lesse van die Here in Sy skool van gebed was om nie deur die mense gesien te word nie. Gaan in jou binnekamer en verkeer alleen met God. Nadat Hy ons geleer het dat die betekenis van gebed persoonlike aanraking met God is, kom Hy met 'n tweede les: ons het nie net behoefte aan die verborge eensame gebed nie, maar ook aan die openbare gemeenskaplike gebed. Daar is 'n besondere belofte verbonde aan die gemeenskaplike gebed van twee of drie persone wat saamstem oor 'n saak. Net soos 'n boom se wortels verborge is in die grond en sy stam het wat in die sonskyn sy groeikrag soek, so het gebed vir sy volle ontwikkeling ook behoefte aan beide die verborge binnekamer waar die siel vir God alleen ontmoet, en die openbare gemeenskaplike saambid met diegene wat in die Naam van Jesus hul gemeenskaplike grond vir gebed vind.

Dit is baie duidelik waarom dit so moet wees. Die band wat 'n mens met jou medemens verbind is nie minder werklik en intiem as die wat hom met God verbind nie; Hy is een met hulle. Genade vernuwe nie slegs ons verhouding tot God nie, maar ook tot die medemens. Ons leer nie net om te kan sê "My Vader" nie, maar "Onse Vader." Niks sou meer onnatuurlik wees as dat die kinders van 'n huisgesin hul vader altyd afsonderlik sal ontmoet nie, en nooit saam uitdrukking sal gee aan hul begeertes en hul

liefde nie. Gelowiges is nie net lede van een familie nie, maar selfs van een liggaam. Net soos elke lid van die ander afhanklik is, en die volle werking van die gees wat in die liggaam woon afhanklik is van die vereniging en samewerking van almal, so kan ook gelowiges nie God se volle seën, wat Hy deur Sy Gees wil gee, ondervind tensy hulle dit gesamentlik soek en ontvang nie. Dit is deur die vereniging en gemeenskap van gelowiges dat die Gees Sy volle krag kan openbaar. Dit was tot die honderd-en-twintig wat eendragtig in een plek saam gebid het, dat die Gees van die verheerlikte Here gekom het.

Die kenmerke van ware gemeenskaplike gebed word ons in hierdie woorde van onse Here gegee. Die eerste is dat daar **ooreenstemming** moet wees oor wat gevra word. Daar moet nie net die saamstem in die algemeen wees met wat 'n ander vra nie, daar moet 'n bepaalde saak van duidelike gemeenskaplike begeerte wees. Die ooreenstemming moet, soos alle gebed, in gees en waarheid wees. Uit so ‘n samestemming sal dit vir ons baie duidelik word wat ons presies vra, of ons vrymoediglik mag bid volgens die wil van God, en of ons gereed is om te glo dat ons ontvang wat ons vra.

Die tweede kenmerk is die **saamkom** in die Naam van Jesus. Later sal ons meer leer omtrent die behoefte aan en krag van die Naam van Jesus in die gebed; hier leer die Here vir ons dat die Naam die verenigingspunt moet wees waarom gelowiges vergader, die band wat hulle een maak, net soos 'n huis die plek is waar almal wat daarin woon saamkom en een is. “*Die Naam van die Here is 'n sterk toring, die regverdige hardloop daarin en word beskut*" (Spr. 18:10). Daardie Naam is so 'n werklikheid vir die wat dit verstaan en glo, dat om in die Naam saam te kom vir hulle dieselfde is as om vir Jesus self teenwoordig te hê. Die liefde en eenheid van Sy dissipels het vir Jesus wonderlike aantrekkingskrag. “*Waar twee of drie in My Naam vergader, **daar is Ek in hul midde**.*" Dit is die lewende

teenwoordigheid van Jesus in die gemeenskap van Sy biddende dissipels, wat krag aan die gemeenskaplike gebed gee.

Die derde kenmerk is die **sekere verhoring** van die gebed: *“Dit sal hulle ten deel val van My Vader*." 'n Biduur met die doel om die godsdienstige gemeenskap op te bou, of om mekaar op te bou, mag sy nut hê, maar dit was nie die Saligmaker se doel daarmee nie. Hy het dit bedoel as 'n middel om **bepaalde verhoring van gebed** te verkry.

'n Biduur wat nie aanspraak kan maak op gebedsverhoring nie, moet 'n onding wees. As enigeen van ons duidelike begeertes het, maar waarvoor ons te swak voel om die nodige geloof te beoefen, dan moet ons sterkte soek deur die hulp van andere. As ons in geloof en liefde en in die Gees saamstaan, dan word die krag van die Naam en die teenwoordigheid van Jesus meer sigbaar en die antwoord is baie sekerder. Die kenmerk dat daar ware verenigde gebed plaasgevind het, is die vrug, die verhoring, die ontvang van die saak waaroor ons saamstem: *”Ek sê vir julle, **dit sal hulle ten deel val** van My Vader wat in die hemele is.*"

Hoe onuitspreeklik is die voorreg, en kan die krag van die gemeenskaplike gebed nie wees nie! As die gelowige man en vrou weet dat hulle in die Naam van Jesus saamgevoeg is om Sy teenwoordigheid en krag in die gemeenskaplike gebed te ondervind (1 Petrus); as vriende maar weet watter groot hulp hulle vir mekaar kan wees as twee of drie van hulle saambid; as in elke biduur die saamkom in die Naam van Jesus, die geloof in Sy teenwoordigheid, en die verwagting van 'n antwoord, op die voorgrond gestel word; as in elke gemeente die gemeenskaplike gebed beskou word as een van die vernaamste doeleindes waarom hulle aan mekaar verbind is as die hoogste beoefening van hul krag as gemeente; as in die algemene Kerk die koms van die Koninkryk, die koms van die Koning self, eerste in die kragtige uitstorting van Sy Heilige Gees, dan in

Sy eie heerlike Persoon - as die dinge almal waarlik 'n saak van volhardende en verenigde gebed tot God sou wees: O, wie sal die seëninge kan bereken wat deur en tot diegene sal kom wat saamstem om hierdie belofte van God op die proef te stel!

Ons sien baie duidelik hoedat die geloof in die krag van gemeenskaplike gebed by die apostel Paulus 'n werklikheid was. Hy skryf aan die Romeine (15:30): *“Ek vermaan julle, broeders, by onse Here Jesus Christus en by die liefde van die Gees,* ***om saam met my*** *in die gebede* ***te stry*** *vir my by God*." Hy verwag as antwoord hierop dat hy van sy vyande verlos mag word en dat hy in sy werk voorspoedig mag wees. Aan die Korintiërs skryf hy (2 Kor. 1:10, 11): *“God sal ons nog verlos, onderwyl julle ook saamwerk vir ons deur die gebed.*" Hul gebede moes 'n ware aandeel in sy verlossing hê. Vir die Efesiërs skrywe hy: *“Terwyl julle met alle gebed en smeking* ***by elke geleentheid*** *bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges* ***en vir my****, sodat 'n woord my gegee mag word as ek my mond oopmaak om met vrymoedigheid die verborgenheid van die evangelie bekend te maak*" (6: 18, 19). Hy maak die krag en sukses van sy werk van hul gebede afhanklik. By die Filippense (1:19), verwag hy dat sy beproewinge tot sy verlossing en tot voordeel van die evangelie sal strek: *“Want ek weet dat dit* ***deur julle gebed*** *en die ondersteuning van die Gees van Jesus Christus my tot verlossing sal strek.*" Vir die Kolossense voeg hy by die vermaning dat hulle in die gebed moet: “*En bid tegelykertyd ook vir ons, dat God vir ons die deur van die woord mag open*”. (4:3). Aan die Tessalonisense rig hy die woorde: “*Verder, broeders, bid vir ons dat die woord van die Here sy snelle loop mag hê en verheerlik word net soos by julle; en dat ons verlos mag word van die verkeerde en slegte mense*" (2 Thess. 3:1, 2). Oral blyk dit dat Paulus homself as 'n lid van 'n liggaam beskou het, van wie se gemeenskap en samewerking hy afhanklik was, en dat hy op die gebede van hierdie gemeentes gereken het om vir hom te verkry wat miskien anders nie

gegee sou word nie. Die gebede van die gemeentes was vir hom net so 'n werklike faktor in die werk van die Koninkryk as die krag van God.

Watter krag sou daar van 'n gemeente uitgaan wat sigself oorgegee het om dag en nag in die gebed te volhard vir die koms van Sy Koninkryk, vir die krag van God oor Sy diensknegte en Sy Woord, en vir die verheerliking van God deur die redding van siele! Meeste gemeentes en kerke dink dat hul lede saamgevoeg is slegs vir die doel om vir mekaar te sorg en op te bou. Hulle weet nie dat God die wêreld deur die gebede van Sy gelowiges regeer nie; dat gebed die krag is waardeur Satan oorwin word nie; dat deur die gebed die Kerk op aarde die kragte van die hemelse wêreld tot sy beskikking het nie. Hulle dink nie daaraan dat Jesus, deur Sy belofte, elke byeenkoms in Sy Naam gewy het om te dien as 'n poort van die hemel, waar Sy teenwoordigheid besef moet word en Sy krag ondervind moet word deurdat die Vader hul begeertes vervul.

Ons kan God nooit genoeg dank vir die geseënde week van gebed waarmee gemeentes elke jaar begin nie. Dit is van onuitspreeklike waarde as 'n bewys van ons eenheid en ons geloof in die krag van gemeenskaplike gebed, as "’n oefenskool" om ons harte te verruim om die behoeftes van die Kerk in die algemeen in ons op te neem, en as 'n hulp tot verenigde volhardende gebed. Dit was egter veral tot baie groot seën as 'n aansporing vir klein groepies om hulle volhardend in die gebed te verenig. Die seën sal nog groter word namate God se kinders besef wat dit beteken as almal soos een in die Naam van Jesus saamkom, om Hom in hul midde as 'n liggaam te hê, waar almal deur die Heilige Gees verenig is, en as hulle met vrymoedigheid die belofte aanvaar dat dit hulle te beurt sal val van die Vader dit wat hulle saamstem om te vra.

## *HERE, LEER ONS BID*

Dierbare Here! U wat in U hoëpriesterlike gebed so ernstig gebid het vir die eenheid van U kinders, leer ons hoe U ons uitnooi en aanspoor tot hierdie eenheid deur die kosbare belofte wat U in verband met die gemeenskaplike gebed gegee het. Wanneer ons een in liefde en begeerte is, dan is dit dat ons geloof aanspraak kan maak op U teenwoordigheid en op die Vader se verhoring.

O, Vader, ons bid vir U kerk, en vir elke kleiner groepie wat saamkom, dat hulle een mag wees. Ons smeek U, neem elke selfsug en eiebelang weg, alle engheid in ons harte hartigheid en vervreemding waardeur die eenheid verhinder kan word. Werp uit alle wêreldsgesindheid en vleeslike gesindheid waardeur U belofte al sy krag verloor. O laat die gedagte aan U teenwoordigheid en die guns van die Vader ons nader en nader na mekaar trek.

En gee veral, dierbare Here, dat U gemeente mag glo dat dit deur die krag van die verenigde gebed is dat hul in die hemel kan bind en ontbind; dat Satan uitgewerp kan word; dat siele gered kan word; dat berge versit kan word; en dat die koms van die Koninkryk verhaas kan word. En gee, O Here, dat in die kring waar ek saambid, die gebed van die gemeente waarlik die krag mag wees waardeur U Naam en Woord verheerlik word. Amen.

# LES 16

*“hoewel lankmoedig*"
of
## DIE KRAG VAN DIE VOLHARDENDE GEBED

“*En Hy het ook aan hulle 'n gelykenis vertel met die oog daarop dat 'n mens gedurig moet bid en nie moedeloos word nie. Toe sê die Here: Hoor wat die onregverdige regter sê. Sal God dan nie reg doen aan Sy uitverkorenes wat dag en nag tot Hom roep nie, al is Hy ook lankmoedig in hulle geval? Ek sê vir julle dat Hy gou aan hulle reg sal doen..*."- Lukas 18:1-8.

Die behoefte aan volharding in die gebed is een van die grootste geheime van die gebedslewe. Dit is vir ons nie maklik om te verstaan nie dat die Here, wat so liefdevol en verlangend is om te seën, soms keer op keer, jaar na jaar, gesmeek moet word voordat Hy ons gebed verhoor. Dit is ook een van die grootste praktiese moeilikhede in die beoefening van die gelowige gebed. Wanneer, nadat ons lank aangehou het, ons gebed onverhoor bly, is dit dikwels vir ons vlees die maklikste om met ‘n skyn van vrome onderwerping te dink dat ons nou moet ophou bid, omdat God Sy verborge rede mag hê waarom Hy die antwoord op ons versoek weerhou.

Hierdie moeilikheid kan alleen deur die geloof oorwin word. As geloof eers eenmaal sy ankers ingeslaan het in die Woord van God, en die Naam van Jesus, en homself oorgegee het aan die leiding van die Heilige Gees om die wil van God en Sy eer alleen te soek, dan hoef vertraging geen ontmoediging mee te bring nie. Dit weet ons op grond van God se Woord dat die krag van die gelowige gebed eenvoudig onweerstaanbaar is. Opregte geloof kan nooit teleurgestel word nie. Net soos water vergader en opgedam moet word totdat die stroom in onstuitbare krag kan afkom,

so moet daar 'n ophoping van gebed wees totdat God sien dat die maat vol is, en die antwoord kom.

Dit weet hoedat, net soos die landbouer sy tienduisend tree moet afloop, sy tienduisend saadkorrels moet saai, waarvan elkeen 'n deel uitmaak van die uiteindelike oes, so is daar soms die noodsaaklikheid vir dikwels herhaalde volhardende gebed, almal waarvan sy besondere seën meebring. Dit weet verseker dat geen enkele gelowige gebed sonder indruk opgestuur word na die hemel nie, en dat dit sy invloed het, en bewaar word om op die regte tyd 'n antwoord te verkry vir hom wat tot die einde toe volhard. Dit weet ook dat dit nie met die gedagtes en moeilikhede van mense nie, maar met die Woord van die lewende God te doen het. En so, net soos Abraham deur vele jare heen "*teen hoop op hoop geglo het*" en toe "*deur geloof en **lankmoedigheid** die belofte beërwe het*", beskou die geloof die geduld van die Here as redding, verwag en verhaas dit die koms van die Here om Sy beloftes te vervul.

Om ons in staat te stel, wanneer ons gebede nie dadelik verhoor word nie, om met stille geduld en blymoedigheid te volhard in die gebed, moet ons veral probeer om die twee woorde te verstaan waarin die Here die karakter en gedrag, nie van die onregverdige regter nie, maar van onse God en Vader, uiteensit teenoor diegene wat Hy dag en nag tot Hom laat roep: "*Hy is **lankmoedig** oor hulle; Hy sal **gou** aan hulle reg doen.*"

Hy sal **gou** aan hulle reg doen, sê die Meester. Die seën is reeds voorberei; en Hy is nie net gewillig nie maar begerig om aan hulle te gee wat hulle vra. Die ewige liefde brand van verlange om dit ten volle aan Sy geliefdes te openbaar en hul behoeftes te bevredig. God sal nie een oomblik langer wag as wat absoluut noodsaaklik is nie. Hy sal alles in Sy vermoë doen om die antwoord te verhaas en te bespoed. Maar as dit waar is en Sy almag onbeperk is, waarom duur dit soms so lank voordat

die antwoord kom? En waarom moet God se eie uitverkorenes so dikwels, te midde van lyding en stryd, dag en nag roep?

"*Hy is **lankmoedig** oor hulle.*" Kyk die landbouer wag op die kosbare vrug van die aarde en het **geduld** daarmee totdat dit die vroeë en die laat reën ontvang het. Die landbouer sien uit na sy oes, maar weet dat dit sy volle tyd van sonskyn en reën moet hê en het dus geduld. Dikwels wil 'n kind so graag die half-ryp vrugte pluk; maar die landbouer weet om tot die bestemde tyd te wag. Wat sy geestelike natuur betref, staan die mens ook onder die wet van stadige groei wat in die hele skeppingslewe heers. Dit is alleen langs die weg van ontwikkeling dat hy sy goddelike bestemming kan bereik. En dit is die Vader, in Wie se hande die tye en geleenthede is, wat alleen weet wanneer die oomblik daar is dat die siel of gemeente tot sy volle rypheid in geloof gekom het, wanneer dit waarlik die seën kan ontvang en behou. Soos 'n vader wat verlang dat sy kind terug moet keer van skool en tog geduldig wag tot die tyd wat die kind se opleiding voltooi is, so is dit met God en Sy kinders gesteld. Hy is die een wat lankmoedig is en gou verhoor.

Die insig in hierdie waarheid lei die gelowige bidder om die ooreenstemmende gesindhede; **geduld** en **geloof**, om te **wag** en te **haas**, aan te kweek en dit is die geheim waarom hy aanhou bid. Deur geloof in die belofte van God, weet ons dat ons die versoeke wat ons van Hom gevra het, besit. Geloof gryp die antwoord aan en hou dit vas as 'n onsienlike geestelike besitting, verbly homself daarin, en loof God daarvoor. Daar is egter 'n verskil tussen die geloof wat so aan die woord vasklem en weet dat dit die antwoord het, en die duideliker, voller en ryper geloof wat die belofte as 'n teenwoordige ondervinding verkry.

Dit is deur die volhardende vertrouende en lofprysende, en nie deur ongelowige gebed nie, dat die siel groei tot daardie volle vereniging met sy Here, waarin hy die besitting van die seën in Hom kan deelagtig word.

Daar mag dinge wees, in hulle om ons heen, in die groot stelsel waarvan ons deel uitmaak, in God se bestuur, wat deur ons gebede reggemaak moet word voordat die volle antwoord kan kom. Die geloof wat volgens die bevel geglo het dat hy sal ontvang, kan God toelaat om Sy tyd te gebruik, want dit weet dat dit krag gehad het en sal oorwin. Deur stille, aanhoudende, en gedetermineerde volharding hou dit met gebed en danksegging aan totdat die seën daar is. Ons sien dan hoedat wat met die eerste oogopslag so teenstrydig geblyk het, verenig word; die geloof wat homself verheug in die verhoring deur die onsienlike God as 'n teenwoordige besitting, met die geduld wat dag en nag roep totdat dit geopenbaar word. Die **gou** van God se **lankmoedigheid** word ontmoet met die oorwinnende maar geduldige geloof van Sy wagtende kind.

Die groot gevaar in die uitgestelde gebedsverhoring, is die versoeking om te dink dat dit per slot van rekening nie God se wil mag wees om ons te gee wat ons vra nie. As ons gebed volgens God se Woord en onder die leiding van Sy Gees is, moet ons ons nie hierdeur laat afskrik nie. Laat ons leer om God tyd te gee. God het tyd nodig met ons. As ons Hom tyd wil gee, dit wil sê tyd in ons daaglikse gemeenskap met Homself, om Sy volle invloed oor ons te laat geld, en tyd wil gee dag na dag solank as ons moet wag vir die geloof om Sy opregtheid te bewys en ons hele wese te vul, dan sal Hy self ons geloof in aanskouing verander, en ons sal die heerlikheid van God aanskou. Laat geen vertraging ons geloof skaad nie. Wat geloof betref, hou die waarheid ook goed: eers die blaar, dan die aar en dan die volle koring in die aar.

Elke gelowige gebed bring vir ons 'n stappie nader aan die uiteindelike oorwinning. Elke gelowige gebed help om die vrug ryp te maak en bring dit nader in ons bereik; dit maak die maat van die gebed en geloof vol wat alleen aan God bekend is; dit oorwin die hindernisse in die onsigbare wêreld; dit verhaas die einde. Kind van God! Gee die Vader tyd. Hy is geduldig met jou. Hy wil hê dat die seën 'n ryke, volle en sekere sal wees;

gee Hom tyd onderwyl jy dag en nag tot Hom roep. Onthou slegs wat Hy gesê het: *“Ek sê vir julle dat Hy gou aan hulle reg sal doen*."

Die seën wat met sulke volhardende gebed gepaard gaan, is onuitspreeklik. Daar is niks wat die hart so deursoek soos gelowige gebed nie. Dit leer ons om alles te ontdek, te bely en op te gee wat die koms van die seën mag verhinder; ja alles wat daar mag wees wat nie ooreenstem met die wil van die Vader nie. Dit lei ons tot 'n intiemer gemeenskap met Hom wat alleen vir ons kan leer bid, en tot 'n meer volkome oorgawe om nader te kom en onder geen ander bedekking te skuil as dié van die bloed en van die Gees nie. Dit roep ons tot 'n intiemer en eenvoudiger gemeenskap met Christus alleen. Christen! gee God tyd. Hy sal Sy werk in jou voltooi. “*Geduldig - gou*" is die wagwoord van God onderwyl u die poorte van die gebed binnetree. Mag dit ook u wagwoord wees!

Laat dit so wees as jy vir jouself of vir andere bid. Alle arbeid, liggaamlik of verstandelik, vereis tyd en inspanning. Ons moet onsself daartoe oorgee. Die natuur ontvou sy geheime en gee sy skatte aan getroue en bedagsame arbeid. Hoe min ons dit ookal mag verstaan, tog is dit dieselfde met betrekking tot die geestelike arbeid. Die saad wat ons op hemelse bodem saai, die inspanning wat ons troos, en die invloed wat ons probeer uitoefen op die wêreld bo ons, vereis ons hele wese: ons moet **onsself gee** in die gebed. Laat ons egter vasklou aan die groot vertroue dat ons op die regte tyd sal oes as ons nie verslap nie.

Laat ons die les ook leer waar ons vir die Kerk van Christus bid. Sy is inderdaad soos die arme weduwee in die afwesigheid van haar Here, skynbaar oorgegee aan die genade van haar teenstander, en hulpeloos om haar reg te verkry. Laat ons, wanneer ons vir Sy Kerk of vir 'n gedeelte daarvan bid, waar sy onder die mag van die wêreld staan, Hom vra om haar met die kragtige werkinge van Sy Gees te besoek en haar gereed te maak vir Sy koms, ja laat ons met beslistheid bid, want die gebed sal help;

en as ons volhard en nie verslap nie, sal dit die antwoord verkry. Gee God net tyd; en volhard dag en nag in die gebed.

*Hoor wat die onregverdige regter sê. Sal God dan nie reg doen aan Sy uitverkorenes wat dag en nag tot Hom roep nie, al is Hy* ***ook lankmoedig*** *in hulle geval? "Ek sê vir julle* ***dat Hy gou aan hulle reg sal doen****."*

*HERE, LEER ONS BID*

O Here my God! Leer my vandag om U weë te ken en in geloof te vat wat U geliefde Seun geleer het: *"dat Hy gou aan hulle reg sal doen.*" Laat U tere liefde, en die behae wat U daarin skep om U kinders te hoor en te seën, my lei om U belofte onvoorwaardelik te aanvaar, dat ons ontvang wat ons glo, dat ons die bedes wat ons vra, het, dat die antwoord op die regte tyd gesien sal word. Here! Ons verstaan die werkinge in die natuur en weet om geduldig vir die vrug waarna ons verlang te wag. O, vul ons met die versekering dat U nie een oomblik langer sal wag as wat nodig is nie, en dat geloof die antwoord sal verhaas.

Geseënde Meester! U het gesê dat dit 'n kenmerk van God se uitverkorenes is dat hulle dag en nag tot U roep. O, leer my om dit te verstaan. U weet hoe gou ons die knieë laat slap hang. Dit is asof U Goddelike Majesteit so ver buitekant die behoefte en bereik van aanhoudende gebed is, dat dit nie vir ons pas om onbeskaamd te wees nie. O Here! leer my tog hoe 'n werklikheid die gebedsarbeid is. Ek weet hoedat, nadat ek hier op aarde in 'n onderneming nie geslaag het nie, ek dikwels sukses kan behaal deur vernude en meer volhardende inspanning as ek daar meer tyd en gedagte aan gee. Toon my hoedat ek, deur myself meer volkome in gebed oor te gee en in gebed te lewe sal verkry wat ek vra.

Bo alles, O, geseënde Leermeester! Begin en Voleinder van die geloof, laat deur U genade my hele lewe 'n lewe van geloof in die Seun van God wees, wat my liefgehad en Homself vir my gegee het deur Wie my gebed welbehaaglik word, deur Wie ek die versekering van gebedsverhoring het, deur Wie die antwoord myne sal wees. Here Jesus! Met hierdie geloof sal ek altyd bid en nie verslap nie. Amen.

-------------------------------------------

*AANTEKENING*

Die behoefte vir volhardende gebed skyn vir sommige in stryd te wees met die geloof, wat weet dat dit ontvang het wat dit vra (Markus 11:24). Een van die verborgenhede van die goddelike lewe is die harmonie wat daar bestaan tussen die langsame en die spoedige, onmiddellike volle besit en die trae onvolmaakte toe-eiening. So skyn die volhardende gebed die oefenskool te wees waarin die siel versterk word vir die vrymoedigheid van die geloof. So mag daar deur die verskeidenheid van die werkinge van die Heilige Gees, sommige wees waarin geloof meer die vorm van aanhoudende verwagting aanneem, terwyl vir andere die triomferende danksegging die enigste behoorlike uitdrukking van die versekering dat die gebed verhoor is, skyn te wees.

Die behoefte aan volhardende gebed en die stadige klim opwaarts tot groter gemak in die verkry van die antwoord, word op 'n baie treffende wyse in die lewe van Blumhardt vir ons voorgehou. Klagtes is teen hom ingebring dat hy sy werk as dienaar van die evangelie verwaarloos het, deurdat hy hom meer gewy het aan die genesing van die krankes, en veral sy ongeoorloofde genesing van siekes wat tot ander gemeentes behoort het.

In sy verdediging skryf hy: “Ek het eenvoudig gewaag om te doen wat iemand wat die belange van siele moet behartig, betaam om te doen,

deur te bid volgens die bevel van die Here in Jakobus 1:6, 7. In geen opsig het ek op my eie krag vertrou nie, of myself verbeel dat ek enige gawe besit het wat andere nie gehad het nie. Dit is egter waar, ek het myself die doel voor oë gestel om te arbei soos 'n dienaar van die evangelie, wat die reg het om te bid. Maar baie gou het ek ontdek dat die poorte van die hemel vir my nie geheel en al oop was nie. Dikwels was ek geneig om my in wanhoop terug te trek, maar die siekes wat nêrens hulp kon vind nie, het my nie met rus gelaat nie. Ek het aan 'n woord van die Here gedink: "*Vra, en dit sal vir julle gegee word*" (Lukas 11:9, 10); en verder het ek gedink dat, as die Kerk en sy evangeliedienaars deur ongeloof, traagheid en ongehoorsaamheid verloor het wat nodig was om die Satan te oorwin, dit juis vir sulke tye van maerte en hongersnood was dat die Here die gelykenis van die vriend te middernag met sy drie brode uitgespreek het.

Ek het gevoel dat ek nie voor God, so te middernag as Sy vriend, kon verskyn en vir 'n lid van my gemeente kon vra wat hy nodig gehad het nie. En om hom nogtans onversorg te laat, kon ek ook nie, gevolglik het ek aangehou om te help, soos die gelykenis voorskrywe, of soos sommige gesê het, met groot voorbarigheid en God versoekende. Laat dit wees soos dit wil, ek kon my gas nie onvoorsien laat nie. In hierdie tyd het die gelykenis van die arme weduwee vir my baie dierbaar geword. Ek het gesien dat die Kerk die weduwee was, en ek was 'n dienaar van die Kerk. Ek het die reg gehad om haar mondstuk teen die teenstander te wees, maar vir 'n lang tyd wou die Here nie. Ek het niks meer as die drie brode gevra nie; dit wat ek vir my gas nodig gehad het. Eindelik het die Here na die onbeskaamde bedelaar geluister, en my gehelp. Was dit verkeerd van my om so te bid? Die twee gelykenisse moet tog êrens van toepassing wees, en waar was daar groter nood denkbaar?

En wat was die vrug van my gebed? Die vriend wat eers onwillig was, het nie gesê: "Gaan nou, ek sal self aan jou vriend gee wat hy nodig het nie," maar het dit aan my as sy vriend gegee om aan my gas te gee. So het ek

dan die drie brode gebruik en nog oor gehad. Die voorraad was egter klein en nuwe gaste het gekom, omdat hulle gesien het dat ek 'n hart gehad het om hulle te help, en dat ek die moeite sou doen om selfs middernag na my vriend te gaan. Toe ek ook vir hulle gevra het, het ek die nodige voorraad gekry, en daar was weer oor gewees. Hoe kon ek dit help dat die behoeftiges gedurig na my huis gekom het? Moes ek myself hard hou en sê: Waarom kom julle na my? Daar is groter en beter huise in die stad, gaan daarheen. Hul antwoord was, ‘liewe meneer, ons kan nie daarheen gaan nie. Ons was daar: hulle was baie jammer om ons so honger terug te stuur, maar hulle kon nie onderneem om na 'n vriend te gaan en vir dié te vra wat ons nodig gehad het nie. Gaan u asseblief en kry vir ons brood, want ons ly groot smarte.’

Wat kon ek doen? Hulle het die waarheid gepraat, en hul lyding het my hart geroer, en hoeveel arbeid dit ookal vir my beteken het, het ek elke maal weer gegaan, en die drie brode gekry. Dikwels het ek wat ek gevra het, baie gouer as in die begin gekry en ook in oorvloediger mate. Almal het egter nie vir die brood omgegee nie, en so het sommige my huis honger verlaat.”

Gedurende Blumhardt eerste stryd met die bose geeste het dit hom agttien maande van veel gebed en arbeid gekos voordat hy die finale oorwinning behaal het. Later het hy so maklik toegang tot die troon gehad, en het hy in so 'n noue verbinding met die onsigbare wêreld verkeer, dat hy dikwels, wanneer briewe kom wat gebed vir siekes vra, net vir 'n enkele oomblik kon opkyk en die antwoord verkry of die persone genees sou word. – *Uit **Johann Christophe Blumhardt**, Ein Lebensbild von F. Zündel.*

# LES 17

*"Ek het geweet dat U my altyd verhoor*"

of

***DIE GEBED GEGROND IN D1E WESE VAN GOD***

"*Vader, Ek dank U dat U My verhoor het; en Ek het geweet dat U My altyd verhoor*... " - Johannes 11:41, 42.
"*U is My Seun, vandag het Ek self U gegenereer. Eis van My, en Ek wil nasies gee as u erfdeel, en die eindes van die aarde as u besitting" -* Psalm 2:7, 8.

In die Nuwe Testament word 'n onderskeid gemaak tussen geloof en kennis. *"Aan die een word deur die Gees 'n woord van* ***wysheid*** *gegee, en aan die ander 'n woord van* ***kennis*** *vanweë dieselfde Gees; aan 'n ander weer* ***geloof*** *deur dieselfde Gees*" (1 Kor. 12:8, 9). 'n Kind of 'n eenvoudige Christen mag baie geloof en min kennis hê. Kinderlike eenvoud aanvaar die waarheid sonder enige moeite, en sit homself dikwels nie baie uit om vir homself of vir andere 'n rede te gee vir sy geloof nie: vir hom is dit genoeg om te weet: **God het gesê**.

Dis egter die wil van God dat ons Hom sal liefhê en dien, nie net met my hele hart nie, maar ook met my hele verstand: dat ons sal toeneem in die kennis aangaande die goddelike wysheid en die skoonheid van Sy weë, woorde en werke. Alleen langs hierdie weg sal dit vir die gelowige moontlik wees om die heerlikheid van God in al Sy volheid te benader en te aanbid; en alleen langs hierdie weg is dit vir ons hart moontlik om die skatte van wysheid en kennis wat daar in die verlossing opgesluit lê te begryp, en dat ons uit die diepste van ons wese kan uitroep: *"O diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God*" (Rom. 11:33).

Hierdie waarheid het sy volle toepassing in ons gebedslewe. Terwyl gebed en geloof so eenvoudig is dat die pasgebore bekeerling met krag kan bid, vind die ware Christelike wetenskap sommige van sy diepsinnigste vraagstukke in die leer omtrent gebed. In hoeverre is die krag van die gebed 'n werklikheid? Indien so, hoe kan God dan aan die gebed so 'n magtige krag verleen? Hoe kan die werking van die gebed in ooreenstemming gebring word met die wil en raadsbesluit van God? Hoe kan die soewereiniteit van God en ons wil, die vryheid van God en ons vryheid, met mekaar versoen word? Hierdie en dergelike vrae is geskikte onderwerpe vir die Christen om oor na te dink en ondersoek in te stel. Hoe ernstiger en eerbiediger ons sulke verborgenhede benader, des te meer sal ons in lof en aanbidding neersink voor Hom wat deur gebed aan die mens soveel krag gegee het.

Een van die geheime probleme met betrekking tot die gebed word ontleen aan die volmaaktheid van God, ten opsigte van Sy onafhanklikheid teenoor alles wat buitekant Homself staan. Hierdie gedagte word nie gesê nie maar dit verhinder tog dikwels ware gebed. Is Hy nie die Oneindige Wese wat aan niemand anders iets verskuldig is as aan Homself alleen nie, wat Homself bepaal, en Wie se wyse en heilige wil alles bepaal het wat moes wees? Hoe kan die gebed enige invloed op Hom hê, of hoe kan Hy beweeg word deur die gebed om te doen wat anders nie sou gedoen word nie? Is die belofte van gebedsverhoring dan nie net toegewing aan ons swakheid nie? Is dit wat van die krag van die gebed gesê word - die gebed wat groot krag het - iets meer as 'n aanpassing by ons manier van denke, omdat die Godheid nooit vir Sy doen en late afhanklik kan wees van enige handeling van buite nie? En is die seën van die gebed nie slegs die invloed wat dit op onsself uitoefen nie?

As ons 'n antwoord op sulke vrae soek, dan vind ons die sleutel in die wese van God self, in die verborgenheid van die Heilige Drie-eenheid. As

God net maar een Persoon was wat in Homself opgesluit was, kon daar geen sprake gewees het dat ons Hom sou kon benader of beïnvloed nie. Maar in God is daar drie Persone. In God het ons Vader en Seun, wat hul lewende band van eenheid en gemeenskap deur die Heilige Gees het. Toe die ewige Liefde die Seun gegenereer het, en die Vader die Seun, as die Tweede Persoon, 'n plek naas Hom gegee het as Sy Gelyke en Sy Raadgewer, is daar ’n weg geopen vir gebed en kon sy invloed reik tot die diepste dieptes van die lewe van die Godheid self. Net soos op die aarde, so ook is in die hemel die hele verhouding tussen Vader en Seun een van gee en neem. As die neem dan net so vrywillig en self-bepalend moet wees as die gee, dan moet daarvan die Seun se kant ook sprake wees van vra en ontvang.

In die heilige gemeenskap van die Goddelike Persone, was hierdie **vra** van die Seun een van die groot werksaamhede van die Driemaal Geseënde Lewe van God. Daarom vind ons in Psalm 2:7, 8 hierdie woorde: “*Vandag het Ek self U gegenereer. Eis van My en Ek wil U gee*." Die Vader het aan die Seun die reg en die krag gegee om op Hom te kon werk. Die **vra** van die Seun was nie maar 'n skadubeeld of vertoning nie, maar een van daardie lewens bewegings waar die liefde van die Vader en die Seun mekaar ontmoet en aangevul het.

Die Vader het dit so bepaal dat Hy in Sy raadsbesluite nie alleen sou wees nie. Daar was 'n Seun van Wie se vra en ontvang die vervulling sou afhang. Daar was dus in die wese van God self 'n **vra** waarvan die gebed op aarde 'n weerkaatsing en uitvloeisel sou wees. Jesus het, toe Hy die volgende gesê het, hierdie gedagte nie uitgesluit nie: “*Ek weet dat U My altyd verhoor.*" Net soos die Seunskap van Jesus op aarde nie geskei mag word van Sy Seunskap in die hemel nie, net so ook met Sy gebed op aarde; dit is die voortsetting en teenvoeter van Sy gebed in die hemel. Die gebed van die mens Christus Jesus is die skakel tussen die ewige gebed

van die eniggebore Seun in die boesem van die Vader, en die gebed van die mens op aarde.

Gebed vind sy oorsprong en diepste bron in die wese van God self. In die boesem van die Vader word niks sonder gebed gedoen nie – die gebed van die Seun en die verhoring van die Vader.
Dit sal ons baie help om te verstaan hoedat die gebed van die mens, wat deur die Seun kom, op God indruk kan hê. Die besluite van God is nie beslissinge waartoe Hy gekom het sonder dat Hy die Seun in aanmerking geneem het, of aan Sy versoek, of die versoek wat opgestuur moet word deur middel van Hom, gedink het nie. Geensins. Die Here Jesus is die eersgeborene, die Hoof en Erfgenaam van alle dinge: alle dinge is **deur Hom** en **tot Hom** geskape en alle dinge bestaan **in Hom**. In die raad van die Vader, het die Seun, as Verteenwoordiger van die ganse skepping, altyd 'n sê gehad. In die verordeninge van die ewige bestemming was altyd vryheid gelaat vir die Seun as Middelaar en Voorbidder, en so ook vir die versoeke van almal wat tot die Vader in die Naam van die Seun kom.

As die gedagte dan ontstaan dat hierdie vryheid en krag van die Seun om Hom by die Vader te laat geld in stryd is met die onveranderlikheid van die Goddelike verordeninge, laat ons nie vergeet nie dat by God nie 'n verlede is, soos by die mens, waaraan Hy onherroepelik verbind is nie. God leef nie asof daar 'n verlede en 'n toekoms vir Hom bestaan nie; die verskille van tyd het geen betrekking op Hom wat die Ewigheid bewoon nie. En die Ewigheid is 'n ewig-teenwoordige Nou, waarin die verlede nooit verlede is nie, en die toekoms altyd die hede is. Om ons menslike swakhede tegemoet te kom, moet die Skrif spreek van verordeninge van die verlede en 'n komende toekoms. In werklikheid is die onveranderlikheid van God se raad nog altyd in volkome harmonie met Sy vryheid om te doen presies soos en wat Hy wil. Die gebede van die Seun en Sy volk was nie in die ewige verordeninge so opgeneem dat hulle

indruk op God slegs 'n skynbare sou wees nie, maar so dat die Vaderhart oop en vry is om na elke gebed te luister wat opgestuur word in die Naam van die Seun, en dat God Hom werklik laat beïnvloed om 'n beslissing te doen wat Hy anders nie sou gedoen het nie.

Die volkome harmonie en vereniging tussen die Soewereiniteit van God en die vryheid van die mens is vir ons 'n verborgenheid wat ons nie kan peil nie, omdat God as die Ewige al ons gedagtes ver te bowe gaan. Laat dit egter vir ons 'n troos en sterkte wees om die versekering te hê dat die krag van die gebed sy oorsprong en sekerheid het in die ewige gemeenskap tussen die Vader en die Seun, en dat ons gebed ontvang word en sy invloed op die innerlike lewe van die Geseënde Drie-eenheid kan hê, op grond van ons vereniging met die Seun.

Die verordeninge van God is nie onbuigbaar, sodat die mens se vryheid tevergeefs daarteen moet stry nie. Nee, God Self is die Lewe en Liefde, wat deur Sy Seun as mens tot die intiemste verhouding aangegaan het met alles wat menslik is, en wat alles wat menslik is opneem in die goddelike lewe van liefde, deur die Heilige Gees, en wat Homself die vryheid behou om aan elke menslike gebed sy plek te gee in Sy bestier van die wêreld.

Dit is by die aanbreek van die lig oor sulke gedagtes dat die leerstuk van die heerlike Drie-eenheid nie meer 'n abstrakte bespiegeling is nie, maar die lewende openbaring van die wyse waarop dit vir die mens moontlik is om te deel in die gemeenskap van God, en dat sy gebed 'n werklike faktor word in die heerskappy van God op aarde.

En, as op 'n afstand, straal die lig vanuit die ewige wêreld ons effens teë op sulke woorde soos hierdie: "***Deur Hom het ons deur een Gees toegang tot die Vader***".

*HERE, LEER ONS BID*

Ewige, Drie-enige en Driemaal Heilige God! Met diepe ootmoed aanbid ek, met onbedekte aangesig, voor die heilige verborgenheid van U Goddelike Wese. En as dit U mag behaag, O heerlike God, om iets van daardie verborgenheid aan my te openbaar, sal ek met vrees en bewing neerbuig, sodat ek nie teen U mag sondig wanneer ek U heerlikheid bepeins nie.

Vader! Ek dank U dat U nie net as Vader van U kinders hier op aarde nie, maar van ewigheid die Naam gedra het as Vader van U Eniggebore Seun. Ek dank U dat U ons gebed as Vader kan hoor, omdat U van alle ewigheid dit so beskik het dat daar in U raad plek sou wees vir die gebede van U Seun. Ek dank U dat ons in Hom hier op aarde gesien het wat die geseënde gemeenskap was wat Hy met U in die hemel gehad het; en hoedat van alle ewigheid af daar plek vir Sy gebede en hul verhoring in al U raadsbesluite en verordeninge was. Bo alles dank ek U dat, op grond van Sy ware menslike natuur in die hemel, en op grond van Sy Heilige Gees in ons menslike natuur hier benede, 'n weg geopen is waarlangs elke noodroep van die mens kan opgaan tot en in aanraking kom met die Lewe en die Liefde van God, en alles verkry wat dit mag vra.

Dierbare Here Jesus! deur Wie die weg van die gebed geopen is, en Wie ons die versekering gegee het dat ons verhoor word, ons smeek U, leer U kinders bid. Laat hierdie dag die teken vir ons Seunskap wees, dat, soos U, ons weet dat die Vader ons altyd verhoor. Amen.

-------------------------------------------

## *AANTEKENING*

“***God verhoor gebed***.' Hierdie eenvoudige beskouing omtrent gebed vind ons dwarsdeur die Skrif. Daar word nie klem gelê op die feit dat sy invloed weerspieël word op ons hart en lewe nie, hoewel dit oorvloediglik die verband aantoon tussen gebed as 'n handeling, en gebed as 'n toestand. Eerder stel dit met baie duidelikheid op die voorgrond as die mikpunt of ware doeleindes van gebed, die verkry van seën, gawes en verlossinge van God. "*Bid en julle sal ontvang*" sê Jesus.

Hoe waar en hoe nuttig dit ook al mag wees om te weet dat in gebed weerspieël word dat God, wat alle dinge vooruit sien en vooruit beskik, ook vooruit gesien en vooruit beskik het dat ons gebede skakels in die ketting van gebeurtenisse, van oorsaak en gevolg, en 'n werklike krag, sou wees, tog voel ons daarvan oortuig dat dit nie lig is wat vrede aan die gemoed in verband met hierdie groot onderwerp sal gee nie, en ook dink ons nie dat hier genoeg aantrekkingskrag is om ons tot gebed te dring nie. Dit wil meer voorkom dat so 'n weerspieëling die aandag wegtrek van die Voorwerp waar die drang, lewe en sterkte van gebed vandaan kom. Die lewende God, as ons Tydgenoot en nie net as die Ewige nie, die lewende, genadige, Heilige God, wat Homself aan die siel openbaar, en wat sê: “*Soek my aangesig”*- dit is die magneet wat ons aantrek, dit alleen kan hart en mond open...

Ons het die volle oplossing van die moeilike begrip in Jesus Christus, die Seun van God. Op aarde het Hy gebid nie net as mens nie, maar as die vleesgeworde Seun van God. Sy gebedslewe op aarde is slegs 'n openbaring van sy gebedslewe wat van alle ewigheid bestaan het, toe Hy in die raadsbesluit van God beskik was om die Christus te wees. Die Seun was beskik om die erfgenaam van alle dinge te wees. Van alle ewigheid af was die Seun van God die Weg en die Middelaar. Hy het, om dit in ons

onvolmaakte taal uit te druk, van alle ewigheid af tot die Vader namens die wêreld gespreek." - *Saphir,* ***The Hidden Life****, Hoofstuk VI.*

# LES 18

## *“Wie se beeld is dit?"*
## *of*
## ***GEBED IN HARMONIE MET DIE BESTEMMING VAN DIE MENS***

“*En Hy sê vir hulle: Wie se beeld en opskrif is dit*?" - Matthéüs 22:20.
“*En God het gesê: Laat Ons mense maak na Ons beeld, na Ons gelykenis...* " - Genesis 1:26.

“*Wie se beeld is dit?*" Dit was deur hierdie vraag dat die Here Jesus die monde van sy vyande gesnoer het, toe hulle gedink het om Hom te vang, en dat Hy die vraag oor die plig met betrekking tot die tempel belasting afgehandel het. Die vraag en die beginsel waaroor dit gaan, is van universele toepassing en nêrens meer as in die geval van die mens nie. Die beeld wat die mens dra, bepaal sy bestemming. Omdat hy die beeld van God dra, behoort hy aan God en was hy geskape om God te aanbid. Gebed maak deel uit van die mens se gelykenis aan die beeld van God; gebed is die aardse beeld en gelykenis van die diepe verborgenheid van die gemeenskap van liefde waarin die heerlikheid van die Drie-enige bestaan.

Hoe meer ons nadink oor die betekenis van gebed en sy krag by God, hoe meer voel ons gedring om te vra wie en wat die mens is dat daar so 'n belangrike plek aan hom gegee is in die raad van God. Deur die sonde is die mens so ontaard dat ons, uit hoe hy nou is, geen denkbeeld kan vorm van wat hy bedoel was om te wees nie. Ons moet teruggaan na God se eie openbaring aangaande die skepping van die mens om uit te vind wat die doel van God met hom was, en hoe die mens toegerus was om daardie doel te verwesenlik.

Die bestemming van die mens vind ons duidelik in die woorde van God by Sy skepping. God se doel was dat die mens die aarde sou **vul**, dit sou **onderwerp** en daaroor **heers**. Al drie uitdrukkings hier wys ons daarop dat die mens bestem was om as God se verteenwoordiger oor die aarde heerskappy te voer. As onderkoning sou hy hier die plaasvervanger van God wees; self aan God onderdanig, sou hy in die naam van God alles in onderdanigheid hou. Dit was God se wil dat alles wat op aarde gedoen moes word deur die mens sou gedoen word: die geskiedenis van die wêreld sou geheel en al in sy hande wees.

Die plek wat hy sou inneem sou in ooreenstemming wees met so 'n bestemming soos hierbo genoem. Wanneer 'n aardse vors 'n onderkoning na en van sy verafgeleë geweste stuur, dan word dit verstaan dat hy die vors met raad oor die beleid wat gevolg moet word, sal bedien en dat volgens sy advies gehandel sal word; en dat hy ook die vryheid sal hê om die nodige troepe en ander middele te eis wat hy nodig mag hê om uitvoering te kan gee aan die beleid, en om die eer van die ryk te kan handhaaf. As sy beleid nie goedgekeur word nie, word hy teruggeroep om plek te maak vir iemand wat die sy begeertes beter verstaan. Solank as wat hy die vertroue van sy vors geniet, word aan sy raad uitvoering gegee.

As verteenwoordiger van God was die mens bestem om te regeer, en dat alles in ooreenstemming met sy wil en regering gedoen sou word. Op sy advies en versoek sou die hemel sy seën aan die aarde gegee het. Sy gebed was bedoel om die wonderlike, hoewel eenvoudige en natuurlikste, kanaal te wees waardeur die Koning in die hemel en sy getroue dienskneg, die mens, as heerser oor hierdie wêreld, se gemeenskap met mekaar gehandhaaf sou word. God het die bestemming van die wêreld oorgegee aan die krag van die begeertes, die wil en die gebed van die mens.

Deur die sonde het daar 'n verskriklike verandering ingetree. Die val van die mens het die hele skepping onder sy val gebring. Die verlossing was die begin van 'n heerlike herstel. Sodra God in Abraham vir Homself 'n volk begin afsonder het waaruit konings, ja die Groot Koning, te voorskyn sou kom, om deur hulle die aarde te regeer en te seën, laat Hy sien watter krag gebed het om die lotgevalle van diegene wat met Hom in aanraking gekom het te bestuur. Ons sien in Abraham hoedat gebed nie slegs, of selfs hoofsaaklik, die middel is om seën vir onsself te verkry nie, maar om sy koninklike mag te laat geld oor die lotgevalle van die mensdom, en om invloed uit te oefen op die wil van God. Nêrens vind ons dat Abraham vir homself gebid het nie. Sy gebed vir Sodom en Lot, vir Abimeleg, vir Ismael, toon vir ons watter mag die mens, wat die vriend van God is, het om die verloop van die geskiedenis te beïnvloed.

Van die begin af was die mens hiervoor bestem. Die Skrif deel ons dit nie net mee nie, maar leer ons ook hoe dit was dat God so 'n grootse roeping aan die mens kon toevertrou. Dit was omdat Hy hom **na Sy eie beeld en gelykenis** geskape het. Die uiterlike heerskappy is nie aan hom opgedra sonder die innerlike geskiktheid nie. Dat hy God se beeld gedra het deur die heerskappy wat hy oor alles gevoer het, moet teruggelei word tot die inwendige gelykenis in sy wese. Daar was 'n innerlike ooreenkoms en gelykenis tussen God en die mens, 'n aanvanklike goddelikheid, waardeur die mens werklik geskik gemaak was om die middelaar tussen God en Sy skepping te wees, want hy was profeet, priester, koning, om God se wil te verklaar, om die aarde se behoeftes voor te dra, en om God se volheid te ontvang en uit te deel.

Omdat hy God se beeld gedra het, kon hy God se heerskappy op hom neem. Hy was waarlik so na die beeld van God geskape, kon God se wil so verstaan, en aan sy planne uitvoering gee, dat God hom met die wonderlike voorreg kon vertrou om te vra en te verkry wat die wêreld nodig gehad het. En hoewel die sonde God se planne vir 'n tyd lank

verydel het, bly gebed nog presies dieselfde wat dit sou gewees het as die mens nooit geval het nie: die bewys van sy gelykenis aan die beeld van God, die middel waardeur hy met die Onsienlike God gemeenskap beoefen, die mag wat aan hom toevertrou word om met sy hand uitvoering te gee aan dit wat die lotgevalle van die heelal beheer. Die ware gebed is nie net die geroep van hom wat smeek om genade nie; maar dit is die mees verhewe beoefening van die menslike wil wat weet dat hy van goddelike oorsprong is, geskape vir, en in staat gestel, om in koninklike vryheid die uitvoerder van die Ewige God se raadsbesluite te wees.

Wat die sonde vernietig het, is deur die genade herstel. Wat die eerste Adam verloor het, het die tweede herwin. In Christus kry die mens sy oorspronklike posisie terug, en beërf die Kerk wat in Christus bly, die belofte: *"Vra net wat jy wil hê, en dit sal vir jou gegee word.*" So 'n belofte het in die eerste plek geensins betrekking op die genade en seën waaraan ons self behoefte het nie. Dit het op ons roeping as vrugdraende lote van die Hemelse Wynstok betrekking wat, soos Hy, enkel en alleen leef en werk om die Vader te verheerlik.

Dit is vir hulle wat in Hom bly, wat hulself versaak het om in Hom te bly met Sy lewe van gehoorsaamheid en selfopoffering, wat hul lewe verloor en dit in Hom weer gevind het, wat nou geheel en al oorgegee is aan die belange van die Vader en Sy Koninkryk. Dit is hulle wat begryp hoedat hulle deur hul herskepping teruggebring is tot hul oorspronklike bestemming, en hoedat God se beeld en gelykenis, en daarmee ook die mag om heerskappy te voer, daardeur herstel is. Hulle het waarlik mag, elkeen in sy eie kring, om die magte van die hemel te verkry en op aarde uit te deel. Met heilige vrymoedigheid maak hulle aan God bekend wat hulle wil hê: hulle leef voor die aangesig van God as priesters, en as konings kan hulle oor die magte van die koninkryk beskik (Sien

Aantekening). Hulle durf die belofte van die Vader toe-eien: “*Vra net wat julle wil hê, en dit sal vir julle gegee word*."

Gelowige volk van God! U roeping is hoër en heerliker as wat u weet. Deur u wil God die wêreld regeer; op u gebede weerhou Hy van of gee Hy aan die wêreld die seëninge van die hemel. Deur middel van Sy uitverkorenes, wat nie net tevrede is om self gered te word nie, maar wat hul self geheel en al oorgee sodat deur hulle, net soos deur die Seun, die Vader Sy hele heerlike raadsbesluit mag uitvoer; en deur hierdie uitverkorenes wat dag en nag tot Hom roep wil God toon hoe wonderlik en heerlik die oorspronklike bestemming van die mens was.

As beelddraer van God op aarde was die aarde in der waarheid aan hom oorgegee. Toe hy geval het, het alles met hom geval: die hele skepping sug en verkeer tesame in barensnood. Met sy verlossing is 'n begin gemaak met die herstel van die oorspronklike bestemming. Dit is inderdaad die wil van God dat die uitvoering van Sy raad op aarde en die koms van Sy Koninkryk sou afhang van die deel van Sy volk wat in Christus bly en hul posisie in Hom as hul Hoof, die groot Priester-Koning, wil inneem, en wat die vrymoedigheid sal hê om in hul gebede te vra wat hulle verlang dat God vir hulle moet doen. As beelddraer en verteenwoordiger van God op aarde, is die geredde persoon geroepe om die geskiedenis van die wêreld deur sy gebede te bepaal. Die mens was geskape, en is nou weer gered, om te bid en deur sy gebed heerskappy te hê.

*HERE, LEER ONS BID*

O Here! Wat is die mens dat U aan Hom sou dink? En die mensekind, dat U hom sou besoek? Want U het hom 'n weinig minder as die engele gemaak, en hom met heerlikheid en eer gekroon. U het aan hom heerskappy oor die werk van U hande gegee. U het alle dinge aan sy

voete onderwerp. O Here onse Here, hoe heerlik is U Naam op die hele aarde!

Here God! Hoe diep het die sonde ons nie laat sink nie! En hoe vreeslik het dit ons hart nie besoedel, sodat ons nie ons goddelike bestemming, om u diensknegte en verteenwoordigers te wees, besef nie. Helaas! Dat selfs U volk, wanneer hul oë geopen is, so min bereid is om hul roeping te aanvaar en soek om krag by God te hê, sodat hulle ook by die mense krag kan hê om hulle te seën.

Here Jesus! Dit is in U dat die Vader die mens weer met heerlikheid en eer gekroon het, en die weg vir ons geopen het om te wees wat Hy begeer dat ons moet wees. O Here, wees U volk genadig en besoek U erfdeel! Werk kragtig in U Kerk, en leer U gelowige dissipels om uit te stap as koninklike priesters, en in die krag van gebed, waaraan U sulke wonderlike beloftes toegesê het, U koninkryk te dien, oor die nasies heerskappy te voer, en die Naam van God oor die hele aarde te verheerlik. Amen.

---------------------------------------------

## *AANTEKENING*

God soek na priesters onder die mensekinders. 'n Menslike priesterskap maak een van die onontbeerlike dele van sy ewige plan uit. Om Sy skepping deur middel van die mens te **regeer** is volgens Sy plan; en om die aanbidding van die skepping uit te voer is ook 'n deel van Sy plan. Priesterskap is die skakel tussen hemel en aarde, die kanaal waardeur die sondaar met God gemeenskap beoefen. So 'n priesterskap, in soverre dit sy versoening betref, is in die hand van die Seun van God alleen; in sover as wat dit die middel van kommunikasie tussen Skepper en skepsel is, is dit ook in die hande van die verloste mens - van die Kerk van God.

God soek na konings. Nie uit die geledere van die engele nie. Hy soek Sy heersers van die heelal uit die geledere van die gevalle mensdom. Menslike arms moet die septer swaai, en menslike hoofde moet die kroon dra." - ***The Rent Veil****: Dr. H. Bonar*.

## LES 19

*“Ek gaan na die Vader"*
of
## KRAG OM TE BID EN TE WERK

“*Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo - die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na My Vader gaan. En wat julle ook al in My Naam mag vra, dit sal Ek doen. . .*" - Johannes 14:12, 13.

Soos die Here Jesus Sy openbare bediening begin het met die uitspreek van die bergrede, so het Hy dit afgesluit met die afskeidsrede wat ons hier in Johannes se Evangelie vind. In albei redes praat Hy meer as een maal oor gebed, maar met 'n verskil. In die bergrede praat Hy met dissipels wat pas in sy skool gekom het, wat skaars weet dat God hul Vader is, en derhalwe fokus hul gebed hoofsaaklik op persoonlike behoeftes. In die afskeidsrede praat Hy met dissipels, wie se tyd van opleiding nou afgesluit word en wat nou gereed is om Sy plek en Sy werk in te neem as die draers van Sy boodskap. In die bergrede is Sy belangrikste les: wees kinderlik, bid gelowig en vertrou die Vader vir alle goeie gawes. Hier in Sy laaste rede wys Hy hulle na iets veel hoër: Hulle is nou Sy vriende aan wie Hy alles bekend gemaak het wat Hy van die Vader gehoor het; Sy gesante, wat Sy planne verstaan, en aan wie Hy nou die belange van Sy werk en Koninkryk op aarde toevertrou. Hulle moet nou uitgaan om Sy werke te doen, en in die krag van Sy naderende verhoging, selfs groter werke. Gebed moet nou die kanaal word waardeur hulle daardie krag vir hulle werk moes ontvang. Met Sy heengaan tot die Vader neem 'n nuwe tydperk vir hulle 'n aanvang wat betref beide hul werk en gebed.

Let daarop hoe duidelik hierdie verband in ons teks uitkom. As Sy liggaam op aarde, as diegene wat een met Hom in die hemel is, moet hulle nou groter werke doen as wat Hy gedoen het. Hul suksesse en hul oorwinning moet syne oortref. Hy gee twee redes hiervoor: die een is omdat Hy na die Vader moet gaan om alle mag te ontvang; en die ander sodat hulle nou alles in Sy Naam mag vra en verwag. *"Omdat Ek na my Vader gaan.* ***En*** *wat julle ook al mag vra, dit Sal Ek doen."* Sy heengaan na die Vader sou dus 'n tweërlei seën as vrug hê: hulle sou alles in Sy Naam vra en ontvang, en as gevolg daarvan, sou hulle dan groter werke doen. Twee uiters belangrike lesse word ons dus in hierdie afskeidsrede van onse Here Jesus geleer. Hy wat die werke van die Here Jesus wil doen **moet** in Sy Naam **bid**, en hy wat in Sy Naam bid **moet** in Sy Naam **werk**.

Hy wat wil werk moet **bid**, want dit is deur gebed dat die krag om te werk verkry word. Hy wat die werke wat Jesus gedoen het, in die geloof wil doen, moet in Sy Naam bid. Terwyl Jesus nog op aarde was, het Hy die grootste werke gedoen: duiwels wat deur die dissipels nie uitgewerp kon word nie, het op 'n woord van Hom gevlug. Toe Hy na die Vader gegaan het kon Hy nie meer in die liggaam op direkte wyse werk nie. Die dissipels was nou Sy liggaam en gevolglik moet en kon hulle alles doen wat Hy gedoen wou hê. 'n Mens sou gedink het dat die werke nou minder en swakker sou wees, nadat Hy die aardse toneel verlaat het, en die werk alleen deur middel van plaasvervangers kon doen. Hy verseker ons egter dat die teenoorgestelde die geval is: *"Voorwaar, voorwaar Ek së vir julle, wie in My glo - die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal* ***groter werke*** *doen as dit."* Sy dood sou so 'n wesenlike verbreking van die mag van die sonde wees; met Sy opstanding sou die kragte van die Godheid so waaragtig in die menslike liggaam en in die mensheid die heerskappy aanvaar; by Sy hemelvaart sou Hy mag ontvang om die Heilige Gees so volkome aan Sy gelowiges te skenk; die vereniging, die eenheid tussen Homself op die troon en Sy gelowiges op aarde sou so diep en goddelik volmaak wees, dat wat Hy gesê het die letterlike waarheid behels het: *"hy*

*sal groter werke doen as dit, omdat Ek na My Vader gaan.*" Die uitslag het ook bewys hoe waar dit was. Terwyl Jesus gedurende Sy drie jaar van persoonlike arbeid, slegs ongeveer vyfhonderd dissipels gemaak het en die meeste van hulle nog so swak en ontrou dat hulle geen aanwins vir die saak was nie, het Hy vir manne soos Petrus en Paulus, en menigeen na hulle, mag gegee om groter dinge as dit te doen. Vanaf Sy troon kon Hy deur hulle verrig wat Hy self in Sy nederigheid nie kon doen nie.

Daar is egter een voorwaarde: "*Wie in My glo - sal groter werke doen as dit, omdat Ek na My Vader gaan.* ***En wat julle ook al in My Naam mag vra, dit sal Ek doen****.*" Sy heengaan na die Vader sou Hom die mag gee om die gebed in Sy Naam te verhoor. Om die "groter dinge" te doen was daar twee dinge nodig: Sy heengaan na die Vader om alle mag te ontvang, en ons gebed in Sy Naam om weer alle mag van Hom te ontvang. Soos Hy die Vader bid, ontvang en skenk Hy aan ons die krag van die nuwe bedeling vir die groter werke. Soos ons glo en in Sy Naam daarom bid, kom die mag en neem van ons besit om die groter werke te doen.

Helaas! Hoe baie word vir God gewerk sonder dat daar die krag gesien word om selfs iets te doen wat aan Christus se werk gelykstaan, om nie eens van die groter werke te praat nie. Daar kan maar net een rede voor wees, en dit is dat ons geloof in Hom, en die gelowige gebed in Sy Naam grootliks ontbreek. As elke arbeider en leier in die Kerk, of skool, in die filantropiese werke tuis of in die buitelandse sending, maar die les kon leer: Gebed in die Naam van Jesus is die sleutel waarmee ons die weg kan oopsluit om in die magtige krag, wat Jesus van Sy Vader vir Sy gelowiges ontvang het, deelagtig te word; en dat dit alleen deur hierdie krag is dat hy wat glo die groter werke kan doen. Aan almal wat kla oor hul swakheid of ongeskiktheid, oor moeilikhede of gebrek aan sukses en seën op die werk, gee Jesus hierdie een antwoord: "***Wie in My glo*** *- sal groter werke as dit doen, omdat Ek na My Vader gaan. En wat julle ook al in My Naam mag vra,* ***dit sal Ek doen****.*"

Ons moet goed verstaan dat die eerste en vernaamste ding vir enige persoon wat die werke van Jesus wil doen, om te doen is om te glo, en so met Hom, die Almagtige Here, verbind te word en dan die gelowige gebed in Sy Naam te bid. Sonder dit sal ons werk menslik en vleeslik wees. Dit mag ons help om sonde tot n mate in bedwang te hou, of om die weg tot seën voor te berei, maar die werklike krag sal ontbreek. Om kragtig te werk moet mens eers kragtig kan bid.

Daar is nog 'n tweede les wat ewe waar en nodig is: wie begeer om te bid, **moet werk**. Die gebed het heerlike beloftes vir die krag om te werk, en dit is alleen deur te werk dat ons krag ontvang om kragtig te kan bid. In sy afskeidswoorde herhaal die dierbare Here Jesus nie minder as ses maal nie, daardie onbeperkte gebedsbeloftes, wat so dikwels vir ons laat nadink het wat tog hul betekenis kan wees: “*wat ook al,*” “*iets,*” “*net wat julle wil,*” “*alles wat julle vra,”* “*bid en julle sal ontvang*” (Joh. 14:13, 14; 15:7, 16; 16:23, 24). Hoe baie het hierdie wonderlike beloftes met blydskap gehoor, en in alle erns probeer om met hoopvolle verwagting dit vir homself toe te eien, en nogtans teleurgestel uitgekom het omdat wat hy begeer het; nie plaasgevind het nie. Die eenvoudige rede hiervoor is dat hy die belofte uit sy verband geruk het. Hierdie heerlike belofte, om vrye gebruik van Sy Naam by die Vader te maak, het Hy in verband met die doen van Sy werke gegee. Dit is die dissipel wat homself oorgee om geheel en al vir die werk van Jesus en Sy Koninkryk, vir Sy wil en eer, te leef, wat die krag sal ontvang om die belofte sy eie te kan maak. Die man wat probeer om die belofte aan te gryp om seën vir homself in die besonder te verkry, sal teleurgestel word omdat hy Jesus tot dienaar vir sy eie gerief wil maak. Maar wie die kragtige gebed van die geloof wil bid omdat hy dit nodig het vir die werk van die Meester, sal dit leer; want hy stel homself as dienaar tot beskikking van die Here se belange. Ons word nie net deur die gebed geleer en gesterk nie, maar ook deur werk word ons geleer en gesterk om te bid.

Dit stem volkome ooreen met wat gangbaar is beide in die geestelike en in die natuurlike wêreld. Vir die wat het, sal gegee word; of, wie in die minste getrou is, sal ook in die groter dinge getrou bevind word. Laat ons met die bietjie genade wat ons reeds ontvang het, ons in gehoorsaamheid oorgee aan die Here vir die werk, want arbeid sal vir ons 'n ware skool van gebed wees. Dit was toe Moses die volle leiding op hom moes neem oor 'n opstandige volk, dat hy die behoefte gevoel en die moed gehad het, om met vrymoedigheid groot dinge van God te vra (Eksodus 33:12, 15, 18). Namate jy jouself geheel en al oorgee om deur God in Sy werk gebruik te word, sal jy voel dat jy behoefte het juis aan hierdie groot beloftes, en dat jy niks minder as dit met vrymoedigheid van God mag verwag nie.

Gelowige in die Here Jesus! U word geroep om die werke van Jesus en nog groter werke as dit te doen, omdat Hy na die Vader gegaan het om die mag te ontvang om hulle in en deur U te doen. *"**Wat** julle **ook al** in My Naam mag vra dit **sal Ek doen.**"* Gee u oor en leef om die werke van Christus te doen, en dan sal u leer om so te bid dat u wonderlike gebedsverhoring sal ondervind. Gee uself en leef om te bid en u sal baie gou leer om Sy werke, en groter werke as Syne, te doen. Met dissipels vol van geloof in Homself, en wat die moed het om groot dinge te vra, kan Christus die wêreld verower.

*HERE, LEER ONS BID*

O my Here! Vandag het ek weer van U hierdie woorde gehoor wat my verstand te bowe gaan; en tog kan ek nie anders nie as om met kinderlike geloof hulle te aanvaar en te bewaar as U geskenk ook aan my. U het gesê dat, omdat U na die Vader gaan, sal hulle wat in U glo groter werke as dié wat U op aarde gedoen het, verrig. Here! Ek aanbid U as die verheerlikte Here en wag op die vervulling van U belofte. Mag my hele lewe net 'n

lewe van gedurige geloof in U wees. Reinig en heilig my hart, en maak dit so gevoelig vir U en U liefde, dat om te glo my werklike lewe sal wees.
U het gesê dat omdat U na die Vader gaan, sal U alles doen wat ons mag vra. U verlang om, vanaf U troon, U gelowige kinders te laat deel in die mag wat aan U gegee is, en deur hulle as lede van U liggaam te werk in antwoord op hul gelowige gebede wat in U Naam opgestuur word. Krag in die gebed by U en krag om onder die mense te werk, is wat U vir U gelowige volk en ook vir my belowe het.

Dierbare Here! Vergewe ons tog almal omdat ons so min in U belofte geglo het en so min U getrouheid om dit te vervul op die proef gestel het. Vergewe ons dat ons U Naam in al sy krag in hemel en aarde so min geëer het.

Here! Leer my om so te bid dat ek in der waarheid mag toon dat U Naam groot krag by God en oor mense en duiwels het. Ja Here, leer my om te werk en te bid dat U Uself as die Almagtige God in my kan verheerlik en U groter werke ook deur my kan doen. Amen.

# Les 20

## *"Sodat die Vader verheerlik kan word"*
## of
## HOOFDOEL VAN GEBED

*"En wat julle ook al in My Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word. As julle iets in My Naam vra sal Ek dit doen"* - Johannes 14:13, 14.

**Sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word:** Vir hierdie doel sal Jesus op Sy troon in die hemel alles doen wat ons in Sy Naam vra. Elke antwoord op gebed deur Hom gegee sal dit ten doel hê; en waar daar geen vooruitsig is dat hierdie doel verwesenlik sal word nie, sal Hy ook geen antwoord gee nie. Dit spreek vanself dat dit, net soos met Jesus die geval was, die vernaamste bestanddeel in ons gebede sal uitmaak. Om God te verheerlik moet die doel en strewe, ja die siel en lewe self van ons gebed wees.

So was dit met Jesus toe Hy op aarde was: "*Ek soek nie My eer nie*" (Joh. 8:50); "*Vader, verheerlik U Seun, sodat U Seun U ook kan verheerlik*" (Joh. 17:1); *"Ek het U verheerlik op die aarde. En nou Vader, verheerlik My by Uself*" (Joh. 17:4, 5). Met sulke woorde soos hierdie vind ons die verklaring van Sy hele lewe. Die grond waarop Hy durf vra dat Hyself verheerlik mag word, is omdat Hy die Vader verheerlik het, en dat die Vader daardeur verheerlik sal word. Wat Hy dus vra is net om in staat gestel te word om Sy Vader nog meer te kan verheerlik. Dit is namate ons op hierdie punt een met Jesus word, en Hom versadig deur die verheerliking van die Vader die hoofdoel van ons gebed te maak, dat ons gebed nie sonder 'n antwoord kan wees nie. En daar is niks waaroor die geliefde Seun Hom duideliker uitgespreek het nie as dat die Vader verheerlik word wanneer Hy vir ons gee wat ons vra. Hy sal dus geen

geleentheid verby laat gaan om hierdie doel te bereik nie. Laat ons Sy hoofdoel ook ons doel maak. Laat die verheerliking van die Vader die skakel wees tussen ons bede en Sy antwoord, en sulke gebed sal groot krag hê.

Hierdie woord van die Here is voorwaar 'n tweesnydende skerp swaard wat deurdring tot murg en been en die gedagtes en voornemens van die hart blootlê. In Sy gebede op aarde, in Sy voorbidding in die hemel, en in Sy belofte om ons gebede te verhoor, is Sy hoofdoel die verheerliking van Sy Vader. Is dit so met ons gesteld? Of is dit nie eie-belang en eie-wil wat die motiewe is wat ons die sterkste tot gebed aanspoor nie? Of as ons nie insien dat dit die geval met ons is nie, moet ons nie daarom erken dat die duidelike en bewuste verlange om God te verheerlik, nie die dryfkrag tot gebed by ons is nie? En tog behoort dit so te wees.

Dit is nie dat die gelowige dit by tye nie begeer nie, maar hy moet dit betreur dat hy so weinig daartoe gekom het om dit altyd te doen. Hy weet ook wat die rede vir sy mislukking is. Dit was omdat daar tussen die gesindheid van sy daaglikse lewe en dié van sy gebedstye so ‘n wye kloof bestaan het. Ons begin in te sien dat die begeerte om God te verheerlik nie iets is wat ons kan opwek en aan onse Here voorhou wanneer ons na die binnekamer gaan nie. Nee! Dit is alleen wanneer die hele lewe in al sy dele oorgegee is om God te verheerlik, dat ons werklik kan bid. “***Doen alles*** *tot eer van God,"* en “***Vra alles*** *tot eer van God"* - hierdie twee bevele is onafskeidbaar: gehoorsaamheid aan eersgenoemde is die geheim van die genade om laasgenoemde te kan doen. 'n Lewe tot verheerliking van God is die voorwaarde dat gebede deur die Here Jesus verhoor sal word “*sodat die Vader verheerlik kan word*."

Hierdie eis in verband met die gelowige gebed - dat dit tot eer van God moet wees - is niks minder as billik en natuurlik nie. Niemand behalwe God alleen is heerlik nie, daar is geen heerlikheid behalwe Syne, en wat

Hy aan Sy skepsels gee nie. Die skepping is daar om Hom te verheerlik. Alles wat nie tot Sy verheerliking strek nie, is sonde, duisternis en dood. Dit is alleen wanneer die skepsel God verheerlik dat hy ook verheerlik word. Wat die Seun van die mens gedoen het om Homself geheel en al te gee, Sy hele lewe, om die Vader ten volle te verheerlik, is niks anders as die eenvoudige roeping van elke verloste nie. En die loon wat Christus ontvang het, sal ook syne wees.

Omdat Hy Homself so geheel en al oorgegee het om die Vader te verheerlik, het die Vader Hom met eer en heerlikheid gekroon, deur die Koninkryk aan Hom oor te gee met mag om te vra net wat Hy wil, en om as Voorbidder ons gebede te verhoor. En namate ons hierin één met Christus word, en namate ons gebed deel uitmaak van 'n lewe wat volkome oorgegee is om God te verheerlik, sal die Verlosser instaat wees om die Vader aan ons te verheerlik deur Sy belofte te vervul: *"Wat julle ook al mag vra, **dit sal Ek doen**."*

Ons kan so 'n lewe wat enkel die verheerliking van God beoog, nie verkry deur enige eie kragsinspanning nie. Dis alleen in die mens Christus Jesus wat so 'n lewe gesien is, en in Homself kan ons daardie lewe vind. Sy lewe is ons lewe; Hy het Homself vir ons gegee, en is nou self ons lewe. Die ontdekking, belydenis en verloëning van die eie-ek, wat die plek van God inneem, wat net sy eie belange soek en op homself alleen vertrou, is noodsaaklik, en tog kan ons dit in ons eie krag nie doen nie. Wanneer Jesus in ons hart kom, daarin woon sodat Hy gedurig in ons hart teenwoordig is; en as die reël van ons lewe dié van die Here Jesus sal wees, wat die Vader op aarde verheerlik het, en nou met Hom verheerlik is, sodat Hy nou vir God in ons kan verheerlik, dan is dit Jesus Self wat inkom en alle selfverheerliking uitwerp, en in die plek daarvan aan ons Sy eie Godverheerlikende lewe en Gees skenk. Dit is Jesus wat verlang om die Vader te verheerlik deur ons gebede te verhoor, wat ons sal leer om tot eer en verheerliking van God te lewe en te bid.

Watter motief, watter mag is daar wat ons trae harte sal beweeg om onsself aan die Here oor te gee, sodat Hy hierdie werk in ons kan doen? Daar is seker niks wat so nodig is nie as 'n openbaring en gesig van hoe heerlik die Vader is, en hoe Hy alleen werd is om verheerlik te word. Laat ons geloof leer deur aanbidding en toewyding om laag voor Hom neer te buig, en aan Hom alleen die koninkryk, die krag en die heerlikheid toe te bring; om onsself oor te gee om in Sy lig, as die altyd geseënde en altyd liefdevolle Vader, te leef. Ons sal sekerlik die aandrang voel om te sê: *"Aan Hom alleen kom alle heerlikheid toe."* En ons sal tot onse Here Jesus opsien met 'n nuwe en diepere begeerte na 'n lewe wat sal weier om iets anders te soek as net die eer en verheerliking van God. As daar maar min gebed is wat verhoor kan word, dan word die Vader nie verheerlik nie. Dit is ons plig, tot eer van God, om so te lewe en te bid dat ons gebed verhoor kan word. Laat ons, ter wille van die eer van God, leer om reg te bid.

Hoe vernederend en hart-deursoekend is dit dat, waar dikwels ernstig gebid word vir 'n vriend, vir 'n werk of 'n kring, die gedagte aan ons vreugde of genot baie sterker is as die sug om God te verheerlik! Geen wonder dat so baie gebede nie verhoor word nie: hier vind ons die geheim. God sal nie verheerlik word as Sy eer nie ons hoofdoel is nie. Wie die gelowige gebed wil bid, sal homself moet oorgee om letterlik so te lewe, dat die Vader in alle dinge deur hom verheerlik kan word. Dit moet ons doel wees, want hiersonder kan daar van die gelowige gebed geen sprake wees nie. *"Hoe kan julle glo wat van mekaar eer aanneem, en die eer wat van die enige God kom, nie soek nie?"* (Joh. 5:44). Alle soek na mense-eer en roem vir onsself maak geloof onmoontlik. Dit is die diep, opregte selfopoffering, wat sy eie eer prysgee en net die eer van God soek, wat in die siel daardie geestelike gevoeligheid vir die goddelike opwek, wat geloof is. Die oorgawe aan God om Sy eer te soek, en die verwagting dat Hy Sy heerlikheid sal openbaar deur ons te verhoor, is in

beginsel van die saak een: Wie die eer van God soek sal dit in die verhoring van sy gebed agterkom, ja maar ook net hy alleen.

Ons vra ons weer af: Hoe kan ons daartoe kom? Laat ons maar begin deur te bely hoe min die verheerliking van God by ons 'n alles-verterende hartstog was; hoe min van Sy heerlikheid in ons lewens en gebede was. Hoe ver skiet ons tekort in die uitleef van die beeld van die Seun, en hoe min leef ons in voeling met Hom - want God en Sy heerlikheid is een. Laat ons tyd neem, totdat die Heilige Gees dit vir ons blootlê en sien hoe ons hierin tekortgeskiet het. Opregte kennis en belydenis van sonde baan die weg tot verlossing.

Laat ons ook na Jesus kyk. In Hom sal ons ook sien met hoedanige dood ons Hom kan verheerlik. In Sy dood het Hy Hom verheerlik, en deur die dood was Hy saam met Hom verheerlik. Dit is deur te sterf, aan die eie ek te sterf en vir God te leef, dat ons Hom kan verheerlik. En dit - hierdie sterwe aan self en hierdie lewe vir God - is wat Jesus gee en in elkeen leef wat Hom daarvoor kan vertrou. Ons moet met niks minder tevrede wees vir die gesindheid van ons alledaagse lewe nie, as om die begeerte te hê en die besluit te neem, om net tot eer en verheerliking van die Vader te lewe, soos Christus gedoen het; om Hom en Sy lewe as die krag van ons lewe te aanvaar; om die blye versekering te hê dat ons tot eer van God kan lewe, omdat Christus in ons leef. Jesus staan as getuie daarvoor dat ons so kan leef; die Heilige Gees is aan ons gegee en wag net om dit ons ondervinding te laat wees, as ons Hom maar net wil vertrou en toelaat om dit te doen. Laat ons tog nie weens ongeloof terugdeins nie, maar met vaste vertroue ons wagwoord laat wees - alles tot eer van God! Die Vader neem die offer aan ter wille van die Seun wat Hom op volmaakte wyse verheerlik het.

Watter stille vrede en krag sal daar dan in ons gebede wees as ons, deur Sy genade, weet dat ons in volmaakte harmonie met Hom leef, wat,

wanneer Hy beloof om vir ons te doen wat ons vra, sê: *“Dat die Vader in die Seun verheerlik mag word*." As ons hele wese bewustelik aan die ingewing van die Heilige Gees en die Woord van God oorgegee is, sal ons begeertes nie meer dié van onsself nie, maar dié van God wees; en die hoofdoel van ons begeertes sal die verheerliking van God wees. Met 'n toenemende mate van vryheid sal ons in die gebed kan sê: Vader! U weet ons vra dit net tot U verheerliking. Die voorwaardes vir gebedsverhoring sal, in plaas van berge wat ons nie kan bestyg nie te wees, ons net meer vertroue gee dat ons verhoor sal word, omdat ons gesien het dat gebed geen groter skoonheid en heerlikheid het as om die Vader te verheerlik nie. Die kosbare voorreg van gebed sal nog kosbaarder word, omdat dit ons in volkome harmonie met die geliefde Seun bring deur die wonderlike belofte wat Hy gee deur te sê: *“**Julle vra** en **Ek doen** dit sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word."*

*HERE, LEER ONS BID*

Dierbare Here Jesus! Weer kom ek na U. Elke nuwe les oortuig my maar net hoe min ek nog weet om reg te bid. Elke les inspireer my nogtans met die hoop dat U my gaan leer, en dat U my nie net leer om te weet hoe gebid moet word nie, maar werklik om te bid soos ek behoort te bid. Dierbare Here! Ek reken op U, die groot Voorbidder, wat gebid het en U gebed is verhoor, net omdat U die Vader wil verheerlik, om my te leer om ook te lewe en te bid tot eer en verheerliking van God.

My Verlosser! Opnuut gee ek my aan U oor vir hierdie doel. Ek wil niks wees nie. Self het ek, wat reeds met U gekruisig is, aan die dood oorgegee. Deur die Gees word sy werkinge gedurig gedood; en U lewe en U liefde vir die Vader is besig om van my besit te neem. 'n Nuwe begeerte begin om my hart te vul, dat die verheerliking van die Vader elke dag, elke uur, en in elke gebed alles vir my mag wees. O Here! Ek is in U skool om dit te leer; leer U nou dit vir my.

En Here, die God van heerlikheid, die Vader van heerlikheid, my God en my Vader, ontvang die begeerte van 'n kind wat ingesien het dat U eer alleen die moeite werd is om voor te lewe. O Here, toon my U heerlikheid. Laat dit my oorskadu, en die tempel van my hart vul. Laat my daarin leef soos dit in Christus geopenbaar is; en bereik U self U begeerte in my, deur U kind sy heerlikheid te laat vind in die soek na die heerlikheid van sy Vader. Amen.

*(Aantekening wat aan die einde van die lesse gegee sal word - hoe George Müller gelei was om die verheerliking van God sy hoofdoel te maak)*

## Les 21

*“As julle in My bly"*
of
## DIE ALLES-INSLUITENDE VOORWAARDE

“*As julle in My bly en My woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry*" - Johannes 15:7

In al God se omgang met ons gaan belofte en voorwaarde altyd saam. As ons aan die voorwaardes voldoen, dan vervul Hy die belofte. Wat Hy vir ons gaan wees, hang af van wat ons gewillig is om vir Hom te wees. “*Nader tot God, en Hy sal tot julle nader*" (Jakobus 4:8). So vind ons ook in die geval van die gebed dat die onbeperkte belofte: *“Vra net wat julle wil hê,*" sy een eenvoudige en natuurlike voorwaarde het: *“as julle in My bly*." Dit is Christus, wat altyd deur die Vader verhoor word; en God is **in Christus**, en kan alleen bereik word deurdat Hy in Hom is. Om **in Hom** te wees is die weg wat lei tot die verhoring van ons gebed; en as ons ten volle en geheel en al **in Hom bly**, dan besit ons die reg om te vra net wat ons wil, en die belofte dat dit vir ons gedoen sal word.

As ons hierdie belofte vergelyk met die ondervinding van meeste gelowiges, dan word ons geskok deur 'n vreeslike teenstrydigheid. Wie kan die ontelbare gebede opnoem wat opgestuur word maar geen antwoord verkry nie? Die rede hiervoor moet wees dat òf ons vervul nie die voorwaarde nie, of God vervul nie die belofte nie. Gelowiges is nie gewillig om een van beide te erken nie en het dus 'n uitweg probeer vind. Hulle voeg in die belofte die bepalende sin wat ons Saligmaker daar nie ingevoeg het nie- **as dit die wil van God is**; en op hierdie wyse behou hulle, so meen hulle, hul eie integriteit sowel as dié van God. As hulle dit maar net wil aanvaar en vashou soos dit daar staan, en Christus wil toelaat om Sy waarheid te handhaaf, hoe sal God se Gees hulle nie lei om

die gepastheid van so 'n belofte in te sien aan dié wat waarlik in Christus bly in die sin soos Hy dit bedoel; En om te bely dat die enigste verklaring waarom gebede nie verhoor word nie, is dat aan die voorwaarde nie voldoen word nie. Hoe sal die Heilige Gees dan nie die swakheid van ons gebede een van die kragtigste dryfvere maak om ons aan te spoor om die geheim te ontdek nie, en die seën te verkry, van 'n lewe wat volkome in Christus bly.

“***As julle in My bly*.**" Wanneer 'n gelowige in genade en in die kennis van die Here Jesus toeneem, dan word hy dikwels verras hoedat die woorde van God ook 'n dieper betekenis vir hom kry. Hy kan terugkyk na die dag toe die Woord van God vir hom oopgegaan het, en hy het hom verheug in die seën wat hy daarin gevind het. Na 'n tyd het een of ander dieper ondervinding 'n nuwe betekenis daaraan gegee, en dan lyk dit vir hom asof hy nog nooit gesien het wat dit ingehou het nie. En tog gebeur dit namate daar vooruitgang kom in sy geestelike lewe het dieselfde woord vir hom weer 'n groot verborgenheid geword totdat die Heilige Gees hom opnuut nog dieper inlei in die Goddelike volheid. Een van hierdie woorde wat nooit uitgeput word in sy groeikrag nie, en wat vir die volheid van die goddelike lewe met elke stap nog heerliker ontvou, is die Meester se kosbare woorde: *“Bly in My*." Ons vereniging met Christus is soos dié van die wynstok en die loot, wat daarin bestaan dat daar 'n nimmereindigende groeikrag aanwesig is. Dit is 'n lewensproses, waarin die goddelike lewe altyd meer en voller besit van ons neem. Die jong, swak gelowige mag waarlik in Christus bly volgens die mate van lig wat hy besit, maar dit is hy wat altyd voortgaan om te strewe om meer en meer in Hom te bly, in die betekenis van die Meester se woorde, wat al die beloftes beërwe wat daarmee verband hou.

In hierdie groeiende lewe van die een wat in Christus bly, is die geloof die eerste stap. Soos die gelowige sien dat, ten spyte van sy swakheid, die bevel werklik vir hom bedoel is, is die hoofdoel by hom eenvoudig om te

glo, dat aangesien hy weet dat hy in Christus is, so is dit nou, nieteenstaande sy ontrou en mislukking, sy onmiddellike plig om in Christus te bly, en die seën is binne sy bereik. Hy hou hom veral besig met die liefde, die krag en die getrouheid van die Saligmaker, en gevoel dat sy een groot behoefte is om te kan glo.

Dit duur nie lank nie of hy ontdek dat iets meer nodig is. Gehoorsaamheid en geloof moet hand-aan-hand gaan. Nie asof gehoorsaamheid bygevoeg moet word by die geloof wat hy het nie, maar geloof moet in gehoorsaamheid geopenbaar word. Geloof is niks anders nie as gehoorsaamheid wat opkyk na die Meester; en gehoorsaamheid is geloof wat Sy wil prakties uitstap. Hy sien verder hoe hy hom meer besig gehou het met die voorreg en die seëninge wat gepaard gaan met sy vereniging met Christus, as met sy pligte en die vrugte daaraan verbonde. Daar was ongemerk baie van die self en eie wil aanwesig en wat geduld word. Die vrede wat hy as jong gelowige in die geloof gesmaak het, het hy nie meer nie. Dit is alleen deur 'n besliste gehoorsame lewe wat hierdie vereniging behou moet word: *“As julle My gebooie bewaar sal julle in My liefde bly*" (Johannes 15:10).

Soos die hoofdoel voorheen was om sy hart in Christus en Sy beloftes rus te laat vind deur die **gemoed** en die waarheid wat dit gevat het, so is hoofsaak vir hom nou om sy **wil** met die wil van die Here verenig te kry, en die hart en lewe geheel en al onder sy bestuur te kry. En tog is dit asof daar iets ontbreek. Die wil en die hart is aan die kant van Christus; hy is gehoorsaam aan die Here en het Hom lief. Maar waarom is dit dat die vleeslike natuur dan nog so baie mag het, en dat die spontane bewegings en gevoelens van die innerlike mens nie is waar hulle behoort te wees nie? Die wil gee nie sy goedkeuring nie en stem nie toe nie, maar nogtans is hier 'n gebied wat buitekant die beheer van die wil is. En waarom is daar, ten spyte van die feit dat hy baie dinge veroordeel, nog so baie wat hy versuim om te doen? Waarom die gebrek aan daardie skoonheid wat

die kenmerk van heiligheid is, daardie ywer van die liefde, daardie gelykvormigheid aan Jesus en Sy dood, waarin hy die lewe as't ware verloor, en wat sekerlik opgesluit is in die vereniging met Christus, soos die Meester dit bedoel het? Iets moet sekerlik nog ontbreek aan sy vereniging met Christus en Christus se vereniging met hom, iets wat hy nog nie ondervind het nie.

So is dit ook. Geloof en gehoorsaamheid is maar net die weg waarna na seën lei. Voordat die Here Jesus die gelykenis van die wynstok en die lote vertel het, het Hy baie duidelik gesê wat die volle seën is waartoe geloof en gehoorsaamheid ons moet lei. Hy het drie maal die woorde herhaal: "*As julle My lief het, bewaar My gebooie*" (Joh 14:14, 21, 23), en gepraat van die drievoudige seën wat sal volg op gehoorsame liefde. Die Heilige Gees sou van die Vader kom; die Seun sou Homself openbaar; en die Vader en die Seun sou kom om woning te maak. Namate ons geloof in gehoorsaamheid toeneem, en ons hele wese in gehoorsaamheid en liefde tot Christus uitgaan aan Hom vasklem, dat ons innerlike lewe verruim word, en dat die vermoë in ons ontwikkel word om die lewe en gees van die verheerlikte Jesus te ontvang as 'n duidelike en bewuste vereniging met Christus en met die Vader. Die woorde is in ons vervul: *"in dié dag sal julle weet dat Ek in My Vader is, en julle in My, en Ek in julle"* (Joh. 14:20). Ons verstaan hoedat, net soos Christus in God is, en God in Christus en hulle een is nie net in wil en liefde nie, maar ook een in gelykvormigheid van natuur en lewe, ook ons so in Christus en Christus in ons is deur 'n vereniging, nie net van wil en liefde nie maar ook van lewe en natuur.

Dit was nadat Jesus gesê het dat ons deur die Heilige Gees sal weet dat Hy in die Vader is, en so ook ons in Hom en Hy in ons, dat Hy gesê het: "*Bly in My, en Ek in julle*. *Aanvaar en stem toe om daardie goddelike lewe van vereniging met My te ontvang, op grond waarvan soos julle in My bly, Ek ook in julle bly, net soos Ek in die Vader bly sodat julle lewe Myne en Myne julle s'n is."* So bly ons werklik in Hom en neem ons die posisie in

waardeur Christus in ons kan kom en bly; ja, so in Hom bly dat die siel self versaak het om uit te vind dat Christus Sy plek ingeneem en ons lewe geword het. Dit is die toestand waar ons soos klein kindertjies word wat geen bekommernis het nie en hul geluk daarin vind om die liefde te vertrou en Hom te gehoorsaam wat alles vir hulle gedoen het.

Aan hulle wat so in Christus bly, kom die belofte as hul regmatige erfenis toe: *Vra net wat julle wil hê*. Dit kan nie anders wees nie. Christus het volle besit van hulle geneem. Hy woon in hul liefde, hul wil en hul lewe. Hulle het nie net hul wil oorgegee nie, maar Christus het daarvan besit geneem en dit word deur Sy Gees beheer. Hy wat altyd deur die Vader verhoor word, bid in en deur hulle, en hulle bid in en deur Hom; en wat hulle vra dit sal hulle ontvang.

Geliefde medegelowige! Laat ons maar bely dat die Kerk so magteloos staan teenoor ongeloof, wêreldgesindheid en die heidendom - te midde waarvan die Here instaat is om haar meer as oorwinnaar te maak - omdat ons nie in Christus bly soos Hy dit verlang nie. Laat ons glo dat Hy bedoel wat Hy belowe, en aanvaar die veroordeling wat die belydenis veronderstel.

Laat ons egter nie mismoedig word nie. Om in die Wynstok te bly, beteken voortdurende groei in die lewe van die loot. Om in Hom te bly, soos die Meester dit bedoel het, is binne ons bereik, want Hy lewe om dit vir ons te gee. Laat ons slegs gereed wees om alle dinge skade te ag en te sê: ”*Nie dat ek dit al verkry het of al volmaak is nie, maar ek jaag daarna of ek dit ook kan gryp, omdat ek ook deur Christus Jesus gegryp is*" (Filippense 3:12). Laat ons ons nie soseer besig hou met ons vereniging met **Hom** nie as met Hom en Sy volheid aan Wie ons verbind word deur ons vereniging met Hom. Dit moet Hy, die hele Christus, wees in Sy gehoorsaamheid en vernedering, in Sy verhoging en krag, in Wie ons hele wese beweeg en handel; Hy self sal Sy belofte in ons vervul.

En namate ons in Hom bly, en in die vereniging toeneem, laat ons ons reg beoefen om naamlik alles te doen wat God se wil is. En as ons gehoorsaam is en doen wat daardie wil gebied, laat ons dan vir ons toe-eien wat dit beloof. Laat ons ons oorgee aan die lering van die Heilige Gees, om aan elkeen van ons te toon, volgens sy groei en omvang, wat die wil van God is wat ons in gebed mag eis. Laat ons met niks minder tevrede wees nie as die persoonlike ondervinding wat Jesus ons skenk as Hy sê: *“As julle in My bly en My woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry."*

*HERE, LEER ONS BID*

Dierbare Here! Leer my tog om hierdie belofte opnuut in al sy eenvoud te neem, en seker te wees dat die enigste voorwaarde wat U aan U heilige aanbod stel, ons heilige gewilligheid is. Here! laat elke woord van hierdie belofte van U opnuut lewendig en kragtig in my siel ingryp.

U sê: ***Bly in My***! O my Meester, my Lewe, my Alles - ek bly in U.  Gee U my genade om tot al U volheid te kom. Nie deur my strewe om te glo nie, of om aan U vas te klem nie, ook nie deur die rus in die geloof, en die vertroue dat U my sal bewaar nie; ook nie deur die gehoorsaamheid van my wil nie, nóg deur die gebooie te onderhou nie; maar dit is U self wat in my woon soos U in die Vader bly, wat my kan bevredig. Dit is U self, my Here, wat nie meer voor my en bo my is nie, maar een met my en wat in my bly - dit is my behoefte, dit is waarna ek verlang. Hiervoor vertrou ek U.

U sê:  *“Wat julle ook al wil hê!"* Here! Ek weet dat 'n lewe, ten volle en innig met U verenig, my so sal vernuwe en heilig en my wil so sal versterk, dat ek die lig en die vrymoedigheid sal hê om groot dinge te vra. Here! Laat my wil, wat in U dood gesterwe het, en in U lewe leef, die moed hê om groot en vaste dinge te vra.

U sê: *“Dit sal vir julle ten deel val*." O, U wat die Amen, die Getroue en die Waaragtige Getuie is, skenk my die blye versekering dat U hierdie woorde nog wonderliker waar aan my sal maak as ooit, omdat dit nog nie in die hart van die mens opgekom het wat God vir hulle wat Hom lief het, voorberei het nie. Amen.

AANTEKENING

As ons boeke of preke oor die gebed noukeurig vergelyk met die onderrig van die Meester, sal ons een groot verskil ontdek: die belangrikheid wat toegesê word aan gebedsverhoring is glad nie dieselfde nie. In die eersgenoemde (boeke en preke) word groot klem gelê op die seën wat op die gebed rus as 'n geestelike oefening al kom daar geen antwoord nie, en op die redes waarom ons tevrede moet wees om daarsonder klaar te kom. "Die gemeenskap van God behoort vir ons baie meer te wees as die gawe wat ons vra"; "dis alleen God se wysheid wat weet wat die beste is"; "God mag iets beters gee as dit wat Hy van ons weerhou". Al skyn hierdie lering baie verhewe en geestelik blyk te wees, is dit tog merkwaardig dat ons daar niks van by die Here Jesus aantref nie. Hoe noukeuriger ons alles wat Hy omtrent die gebed gesê het, oordink, hoe duideliker word dit vir ons dat Hy wou hê dat ons aan die gebed moes dink slegs as 'n middel tot 'n doel, en dat die antwoord die bewys moes wees dat ons en ons gebed by God in die hemel aanneemlik is. Dit wil nie sê dat Christus wil hê dat ons meer van die gawes as van die gemeenskap en die guns van die Vader moet maak nie. Glad nie. Die Vader verlang egter dat die antwoord die bewys vir Sy guns en vir die opregtheid van ons gemeenskap met Hom moet wees: *“Vandag weet U dienskneg dat ek in U oë guns ontvang het, my Heer en Koning, omdat die Koning aan die versoek van Sy dienskneg voldoen het*."

'n Lewe wat deur daaglikse gebedsverhoring gekenmerk word, lewer bewys dat ons geestelik volwasse is, dat ons waarlik geleer het om in

Christus te bly; dat ons wil waarlik een met Sy wil is; dat ons geloof so sterk geword het dat ons kan sien en aanneem wat God vir ons voorberei het; dat die Naam van Christus en Sy natuur volle besit van ons geneem het; en dat ons geskik bevind is om 'n plek in te neem onder hulle wat God toelaat tot Sy besluite, en volgens wie se gebede Hy die wêreld regeer. Hulle is diegene in wie iets van die mens se oorspronklike waardigheid herstel is, in wie, namate hulle in Christus bly, Sy krag as die almagtige Voorbidder geopenbaar word, in wie die heerlikheid van Sy Naam gesien word. Gebed is baie geseënd, maar die antwoord is nog meer geseënd, omdat dit die antwoord van die Vader is, dat ons gebed, ons geloof en ons wil in der waarheid is soos Hy dit begeer.

Ek maak hierdie opmerkings met die uitsluitlike begeerte om my lesers te bring tot waar hulle alles wat Christus oor die gebed gesê het bymekaar sal sit en toelaat dat die waarheid die volle indruk op hulle sal maak, dat, wanneer die gebed is wat dit behoort te wees, of liewer wanneer ons is wat ons behoort te wees, deur in Christus te bly, dan moet ons die antwoord verwag. Dit sal ons uitbring uit die skuilhoeke waarin ons onsself weggesteek het en ons getroos het met onverhoorde gebed. Dit sal ons laat insien watter posisie van krag Christus aan Sy Kerk toegesê het, 'n posisie wat dit helaas so min aanvaar. Dit sal die verskriklike gebrekkigheid van ons geestelike lewe openbaar as die oorsaak waarom ons nie weet hoe om met vrymoedigheid in die Naam van Christus te bid nie. Dit sal ons aanspoor om kragtig te strewe na 'n lewe van volkome vereniging met Christus, en na die volheid van die Gees, as die geheim van die gebed wat groot krag het. Op dié wyse sal dit ons lei om ons bestemming te besef: "*En in daardie dag, Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle die Vader sal vra in My Naam, sal Hy julle gee...Bid en julle sal ontvang, sodat julle blydskap volkome kan wees*" (Johannes 16:23, 24). Gebed wat waarlik geestelik **in vereniging met Jesus** is, word altyd verhoor.

## Les 22

*"My woorde in julle*"
of
**DIE WOORD EN GEBED**

"*As julle in My bly en My woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry"* - Johannes 15:7.

Die werklike verband tussen die woord en gebed is een van die eenvoudigste en vroegste lesse in die Christelike lewe. Soos 'n pasbekeerde persoon dit gestel het: Ek bid - ek praat met my Vader; ek lees – my Vader praat met my. Nog voor gebed is dit God se Woord wat my voorberei om te bid, deur aan my te openbaar wat die Vader my beveel om te vra. In gebed is dit God se Woord wat my versterk deur my in geloof die versekering te gee dat ek mag pleit by die Vader. En na gebed, is dit God se Woord wat my antwoord as ek gebid het, want uit die Gees laat my die Vader se stem uit die Woord hoor. Gebed is nie 'n monoloog nie, maar 'n dialoog, en die belangrikste deel is dat ek God se stem hoor wanneer ek met Hom praat. Om die stem van God te hoor is die diepe geheimnisvolle versekering dat Hy na my stem sal luister. *"Neig jou oor tot my, en hoor*"; *"Hoor my*"; *"Hoor my stem*"; is woorde wat God tot die mens, sowel as die mens tot God spreek. Of Hy ons hoor hang af daarvan of ons Hom hoor. Na die mate Sy woorde ingang vind in my gemoed sal my woorde krag by Hom hê. Wat God se woorde vir my is, sal die toets wees wat Hy vir my is, en van die opregtheid van my begeerte tot Hom in gebed.

Jesus wys op hierdie verband tussen Sy woord en ons gebed as Hy sê:, *"As julle in My bly* ***en My woorde in julle****, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry*." Die belangrikheid van hierdie waarheid word vir ons duidelik as ons let op die ander uitdrukking wat hierdie woorde vooraf

gegaan het. Jesus het meermale gesê: *"Bly in My en **Ek in julle**."* Die een vul die ander aan; maar hier vind ons in plaas daarvan: *"Julle in My en **My woorde in julle.**"* As Sy woorde in ons bly is dit dieselfde asof Hyself in ons bly. Watter openbaring kry ons hier van die plek wat die woorde van God in Christus moet inneem in ons geestelike lewe, en veral in ons gebedslewe! 'n **Mens openbaar homself** deur sy woorde. Deur sy beloftes **gee hy homself aan iemand**, en bind hom aan die persoon wat sy beloftes ontvang. In sy bevele kom sy wil tot openbaring, en probeer hy om oor hulle van wie hy gehoorsaamheid eis, **te heers,** en om hulle **te lei** en te gebruik asof hulle deel van homself uitmaak. Deur ons woorde kan ons gees met die gees van 'n ander persoon gemeenskap beoefen. 'n Persoon kan sy invloed op 'n ander laat geld deur sy woorde wat gehoor en aangeneem word deur die ander persoon, en wat vasgehou en gehoorsaam word. Maar dit alles is maar nog baie relatief en beperk.

Maar wanneer God, die oneindige Wese, in wie alles lewe en krag, gees en waarheid is, in die diepste betekenis van hierdie woorde, Homself met Sy woorde vereenselwig, dan gee Hy Homself, Sy liefde en Sy lewe, Sy wil en Sy krag, aan hulle wat hierdie woorde ontvang. Dit is so 'n werklikheid dat dit ons verstand te bowe gaan. Hy stel **Homself** in elke belofte tot ons beskikking sodat ons Hom kan aangryp en besit; en in elke bevel stel Hy Homself tot ons beskikking sodat ons saam met Hom in Sy wil, Sy heiligheid en Sy volmaaktheid kan deel. In God se Woord gee God Homself aan ons; en Sy Woord is niks minder as die Ewige Seun, Christus Jesus, nie. So is al die woorde van Christus die woorde van God, vol goddelike lewe en krag. *"Die woorde wat Ek vir julle sê is Gees en is lewe".* (Joh. 6:63).

Navorsers wat doofstommes 'n studie gemaak het, vertel hoe baie die mag om te praat afhang van die gehoor, en hoedat kinders ook hul spraak verloor as hulle nie meer kan hoor nie. In die breër sin is dit ewe waar: soos ons hoor, so praat ons. Dit is ook waar in die hoogste sin, waar ons

gemeenskap met God het. Om 'n gebed te bid, om uiting te gee aan sekere begeertes en om sekere beloftes te pleit in gebed, is nie 'n moeilike saak nie, en ons kan dit deur ons menslike wysheid aanleer; maar om in die Gees te bid, om woorde te spreek wat God sal bereik, en wat die onsigbare magte sal beïnvloed, hang volkome af van ons vermoë om God se stem te hoor. Net in soverre as ons na die stem van God en die taal wat Hy praat luister, en deur Sy woorde Sy gedagtes, Sy gemoed, Sy lewe in ons hart opneem, sal ons leer om die taal te praat wat deur God verhoor word. *Dit is die oor van hom wat hoor en elke môre opgewek word deur God se stem, wat die pad oopmaak vir die geoefende om tot God sowel as tot die mens te kan spreek soos dit behoort te wees*. (Jesaja 50:4).

Om die stem van God te hoor is iets meer as 'n noukeurige studie van die Woord. Ons kan die Woord bestudeer en ken en nogtans baie min ware gemeenskap met die lewende God beleef. Ons kan die Woord egter in die teenwoordigheid van God self lees en onder die leiding van Sy Gees, sodat die Woord na ons toe sal kom as 'n lewende krag van God self. Dit sal dan vir ons die stem van God Self wees, en 'n persoonlike lewende gemeenskap met Homself meebring. Dit is die lewende stem van God, wat die hart binnedring en seën en sterkte meebring, en wat by ons 'n lewende geloof opwek, wat weer die hart van God sal bereik.

Die mag om te gehoorsaam en te glo, hang daarvan af of ons die stem van God hoor. Die hoofsaak by ons moet nie slegs wees om te weet wat God gesê het ons moet doen nie, maar dat God Self dit vir ons gesê het. Dit is nie die wet en die boek nie, nie die kennis oor wat reg is wat krag tot gehoorsaamheid verwek nie, maar die persoonlike invloed van God en lewende gemeenskap met Hom. Net so is dit ook nie die kennis van wat God belowe het nie, maar **God** se teenwoordigheid **self**, as Gewer van die belofte, wat geloof en vertroue in gebed opwek. Alleen wanneer ons in

God se volle teenwoordigheid leef, verdwyn ongehoorsaamheid en ongeloof.

"*As julle in My bly en **My woorde in julle**, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry."* Ons moet die betekenis van hierdie woorde vir onsself vat. In hierdie woorde gee die Saligmaker Homself aan ons. Ons moet die woorde **in ons** hê, hulle moet tot ons wil en lewe deurdring en gesien word in ons gesindheid en gedrag. Hulle moet in ons bly: ons hele lewe moet een onafgebroke demonstrasie wees van die woorde wat in ons is en ons vul. Die woorde moet die Christus wat in ons is, aan ons openbaar, en ons lewe moet Hom aan andere openbaar. Namate die woorde van Christus in die diepste dieptes van ons hart ingang vind, ja, ons lewe self word en dit beïnvloed, sal ons woorde deurdring tot die dieptes van Sy hart en Hom beïnvloed. My gebed is van my lewe afhanklik; want wat die woorde van God vir en in my is, sal my woorde vir en in God wees. As ek doen wat God sê, sal Hy doen wat ek sê.

Hoe goed het die gelowiges uit die Ou Testament hierdie verband tussen die woorde van God en ons woorde verstaan, en hoe was die gebed nie die liefdevolle antwoord op wat hulle gehoor het wat God gesê het nie! As die woord 'n belofte was **dan het hulle op God gereken om te doen soos Hy gesê het**. *"Doen soos U gesê het*", want U, Here, het dit gesê "*Volgens U belofte"*, *"Volgens U Woord*" – in uitdrukkinge soos hierdie sien ons hoedat, wat God in die belofte gesê het, die wese en lewe was van wat hulle in gebed gebid het. As die woord 'n bevel was, dan het hulle eenvoudig **gedoen soos die Here gesê het**: *"Toe het Abraham weggetrek soos die Here hom gesê het"* (Genesis 12:4). Hulle lewe was gedurige gemeenskap met God, die wisseling van woorde en gedagtes. Wat God gespreek het, het hulle gehoor en gedoen; en wat hulle gespreek het, het God gehoor en gedoen. Hy praat met ons in elke woord, en Christus gee Homself ten volle om die woord in ons te vervul. So vra Hy ook dat ons vir

elke woord ons hele lewe sal gee om dit te bewaar en die vervulling daarvan te ontvang.

*"As My woorde in julle* ***bly***." Die voorwaarde is eenvoudig en duidelik. Sy wil straal uit Sy woorde. Soos Sy woorde in my bly, sal Hy oor my heers, en sal my wil ontvanklik wees om deur Hom gevul te word, en gewillig wees om deur Sy wil gelei te word; en sal Hy ook my innerlike wese vul. In die beoefening van gehoorsaamheid en geloof word my wil sterker en sterker, en meer in ooreenstemming met Hom gebring. Hy kan my wil dan ten volle vertrou om niks anders te wil as wat Hy begeer nie, en is derhalwe nie bevrees om die belofte te gee nie: *"As My woorde in julle bly, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry*." Vir almal wat dit glo en daarvolgens optree, sal Hy dit letterlik waar maak.

Dissipels van Christus! Word dit nie vir ons al meer duidelik nie dat die werklike rede vir ons onverhoorde gebede, ons kragteloosheid om te bid, ons gebrekkige geestelike lewe is. Ons dink verniet denkbeeldige verskonings uit vir ons onverhoorde gebede. Niks behalwe die woord wat uit die mond van God kom kan die mens sterk maak nie; daarvan moet ons lewe (Lukas 4:4). Dit is die woord van Christus, as ons dit liefhet, dit uitlewe en as dit in ons bly, en as dit deur ons gehoorsaamheid deel van ons wese word, wat ons een met Christus maak, en ons geestelik bekwaam om God aan te raak en aan te gryp. Alles wat aards is gaan verby: maar hy wat die wil van God doen bly tot ewigheid. Laat ons dan ons hart en lewe oorgee aan die woorde van Christus, die persoonlike lewende Saligmaker, en Sy belofte sal ons ryke ondervinding wees: "*As julle in My bly, en My woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry."*

## *HERE LEER ONS BID*

Dierbare Here Jesus! U les van vandag het weer my onkunde aan my bekend gemaak. Nou sien ek in waarom ek nie die gelowige gebed wat groot krag het kon bid nie. Ek het my meer besig gehou om met U te praat as om U toe te laat om met my te praat. Ek het nie verstaan dat die geheim geloof is, dat my geloof afhanklik is van die hoeveelheid Lewende Woord wat in my siel bly nie. U Woord het my ook geleer dat elke mens gou moet wees om te hoor, maar stadig om te praat en dat my hart nie haastig moet wees om iets voor U te bring nie. Here, leer my dat dit alleen is wanneer U woord besit van my lewe geneem het, dat my woorde in U hart opgeneem kan word; dat U Woord, as dit in my 'n lewende krag is, ook 'n lewende krag by U sal wees. Wat U mond gespreek het, sal U hand volbring.

Here, verlos my van die onbesnede oor. Gee my die geopende oor van 'n leerling, wat elke môre opgewek word om die Vader se stem te hoor. Net soos U net gepraat het wat U gehoor het, verlang ek dat as ek praat dit die weerklank van wat U tot my sê, mag wees. *"En toe Moses in die tent van samekoms gegaan het om met Hom te spreek, het hy die stem met hom hoor spreek van die versoendeksel af*" (Numeri 7:89). Here mag dit ook met my so wees. Laat my lewe en karakter hierdie een kenmerk dra, dat U woorde daarin bly en gesien word, en die volle seën van hierdie woorde ontvang: *"Vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry."* Amen.

## Les 23

*"Dra vrug, sodat wat julle mag vra vir julle gegee kan word"*
of
**GEHOORSAAMHEID EN GEBEDSVERHORING**

"*Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies en julle aangestel om vrug te gaan dra en dat julle vrug kan bly, sodat wat julle die Vader ook al in My Naam vra, Hy julle dit kan gee"*- Johannes 15:16.
*"Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag*"- Jakobus 5:16.

Die belofte van die Vader om te gee net wat ons vra, word hier herhaal. Ons kan hier sien sien aan wie so 'n wonderlike invloed in die raadsaal van die Allerhoogste gegee word. *"Ek het julle uitverkies*," sê die Meester, *"en julle aangestel om vrug te gaan dra en dat julle vrug kan bly",* dan voeg Hy by, *"sodat wat julle die Vader ook al in My Naam vra, Hy julle dit kan gee.*" Dit is 'n duideliker uitdrukking van dit wat Hy voorheen gepraat het toe Hy gesê het: *"As julle in My bly."* Hy het daarop gewys dat die doel om in Hom te bly was om *"vrug," "meer vrug*, *"veel vrug"* te dra, want hierin sou God verheerlik word en ons dissipelskap erken word. Hy verduidelik nou dat die bevoegdheid om te kan bid sodat ons kan verkry wat ons vra, daarin bestaan dat ons in ware werklikheid in Christus bly, en die werklikheid kan gesien word aan die vrug wat ons dra en die vrug wat blywend is. Volkome toewyding aan die vervulling van ons roeping is die voorwaarde vir die gebed wat groot krag het. Dit is die sleutel wat die onbeperkte seëninge van Christus se wonderlike gebed-beloftes sal oopsluit.

Daar is Christene wat bang is dat so 'n verklaring in stryd is met die leerstuk van die vrye genade. Maar dit is nie teenstrydig met die vrye genade as dit reg verstaan word nie, veral nie as daar soveel uitdruklike verklarings van God se lieflike Woord is nie. Neem byvoorbeeld die

woorde van die Apostel Johannes: *“Geliefdes, as ons hart ons nie veroordeel nie, dan het ons vrymoedigheid teenoor God; en wat ons ook al bid, ontvang ons van Hom,* ***omdat*** *ons Sy gebooie bewaar en doen wat welgevallig is voor Hom”* (1 Johannes 3:21, 22). Of neem byvoorbeeld die dikwels aangehaalde woorde van Jakobus: *“Die vurige gebed van 'n* ***regverdige*** *het groot krag"* (Jakobus 5:16), dit wil sê, van 'n man van wie dit gesê kan word dat hy leef volgens die definisie van die Heilige Gees*:* *“Wie die geregtigheid doen, is regverdig soos Hy regverdig is*" (1 Joh. 3:7).

Ons vind ook hierdie selfde gees by baie van die Psalms wat hul beroep op die integriteit en geregtigheid van die bidder. Dawid sê: *“Die Here het met my gehandel na my geregtigheid; Hy het my vergelde na die reinheid van my hande...ek was opreg by Hom, en ek was op my hoede vir my ongeregtigheid. So het die Here my dan vergelde na my geregtigheid, na die reinheid van my hande, voor sy oë"* (Psalm 18:21, 24, 25, sien ook Ps. 7:4-6; 15:1, 2; 17:3, 6; 26:1-6; 119:121, 153). As ons hierdie verklarings noukeurig nagaan sal ons vind dat hulle volkome ooreenstem met die duidelike onderrig in die afskeidswoorde van die Here Jesus: , "*As julle My gebooie bewaar, sal julle in My liefde bly*" (Joh. 15:10); "*Julle is My vriende as julle alles doen wat Ek julle beveel*" (Joh. 15:14). Die woord beteken letterlik: "*Ek het julle uitverkies om vrug te gaan dra...****sodat***" ... "*wat julle die Vader ook al in My Naam vra, Hy julle dit kan gee."*

Laat ons probeer om ons in te leef in wat die Here Jesus ons hier leer. Die evangeliese rigting in ons godsdiens loop gevaar om te veel klem te lê op die ondervinding wat deur die gebed en geloof verkry moet word. God se Woord laat die klem baie sterk val op 'n ander aspek, en dit is dat gehoorsaamheid die enigste weg is wat lei tot seën. Wat ons moet besef, is dat die eerste gevoel wat ons moet hê in ons verhouding tot die Ewige Wese wat ons God noem, en wat ons geskep en gered het, is onderwerping. Die oorgawe aan Sy heerskappy, Sy heerlikheid, Sy verlangens, behoort die oorheersende gedagte in ons lewe te wees. Die

vraag is nie: Hoe kan ons Sy guns verkry en dit geniet nie? Want hierin kan die eiebelang nog steeds die vernaamste bly. Wat God in die diepste van Sy wese egter met reg van ons eis, is volkome oorgawe. Aan Hom, was oneindig en onuitspreeklik waardig is, se eer en heerlikheid en welbehae moet my enigste doel en strewe wees. Oorgawe aan Sy volmaakte en heerlike wil, 'n lewe van diensbaarheid en gehoorsaamheid, was die gedagtes wat die Seun van God se gemoed oorheers het toe Hy op aarde was. Diensbaarheid en gehoorsaamheid moet ook ons hoofdoel en begeerte word, meer as rus of lig, vreugde of sterkte. Hulle sal ons die pad wys na alle heerliker seëninge wat op ons wag.

Let maar net op die vername plek wat die Meester daaraan gee, nie net wanneer Hy praat van ons vereniging met Homself in hierdie 15de hoofstuk nie, maar ook waar Hy in die 14de hoofstuk praat van die inwoning van die Drie-enige God. In vers 15 lees ons: *“**As julle** My liefhet, **bewaar My gebooie**. En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster (die Gees) gee",* en dan vers 21: “*Wie **My gebooie** het en **dié bewaar**, hy is dit wat My liefhet*." Die besondere liefde van God en die besondere openbaring van Christus sal dan ons deel
wees.

In vers 23 vind ons die voortreflikste van al die groot en kosbare beloftes: "*As iemand My liefhet, **sal hy My woord bewaar**, en My Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woning maak.*" Kan woorde dit duideliker stel dat gehoorsaamheid die weg is wat lei tot die inwoning van die Gees, tot die openbaring van Sy Seun deur Hom, en tot Sy voorbereiding dat ons die woning, die tuiste van die Vader te wees? Die inwoning van die Drie-enige God is die erfenis van hulle wat gehoorsaam is. Gehoorsaamheid en geloof is slegs twee aspekte van een daad - oorgawe aan God en Sy wil. Namate geloof ons versterk tot gehoorsaamheid, word geloof weer op sy beurt deur gehoorsaamheid gesterk: geloof word deur die werke volmaak. Ons vrees dat ons pogings

om te glo dikwels op niks uitgeloop het nie, omdat ons nie die enigste posisie ingeneem het waarin geloof moontlik is nie, naamlik van algehele oorgawe aan die eer en wil van God. Die man wat hom volkome aan God en Sy wil oorgegee het, is die persoon wat die krag sal ondervind om vir homself alles toe te eien wat sy God beloof het.

Die toepassing hiervan in die skool van gebed is baie eenvoudig, dog baie ernstig. "*Ek het julle uitverkies",* so sê die Meester, "*en julle aangestel om vrug te gaan dra*" "*baie vrug"* (verse 5, 8) ,*"en dat julle vrug kan bly*", dat julle lewe gekenmerk sal wees deur blywende vrug en blywende vrugbaarheid *"**sodat**"* soos vrugbare lote wat in My bly, *"wat julle die Vader ook al in My Naam vra, Hy julle dit kan gee."* Hoe dikwels het ons nie verlang om die gebed wat groot krag het, te kan bid, sodat ons veel vrug kan dra nie, en gewonder waarom ons nie verhoor word nie? Die rede hiervoor is dat ons die volgorde van die Meester se woorde omgekeer het. Ons wou eers die gerief, die vreugde en die krag hê, sodat ons die werk maklik en sonder enige moeite of selfopoffering kon doen; terwyl Hy wou hê dat ons in die geloof, sonder om te vra of ons swak of sterk voel, of die werk swaar of maklik is, ja in geloofsgehoorsaamheid moes doen wat Hy gesê het. Die pad na vrug dra sou ons tot die plek gelei het waar ons die gebed wat groot krag besit, sou gebid het. Daar is geen ander weg as die weg van gehoorsaamheid wat tot die heerlikheid van God lei nie. Dis nie gehoorsaamheid in plek van geloof nie, ook nie gehoorsaamheid om die tekortkominge van die geloof aan te vul nie; maar die **gehoorsaamheid van die geloof**, wat ons toegang verleen tot al die seëninge wat God vir ons het. Die doop van die Gees (Joh. 14:16), die openbaring van die Seun (Joh. 14:21), die inwoning van die Vader (Joh. 14:23), om in die liefde van Christus te bly (Joh. 15:10), die voorreg van Sy heilige vriendskap (Joh. 15:14), en die krag van die gebed wat alles vermag (Joh. 15:16) - al hierdie dinge is vir hom wat gehoorsaam is.

Laat ons hierdie lesse ter harte neem. Ons weet nou wat die groot rede is waarom ons nie 'n kragtige geloof gehad het om die gebed wat alles vermag, te bid nie. Ons lewe was nie wat dit behoort te wees nie - eenvoudige opregte gehoorsaamheid, blywende vrugbaarheid was nie sy hoofkenmerke nie. Met ons hele hart gee ons goedkeuring aan die goddelike aanstelling van mense aan wie God sulke invloed sal gee in die bestuur van die wêreld, sodat, op hul versoek, hulle dinge sou doen wat anders nooit sou plaasgevind het nie; mense wie se wil enkel en alleen die wil van God sal wees; maar dit sal mense moet wees wat self geleer het om gehoorsaam te wees, en wie se getrouheid en onderworpenheid aan gesag onbesproke sal wees. Ons hele siel stem saam dat gehoorsaamheid en om vrug te dra, die weg is wat lei tot **gebed wat tot alle dinge in staat is**. Ons moet egter tot ons skande erken ons hoe min ons lewe hierdie stempel tot nog toe gedra het. Laat ons die aanstelling wat die Verlosser ons gee, heelhartig aanvaar. Laat ons Sy verhouding tot ons as Meester bestudeer. Laat ons nie meer, by die aanvang van 'n nuwe dag, ons eie gerief, vreugde of seën soek nie. Laat ons eerste gedagte wees: **Ek behoort aan die Meester**. Elke oomblik en in elke beweging moet ek handel as Sy eiendom, as deel van Homself, as een wat enkel en alleen strewe om Sy wil te ken en te doen. 'n Dienskneg, 'n slaaf van Jesus Christus - dit moet die gees wees wat my vul. As Hy sê*: “Ek noem julle nie meer diensknegte nie, maar Ek het julle vriende genoem"* (Joh. 15:15) dan moet ons ons soos vriende gedra: *“Julle is my vriende as julle alles doen wat Ek julle beveel"* (Joh. 15:14).

Die een ding wat Hy ons, as Sy lote, gebied om te doen, is om vrug te dra. Laat ons dan lewe om andere tot seën te wees, om van die lewe en die liefde wat daar in Christus is, te getuig. Laat ons in geloof en gehoorsaamheid ons hele lewe oorgee aan dit waartoe Jesus ons uitverkies en aangestel het - **om vrug te dra**. Namate ons daaraan dink dat Hy ons hiervoor uitverkies het, en ons ons aanstelling aanvaar, komende van Hom wat altyd alles gee wat Hy eis, sal ons geloof en

vertroue groei, dat 'n oorvloedige en blywende vrugdraende lewe ook binne ons bereik is. Dan sal ons ook verstaan hoe ons by die plek kan kom waar ons die gebed, wat tot alles in staat is, kan bid, en veel vrug kan dra. Die persoon wat bewys dat hy, in gehoorsaamheid aan die Christus van God, besig is om te doen wat sy Heer begeer, sal van die Vader ontvang net wat hy wil hê, en *“wat ons ookal bid, ontvang ons van Hom, omdat ons Sy gebooie bewaar en doen wat welgevallig is voor Hom"* (1 Joh. 3:22).

*HERE LEER ONS BID*

Dierbare Meester, leer my om ten volle te begryp wat ek maar net ten dele besef, hoe dit alleen deur die wil van God is, die gehoorsame aanvaarding en uitvoering van Sy wil en bevele, dat ons krag verkry om Sy wil in Sy beloftes te verstaan, en hulle ten volle in ons gebede vir ons toe te eien. Leer my ook dat die loot se dieper groei in die Wynstok alleen volmaak kan word as die loot vrug dra, en dat wanneer ons in daardie volmaakte eenheid met Hom leef, ons kan vra wat ons ookal wil.

O Here, openbaar aan ons hoedat **gehoorsaamheid aan God ons hoogste voorreg is, omdat dit ons toegang gee tot eenheid met Homself in dit wat Sy hoogste heerlikheid is - Sy volmaakte wil**. Nie net vir ons nie maar ook vir al die hemelinge, vir Uself as die Seun op aarde, en al die gelowiges wat U deur die eeue heen verheerlik het. En openbaar aan ons, Here, hoe ons geestelike natuur sal groei tot die volwassenheid van ‘n volmaakte man, met mag om te vra en te ontvang net wat ons wil hê, as ons U gebooie bewaar en vrug dra volgens U wil.

O Here Jesus, openbaar Uself aan ons, en die werklikheid van U doel en U mag om hierdie wonderlike beloftes van U die daaglikse ondervinding te maak van almal wat hulleself volkome aan U en U woorde oorgee. Amen.

## Les 24

*“in My Naam*"
of
**ONS GODDELIKE VOLMAG**

*“En wat julle ook al in My Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word. As julle iets in My Naam vra, sal Ek dit doen...Sodat wat julle die Vader ook al in My Naam vra, Hy julle dit kan gee... Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle die Vader sal vra in My Naam, sal Hy julle gee. Tot nou toe het julle niks in My Naam gevra nie. Bid en julle sal ontvang...In daardie dag sal julle in My Naam bid.*" Johannes 14:13, 14; 15:16; 16:23, 24, 26.

Tot nou toe het die dissipels nie in die Naam van Christus iets gevra nie, en ook het Hy self nie tevore die uitdrukking gebruik nie. Die naaste wat hierby kom is *“vergader in My Naam".* In Sy afskeidswoorde herhaal Hy gedurig hierdie woorde in verband met daardie beloftes so onbeperk in hul betekenis "*Wat ookal*," "*Wat julle wil,*" "*Alles*," om hulle en ons te leer dat Sy Naam die enigste, maar ook ons algenoegsame pleidooi by die Vader is. Die krag van gebed en die antwoord hang enkel en alleen af van die regte gebruik van die Naam.

Wat is 'n persoon se naam? Dit is daardie woord of uitdrukking wat die persoon by genoem en aan ons voorgestel word. As ek iemand se naam noem of hoor, dan word voor my gees die hele persoon opgeroep, wat ek van hom weet, en ook die indruk wat hy op my gemaak het. So ook is elke naam van God die beliggaming en verteenwoordiging van een of ander aspek van die heerlikheid van die Onsienlike God. En die Naam van Christus is die uitdrukking van alles wat Hy gedoen het, en alles wat Hy is en voor leef om te doen as ons Middelaar.

En wat beteken dit as iemand iets in die naam van 'n ander doen? Dit beteken dat hy op gesag van die ander persoon, as sy verteenwoordiger en plaasvervanger optree. Dit veronderstel verder, soos ons weet, dat die twee se belange een is. Niemand sal 'n ander toelaat om vrye gebruik van sy naam te maak, as hy nie eers verseker is dat sy eer en belange in die ander se hande net so veilig is as in sy eie nie.

Wat beteken dit dat Jesus ons die mag gee om in Sy Naam te vra net wat ons wil met die belofte daarby dat ons dit sal kry? Die gewone vergelyking van iemand wat 'n enkele maal die reg kry om iets in die naam van 'n ander te gaan vra, skiet hier ver te kort - Jesus gee plegtig aan **al** Sy dissipels 'n algemene en onbeperkte mag om te **alle** tye vir **al** hul begeertes vrye gebruik van Sy Naam te maak. Dit kon Hy nie gedoen het as Hy nie geweet het dat Hy al Sy belange aan ons kon toevertrou, en dat Sy eer in ons hande veilig sou wees nie. Die vrye gebruik van iemand se naam is altyd 'n teken van groot vertroue en innige vereniging. Wie sy naam aan 'n ander gee, staan opsy sodat die ander persoon vir hom kan optree; en hy wat 'n ander se naam neem, laat sy eie vaar as van geen waarde nie. As ek in die naam van iemand anders gaan, verloën ek myself, want ek neem nie net sy naam oor nie, maar homself en wat hy is, in plaas van myself en wat ek is.

So 'n gebruik van iemand se naam kan kragtens 'n **regsvereniging** wees. 'n Sakeman, wanneer hy op reis gaan, gee aan sy hoofklerk 'n algemene volmag waardeur so 'n klerk duisende rande in sy naam kan trek. Die klerk doen dit alleen in belang van die besigheid. Dit is omdat die sakeman hom ken as 'n getroue persoon wat hom geheel en al oorgegee het aan sy belange en besigheid, dat hy dit durf waag om sy hele vermoë en sy naam in sy hande te stel. Toe die Here Jesus na die Hemel gegaan het, het Hy Sy werk en die behartiging van die belange van Sy Koninkryk, in die hande van Sy diensknegte gelaat; en Hy kon nie anders as om Sy Naam aan hulle te gee om deur hulle gebruik te word in belang van Sy

werk op aarde nie. Hulle het egter geestelike mag om van daardie Naam gebruik te maak net in soverre hulle hul oorgegee het om enkel en alleen vir die belange en werk van die Meester te lewe. Die gebruik van die Naam veronderstel altyd die oorgawe van ons eie belange aan Hom wat ons verteenwoordig.

So 'n gebruik van die naam mag ook wees kragtens 'n **lewensvereniging**. In die geval van die sakeman en sy klerk is die vereniging slegs van tydelike aard. Ons weet egter hoedat eenheid van lewe op aarde ook eenheid van naam meebring: 'n vader gee sy naam aan sy kind omdat die kind sy lewe in hom het. En dikwels gebeur dit dat die kind van 'n goeie vader deur andere geëer of gehelp word ter wille van die naam wat hy dra. Dit sal egter nie lank duur as die kind nie die lewe en karakter van die vader openbaar nie. Die naam en die karakter of gesindheid moet ooreenstem. Wanneer dit die geval is sal die seun baie van sy vader se vriende ontvang, want die karakter verseker en vermeerder die liefde en agting wat eers ter wille van die naam betoon was. So is dit met Jesus en die gelowige. Ons is een, deel een lewe, een Gees met Hom, daarom mag ons in Sy Naam kom. Ons mag om daardie Naam te gebruik, of dit by God, of mens, of duiwels is, hang af van die **mate van ons lewensvereniging met Christus**. Die gebruik van die naam berus op die eenheid van die lewe. Die Naam en die Gees van Jesus is een.

Die vereniging wat volmag van die gebruik van die naam gee, kan 'n **liefdesvereniging** wees. Wanneer 'n bruid wie se lewe een van armoede was, met die bruidegom in die huwelik verbind word, gee sy haar eie naam prys om syne aan te neem, en het nou volle reg om van sy naam gebruik te maak. Sy koop in sy naam, en in die naam van haar man word niks haar geweier nie. Dit gebeur omdat die bruidegom haar vir homself gekies het en op haar reken om vir hom te lewe en vir sy belange te sorg - hulle is nou een. So kon die Hemelse Bruidegom ook geen ander weg volg nie. Omdat Hy ons liefgehad en een met Hom gemaak het, kon Hy niks

anders doen as om aan hulle wat sy Naam dra, die reg te verleen om in die Naam tot die Vader of tot Homself te kom vir al hul behoeftes nie. En daar is niemand, as hy homself waarlik oorgee om in die Naam van Jesus te leef, wat nie in altyd groterwordende mate die geestelike vermoë sal ontvang om in daardie Naam te vra en te ontvang net wat hy wil nie. As ek onder 'n ander naam bekend gaan, veronderstel dit dat ek my eie naam laat vaar het, en daarmee ook my eie onafhanklike lewe; maar dit veronderstel dan ook dat ek in volle besit gekom het van alles wat daardie nuwe naam verteenwoordig.

Voorbeelde soos hierdie toon ons hoe gebrekkig die algemene beskouing omtrent gebed is, dat dit 'n boodskapper is wat gestuur word om iets in die naam van 'n ander te vra, of omtrent 'n skuldige wat hom op die naam vir beskerming beroep. Nee, Jesus Self is by die Vader, sodat ons nie in die naam kom van iemand wat afwesig is nie. En selfs wanneer ons tot Jesus Self bid, moet dit in Sy Naam wees. Die naam stel die persoon voor; en om in Sy Naam iets te begeer, is om dit te vra in die vereniging met Hom, as een wat in en vir Hom lewe. As die Naam van Jesus maar net onverdeelde heerskappy oor my hart en lewe voer, dan sal my geloofsversekering so sterk word dat wat ek in dié Naam vra, nooit geweier sal word nie. Die Naam en die mag om te vra gaan saam, sodat as die Naam van Jesus die mag geword het wat my lewe beheers, sal Sy krag in die gebed by God ook gesien word.

Ons sien dus hoedat alles afhang van ons verhouding tot die Naam namate dit oor my lewe krag het, sal dit ook krag in my gebede hê. Meer as een uitdrukking in die Skrif maak hierdie waarheid aan ons duidelik. As die Skrif sê: "***Doen alles*** *in die Naam van die Here Jesus*," sien ons hoedat dit die keersy is van "***Vra alles***." Om alles te doen in die Naam van die Here, gaan saam met alles te vra in Sy Naam. As ons lees "*Ons sal wandel in die Naam van ons God*," sien ons hoe die krag van die Naam die hele lewe moet beheers, en alleen dan sal dit krag in die gebed hê. God kyk nie

na ons lippe nie, maar na ons lewe om te sien wat die Naam vir ons beteken. Wanneer die Skrif spreek van *“manne wat hulle lewens oorgegee het vir die Naam van onse Here Jesus Christus"* (Hand. 15:26) of van iemand wat gereed is *“om vir die Naam van die Here Jesus te sterwe,"* dan sien ons wat ons verhouding tot die Naam behoort te wees. As dit alles vir my is, sal dit alles vir my verkry. As ek die Naam toelaat om alles te hê wat ek het, sal Hy vir my alles laat kry wat Hy besit.

“*Wat julle ook al in My Naam mag vra, dit sal Ek doen*." Hierdie belofte moet letterlik opgeneem word. Christene het probeer om dit te beperk, omdat dit so ruim lyk, want dit is nie veilig om soveel aan die mens onvoorwaardelik toe te vertrou nie. Ons het nie geweet
dat die woorde *“in My Naam*" sy eie waarborg is nie. Dit is 'n geestelike krag wat niemand meer gebruik van kan maak as wat hy die vermoë voor verkry, deur in daardie Naam te leef en te handel nie. Namate ons daardie Naam voor mense uitleef, sal ons ook krag hê om dit voor God te gebruik in gebed. O, laat ons die Gees van God bid om ons te wys wat die Naam insluit, en wat dit beteken om die Naam reg te gebruik. Dit is deur die Gees dat die Naam wat bo alle name in die hemel is, ook die opperheerskappy in ons hart en oor ons lewe sal kry.

Dissipels van die Here Jesus! Laat die les wat Hy vandag vir u leer diep insink in u hart. Die Meester sê: ‘Bid maar net in My Naam, en wat jy ook al mag vra sal vir jou gegee word.’ Die hemel word vir u oopgesluit en die skatte en magte van die geestelike wêreld tot u beskikking gestel om te gebruik tot seën van hulle rondom u. O, kom tog en laat ons leer om in die Naam van Jesus te bid. Soos Hy aan die dissipels gesê het, sê Hy ook aan ons*: "Tot nou toe het julle niks in My Naam gevra nie. Bid en julle sal ontvang..."* Laat elke dissipel tog die regte van sy koninklike priesterskap vir hom toe-eien, en gebruik maak van die mag wat tot sy beskikking gestel word in belang van sy kring en sy werk. Christene! Ontwaak en luister na die boodskap: u gebed kan verkry wat anders weerhou sal

word, en sal tot stand bring wat anders ongedaan sal bly. 0, ontwaak tog, en maak gebruik van die Naam van Jesus om die skatte van die hemel oop te sluit vir hierdie verloregaande wêreld. Leer as diensknegte van die Koning om van Sy Naam gebruik te maak: *"En wat julle ook al in My Naam mag vra,* ***dit sal Ek doen****."*

*HERE, LEER ONS BID*

Dierbare Here Jesus! Dit is asof elke les wat U vir my gee so 'n volheid en diepte van betekenis het, dat, as ek maar net die een les kan leer sal ek weet hoe om reg te bid. Vandag voel ek weer asof ek maar net behoefte het aan hierdie een gebed elke dag: Here, leer my wat dit beteken om in U Naam te bid. Leer my om so te lewe, te handel, te wandel en te praat, en so alles in die Naam van Jesus te doen, dat ook my gebed niks anders as 'n gebed ook in daardie geseënde Naam sal wees nie.

Leer my ook Here, om vas te hou aan die kosbare belofte dat wat ons **ookal** in U Naam mag vra, dit sal U doen, en dit sal die Vader gee. Al verstaan ek nog nie ten volle nie - en al het ek dit nog minder bereik - die wonderbare vereniging wat U bedoel wanneer U sê, in My Naam, wil ek nogtans vasklem aan die beloftes totdat my hart vervul is met die ontwyfelbare versekering: Enigiets in die Naam van Jesus.

O my Here, laat U Heilige Gees dit vir my leer. U het van Hom gesê: *"Die Trooster, die Heilige Gees wat die Vader in My Naam sal stuur"* (Joh. 14:26). Hy weet wat dit beteken om van die hemel in U Naam gestuur te word om die mag van daardie Naam in U diensknegte te openbaar en te eer, om alleen daardie Naam te gebruik en U te verheerlik. Here Jesus, laat U Gees in my woon en my vul. Ek wil, ja ek gee my hele wese oor aan Sy bestuur en leiding. U Naam en U Gees is een. Deur Hom sal U Naam die krag van my lewe en my gebede wees. Dan sal ek instaat wees om ter

wille van U Naam, alles te versaak, in U Naam tot mense en tot God te spreek, en te toon dat dit in der waarheid die Naam bo alle name is. Here Jesus! O leer my deur U Heilige Gees om in U Naam te bid. Amen.

--------------------------------

*AANTEKENING*

Wat word bedoel daarmee om in die Naam van Christus te bid? Dit kan nie slegs beteken dat ons voor God kom met die geloof in die middelaarskap van die Saligmaker nie. Toe die dissipels vir Jesus gevra het om hulle te leer bid, het Hy hulle van versoeke voorsien. Later het Hy ook aan hulle gesê: *“Tot nou toe het julle niks in My Naam gevra nie.”* Die sewe versoeke in die Onse Vader was as 't ware nog sluimerend in hulle voordat die Gees gekom het. Toe Christus deur die Heilige Gees in hul harte neergedaal het, het hulle daardie selfde seëninge, wat Christus ons Hoëpriester vir ons van die Vader verkry, begeer. En sulke versoeke word altyd verhoor. Die Vader is altyd gewillig om te gee wat Christus vra. Die Gees van Christus leer en beïnvloed ons gedurig om die versoeke op te stuur wat Christus sal goedkeur en aan die Vader voorlê. Om in die Naam van Christus te bid, beteken dus dat ons met Christus verenig moet wees wat ons geregtigheid betref, en **om met Christus verenig te wees, wat ons begeertes betref, deur die inwoning van die Heilige Gees**. Om **in die Gees** te bid, om te bid **volgens die wil van die Vader**, en om **in die Naam van Christus te bid**, is **presies dieselfde uitdrukkings**. Die Vader Self het ons lief, en is gewillig om ons te hoor. Die twee Voorbidders, Christus die Voorspraak daarbo, en die Heilige Gees die Voorspraak in ons, is gawes van Sy liefde.

Hierdie beskouing oor gebed bied met die eerste oogopslag minder troos aan as die meer gangbare een wat beweer dat gebed in die Naam van Christus hoofsaaklik betrekking het op ons vertroue in die verdienste van

Christus. Die tekortkoming van hierdie opvatting is dat dit nie die voorbidding van die Saligmaker met die wil van die Vader, en die hulp in die gebed verleen deur die inwonende Gees, verbind nie. Dit hou ook nie volle rekening met die middelaarskap van Christus nie; want Christus se tussenkoms bestaan nie net daarin dat om Christus ontwil die Heilige Vader aan my en my gebed kan dink nie; maar ook daarin dat Christus Self my versoeke as Sy eie voordra, wat Hy vir my begeer het net soos alle seëninge vir my gekoop word deur Sy kosbare bloed.

Die een essensiële voorwaarde by alle gebed is dat dit in die Naam van Jesus aangebied moet word, volgens die wil van die Vader, en volgens die onderrig van die Heilige Gees. Dit is dus onmoontlik vir ons om in die Naam van Christus te bid sonder selfondersoek, sonder nadenking, sonder selfverloëning; in kort, sonder die hulp van die Gees." ***Saphir, The Lord's Prayer****, pp. 411, 412.*

--------------------------------------

*AANTEKENING*

*"Wat jy ook al in My Naam mag vra*," dit wil sê, in my natuur; omdat dinge by God genoem word volgens hul natuur. Ons vra in die Naam van Christus, nie wanneer ons aan die einde van ons gebed sê: " Dit vra ek in die Naam van Jesus Christus," nie; maar wanneer ons bid **in ooreenstemming met Sy natuur**, wat liefde is, wat nie sy eie voordeel soek nie, maar die wil van God en die beswil van alle skepsels. So 'n gebed is die versugting van Sy eie Gees in ons hart. - *Jukes,* ***The New Man***.

## Les 25

*"In dié dag"*
of
## DIE HEILIGE GEES EN GEBED

"*En in daardie dag sal julle My niks vra nie. Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, alles wat julle die Vader sal vra in My Naam sal Hy julle gee. Tot nou toe het julle niks in My Naam gevra nie. Bid en julle sal ontvang, sodat julle blydskap volkome kan wees.. . In daardie dag sal julle in My Naam bid; en Ek sê nie vir julle dat Ek die Vader aangaande julle sal vra nie; want die Vader self het julle lief..."* - Johannes 16:23, 24, 26, 27.

*"Maar julle, geliefdes, moet julleself opbou in jul allerheiligste geloof en in die Heilige Gees bid en julleself in die liefde van God bewaar*..."- Judas 20, 21.

Johannes se woorde (1 Joh. 2:12-14) aan die kinders, die jongmanne en aan die vaders, laat by ons die gedagte ontstaan dat daar dikwels drie groot fases van ondervinding in die Christelike lewe is. Eers kry ons die pasgebore kind met die versekering en die vreugde van vergifnis. Die tweede is die oorgangsperiode, wat gekenmerk word deur stryd en groei in kennis en sterkte - die jongmanne wat groei in sterkte, en in wie die Woord van God sy werk doen en hulle oorwinning gee oor die Bose. Die laaste en finale trap is die van volwassenheid en rypheid - die vaders wat reeds ver gevorder het in die kennis en gemeenskap van die Ewige God.

Dit blyk uit Christus se onderrig aangaande die gebed dat daar in die gebedslewe ook drie soortgelyke fases is. Ons vind die eerste fase in die bergrede, waar Sy onderrig in een woord saamgevat kan word. "*Bid julle Vader, julle Vader hoor, sien, weet en sal julle beloon*"; hoeveel te meer as enige aardse vader! Wees net soos 'n kind en vertrou. Dan volg daar later

iets soos die oorgangsperiode van stryd en oorwinning in woorde soos hierdie: *"Maar hierdie geslag gaan nie uit behalwe deur gebed en vas nie"* (Matt. 17:21); *"Sal God dan nie reg doen aan Sy uitverkorenes wat dag en nag tot Hom roep nie..."* (Luk. 18:7). Eindelik vind ons in Sy afskeidswoorde 'n hoër fase. Die kinders het manne geword; hulle is nou die vriende van die Meester, vir wie Hy geen geheime het nie, en vir wie Hy sê: *"Alles wat Ek van My Vader gehoor het, het Ek aan julle bekend gemaak"* (Joh. 15:15); en aan wie Hy, deur die dikwels herhaalde *"wat julle ook al wil hê",* die sleutels van Sy Koninkryk oorhandig het." Die tyd het nou aangebreek waarin hulle die krag van gebed in Sy Naam, op die proef kan stel.

Die kontras tussen hierdie laaste trap en die vorige twee word vir ons baie duidelik in die woorde van ons oordenking deur ons Here Jesus gestel: *"**Tot nou** het julle niks in My Naam gevra nie"*; *"In **daardie dag** sal julle in My Naam bid."* Ons weet wat deur die woorde "***in daardie dag***" bedoel word. Dit is die dag van die uitstorting van die Heilige Gees. Die groot werk wat Christus moes doen, die magtige sterkte en die volkome oorwinning wat Hy deur Sy opstanding en hemelvaart sou openbaar, moes hul vervulling vind in die neerdaal uit die hemel, soos nog nooit voorheen die geval was nie, van die heerlikheid van God om in die mens te kom woon. Die Gees van die verheerlikte Jesus moes kom om die lewe van Sy dissipels te wees. Een van die kenmerke van daardie bedeling van die Gees sou 'n gebedskrag wees wat tot nou toe onbekend was in gebed in die Naam van Jesus, die bid en verkry net wat hulle wou hê, sou die openbaring wees van die werklikheid van die Heilige Gees se inwoning in hul harte.

Om te begryp hoedat die koms van die Heilige Gees in der waarheid 'n nuwe tydstip in die wêreld van gebed sou aankondig, moet ons onthou Wie Hy is, wat Sy werk is, en wat die betekenis is dat Hy eers gegee kon word nadat Jesus verheerlik was. God bestaan deur die Gees want Hy is

Gees. Die Vader het deur die Gees die Seun gegenereer. En dit is deur die gemeenskap van die Gees dat die Vader en die Seun een is. Die gemeenskap van lewe en liefde - soos ons dit vind in die ewige nimmereindigende verhoring van die Seun, wat die Vader se voorreg is, en in die ewige bid en ontvang, wat die Seun se reg en seën is - word deur die Gees in stand gehou. So was dit van alle ewigheid af; en so is dit veral nou, waar die Seun, as Middelaar, altyd leef om te bid. Die groot werk wat Jesus hier op aarde begin het, om naamlik in Sy eie liggaam God en die mens met mekaar te versoen, sit Hy in die hemel voort. Om dit te kon doen, het Hy in Sy eie persoon die stryd tussen die geregtigheid van God en ons sonde opgeneem. Aan die kruis is hierdie stryd eens en vir altyd beëindig. Toe het Hy na die hemel gevaar, sodat Hy van daar af in Sy liggaam die verlossing kon uitvoer en die oorwinning kon openbaar wat Hy verkry het. Dit is die rede waarom Hy altyd leef om te bid; in Sy gedurige voorbidding stel Hy Homself in lewende gemeenskap met die onophoudelike gebed van Sy verlostes. Of beter gesê, dit is Sy gedurige voorbidding wat in hul gebede openbaar word, en aan hulle 'n krag gee wat hulle voorheen nooit gehad het nie.

Dit alles doen Hy deur die Heilige Gees. Die Heilige Gees, die Gees van die verheerlikte Jesus, was nie daar nie (Joh. 7:39) en kon nie daar wees voordat Hy nie eers verheerlik was nie. Hierdie gawe van die Vader was iets nuuts, heeltemal verskillend van die wat die gelowiges van die Ou Testament geken het. Die werk wat die bloed verrig het toe Christus deur die voorhangsel ingegaan het, was iets so waar en so nuut; die verlossing van ons menslike natuur, sodat ons gemeenskap kon hê met Sy opstandingskrag en die heerlikheid van Sy verhoging, was so 'n absolute werklikheid; die opneem van ons menslike natuur in Christus in die lewe van die Drie-enige God was 'n gebeurtenis van so 'n onbegryplike betekenis, dat die Heilige Gees, wat moes kom om van die verhoogde mensheid van Christus in ons harte te getuig van wat Christus tot stand gebring het, in der waarheid nie meer dieselfde Gees was as wat Hy in die

Ou Testament was nie. Dit was letterlik waar: "*die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Christus nog nie verheerlik was nie*" (Joh. 7:39). Net soos die Seun, wat van alle ewigheid af God was, as mens 'n nuwe bestaan aanvaar het, en na die hemel teruggekeer het met iets wat Hy tevore nie gehad het nie, net so het die geseënde Gees wat die Seun met Sy hemelvaart van die Vader ontvang het (Hand. 2:33) in sy verheerlikte mensheid, na ons gekom met nuwe lewe wat Hy vantevore nie gehad het om mee te deel nie. Onder die ou bedeling is Hy aangeroep as die Gees van God; met Pinkster het Hy neergedaal as die Gees van die verheerlikte Jesus en die volle vrug en krag van die volbragte verlossing saam met Hom gebring, om dit aan ons mee te deel.

Dit is deur die voorbidding van Christus dat die krag en toepassing van Sy verlossing voortdurend gehandhaaf word; en dit is deur die Heilige Gees wat van Christus op ons neerdaal, dat ons opgetrek word in die groot stroom van Sy gebede wat gedurig opstyg tot die Vader-troon. Die Gees bid vir ons sonder woorde - waar daar in die dieptes van die hart ons gedagtes selfs by tye geen vorm kry nie, neem die Gees ons en voer ons op in die wonderlike stroom van die lewe van die Drie-enige God. Deur die Gees word die gebede van Christus ons gebede, en ons s'n Syne: Ons vra wat ons ookal wil en dit word ons gegee. Uit ondervinding verstaan ons dan die betekenis van die woorde "*Tot nou toe het julle in My Naam niks gevra nie.* ***In daardie dag*** *sal julle in My Naam vra*."

My broer en suster! Wat ons nodig het om in die Naam van Christus voor te bid, en te vra dat ons dit mag ontvang, sodat die maat van ons vreugde vol kan wees, is die doop van hierdie Heilige Gees. Dit beteken meer as wat ons verstaan van die Gees van God onder die Ou Verbond. Dit is meer as die Gees van bekering en wedergeboorte wat die dissipels voor Pinkster gehad het. Dit is meer as die Gees met 'n mate van Sy invloed en werking. Dit is die Heilige Gees, die Gees van die verheerlikte Jesus in die krag van Sy verhoging, wat oor ons kom as die Gees van die inwonende

Jesus, wat die Seun en die Vader in ons openbaar (Joh. 14:16-23). Dit is wanneer hierdie Gees nie net die Gees is van die ure wanneer ons bid nie, maar die Gees van ons hele lewenswandel is; wanneer hierdie Gees Jesus in ons verheerlik deur die volmaaktheid van Sy werk aan ons te openbaar, en ons geheel en al een met en gelykvormig aan Hom te maak, dat ons in Sy Naam kan bid, omdat ons in der waarheid een met Hom is. Dit is dan dat ons daardie onmiddellike toegang tot die Vader het waarvan Jesus sê: “*Ek sê nie vir julle dat Ek die Vader aangaande julle sal vra nie*." O, dit is vir ons nodig om te verstaan en te glo, dat die een groot behoefte van God se gelowige volk is om met hierdie Gees van die verheerlikte Jesus vervul te wees. Dan sal ons besef wat dit beteken om *“met alle gebed en smeking by elke geleentheid te bid in die Gees"* (Ef. 6:18), en wat dit beteken om *“in die Heilige Gees te bid, en julleself te bewaar in die liefde van God*" (Judas 20, 21). *“**In daardie dag** sal julle in My Naam vra.*"

So kom die les dan opnuut tot ons: Die krag van ons gebedslewe sal afhang van wat ons is en wat ons lewe is. Die geheim om in die Naam van Christus te bid is daarin geleë dat ons in die Naam van Christus sal lewe - ons wandel in die Gees stel ons instaat om in die Gees te kan bid. Dit is wanneer ons in Christus bly dat ons die reg en die volmag verkry om te vra net wat ons wil. Die mate wat ons in Hom bly sal die juiste mate van krag in gebed aandui. Dit is die Gees wat in ons woon wat bid, nie altyd met woorde en gedagtes nie, maar as Hy volkome besit van ons hele lewe en wese het. Net soveel as wat daar van die Gees van Christus in ons is, sal daar van ware gebed sprake kan wees. O, laat ons lewens tog vol wees van Christus en van Sy Gees, dan sal die onbeperkte gebedsbeloftes nie meer vir ons vreemd klink nie. *“Tot nou toe het julle in My Naam niks gevra nie. Bid en julle sal ontvang, sodat julle blydskap volkome kan wees... In daardie dag sal julle in My Naam bid. Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle die Vader sal vra in My Naam, sal Hy julle gee.*"

## *HERE, LEER ONS BID*

O, my God! Met heilige eerbied buig ek my voor U, die Drie-enige God, neer. Weer sien ek hoedat die verborgenheid van die gebed die verborgenheid van die Heilige Drie-eenheid is. Ek aanbid die Vader wat altyd hoor, en die Seun wat altyd leef om te bid, en die Heilige Gees wat van die Vader en die Seun kom om ons te neem tot daardie altyd geseënde en nimmer-eindigende gemeenskap wat ondervind word deur te bid en te ontvang. Ek buig my, my God, in vererende aanbidding neer, voor die oneindige neerbuiging wat deur die Heilige Gees vir ons bewerk word en ons gebede opneem in die goddelike lewe en die gemeenskap van Sy liefde.

O my dierbare Here Jesus! Leer my om U les te verstaan, dat dit die inwonende Gees is wat voortvloei uit U, wat my met U verenig; wat die Gees van gebed is. Leer my wat dit beteken om, soos 'n leë, algeheel toegewyde instrument, myself oor te gee dat ek Sy lewe kan wees. Leer my om Hom, as 'n lewende Persoon, te eer en te vertrou om my lewe en my gebedslewe te lei. Leer my veral om stil te wees in gebed, sodat Hy in en deur my waarlik voorbidding kan doen. Leer my ook dat dit moontlik is om deur Hom sonder ophou te bid, en te bid sonder dat ek sal misluk, omdat Hy my 'n deelhebber laat wees van nimmer-eindigende en onfeilbare voorbidding, in watter hoedanigheid U, die Seun, voor die Vader verskyn. Ja, Here, laat U belofte in my vervul word, "*In daardie dag sal julle in My vra. Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle die Vader sal vra in My Naam, sal Hy julle gee."* Amen.

------------------------------------

## *AANTEKENING*

Gebed word dikwels met asemhaling vergelyk. Ons moet slegs die vergelyking verder deurvoer om te sien watter wonderlike plek die Heilige Gees inneem. By elke asemhaling verdryf ons die ongesonde lug wat baie gou ons dood sal veroorsaak, en asem die vars lug in waaraan ons ons lewe te danke het. So gee ons, deur belydenis van ons sondes, en deur gebed uiting aan die behoeftes en begeertes van ons hart. As ons asemhaal ontvang ons weer die vars lug van Sy beloftes, en Sy liefde, en die lewe van God in Christus. Dit doen ons deur die Heilige Gees wat ons lewensasem is.

Dit is so omdat Hy die lewensasem van God is. Die Vader blaas Hom in ons en verenig Homself met ons lewe. Net soos na elke uitaseming by ons daar weer 'n inaseming geskied, so trek God Sy asem weer in, en die Gees keer terug tot Hom met die begeertes en behoeftes van ons harte. So is die Heilige Gees die asem van die lewe van God, en die asem van die nuwe lewe in ons. Soos God Hom uitasem, ontvang ons Hom in antwoord op gebed; en soos ons Hom uitasem gaan Hy gevul terug na God met ons smekinge. En as Gees van God, in Wie die Seun en die Vader een is, en die voorbidding van die Seun die Vader bereik, is Hy vir ons die Gees van gebed. Ware gebed is die lewende ondervinding van die waarheid van die Heilige Drie-eenheid. Die Gees se asemhaling, die Seun se voorbidding en die Vader se wil word in ons een.

## Les 26

*“Ek het vir julle gebid"*
of
**CHRISTUS DIE VOORBIDDER**

“*Maar Ek het vir jou gebid, dat jou geloof nie ophou nie"* – Lukas 22:32.
*“Ek sê nie vir julle dat Ek die Vader aangaande julle sal vra nie”* – Johannes 16:26.
*“Omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree"* – Hebreërs 7:25.

Alle groei in die geestelike lewe hang af van 'n duidelike insig in wat Jesus vir ons is. Hoe meer ek besef dat Christus alles in en deur my moet wees, dat alles wat Christus het tot my beskikking is, des te meer sal ek leer om die ware geloofslewe te lei van 'n persoon wat aan homself sterf en geheel en al in Christus leef. Die Christelike lewe is dan nie meer ‘n tevergeefse stryd om reg te lewe nie, maar 'n berusting in Christus wat in Hom as ons lewe, krag vind om die stryd te stry en die oorwinning van die geloof te behaal. Dit is veral so met betrekking tot die gebedslewe. Aangesien gebed ook enkel en alleen onder die wet van die geloof staan, en gesien word in die lig van die volheid en algenoegsaamheid wat daar in Jesus is, begryp die gelowige dat gebed nou nie meer met spanning en kommervolle angs gepaard hoef te gaan nie. Dit is veel eerder 'n ondervinding van wat Christus vir en in hom wil doen – ‘n deelname aan daardie lewe van Christus, wat, net soos op aarde so ook in die hemel, altyd tot die Vader as 'n gebed opstyg. En hy begin te bid, deur nie net op die verdienstes van Christus te reken nie, of op die voorbidding waardeur ons onwaardige gebede aanneemliker gemaak word nie, maar op daardie intieme vereniging op grond waarvan Hy in ons en ons in Hom bid. (Sien die aantekening van Beck van Tubingen oor die verskil wat daar bestaan tussen Christus as Voorspraak of Voorbidder wat buitekant ons staan, en die Christus wat in ons is, waar ons in Hom bly en Hy in ons, en waar die

Heilige Gees ons vereniging met Hom volmaak maak, sodat ons self direk tot die Vader in Sy Naam kan gaan.)

Die hele verlossing is Christus Self; Hy het Homself aan ons gegee; Hy Self leef in ons. Omdat Hy bid, bid ons ook. Soos Sy dissipels, toe hulle Jesus sien bid, gevra het om deel te hê in die gebed, soos Hy dit geken het, so weet ons ook, noudat ons Hom as Voorbidder op die troon aanskou, dat Hy ons deel laat hê om een met Homself te word in die gebed. Die gesig van Jesus as Voorbidder gee ons krag om in Sy Naam te bid. Aan Christus behoort alle reg en krag van die gebed. Hy laat ons deel hê aan Sy voorbidding.

Hoe duidelik kom dit uit in die laaste aand van Sy lewe. In Sy Hoë-Priesterlike gebed (Johannes 17) toon Hy ons hoe Hy bid en wat Hy die Vader moes vra, en wat Hy sal bid wanneer Hy opgevaar het na die hemel. En tog het Hy in Sy afskeidswoorde so herhaaldelik Sy heengaan na die Vader verbind met **sy dissipels** nuwe lewe van gebed. Uiteindelik sou die twee verbind word: Sy aanvang van die werk van Sy ewige voorbidding **sou die aanvang en die krag van hul gebedslewe in Sy Naam wees**.

Om dit te verstaan is dit nodig om in die eerste plek aan **Sy voorbidding** te dink. *“Hy leef altyd om in te tree.*" Die taak van Christus op aarde as Priester was slegs 'n begin. As Aaron het Hy Sy bloed gestort, as Melgisedek leef Hy nou agter die gordyn om Sy werk voort te sit, volgens die krag van die ewige lewe. Soos Melgisedek heerliker as Aaron is, so is dit in die bediening van die voorbidding dat die ware krag en heerlikheid van die versoening geopenbaar word. *”Christus is dit wat gesterf het, **ja meer nog**, wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree*" (Rom.8:34).

Daardie voorbidding is 'n kragtige werklikheid, 'n werk wat absoluut noodsaaklik is, en waarsonder die voortdurende toepassing van die verlossing nie kan plaasvind nie. By die vleeswording en opstanding van Jesus het die wonderlike versoening plaasgevind, waardeur die mens deelgenoot geword het van die goddelike lewe en seën. Sonder die voortdurende beoefening van Sy goddelike mag deur die Hoof in die hemel, kan die ware persoonlike toe-eiening van hierdie versoening in elkeen van Sy lede hieronder nie plaasvind nie. By alle bekering en heiligmaking, by elke oorwinning oor sonde en die wêreld, is daar 'n werklike beoefening van die krag van Hom wat magtig is om te verlos. Hierdie beoefening van Sy krag geskied alleen deur Sy gebed: Hy bid tot die Vader en ontvang van die Vader. *“Daarom **kan** Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, **omdat** Hy altyd leef om vir hulle in te tree"* (Hebr. 7:25). Daar is geen behoefte van Sy volgelinge wat Jesus nie van God deur Sy voorbidding kan verkry nie. Sy middelaarskap op die troon is net so werklik en onmisbaar as wat dit aan die kruis was. Niks vind sonder Sy voorbidding plaas nie. Hieraan bestee Hy al Sy tyd en kragte, en hiermee hou Hy Hom voortdurend besig aan die regterhand van die Vader.

Ons deel nie net aan die voordele verbonde aan hierdie werk van Hom nie, maar ook aan die werk self. Die liggaam en sy lede is een: *“Die hoof kan nie vir die voete sê: ek het julle nie nodig nie*" (1 Kor. 12:21). Ons deel alles wat Hy is en wat Hy besit, met Jesus: *“En Ek het hulle die heerlikheid gegee wat U My gegee het*" (Joh. 17:22). Ons is deelgenote van Sy lewe, Sy geregtigheid en Sy werk, en so deel ons ook met Hom Sy voorbidding; dit is 'n werk wat Hy nie sonder ons verrig nie.

Ons doen dit omdat ons deelgenote van Sy lewe is: **Christus is ons lewe**; “*Ek leef nie meer nie maar Christus leef in my"* (Gal. 2:20). Die lewe in Hom en in ons is een en dieselfde lewe. Sy lewe in die hemel is 'n voortdurende **gebedslewe** - 'n lewe wat sonder ophou tot God bid en

ontvang. Dit is nie asof daar twee strome van gebed, een van Hom en een van Sy gelowiges, opstyg nie. Nee, maar die wesenlike lewensvereniging bring ook 'n gebedsvereniging mee; wat Hy bid gaan deur ons en wat ons bid gaan deur Hom. Hy is die engel met die goue komme vol reukwerk: "*En baie reukwerk is aan hom gegee*" die geheim van die gebed wat aanneemlik is, *"om dit met die gebede van al die heiliges op die goue altaar voor die troon te lê"* (Openb. 8:3). Ons leef en bly in Hom, die Voorbidder by uitnemendheid.

Die Eniggeborene is die enigste Persoon wat die reg besit om te bid. Aan Hom alleen was dit gesê: *"Vra en dit sal vir U gegee word."* Soos in alle ander dinge die volheid in Hom woon, so ook die volheid van die gebed - Hy alleen besit die gebedskrag. En net soos die geestelike lewe se groei bestaan in 'n duideliker besef dat al die skatte **in Hom** is, en dat ons ook in Hom is om elke oomblik te ontvang wat ons in Hom besit, genade op genade, so is dit ook met die gebedslewe gesteld. Ons geloof in die voorbidding van Jesus moet nie net daarin bestaan dat Hy in ons plek bid, wanneer ons nie bid of nie kan bid nie, maar dat Hy, as die Begin van ons lewe en ons geloof, ons trek om in harmonie met Homself te bid. Ook in hierdie opsig moet ons gebed 'n werk van geloof wees, dat aangesien ons weet dat Jesus Sy hele lewe in ons uitstort, so is dit ook deur Hom alleen, as gevolg van Sy lewe van gebed, dat ons kan bid.

Vir menige gelowige was dit 'n nuwe tydstip in sy geestelike lewe, toe hy tot die ontdekking gekom het hoe waaragtig en algeheel Christus sy lewe was, en vir hom borg staan dat hy getrou en gehoorsaam sou bly. Van toe af het hy eers begin om 'n **geloofslewe** te lei. Die ontdekking dat Christus ook vir ons gebedslewe borgstaan is nie minder nie. Hy, die middelpunt en beliggaming van alle gebed, dra Homself deur middel van die Heilige Gees aan Sy volk oor. *"Hy leef altyd om in te tree*" as die Hoof van die liggaam, as die Leier op daardie nuwe en lewende weg, wat Hy geopen het as die Begin en Voleinder van ons geloof. In alles voorsien Hy vir die

lewe van Sy verlostes deur Sy eie lewe in hulle te gee. Hy sorg vir hul gebedslewe, deur hulle in Sy hemelse gebedslewe op te neem, en deur Sy gebedslewe aan hulle te gee en in hulle in stand te hou. *“Ek het vir jou gebid,* ***dat jou geloof nie ophou nie***" (Lukas 22:32). Ons geloof en gelowige gebed is in Syne gewortel. Dit is *“as julle in My bly,*" die ewiglewende Voorbidder *“en met My en in My bid,*" *“vra net wat julle wil hê, en dit sal vir julle gedoen word.*"

Die gedagte aan ons gemeenskap in die voorbidding van Jesus, herinner ons aan wat Hy ons meermale geleer het, hoedat al hierdie wonderlike gebedsbeloftes tot hul doel en regverdiging het die verheerliking van God deur die openbaring van Sy Koninkryk en die redding van sondaars. Solank as wat ons alleen, of hoofsaaklik vir onsself bid, sal die belofte van daardie laaste woorde vir ons 'n verseëlde boek bly. Dit is vir die vrugdraende lote van die Wynstok; dit is vir die dissipels wat in die wêreld gestuur is, soos die Vader Hom gestuur het, om vir verloregaande mense te lewe; dit is vir Sy getroue diensknegte en intieme vriende wat die werk wat Hy agtergelaat het, opneem, wat net soos hul Here sterf soos die graankorrel om te vermenigvuldig - dit is vir húlle wat die beloftes gegee is. Laat elkeen van ons uitvind wat die werk en wie die siele is vir wie ek spesiaal geroep word om in te tree. Laat ons voorbidding vir hulle die lewe van gemeenskap met God vir ons wees, en ons sal ontdek dat die beloftes vir krag in die gebed nie net vir ons waar word nie, maar ons sal dan eers begin besef hoedat ons in Sy eie vreugde om mense te seën en te red, sal deel, as ons in Christus en Hy in ons bly.

O wonderlike voorbidding van ons geseënde Here Jesus, waaraan ons nie alleen alles te danke het nie, maar waarin ons kan deelneem as aktiewe deelgenote en medewerkers! Nou verstaan ons wat dit beteken om in die Naam van Jesus te bid, en waarom dit so 'n krag besit. In Sy Naam, in Sy Gees, in Homself, in volmaakte vereniging met Hom. O wonderbare, altyd werksame en kragtigste voorbidding van die Mens Christus Jesus!

Wanneer sal ons geheel en al daarin opgeneem word, en altyd daarin bid?

*HERE, LEER ONS BID*

Dierbare Here Jesus! In ootmoedige aanbidding buig ek my nogmaals voor U neer. U hele verlossingswerk bestaan nou in gebed. Dit waarmee U nou besig is, wat U in stand hou en kan meedeel, wat U kosbare bloed gekoop het, is net in die gebed. U leef altyd om te bid. En omdat ons in U is en in U bly, is die onmiddellike toegang tot die Vader altyd vir ons oop, kan ons lewe een aanhoudende gebed wees, en is die antwoord op ons gebed verseker.

Geseënde Here! U het U gelowiges uitgenooi om U medewerkers in ‘n lewe van gebed te wees. U het Uself met U volk verenig en laat hulle as U liggaam deel hê in daardie bediening van die voorbidding, waardeur die wêreld alleen gevul kan word met die vrug van U verlossing en die heerlikheid van die Vader. Ek kom tot U met meer vrymoedigheid as ooit, my Here, en ek smeek U: Leer my bid. U lewe is gebed en U lewe is myne. Here! Leer my om in U en soos U te bid. En, O my Here! laat ek veral weet, dat, soos U vir U dissipels belowe het, U in die Vader en ek in U, en U in my is. Laat my hele lewe deur die verenigende krag van die Heilige Gees, in U en U voorbidding bly, sodat my gebed sy weerklank mag wees, en die Vader my in U en vir U in my mag hoor. Here Jesus! Laat U gemoed in alle opsigte myne wees, en my lewe in alle opsigte in U wees. So sal ek dan gereed wees om die kanaal te wees waardeur U voorbidding sy seën op die wêreld uitgiet. Amen.

--------------------------------------------

## *AANTEKENING*

Die nuwe tydperk van gebed in die Naam van Jesus word deur Christus aangedui as die tyd van die uitstorting van die Gees, waarin die dissipels 'n meer geopenbaarde begrip aangaande die verlossingsplan verkry, en waarin hulle net so duidelik bewus word van hul eenheid met Jesus as van Sy eenheid met die Vader. Hul gebed in die Naam van Jesus is nou direk tot die Vader Self. "*Ek sê nie dat Ek vir julle sal bid nie, want die Vader Self het julle lief*," sê Jesus; terwyl Hy voorheen gesê het van die tyd voor die koms van die Gees: "*Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster stuur*." Die hoofgedagte in hierdie gebed is die insig in ons vereniging met God in Christus, waarin die lewende band tussen God en ons van weerskante is (Joh. 17:23). "*Ek in hulle en hulle in My*," sodat ons in Jesus die Vader met ons verenig sien, en onsself met die Vader verenig. Jesus Christus moes aan ons geopenbaar word, nie net deur die waarheid in ons gemoed nie, maar in ons diepste persoonlike bewussyn as die lewende persoonlike versoening, as Hy in Wie die Vaderskap van God en die Vaderliefde volkome met die menslike natuur en dit weer met God verenig is. Die middelaarskap van Christus word nie deur hierdie onmiddellike toegang tot God opsy gesit nie; dit word egter nie meer beskou as iets van buite af wat buitekant ons bestaan nie, maar as 'n ware lewende geestelike bestaan in ons, sodat die Christus vir ons, die Middelaar, in werklikheid die Christus in ons geword het.

As die bewustheid van hierdie eenheid tussen God en ons in Christus nog ontbreek, of verdoof is deur die gevoel van skuld, dan sien die gelowige op na ons Here as die Voorspraak, wat vir ons bid by die Vader. (Vergelyk Joh. 16:26 met 16:16, 17; Luk. 22:32; 1 Joh. 2:1). Om Christus op hierdie manier in gebed as Voorspraak te beskou, is volgens Johannes 16:25 nie heeltemal dieselfde as die gebed in Sy Naam nie. Die voorspraak van Christus is bedoel om ons te bring tot daardie innerlike lewensvereniging met Hom en met die Vader in Hom, op grond waarvan Christus die

Persoon is met Wie God in 'n onmiddellike verhouding tree en Homself met ons verenig, en in Wie ons onder alle omstandighede met God in 'n onmiddellike verhouding tree. Net so bestaan die gebed in die Naam van Jesus nie uit ons gebed wat tot Sy beskikking is nie: so het die dissipels altyddeur gebid sedert Hy hulle die "*Onse Vader*" gegee het, en tog sê Hy "*Tot nou toe het julle nie in My Naam gevra nie*." Net wanneer die middelaarskap van Christus, deur die inwoning van die Heilige Gees, lewe en krag in ons geword het, en Sy gemoed, soos dit uiting gevind het in Sy Woord en werk, besit geneem het van ons persoonlike bewussyn en wil en die gevul het, sodat ons die Here Jesus in ons het, in geloof en liefde, as die Versoener wat ons werklik een met God gemaak het; dan alleen het Sy Naam, wat Sy natuur en Sy werk insluit, waarheid en krag in ons (nie net vir ons nie) geword, en het ons in die Naam van Jesus vrye en direkte toegang tot die Vader en sal ons sekerlik verhoor word. Gebed in die Naam van Jesus is die vryheid van die Seun met die Vader, net soos Jesus dit as die Eersgeborene gehad het. Ons bid in die plek van Jesus, nie asof ons onsself in Sy plek kan stel nie, maar in sovêr as ons in Hom en Hy in ons is. Ons gaan direk tot die Vader, maar net soos die Vader in Christus is, en nie asof Hy apart van Christus was nie. Dus sal dit tevergeefs wees om te dink dat 'n formule soos "*ter wille van U geliefde Seun*," krag sal hê, as die innerlike mens nie in Christus leef en Hom nie as die Lewende Christus besit nie, of as Sy waarheid en lewe nog nie die lewe van ons eie siel geword het nie". - ***Chritsliche Ethik****, von Dr. I. T.Beck, Tubingen ii. 39.*

# Les 27

## *"Vader, Ek Wil"*
## of
## DIE HOËPRIESTERLIKE GEBED

"*Vader, Ek wil dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook saam met My sal wees*" - Johannes 17:24.

In Sy afskeidswoorde gee Jesus aan Sy dissipels 'n volle openbaring van die Nuwe Lewe soos dit sou wees, as die Koninkryk van God met krag gekom het. Hul roeping en hul saligheid sou hulle vind in die inwoning van die Heilige Gees, in vereniging met Hom, dié hemelse Wynstok, in hul uitgaan om vir Hom te getuig en te ly. Tydens die verkondiging aangaande die toekomstige nuwe lewe, het die Here herhaaldelik die uitdruklikste verklarings gemaak omtrent die onbeperkte krag van die gebed. En nou gaan Hy aan die slot van Sy afskeidsrede self oor tot gebed. Om die dissipels die vreugde te laat smaak van te weet hoedanig Sy voorbidding vir hulle in die hemel, as hul Hoëpriester sou wees, gee Hy hulle die kosbare erfenis: van Sy gebed tot die Vader. Hy doen dit omdat hulle en ons as priesters aan Sy voorbidding moet deelneem, sodat hulle en ons kan weet hoe om hierdie heilige werk te verrig. Ons het in die afskeidsrede leer verstaan hoedat hierdie verstommende gebedsbeloftes nie vir ons eie voordeel gegee is nie, maar in belang van die Here en Sy Koninkryk; en dit is alleen die Here Self wat ons kan leer wat die gebed in Sy Naam moet wees en hoe om dit te verkry. Ons het verstaan dat om in Sy Naam te bid beteken om in volkome vereniging met Hom te bid. Die Hoëpriesterlike gebed omvat alles en sal ons alles leer wat gebed in die Naam van Jesus mag vra en verwag.

Hierdie gebed word gewoonlik in drie dele verdeel. Ons Here bid eers vir Homself (v. 1-5), dan vir Sy dissipels (6-19), en eindelik vir al die gelowiges

oor al die eeue (20-26). Die volgeling van Jesus, wat hom oorgee tot die heilige werk van voorbidding, en wat wil probeer sien hoeveel seën hy vir sy omgewing in die Naam van Jesus kan afbid sal hom in alle nederigheid deur die Heilige Gees laat lei om van hierdie wonderlike gebed, as een van die belangrikste lesse in die skool van gebed, 'n studie te maak.

In die eerste plek bid Jesus vir Homself, dat Hy verheerlik mag word, sodat Hy die Vader kan verheerlik. *"Vader, verheerlik U Seun ... En nou, Vader, verheerlik My by Uself*..." (Joh. 17:1, 5). Hy voer dan die gronde aan waarop Sy gebed berus. Tussen Hom en die Vader was daar in die hemel 'n heilige ooreenkoms gesluit. Die Vader het Hom mag oor alle vlees, as die beloning vir Sy werk, beloof: Hy het die werk verrig, Hy het die Vader verheerlik, en nou is die een doel wat Hy voor oë het, om Hom nog verder te verheerlik. Met die grootste vrymoedigheid durf Hy bid dat die Vader Hom moet verheerlik, sodat Hy nou alles wat Hy onderneem het om te doen, vir Sy volk kan wees en doen.

Dissipel van Jesus, hier is u eerste les in die beoefening van u werk van priesterlike voorbidding wat u deur die voorbeeld van u grote Hoëpriester moet leer. Om in die Naam van Jesus te bid, beteken om in vereniging en in harmonie met Hom te bid. Soos die Seun Sy gebed begin het deur Sy verhouding tot die Vader duidelik te maak, deur Hom op Sy werk en Sy gehoorsaamheid, en Sy begeerte om die Vader te verheerlik, te beroep, so moet u ook doen. Nader tot God en verskyn voor Hom in Christus. Beroep u op die werk wat Christus voltooi het. Sê dat u uself volkome daarmee verenig, dat u daarop vertrou en daarin leef en daarvolgens wandel. Sê dat u uself ook oorgegee het om die werk te voltooi wat die Vader u gegee het om te doen, en om enkel en alleen vir Sy verheerliking te lewe. En bid dan met vaste vertroue dat die Seun in u verheerlik mag word. Dit is om in die Naam, in die woorde self, in die Gees van Jesus en in vereniging met Jesus Self, te bid. Hierdie soort gebed besit krag. As u saam met Jesus die Vader verheerlik, sal die Vader Jesus verheerlik deur

te doen wat u in Sy Naam vra. Dit is net, wanneer u persoonlike verhouding op hierdie punt, soos dié van Christus, met God rein is, wanneer u Hom verheerlik en alles tot Sy verheerliking wil doen, soos Christus, dat u krag sal hê om vir andere in te tree by God.

Daarna bid ons Here Jesus vir Sy dissipel kring. Hy praat van hulle as diegene wat die Vader Hom gegee het. Hul hoofkenmerk was dat hulle Sy woord aangeneem het. Hy sê dat Hy hulle die wêreld ingestuur het om Sy plek in te neem. En Hy vra twee dinge vir hulle: dat die Vader hulle teen die bose moet bewaar, en hulle deur Sy Woord moet heilig, omdat Hy Homself vir hulle heilig.

Soos ons Here, het elke gelowige voorbidder sy eie onmiddellike kring vir wie hy eerste bid. Ouers het hul kinders, onderwysers hul leerlinge, leraars hul gemeentes, alle werkers hul eie sorg, en alle gelowiges hulle wie se sorg so na aan hul harte lê. Dit is van groot belang dat voorbidding persoonlik, op die punt af en definitief moet wees. En ons eerste gebed moet altyd wees dat hulle die Woord van God mag aanneem. Hierdie gebed sal egter nie groot krag hê as ek nie met die Here Jesus kan sê: "*Ek het hulle U Woord gegee*" - dit gee ons vryheid en krag in ons voorbidding vir siele. U moet nie net vir hulle bid nie, u moet ook met hulle praat. En as hulle die Woord van God aangeneem het moet u baie bid dat hulle teen die Bose bewaar mag word, en dat hulle deur die Woord geheilig mag word. In plaas van te twyfel, of te oordeel, of toe te laat dat hulle sal val, laat ons liewer vir ons kring bid: "*Vader bewaar hulle in U waarheid*." Gebed in die Naam van Jesus het groot krag: "*Wat julle ook wil hê, dit sal vir julle gedoen word*."

Dan volg ons Here se gebed vir 'n nog wyer kring: "*Maar Ek bid die vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle woord in My sal glo*" (Joh. 17:20). Sy priesterlike hart strek uit oor alle tye en plekke, en Hy bid dat almal wat aan Hom behoort oral een mag wees, dat hulle daardeur aan

die wêreld die bewys kan lewer dat Sy sending Goddelik was, en dat hulle eenmaal vir altyd met Hom sal wees en in Sy heerlikheid sal deel, en "*sodat die liefde waarmee U My liefgehad het, in hulle kan wees, en Ek in hulle*" (Joh. 17:26).

Die ware voorbidder kan homself nie net tot sy eie kring beperk nie: hy bid vir die ganse Kerk en vir sy verskillende vertakkinge. Hy bid veral vir die eenheid van Gees en liefde. Hy bid dat die Kerk een met Christus mag wees, om so 'n getuie in die wêreld te wees dat Christus, wat so 'n wonderwerk verrig het dat liefde oor selfsug en skeidsmure triomfeer, in der waarheid die Seun van God is wat uit die hemel gekom het. Elke gelowige behoort baie te bid dat die eenheid van die Kerk, nie in uiterlike organisasie nie, maar in gees en in waarheid, geopenbaar mag word.

Genoeg sover wat die inhoud van die gebed betref. Laat ons nou let op die wyse waarop die gebed gedoen is. Jesus sê: "*Vader, Ek wil*!" Op grond van Sy reg as Seun, en die Vader se belofte aan Hom, en Sy voltooide werk, mag Hy dit doen. Die Vader het vir Hom gesê: "*Eis van My en Ek sal vir U gee*." (Psalm 2). Hy het eenvoudig gebruik gemaak van die Vader se belofte. Jesus het ons 'n soortgelyke belofte gegee: "***Wat julle ook al wil hê***, *sal vir julle gedoen word."* Hy vra my om in Sy Naam te sê wat ek wil hê. As die gelowige in Hom bly, in 'n lewende vereniging met Hom waarin die mens niks en Christus alles is, dan het hy die vryheid om daardie woord van sy Hoëpriester op te neem, en in antwoord op die vraag: "***Wat wil jy hê?***" te sê: "Ek wil alles hê wat U beloof het."

Dit is niks ander as ware geloof nie. So eer ons God deur verseker te wees dat so 'n vertroue, om te sê wat ek wil, inderdaad vir Hom aanneemlik sal wees. By die eerste oogopslag deins ons terug vir hierdie uitdrukking. Ons het nóg die vrymoedigheid nóg die krag om so te praat. Dit is 'n woord waartoe alleen, in die mees volkome versaking van ons wil aan dié van die Here, genade gegee word; waartoe egter genade verseker gegee word

aan elkeen wat in die gemeenskap met sy Vader daartoe voorberei is. Hy wat sy wil geheel en al aan die Here oorgee sal dit weer, vernuwe en met goddelike krag versterk, terug ontvang. "***Vader, Ek wil***" is die grondtoon van die ewigdurende, altyd werksame, voorbidding van ons Here in die hemel wat alles vermag. Dit is slegs wanneer ons met Hom verenig is dat ons gebed groot krag sal hê. As ons maar net in Hom bly, in Hom leef en wandel, en in Sy Naam alles doen; as ons maar net na Hom wil kom met elke afsonderlike versoek, getoets en aangeraak deur Sy Woord en Gees, en dit wil werp in die magtige stroom van voorbidding wat van Hom af opgaan, om aan die Vader voorgelê te word; dan sal ons die volle vertroue hê dat ons alles wat ons vra ontvang; want die Gees self sal die woorde, "**Vader, Ek wil**" in ons inblaas. Ons sal onsself in Hom verloor en niks word nie, om uit te vind dat ons in ons onmag mag en groot gebedskrag besit.

Dissipels van Jesus, geroepe om aan Jesus in Sy Hoëpriesterlike voorbidding gelyk te wees, wanneer sal u ontwaak tot die heerlikheid - wat alle verstand te bowe gaan - van hierdie bestemming van ons om by God vir die verloregaande wêreld, met die krag wat ons verkry wat ons wil hê, te pleit. O, wanneer sal ons die traagheid afskud, wat gekleed is met die skyn van nederig wees, en onsself geheel en al aan God se Gees oorgee, dat Hy ons wil met lig en krag mag vul om te ken, en te neem, en te besit alles wat ons God gereed is om te gee aan 'n wil wat Hom daarvoor sal aangryp?

*HERE, LEER ONS BID*

O, my dierbare Hoëpriester! Wie is ek dat U my uitnooi om met U in U voorbidding, wat groot krag het, te deel! En waarom, O my Here, is ek so traag van hart om hierdie wonderlike voorreg waartoe U U kerk verlos het, te verstaan, te glo, en te beoefen! O Here, gee my genade sodat hierdie voorbidding om sonder ophou te bid, totdat die seën van die

Hemel op my hele omgewing mag neerdaal in 'n toenemende mate, my lewenstaak mag word.

Geseënde Here, ek kom nou om hierdie roeping van my te aanvaar. Hiervoor sal ek alles versaak en U volg. In U hande gee ek gelowig my hele wese oor; vorm my, voed my op, inspireer my om een van die lede van U gebed-weermag te wees, stryders wat waak en worstel in die gebed, deel van Israel, prinse van God, wat krag het en veel vermag. Neem besit van my hart en vul dit met die een begeerte, om God te verheerlik deur die insameling, heiliging en vereniging van hulle wat die Vader U gegee het. Neem my verstand en laat al my aandag daaraan gewy word om te weet waar ek deur my gebed seën kan bewerkstellig. Neem my geheel en al en bekwaam my om as 'n priester altyd voor God te staan en in Sy Naam seën te versprei.

Geseënde Here, laat dit ook hier, soos in die hele geestelike lewe die geval is, U alles en ek niks. En laat my ondervinding ook in hierdie verband wees dat hy wat niks vir homself hou en soek nie, alles ontvang, tot selfs die wonderlike genade om, met U, U ewigdurende bediening van die voorbidding te deel. Amen.

## Les 28

*“Vader, nie wat Ek wil nie*"
of
**DIE OFFER OP DIE ALTAAR**

“*En Hy sê: Abba, Vader, alle dinge is vir U moontlik; neem hierdie beker van My weg; nogtans nie wat Ek wil nie, maar wat U wil"* - Markus 14:36.

Wat 'n kontras binne enkele ure! Wat 'n oorgang van daardie stille verhewendheid wat ons in die woorde *“Hy het Sy oë opgehef en gesê: Vader, Ek wil”* vind, tot die geheimsinnige *“En Hy het 'n bietjie verder gegaan en op Sy aangesig geval en gebid en gesê: My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil"* (Joh. 17:24, Mark. 14:36). In die een geval sien ons die Hoëpriester agter die gordyn besig met Sy alles vermoënde voorbidding; in die ander geval die offer op die altaar wat Hom oorgee om geslag te word, sodat Hy die gordyn kan skeur waardeur ons tot die Vader kan gaan. Die Hoëpriesterlike gebed *“Vader, Ek wil*" gaan in volgorde van tyd wel die *“Vader, nie soos Ek wil nie*" vooraf, tog dit was slegs by voorbaat om aan te toon hoedanig die voorbidding sou wees nadat die offer gebring is. In werklikheid het die gebed voor die troon “*Vader, **Ek wil***," sy oorsprong en krag te danke aan die gebed by die altaar “*Vader**, nie soos Ek wil nie**.*" Dit is deurdat Hy Sy wil in Getsémané so volkome aan die Vader oorgegee het, dat die Hoëpriester op die troon die mag besit om te vra net wat Hy wil, en die reg het om Sy gelowiges ook in daardie mag te laat deel, en dat hulle ook kan vra net wat hulle wil.

Hierdie les van Getsémané is een van die heiligste en kosbaarste lesse vir almal wat in die skool van Jesus wil leer bid. Vir die oppervlakkige leerling mag dit lyk asof dit hom alle moed om in die geloof te bid ontneem. As selfs die ernstigste gebed van die Seun nie verhoor was nie, as selfs die

Geliefde moes sê: *“Nie soos Ek wil nie"*, hoeveel te meer moet ons nie so sê nie? So skyn dit dan asof die beloftes, wat die Here Jesus net 'n paar uur vantevore gegee het *“Wat julle ook al mag vra,*" *“Wat julle ook al wil hê* " nie letterlik bedoel was nie. 'n Dieper insig in die betekenis van Getsémané sal ons egter leer dat ons juis hier die sekere grond vir 'n ope weg tot die versekering van gebedsverhoring het. Laat ons met eerbiedige en vererende aanbidding neerbuig, terwyl ons hierdie asemrowende groot toneel aanskou - die Seun van God besig om in die stof voor God, met smekinge en trane, te verskyn, en nogtans nie verkry wat Hy vra nie. Hy Self is ons Leermeester en sal die verborgenheid van Sy heilige offer, soos in hierdie gebed geopenbaar, aan ons ontvou.

Om hierdie gebed te verstaan moet ons die groot onderskeid opmerk tussen wat ons Here 'n rukkie vantevore in die koninklike Hoëpriesterlike gebed begeer het en wat Hy hier in Sy swakheid vra. **Daar** het Hy gebid vir die verheerliking van die Vader, en van Homself en Sy gelowiges as die vervulling van die duidelike beloftes wat aan Hom gegee was. Hy het gevra wat Hy geweet het was volgens die wil van die Vader; Hy durf met vrymoedigheid sê *“Vader, Ek wil*." **Hier** bid Hy oor iets waaromtrent die wil van die Vader nog nie vir Hom duidelik was nie. Vir al wat Hy geweet het kon dit die wil van die Vader gewees het dat Hy die beker moes drink. Hy het Sy dissipels vertel van die beker wat Hy moes drink; 'n bietjie later sou Hy weer sê *“Die beker wat die Vader My gegee het, sal Ek dit nie drink nie?*" (Joh. 18:11). Hiervoor het Hy in die wêreld gekom. Maar toe, in die uur van ontsettende foltering wat oor Sy siel gekom het, toe die magte van die hel op Hom losgelaat is, en Hy die voorsmaak van die dood as die toorn van God oor die sonde begin kry het, het Sy menslike natuur gesidder by die gedagte dat Hy 'n vloek sou word, en die angskreet geuiter en begeer dat, indien God se doel sonder die beker bereik kon word, die vleeslike beker dan by Hom verby moes gaan: *“Laat hierdie beker by My verbygaan*." Daardie begeerte was die bewys vir die opregte werklikheid van Sy mensheid. Die woorde *“nie soos Ek wil nie*" het

verhoed dat daardie begeerte sondig sou wees. Terwyl Hy pleit en uitroep "*alle dinge is moontlik by U*" en weer terugkeer om nog ernstiger te bid dat die beker van Hom weggeneem mag word, is dit Sy driemaal herhaalde "*nie soos Ek wil nie,*" wat die wese en waarde van Sy offer uitmaak. Hy het iets gevra waarvoor Hy nie kon sê: "*Ek weet dit is U wil*" nie. Hy het Hom op God se mag en liefde beroep en dit toe teruggetrek met Sy "*U wil geskied*." Die gebed dat die beker verby moes gaan, kon nie verhoor word nie. Die gebed van onderwerping, dat God se wil sou geskied, was verhoor, deur die oorwinning wat Hy behaal het, eers oor die vrees en daarna oor die mag van die dood. In hierdie verloëning van Sy wil, in die volkome oorgawe van Sy wil aan die wil van die Vader, het Sy gehoorsaamheid sy hoogste oorwinning behaal. Die opoffering van Sy lewe op Golgota ontleen sy waarde aan hierdie opoffering van Sy wil in Getsémané. Hier is dit, soos die Skrif sê dat Hy Sy gehoorsaamheid geleer het, en het Hy die Saligmaker geword van almal wat aan Hom gehoorsaam is (Heb.5:8). Omdat Hy daar in daardie gebed gehoorsaam geword het tot die dood toe, ja tot die dood aan die kruis, daarom het God Hom uitermate verhoog, en Hom mag gegee om te vra net wat Hy wil (Fil.2:8). Deurdat Hy gesê het "*Vader nie soos Ek wil nie*" het Hy die mag ontvang om te sê "*Vader, Ek wil*." Omdat Hy in Getsémané gewillig was dat Sy wil nie sou geskied nie, het Hy die reg vir Sy gelowiges verseker om te kan vra net wat hulle wil.

Laat ek nogtans die oneindige wondere wat Getsémané voor my oog ontvou raaksien. Eers vind ons daar hoedat die Vader vir Sy geliefde Seun die bitter beker van toorn aanbied. Dan sien ons hoedat die Seun wat altyd gehoorsaam was, terugdeins en smeek dat Hy dit nie hoef te drink nie. Verder merk ons op dat die Vader nie Sy Seun se versoek toestaan nie, maar nog steeds die beker aanbied. En eindelik sien ons hoedat die Seun Sy wil oorgee en daarin berus dat Sy wil nie sal geskied nie, en dan uitgaan na Golgota om die beker te drink. O, Getsémané, in jou sien ek hoedat my Here aan my sulke onbeperkte versekering vir

gebedsverhoring kon gee. Hy het my waarborg verwerf deur te aanvaar dat Sy eie versoek nie toegestaan sou word nie.

Dit stem ooreen met die hele verlossingsplan. Ons Here Jesus verkry vir ons altyd die teenoorgestelde van wat Hy moes ly. Hy was gebind dat ons vrygelaat kon word. Hy was sonde gemaak sodat ons geregtigheid kon word. Hy het gesterf sodat ons kon lewe. Hy was gewillig om nie verhoor te word nie sodat ons gebedsverhoring kon ondervind. Ja, Hy het gesê "*Nie soos Ek wil nie*" sodat Hy aan ons kon sê "*As julle in My bly, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry*" (Joh. 15:7).

In Getsémané leer ons die dieptes en die krag van die woorde "*As julle in My bly*" reg verstaan. Christus is ons Hoof wat as Borg in ons plek staan, en dra wat ons moes gedra het. Ons het verdien om nie deur God verhoor te word nie, en dat Hy nooit na ons geroep sou luister nie. Ook dit ly Christus om ons ontwil; Hy ly wat ons verdien het; vir ons sondes dra Hy die las van daardie onverhoorde gebed. Maar bring Sy lyding vir my goedheid; die las wat Hy gedra het, is van my weggeneem; Sy verdienste het vir my die verhoring van elke gebed verwerf, as ek in Hom bly.

Ja, in Hom, soos Hy in Getsémané neerbuig, moet ek bly. Hy is my Hoof wat nie net eenmaal om my ontwil gely het nie, maar altyd in my leef om Sy eie gesindheid ook in my te werk. Die Ewige Gees, deur Wie Hy Homself aan God opgeoffer het, is die Gees wat ook in my woon, en my deelgenoot maak van daardie selfde gehoorsaamheid en opoffering van my wil aan God. Daardie Gees leer my om my wil volkome aan die wil van die Vader te onderwerp, ja om dit selfs tot die dood toe oor te gee en in Christus daaraan dood te wees. Wat my eie gemoed en gedagtes en wil mag wees, selfs al is dit nie direk sondig nie, Hy leer my om dit te ontvlug en te vrees. Hy open my oor om met baie teerheid en bereidwilligheid te leer, te wag op wat die Vader dag na dag vir my wil sê en leer. Hy

openbaar aan my hoedat vereniging met God se wil deur dit lief te hê, vereniging met God beteken; hoedat algehele oorgawe aan God se wil die Vader se eis, die Seun se voorbeeld, en die ware vreugde van die siel, is. Hy lei my wil om gemeenskap aan die dood en opstanding te hê. My wil sterf in Hom en word in Hom weer lewendig. Hy laat my wil, as 'n nuutgemaakte en lewend-gemaakte wil, 'n heilige insig in die volmaakte wil van God kry, 'n heilige vreugde smaak om dit as 'n instrument aan God se wil oor te gee, 'n heilige vryheid en krag ondervind om aan God se wil vas te klem vir gebedsverhoring. Ek leer om met my hele wil vir die belange van God en Sy Koninkryk te lewe, om die mag van daardie wil, wat gekruisig is maar weer opgewek is, in die natuur en in gebed, op aarde en in die hemel, by die mens en by God, te beoefen. Hoe meer ek my oorgee aan daardie "*Vader, nie soos Ek wil nie*" van Getsémané, en aan Hom wat dit gesê het, hoe heerliker is my toegang tot die krag van Sy "*Vader, Ek wil*." En die siel ondervind dat dit die wil is wat niks geword het sodat God se wil, wat nou deur 'n goddelike krag geïnspireer word om werklik te wil wat God wil, en om toe te sien wat daardie wil in die Naam van Christus is.

O, laat ons na Christus luister waar Hy roep "*As julle in My bly, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry*" (Joh. 15:7). Om een van gemoed en gees met Hom te wees, deur alles aan die wil van God oor te gee, en soos Hy in gehoorsaamheid en onderworpenheid aan die Vader te lewe: dit is om in Hom te bly, en dit is die geheim van krag in die gebed!

*HERE, LEER ONS BID*

Dierbare Here Jesus! Getsémané was die skool waar U geleer het om te bid en gehoorsaam te wees. Dit is nog U skool, waarheen U al U dissipels neem wat wil leer om gehoorsaam te wees en te bid, soos U dit gedoen het. Here, leer my bid met die geloof dat U versoening gedoen het vir en

die oorwinning behaal het oor ons eie wil, en dat U ons waarlik genade gegee het om soos U te bid.

O Lam van God! Ek sal U na Getsémané volg om daar een met U te word en om in U te bly, soos U selfs tot die dood toe U wil aan die Vader oorgegee het. Bewus van my eie swakheid, en die verborge mag waarmee eie-wil hom weer sal laat geld om weer sy plek op die troon in te neem, eien ek in die geloof vir my U oorwinning toe. U het die oorwinning daaroor behaal en my daarvan verlos. Ek wil daagliks in U dood lewe, en in U lewe wil ek daagliks sterwe. Terwyl ek in U bly, laat my wil deur die krag van U ewige Gees, slegs die gestemde instrument wees wat gevoelig sal wees vir elke aanraking van die wil van God. Met my hele hart en siel sê ek saam met U en in U "*Vader, nie soos Ek wil nie, maar soos U wil*."

En dan heerlike Here, open my hart, en die harte van U gelowiges, om die heerlikheid van die waarheid ten volle in te neem dat 'n wil wat aan God oorgegee is, 'n wil is wat deur God aangeneem word om gebruik te word in Sy diens, om te begeer, na te streef, te bepaal en
dat, wat volgens God se wil is, te wil. 'n Wil wat, deur die krag van die Heilige Gees, die inwonende God, sy koninklike reg in gebed beoefen, in hemel en op aarde ontbind en bind, vra net wat dit wil, en sê dit sal geskied.

O Here Jesus, leer my bid. Amen.

## Les 29

*"As ons vra volgens Sy Wil*"

of

## ONS VRYMOEDIGHEID IN GEBED

"*En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens Sy wil. En as ons weet dat Hy ons verhoor, dan weet ons dat, wat ons ook al vra, ons die bedes verkry wat ons van Hom gevra het*" - 1 Johannes 5:14, 15.

Een van die grootste hindernisse waardeur God se kinders van geloofsgebed teruggehou word, is seker dit: Hulle weet nie of dit wat hulle begeer werklik in ooreenstemming met God se wil is nie. Solank as wat hulle hieromtrent in onsekerheid verkeer, het hulle nie die vrymoedigheid om met die versekering te bid dat hulle verhoor sal word nie. Baie gou begin hulle dink, dat as hulle eenmaal hul begeertes by God bekend gemaak het en Hy hulle nie verhoor het nie, hulle dit dan maar aan God moet oorlaat om te handel na Sy goeddunke. Die woorde van Johannes *"dat Hy ons verhoor as ons iets vra* ***volgens Sy wil***" ontneem hulle alle sekerheid omtrent die verhoring van hul gebede, omdat hulle nie sekerheid kan hê wat God se wil werklik is nie. Hulle dink aan God se wil as verborge raad, en hoe sou die mens dan tog instaat wees om deur te dring tot wat werklik die doel van die alwyse God mag wees?

En tog is dit net die teenoorgestelde van wat Johannes hier geskryf het. Hy wou ons opwek tot vrymoedigheid, tot vertroue, tot volle versekering van geloof in gebed. Hy sê: " ***Dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het***" dat ons kan sê: U weet en ek weet dat ek volgens U wil bid, en ek weet U verhoor my. *"Dit is die vrymoedigheid, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens Sy wil*." Vir hierdie rede voeg hy onmiddellik by: *"En as ons weet dat Hy ons verhoor, dan weet ons dat wat ons ook al vra*,"

deur hierdie geloof *“ons die bedes verkry*," *dat ons nou terwyl ons bid “die bedes*" verkry, die juiste dinge *“wat ons van Hom vra*." Johannes veronderstel dat ons, wanneer ons bid, eers sal uitvind of ons gebede volgens God se wil is. Hulle mag volgens God se wil wees en tog nie onmiddellik, of sonder die volhardende gelowige gebed, verhoor word nie. Dit is om ons vrymoedigheid te gee om so te volhard en sterk in die geloof te wees, dat Hy ons vertel dat dit ons vrymoedigheid of vertroue in die gebed gee as ons vra volgens Sy wil, dan verhoor Hy ons. Dit is duidelik dat, as daar enige onsekerheid by ons bestaan of ons bedes volgens Sy wil is, ons dan nie die heerlikheid sal smaak van die woorde “*Ons weet dat ons die bedes verkry wat ons van Hom gevra het*" nie.

Maar dit is nou juis die moeilikheid. Menige gelowige sê: “Ek weet nie of dit wat ek begeer volgens die wil van God is nie. God se wil is tog Sy verborge raad. Dit is onmoontlik vir my om te weet of Hy nie miskien iets anders beter vir my het as wat ek begeer nie, en of Hy nie miskien redes mag hê waarom Hy die dinge wat ek vra weerhou nie." Mens voel sommer dadelik dat met sulke gedagtes daar nie sprake kan wees van die geloofsgebed waarvan Hy sê *“sal hê alles wat hy vra*" nie. Die gebed van onderworpenheid, en van vertroue in God se wysheid mag daar wees, maar nie die geloofsgebed nie. Die groot fout wat hier begaan word, is dat God se kinders nie werklik glo dat dit moontlik is om God se wil te ken nie. Of as hulle dit glo, neem hulle nie die tyd of moeite om uit te vind wat Sy wil is nie. Dit is nodig vir ons om duidelik te sien in watter opsig dit is dat die Vader Sy wagtende, leergierige kind lei om te weet dat sy bede volgens Sy wil is. Deur God se Woord op te neem en in ons hart, lewe en wil te bewaar, en deur die Heilige Gees as die inwonende Gees aan te neem en ons deur Hom te laat lei, sal ons leer om te weet of ons bedes volgens Sy wil is. Deur die Woord. Daar is 'n verborge wil van God wat ons dikwels vrees in stryd met ons gebede mag wees. Dit is nie met hierdie verborge wil van God nie, maar met Sy wil, soos in Sy Woord geopenbaar, waarmee ons te doen het. Ons opvattings wat die verborge wil mag

beskik het, en van hoe dit die verhoring van ons gebede onmoontlik mag maak, is in die meeste gevalle baie foutief. Die kinderlike geloof aangaande wat Hy gewillig is om vir Sy kinders te doen, hou hom eenvoudig aan die Vader se versekering, dat dit Sy wil is om die gebed te verhoor, en te doen wat geloof in Sy Woord begeer en aangryp.

In die Woord het die Vader, by wyse van algemene beloftes, die groot beginsels van Sy wil vir Sy volk geopenbaar. Die kind moet die belofte neem en dit toepas op die besondere omstandighede in die lewe van Christus waarop dit betrekking het. Wat hy ookal binne die perke van daardie geopenbaarde wil vra, kan hy weet is volgens die wil van God, en mag hy met vertroue verwag om te verkry. God het ons in Sy Woord die openbaring gegee van Sy wil en doel met ons, met Sy volk en met die wêreld; en Hy gee ons die kosbaarste beloftes van die genade en krag waarmee Hy deur Sy volk Sy planne sal uitvoer en Sy werk sal doen. Namate ons geloof sterk is en ons die vrymoedigheid het om die vervulling van die algemene belofte in 'n besondere geval toe te eien, kan ons die versekering hê dat ons gebede verhoor word, en dat hulle volgens God se wil is. Neem byvoorbeeld die woorde van Johannes in die vers wat volg op ons teks: *"As iemand sy broeder 'n sonde sien doen wat nie tot die dood is nie, dan moet hy bid, en* ***Hy sal hom die*** **lewe gee**" (1 Joh. 5:16). Dit is die algemene belofte, en die gelowige wat op grond van hierdie belofte pleit, bid volgens die wil van God; en Johannes gee hom vrymoedigheid om te weet dat hy die bede wat hy vra, ontvang.

Die openbaring van God se wil is egter geestelik en kan alleen geestelik onderskei word. Ons kan dit nie sommer as 'n saak van logika beskou en verklaar nie: God het dit gesê, dus moet ek dit hê. Ook het alle gelowiges nie dieselfde gawe of roeping nie. Terwyl die algemene wil, soos in die belofte geopenbaar, vir almal dieselfde is, is daar vir elkeen 'n verskillende besondere wil volgens God se bedoeling.

*(Sien hoe dit geïllustreer word in die uittreksels van* ***George Müller*** *wat aan die einde van die boek gegee sal word.)*

En die Christelike wysheid bestaan daarin dat die besondere wil van God vir elkeen van ons, geken kan word volgens die mate van genade wat aan ons gegee is, en dat so in die gebed gevra kan word net wat God vir elkeen voorberei en moontlik gemaak het. **Die Heilige Gees woon in ons** om die wysheid aan ons te skenk; en **die leiding van die Heilige Gees word ons gegee** om die algemene beloftes op ons besondere persoonlike behoeftes persoonlik te kan toepas.

Menigeen verstaan hierdie leer van die vereniging tussen die Woord en die Gees nie, met die gevolg dat daar 'n tweevoudige probleem bestaan om te weet wat God se wil mag wees. Sommige soek die wil van God in 'n innerlike gevoel of oortuiging en begeer dat die Gees hulle sonder die Woord moet lei. Andere soek dit weer in die Woord sonder die lewende leiding van die Heilige Gees. Die twee moet verenig word: slegs in die Woord, slegs in die Gees maar in albei verseker, kan ons leer wat die wil van God is en kan ons leer om daarvolgens te bid. Die Woord en die Gees moet mekaar in die hart ontmoet, en dit is alleen deur hulle inwoning dat ons hul leiding kan ondervind. Die Woord moet in ons woon en bly – my hart en lewe moet dag vir dag onder sy invloed staan. Die lewendmaking van die Woord deur die Gees kom nie van buite nie maar van binne. Net hy wat homself met sy hele lewe oorgee aan die opperheerskappy van die Woord en die wil van God, kan verwag om in besondere gevalle te onderskei wat daardie Woord en wil hom toelaat om met alle vrymoedigheid te vra. En soos dit die geval met die Woord is, so is dit ook in die geval met die Gees - as ek die leiding van die Gees in my gebed verlang om my te verseker wat God se wil is, dan moet my hele lewe aan daardie leiding oorgegee wees. Op hierdie wyse alleen kan verstand en hart geestelik word en instaat gestel word om die heilige wil van God te ken. Hy wat deur Woord en Gees **in die wil van God lewe** deur dit te

doen, is die persoon wat sal weet om te bid volgens daardie wil met die versekering dat Hy ons verhoor.

As Christene maar kon besef watter onberekenbare skade hulle hulself berokken deur te dink dat, omdat hul gebed miskien nie volgens die wil van God is nie, daarom moet hulle maar tevrede wees sonder 'n antwoord. God se Woord vertel ons dat die groot rede vir ons onverhoorde gebede is omdat ons nie reg bid nie: *“Julle bid en julle ontvang nie, omdat julle verkeerd bid*" (Jak. 4:3). Die Vader sê dat die rede waarom Hy ons gebed nie verhoor nie, geleë is in die feit dat daar iets verkeerd is met ons manier van bid. Hy wil ons leer om dit uit te vind en dit te bely, en wil ons opvoed om opreg te glo en met krag te bid. Sy doel kan Hy alleen bereik deur ons te laat insien dat ons te blameer is vir die weerhou van die antwoord. Ons doel, of ons geloof, of ons lewe is nie wat dit behoort te wees nie.

Hierdie doel van God word verydel solank as wat ons tevrede is om te sê: Miskien is dit omdat my gebed nie volgens Sy wil is nie dat Hy my nie verhoor nie. Laat ons tog nie langer die skuld van ons onverhoorde gebede op die verborge wil van God pak nie, maar op ons verkeerde manier van bid. Laat die woorde: *“Julle ontvang nie, omdat julle verkeerd bid*," die soeklig van die Here wees wat ons hart en lewe deursoek om te toon dat ons waarlik diegene is aan wie Christus Sy beloftes vir gebedsverhoring gegee het. Laat ons glo dat ons **kan weet** of ons gebed volgens die wil van God is. Laat ons ons hart oorgee aan die Woord van die Vader sodat dit daarin ryklik kan woon, en sodat die Woord van Christus in ons kan bly. Laat ons dag na dag gesalf word met die salwing wat ons alle dinge leer. Laat ons ons onvoorwaardelik oorgee aan die Heilige Gees waar Hy ons leer om in Christus te bly en in die teenwoordigheid van die Vader te vertoef, dan sal ons baie gou verstaan hoedat die Vader se liefde verlang dat die kind Sy wil moet ken, en met die vertroue dat daardie wil alles insluit wat Sy mag en liefde beloof het

om te doen, ook moet weet dat Hy die versoeke wat ons tot Hom rig, verhoor. *"En **dit** is die vrymoedigheid wat **ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens Sy wil**"* (1 Joh. 5:14).

*HERE, LEER ONS BID*

Dierbare Meester, ek dank U met my hele hart vir hierdie heerlike les, dat die weg wat lei tot 'n lewe vol van verhoringe van gebed, geleë is op die weg van die wil van God. Here, leer my hierdie geseënde wil te ken deur dit uit te lewe, lief te hê en altyd te doen. So sal ek leer om gebede op te stuur wat volgens U wil is, en sal ek, in hul ooreenstemming met God se wil, my vrymoedigheid vind om te bid en met vertroue die antwoord aan te neem.

Vader, **dit is U wil** dat U kind die vreugde van U teenwoordigheid en seën sal geniet. Dit is U wil dat alles in die lewe van U kind in ooreenstemming met U wil sal wees, en dat die Heilige Gees dit in hom sal werk. **Dit is U wil** dat U kind elke dag spesifieke antwoorde op gebed sal ondervind, om in die lewende gemeenskap van sy Vader te bly. **Dit is U wil** dat U Naam in en deur U kinders verheerlik sal word, en dat dit so sal wees in hulle wat U vertrou. O my Vader, laat U wil my vertroue wees in alles wat ek vra.

Dierbare Verlosser, leer my om in die heerlikheid van hierdie wil te glo. Daardie wil is die ewige liefde wat met goddelike krag sy doel uitwerk in elke menslike wil wat aan hom oorgegee is. Here, leer my hierdie les. U kan my laat insien hoedat elke belofte en elke bevel in die Woord waarlik die wil van God is, en die vervulling daarvan deur God self verseker word. Laat die wil van God vir my die vaste rots word waarop my gebed en my versekering van 'n antwoord altyd kan rus. Amen.

-------------------------------------

## *AANTEKENING*

Omtrent die wil van God heers daar dikwels groot verwarring. Mense dink dat wat God wil noodwendig moet plaasvind. Dit is geensins die geval nie. Baie van die seën wat God vir Sy volk begeer geniet hulle nooit nie. Hy begeer dit baie ernstig vir hulle, maar hulle begeer dit nie, en gevolglik ondervind hulle dit nie. Dit is die groot verborgenheid van die skepping van die mens met 'n vrye wil, en ook van die vernuwing van sy wil in verlossing, dat God die uitvoering van Sy wil in hierdie opsig afhanklik van die wil van die mens gemaak het. Van die wil van God soos geopenbaar in Sy beloftes sal net soveel in vervulling tree as wat ons geloof aanvaar. Gebed is die krag waardeur dit tot stand kom wat anders nie sou plaasgevind het nie. En geloof is die krag waardeur beslis word hoeveel van God se wil in ons gedoen sal word. As God eers aan 'n siel geopenbaar het wat Hy gewillig is om te doen, dan rus die verantwoordelikheid vir die uitvoering van daardie wil met die siel.

Sommige is bevrees dat hierdeur te veel mag aan die mens gegee word. Maar alle krag word in die hande van die mens in Christus gestel. Die sleutel van alle gebed en alle mag is Syne, en as ons leer verstaan dat Hy net so een met ons as met die Vader is, en dat ons ook net so met Hom soos Hy met die Vader is, sal ons sien hoe natuurlik en reg en veilig dit is dat sulke mag aan diegene verleen word wat in Hom bly soos Hy in die Vader bly. Dit is Christus, die Seun, wat die reg besit om te vra net wat Hy wil: dit is deurdat ons in Hom en Hy in ons bly, dat Sy Gees ons lei in wat Hy wil vra en dat Hy dit deur ons verkry. Ons bid in Sy Naam: die gebede is ons s'n en net so werklik ook Syne.

Ander mense vrees weer dat om te glo dat die gebed so 'n krag het, meebring dat God se mag, vryheid, en liefde beperk word. As ons maar kon besef hoedat ons Sy vryheid en liefde deur ons gebede en ons geloof

beperk deur Hom nie toe te laat om op die enigste wyse wat Hy verkies het, te handel nie - noudat Hy ons in Sy gemeenskap opgeneem het! 'n Broer in die bediening het eenmaal, toe ons oor hierdie onderwerp gepraat het, gevra of daar nie gevaar bestaan dat ons sal dink dat ons liefde vir siele en ons verlange dat hulle geseën moet word, God se liefde en Sy bereidwilligheid om hulle te seën, moet beweeg nie. Ons het net by 'n paar groot waterpype verbygestap wat die water oor heuwel en deur dale vervoer het uit 'n groot bergstroom na 'n stad op 'n taamlike afstand geleë. "Kyk net na hierdie pype," was die antwoord, “hulle het nie die water gewillig gemaak om langs die heuwels af te vloei nie, ook het hulle nie die mag verleen om seën en verkwikking te bring nie: dit is die water se natuur self. Al wat die pype kon doen was om te besluit oor die rigting waarlangs die water moes vloei; deur die pype het die inwoners van die stad gesê dat hulle die seën daar wil hê. So is dit ook in die natuur van God self geleë om lief te hê en te seën." Sy liefde verlang immers om af te kom met Sy lewendmakende en verkwikkende strome; maar Hy het dit aan die gebed oorgelaat om te bepaal waar die seën moet kom. Aan Sy gelowige volk het Hy dit opgedra om die lewende water na die woestyn gedeeltes te bring: die wil van God is afhanklik van die wil van die mens om te sê waar die seën moet neerdaal. Dit is die heerlikheid van Sy gelowiges. "*En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens Sy wil. En as ons weet dat Hy ons verhoor, dan weet ons dat, wat ons ook al vra, ons die bedes verkry wat ons van Hom gevra het"* (1 Joh. 5:14, 15).

# Les 30

## *"Heilige priesterdom"*
## of
## DIE BEDIENING VAN DIE VOORBIDDING

"*'n Heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus.*" 1 Petrus 2:5.
"*Maar julle sal priesters van die Here genoem word*." Jesaja 61:6.
"*Die Gees van die Here, God, is op My want die Here het My gesalf*." (Jesaja 61:1; Lukas 4:18)

Dit is die woorde van Jesus in Jesaja. As vrug op Sy arbeid is alle verloste priesters deelgenote met Hom van Sy salwing met die Gees as Hoëpriester "*Soos die kosbare salf op die baard van Aaron*." (Psalm 133:2). Net soos elke seun van Aaron, so het elke lid van die liggaam van Jesus reg tot die priesterdom. Maar almal beoefen dit nie. Baie weet daar nog geheel en al niks van af nie. Tog is dit die hoogste voorreg van 'n kind van God, die kenmerk dat hy baie naby Hom leef en aan Sy beeld gelykvormig is, "*Hy wat altyd leef om te bid*." Twyfel u daaraan of dit werklik so is? Dink maar net wat dit beteken om priester te wees.

Daar is, in die eerste plek, die **werk van die priester**. Dit het twee kante, een na God gekeer en die ander na die mens. "*Want elke hoëpriester wat uit die mense aangestel word, tree **ten behoewe van mense** op in die dinge wat **in betrekking tot God staan***" (Hebr. 5:1); of soos Moses dit stel: "*in die tyd het die Here die stam van Levi afgesonder om die verbondsark van die Here te dra, **om voor die aangesig van die Here in Sy diens te staan** en **in Sy Naam te seën** tot vandag toe*" (Deut. 10:8; Sien ook 21:5; 33:10; Mal. 2:6). Aan die anderkant weer het die priester die mag besit om tot God te nader, met Hom in Sy huis te woon, en die bloed van die offerande of die brandoffer voor Sy aangesig te bring. Hierdie

werk het hy egter nie vir homself verrig nie, maar in belang van die volk, wie se verteenwoordiger hy was. Dan is daar die ander sy van sy werk. Hy het die offerandes van die volk ontvang, dit voor God gebring, en dan uitgekom om in Sy Naam te seën, om hulle te verseker van Sy guns en om hulle Sy wet te leer.

'n Priester is dus iemand wat glad nie vir homself leef nie. **Hy leef met God en vir Hom**. Sy taak as dienaar van God is om vir Sy huis, Sy eer en Sy aanbidding, te sorg, en om aan die mense Sy liefde en Sy wil bekend te maak. **Hy leef met die mense en vir hulle** (Hebr. 5:1). Sy werk is om hul sondes en behoeftes te ontdek, en dit voor God te lê, om offerande en reukoffer in hul naam voor Hom te bring, om vergifnis en seën vir hulle te verkry, en om dan uit te kom en hulle in Sy Naam te seën. Dit is die hoë roeping van elke gelowige. Sulke eer is die deel van al Sy heiliges. Hulle is met een doel gered om, te midde van die verloregaande miljoene om hulle heen, God se priesters te wees, wat op die voetspoor van Jesus, die Grote Hoëpriester, die bedienaars en uitdelers van die genade van God aan almal om hulle heen is.

Dan is daar die **wandel van die priester** in ooreenstemming met Sy werk. Soos God heilig is, so moes die priester in 'n baie besondere sin heilig wees. Dit beteken dat hy nie net van alles wat onrein is afgeskei moes wees nie, maar moes volkome aan God heilig wees, afgesonder en oorgegee aan God tot Sy beskikking. Hierdie afsondering van die wêreld en toewyding tot God is deur baie dinge aangedui.

Die kleredrag het dit aangedui: die heilige kledingstukke, volgens God se eie voorskrifte gemaak, het hulle as Syne aangewys (Exodus 28). Dit het tot uiting gekom in die bevel om hulle spesiaal te reinig en hulself van alle kontak met dood en verontreiniging te weerhou (Lev.21:1). Baie van die dinge wat vir 'n gewone Israeliet veroorloof was mag hulle nie gedoen het nie. Ook was dit sigbaar in die opdrag dat die priester geen liggaamlike

gebrek of swakheid mag hê nie; liggaamlike volmaaktheid moes dien as tipe van die onbesprokenheid en heiligheid in die diens van God. Ook was dit sigbaar in die reëling waardeur die priesterlike stamme geen besittings saam met die ander stamme kon hê nie; God moes hul erfenis wees. Hul lewe moes 'n lewe van geloof wees: afgesonder tot God moes hulle in afhanklikheid van Hom sowel as vir Hom lewe.

Dit alles is die voorbeeld van die ware karakter van die Nuwe Testamentiese priester. Ons priesterlike mag by God hang af van ons persoonlike lewe en wandel. Ons moet getel word onder diegene van wie se wandel hier op aarde Jesus gesê het dat hulle nie hul klere besmet het nie.

Deur ons oorgawe van wat vir andere geoorloof skyn en in ons afsondering van die wêreld, moet ons toon dat ons toewyding om voor God heilig te wees heelhartig en volkome is. Die liggaamlike volmaaktheid van die priester moet in ons sy ewebeeld hê deurdat ons sal wees *"sonder vlek of rimpel*" (Ef. 5:27); *"die mens van God volkome, vir elke goeie werk volkome toegerus*" (2 Tim. 3:17); *"volmaak en sonder gebrek, en in niks kortkom nie*" (Jak. 1:4). En bo alles stem ons toe om alle aardse erfenisse oor te gee; alles te versaak, en soos Christus net vir God as ons erfdeel te hê: om te besit soos die wat nie besit nie, en alles enkel en alleen vir God te besit. Dit is die kenmerk van die ware priester, die man wat net vir God en sy medemens leef.

Nou volg die vraag: **Hoe kan ek 'n priester word?** In Aaron het God al sy seuns tot priester uitverkies; elkeen van hulle was 'n priester van geboorte af. Tog kon hy nie sy werk begin sonder 'n besondere graad van toewyding en verordinering nie. Elke kind van God is 'n priester op grond van sy geboortereg; maar dit is nie genoeg nie: hy kan sy mag alleen beoefen namate hy sy toewyding aanvaar en verwesenlik.

In die geval van Aaron en sy seuns het dit as volg plaasgevind (Ex. 29). Nadat hulle gewas en gekleed was, is hulle met die heilige olie gesalf. Offerandes is dan geoffer, en die regteroor, die regterhand en die regtervoet met die bloed aangeraak. Daarna word hulle en hul klere met die bloed en die olie saam besprinkel. So is dit met die kind van God, dat, namate hy 'n voller begrip kry van wat die Bloed en die Gees vir hom beteken, hy as ware voorbidder kan intree. Die bloed sal alle gevoel van onwaardigheid wegneem, en die Gees alle besef van onbekwaamheid.

Laat ons let op wat nuut is in die toepassing van die bloed op die priester. Wanneer hy as verteenwoordigende boetvaardige 'n offerande vir sy sonde gebring het om vergifnis te vra, was die bloed op die altaar gesprinkel, en nie op sy persoon nie. Nou egter moes daar vir sy priesterlike toewyding 'n nouer aanraking met die bloed plaasvind. Oor en hand en voet word by wyse van 'n spesiale handeling onder die krag van die bloed gebring, en sy hele wese word besit van geneem en aan God geheilig. So is dit met die gelowige ook die geval, dat waar hy tevrede was met die gedagte dat die bloed wat op die genadetroon gesprinkel is genoegsaam vir sy vergifnis was, voel hy nou die drang om volle priesterlike toegang tot God te verkry, en voel hy behoefte aan ‘n voller en meer blywende ondervinding van die krag van die bloed om sy hart te besprinkel en te reinig van 'n slegte gewete, sodat hy “*geen bewussyn meer van sondes sou hê nie*" (Hebr. 10:2), en hom van alle sonde te reinig. En namate hy hierdie ondervinding geniet besef hy watter wonderlike reg hy besit om hierdie intieme omgang met God te hê, en besef hy dat hy die volle versekering ontvang dat sy voorbidding welgevallig is.

En soos die bloed die reg verleen, so gee die Gees die krag en maak hom geskik vir gelowige voorbidding. Hy kweek in ons die priesterlike gees - 'n vurige liefde vir die eer van God en die redding van siele. Hy maak ons so een met Jesus dat gebed in Sy Naam 'n werklikheid is. Hy versterk ons tot

gelowige en volhardende gebed. Hoe meer die Christen met Sy Gees in alle opregtheid gevul is, hoe spontaner sal sy oorgawe tot 'n lewe van priesterlike voorbidding wees. Geliefde mede-Christene! God het 'n ontsettende groot behoefte aan priesters wat tot Hom kan nader, wat in Sy teenwoordigheid sal lewe, en wat deur hul voorbidding die seëninge van Sy genade op andere sal afbid. En die wêreld het 'n verskriklike behoefte aan priesters wat die las van die mense wat verlore gaan sal dra en vir hulle sal intree.

Is u gewillig om uself vir hierdie heilige werk op die altaar te lê? U weet watter soort oorgawe dit vereis - niks minder as die opgee van alles, soos Christus dit gedoen het nie, sodat die reddende doel van God se liefde onder die mensdom vervul kan word. O wees nie langer een van hulle wat tevrede is as hulle maar net gered is nie, en net genoeg werk verrig om hulleself warm en aan die gang te hou nie. Laat niks u terughou om uself geheel en al oor te gee om enkel en alleen priesters te wees nie - niks anders en niks minder as priesters van die Allerhoogste God nie. Die gedagte aan u eie onwaardigheid of onbekwaamheid hoef u nie terug te hou nie. Deur die Bloed is die objektiewe krag van die volmaakte verlossing in u werksaam: deur die Gees word Sy volle subjektiewe persoonlike ondervinding as 'n goddelike lewe vir u verseker. Die Bloed maak voorsiening vir 'n onbeperkte verdienstelikheid om u gebede baie aantreklik te maak. Die Gees maak voorsiening vir 'n Goddelike bekwaamheid, waardeur u geleer word om te bid presies wat volgens die wil van God is. **Elke priester het geweet dat, wanneer hy 'n offerande gebring het volgens die wet van die heiligdom, dit aangeneem word. Onder die bedekking van die Bloed en die Gees het u die versekering dat al die wonderlike gebedsbeloftes in die Naam van Jesus in u vervul sal word.** Deur verenig te bly met die Groot Hoëpriester sal u vra net wat u wil en dit sal vir u geskied. U sal krag hê om die gebed van die regverdige wat groot krag het te bid. U sal nie net deel hê aan die algemene gebed van die Kerk vir die wêreld nie, maar instaat wees om op u eie terrein

spesiale voorbidding te doen - as priesters met God te onderhandel, die antwoord te aanvaar en te ken, en in Sy Naam seën te versprei. Kom, my broer, wees 'n priester, **net** 'n priester en **geheel en al** priester. Kom nou voor die Here met die volle bewussyn dat u afgesonder is vir die heilige bediening van voorbidding. Dit is die ware seën wat gelykvormigheid aan die beeld van die Seun van God meebring.

*HERE, LEER ONS BID*

O my dierbare Hoëpriester, neem die toewyding aan wat my siel U aanbied in antwoord op U boodskap.

Ek glo in die **heilige priesterskap van U gelowiges**, en dat ek ook 'n priester is, beklee met mag om voor die Vader te verskyn, en in die gebed wat groot krag het om seën te bring vir die verloregaande mense om my heen.

Ek glo in die **krag van U kosbare Bloed** om van alle sonde te reinig, om my volkome vertroue voor God te gee, en my nader tot Hom te bring met die volle sekerheid van die geloof dat my voorbidding verhoor sal word.

Ek glo in die **salwing van die Heilige Gees**, wat daagliks van U, my Groot Hoëpriester, kom om my te heilig, en my te vul met die bewussyn van my priesterlike roeping, en met liefde vir siele, om my te leer wat volgens die wil van God is, en hoe om die gelowige gebed te bid.

Ek glo dat, soos U my Here Jesus self in alle dinge my lewe is, U ook so die **waarborg vir my gebedslewe** is, en dat U self vir my in die heerlike gemeenskap van U wonderlike bediening van die voorbidding sal opneem.

Met hierdie geloof gee ek myself vandag aan my God oor, as een van Sy gesalfde priesters, om voor Sy aangesig te staan om vir sondaars in te tree, en om dan uit te kom en in Sy Naam te seën.

Heilige Here Jesus! Neem aan en verseël my toewyding. Ja Here, lê U hande op my, en wy U self vir my tot hierdie heilige werk. Laat my ook handel en wandel onder mense met die bewussyn en karakter van 'n priester van die Allerhoogste God.

Aan Hom, wat ons liefgehad het, en ons van ons sondes in Sy eie bloed gewas en ons priesters vir God en Sy Vader gemaak het, kom toe al die heerlikheid en heerskappy van nou af tot in alle ewigheid. Amen.

## Les 31

*"Bid sonder ophou*"
of
**'n LEWE VAN GEBED**

"*Wees altyddeur bly. Bid sonder ophou. Wees in alles dankbaar*" - 1 Tess. 5:16, 17, 18.

Die Here Jesus het die gelykenis van die weduwee en die onregverdige regter vertel met die doel om ons te leer om altyddeur te bid en nie te verslap nie. Sy oogmerk was die volharding waarmee 'n mens vir 'n bepaalde saak moet bid. Hy wek ons op tot 'n geloof wat die Here nie sal laat gaan voordat die begeerde seën ontvang is nie. Die woorde uit die Sendbriewe, wat ons hier oordink, sluit dit ook in maar sê nog iets meer. Hulle wys ons daarop dat die hele lewe 'n lewe van gebed moet wees. Ons hele siel moet so vervul wees met 'n verlange na God, na Sy eer en Sy ryk, en moet daarby vertrou dat Hy Sy kinders se geroep verhoor, sodat elke geleentheid, elke ontmoeting en elke behoefte onwillekeurig aanleiding tot gebed sal gee. Dit is iets meer as die vrome gesindheid waarin iemand gedurig van God se teenwoordigheid bewus is: Ons hele bestaan moet waarlik wees in gelykvormigheid aan Hom wat altyddeur leef om te bid, 'n lewe van volhardende gebed vir die openbaring en verheerliking van God op aarde rondom en in ons.

Aan die slot van ons oordenkinge sal dit vir ons nie moeilik wees om te sê wat nodig is vir so 'n lewe van volhardende gebed nie. Die eerste is ongetwyfeld 'n hart en 'n lewe wat volkome aan die eer van God en Sy koninkryk gewy is. Hy wat soek om sonder ophou te bid omdat hy baie vroom en goed wil wees, sal nooit 'n lewe van volhardende gebed deelagtig word nie. Deur onsself te vergeet en oor te gee om vir God en Sy eer alleen te lewe, word ons hart verruim, en word ons geleer om alles

te beskou in die lig van God en Sy wil, en sal ons instinktief in alles rondom ons die behoefte aan God se hulp en seën beleef en dit as 'n geleentheid beskou om God te kan verheerlik. Omdat alles geweeg en getoets word aan die een saak wat die hart vervul - die eer van God en omdat die siel geleer word dat net dit wat uit God is wat werklik tot Hom kan opklim, is die totale lewe 'n innige roep tot God om Sy krag en Sy liefde te toon en Homself te verheerlik. Die gelowige ontwaak tot die besef dat hy een van die wagters op Sions mure is, een van hulle wat die Here herinner aan sy beloftes, wie se gebed waarlik die Koning in die hemel bereik en beweeg om te doen wat anders nie sou gedoen word nie. Hy verstaan wat 'n werklikheid Paulus se vermaning was toe hy gesê het: *“Terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid in die Gees bid, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges*" (Efesiërs 6:18); en, *“volhard in die gebed...en bid tegelykertyd ook vir ons"* (Kol. 4:2, 3). Dit is die wagters op die mure van Jerusalem “*wat gedurigdeur die hele dag en die hele nag nie sal swyg nie*.." (Jesaja 62:6). Om onsself te vergeet, om vir God en Sy Koninkryk onder die mense te lewe, sal die weg wees waarop ons sal leer om te bid sonder ophou.

Hierdie lewe wat aan God gewy is, moet gepaard gaan die vaste vertroue dat dit help om te bid en dat ons gebede verhoor word. Ons het gesien hoedat ons Here Jesus op niks anders so aangedring het in Sy lesse oor gebed nie, as op geloof in die Vader as 'n God wat verseker doen wat ons vra. *“Bid en julle sal ontvang"*; reken met vertroue op 'n antwoord, is by Hom die eerste en die laaste in die leer omtrent gebed (Sien Matt. 7:8 en Joh. 16:24). Namate hierdie geloof van ons besit neem, en ons weet dat God ons altyd verhoor, wend ons siel Hom geheel en al tot God, en ons lewe word 'n lewe van gebed. Ons sien dus dat die Here tyd nodig het en tyd neem, omdat ons almal skepsels is wat onderworpe is aan die wet van groei en ontwikkeling. Maar omdat ons weet dat nie een enkele gelowige gebed verlore kan gaan nie, en dat daar soms 'n behoefte aan 'n

opeenhoping van gebed is, en dat volhardende gebed onweerstaanbaar is, word gebed die stille, aanhoudende uitlewe van 'n lewe van begeertes en geloof in die teenwoordigheid van ons God. O laat ons tog nie langer deur ons redeneringe sulke openlike en sekere beloftes van die lewende God beperk en verswak nie, om hulle van hul krag, en vir ons, van die wonderlike vertroue wat hulle bedoel was om by ons in te boesem, te beroof nie. Die fout lê nie by God, nie by Sy verborge wil nie, en ook nie in die beperkinge van Sy beloftes nie, maar by onsself. Ons is nie wat ons behoort te wees om die belofte deelagtig te word nie.

Laat ons ons hele hart oopstel vir God se beloftes in al hul eenvoud en waarheid: hulle sal ons deursoek en verneder; hulle sal ons ophef en ons bly en sterk maak. En vir die geloof wat weet dat dit verkry wat dit vra, is gebed nie 'n las nie maar 'n vreugde en 'n juiglied; dit word 'n noodsaaklike behoefte en 'n tweede natuur.

Hierdie vereniging van sterk verlange met vaste vertroue is niks anders as die lewe van die Heilige Gees in ons nie. Die Heilige Gees woon in ons, versteek Homself in die dieptes van ons wese, en wek die begeerte tot die Onsienlike en Goddelike, ja tot God self, op - nou met onuitspreeklike versugtinge, dan weer met duidelike en bewuste vertroue; nou met 'n bepaalde begeerte na die diepere openbaring van Christus aan onsself, dan weer met die belange van iemand anders of van 'n bepaalde werk, die Kerk of die wêreld. Ja dit is maar gedurig deur die Heilige Gees wat ons harte na God laat smag en dat Sy wese bekend gemaak en Hy verheerlik mag word. Waar die kind van God waarlik in die Gees leef en wandel, en nie tevrede is om vleeslik te bly nie, maar verlang om geestelik te wees, sodat hy in alle opsigte 'n geskikte instrument kan wees deur wie die Gees van God die geleentheid kan kry om die lewe van Christus en vir Christus self te openbaar, daar sal hierdie dors na God en Sy gawe 'n vanselfsprekendheid word. Omdat dit die Gees van Christus is wat in ons bid moet ons gebed verhoor word; en omdat dit ons is wat in die Gees

bid, is daar behoefte aan tyd en geduld, en gedurige herhaling van die gebed, totdat elke hindernis oorwin is en die ooreenstemming tussen God se Gees en ons gees volkome is.

Die vernaamste ding wat ons egter vir so 'n lewe van volhardende gebed nodig het, is om te weet dat dit Jesus is wat ons leer bid. Ons het iets begin verstaan van Sy leer. Dit is nie die mededeling van nuwe gedagtes of perspektiewe nie, nie die ontdekking van tekortkominge of dwalinge nie, nie die opwek van begeertes en geloof nie - hoe belangrik dit alles ook al mag wees - maar die opname in die gemeenskap van Sy eie gebedslewe voor die Vader - hierdeur leer Jesus ons eintlik. Dit was die sien van die biddende Jesus wat die dissipels laat verlang het om geleer te word om te bid. Dit is die geloof van die altyddeur biddende Jesus, wat alleen die reg het om te bid, wat ons leer om waarlik te bid. Ons weet waarom: Hy wat bid is beide ons Hoof en ons Lewe. Alles wat Hy het behoort aan ons en word vir ons gegee sodra ons onsself geheel en al aan Hom gee. Deur Sy bloed lei Hy ons in tot God se onmiddellike teenwoordigheid. Die geestelike heiligdom is ons woning, daar is ons vaste verblyf. En Hy wat so naby God leef, en weet dat Hy naby gebring is om hulle wat te ver is te seën, kan nie anders doen as om te bid nie. Christus maak ons deelgenote van Sy gebedskrag en Sy gebedslewe.

Ons verstaan dus dat ons ware doel en strewe nie moet wees om baie te werk nie, en net genoeg gebed moet hê om die werk aan die gang te hou nie, maar om baie te bid en dan genoeg te werk sodat die krag en seën, wat deur die gebed verkry word, deur ons tot andere kan vloei. Dit is Christus wat altyd leef om vir ons in te tree wat verlos en regeer. Hy deel Sy gebedslewe aan ons mee, en Hy hou dit staande as ons Hom vertrou. Hy is die waarborg vir ons volhardende gebed. Ja, Christus leer ons bid deur aan ons te toon hoe Hy dit doen, hoe Hy dit vir en in ons doen, en deur ons te lei om dit in en soos Hy te doen. Christus is alles, die lewe en ook die krag vir 'n nimmereindigende gebedslewe.

Dit is die sien hiervan, die aanskoue van die altyddeur biddende Christus as ons lewe, wat ons  instaat stel om te bid sonder ophou. Omdat Hy Sy priesterskap volbring in die vreugde en die krag van daardie opstandingslewe, wat nie verslap of moeg word nie, en nooit vergaan nie. En omdat Sy lewe ons lewe is, daarom word die volhardende gebed niks minder as die lewensvreugde van die hemel nie. Soos die apostel sê: “*Wees **altyddeur** bly. Bid **sonder ophou**. Wees **in alles** dankbaar*" (1 Tess. 5:16, 17, 18). Deurdat ons gedra word deur die nimmereindigende vreugde aan die een kant en die nimmereindigende danksegging aan die ander kant, is die volhardende gebed die openbaring van die krag van die ewige lewe, waar Jesus altyd bid. Die vereniging tussen die Wynstok en die loot is in der waarheid eenwording in gebed.

Die hoogste gelykvormigheid aan Christus, die heerlikste ondervinding van Sy lewenskrag, is dat ons deelneem aan Sy bediening van die voorbidding: Hy en ons leef om altyddeur te bid. In die ondervinding van ons vereniging met Hom, word die “*gebed sonder ophou*" 'n moontlikheid, 'n werklikheid, ja, die heiligste en mees geseënde deel van ons heilige en heerlike gemeenskap met God. Ons verblyf is in die binneste heiligdom, in die teenwoordigheid van die Vader. Wat die Vader sê, dit doen ons; en wat die Seun sê, doen die Vader. Die volhardende gebed is die aardse openbaring van die hemel wat tot ons neergedaal het, die voorsmaak van die lewe waar hulle nie dag of nag rus nie, maar gedurigdeur die lied van danksegging en aanbidding aanhef.

*HERE, LEER ONS BID*

O my Vader! Uit die diepte van my hart loof en dank ek U vir hierdie wonderlike lewe van onafgebroke gebed, onafgebroke gemeenskap, nimmereindigende gebedsverhoring, en gedurige ondervinding van my eenheid met Hom wat altyd leef om in te tree by die Vader. O, my God,

bewaar my om as U priester altyd in U teenwoordigheid so te woon, dat gebed die onwillekeurige uitdrukking van my omgang met U mag wees.

Dierbare Heiland! Uit die diepte van my siel loof en prys ek U dat U uit die hemel neergedaal het om my nood en behoeftes met my te deel, sodat ek met U aan U alles-vermoënde voorbidding kan deelhê. Ook dank ek U dat U my opgeneem het in die skool van gebed om my die heerlikheid en die krag van 'n lewe van gebed te leer. En bo alles, dank ek U dat U my opgeneem het in die gemeenskap van U lewe van voorbidding, dat U seëninge ook deur my mag vloei tot ander.

O Heilige Gees! Met diepe eerbied dank ek U vir U werk in my. Dit is deur U dat ek opgehef word om deel te hê aan die omgang tussen die Vader en die Seun, en dat ek kan intree tot die gemeenskap van die lewe en liefde van die Heilige Drie-eenheid. O Gees van God! Volbring U werk in my en maak my volkome een met Christus, my Voorbidder. Laat U onafgebroke inwoning my lewe 'n lewe van onafgebroke voorbidding maak. Laat my lewe 'n lewe van onafgebroke verheerliking van die Vader, en van seën vir almal rondom my word. Amen.

# GEORGE MÜLLER EN DIE GEHEIM VAN SY KRAG IN GEBED

Wanneer God Sy Kerk opnuut 'n waarheid wil inskerp wat nie verstaan of beoefen word nie, dan doen Hy dit dikwels deur iemand op te wek wat deur woord en daad vir die waarheid moet getuig. So het God in die neëntiende eeu aan Sy Kerk 'n man in die persoon van George Müller geskenk wat meer as iemand anders aan die wêreld bewys het dat God 'n Hoorder van die gebed is. Ek weet van geen beter manier om die vernaamste waarhede van God se Woord omtrent die gebed te bevestig nie, as om 'n kort oorsig van sy lewe en van wat hy self omtrent sy gebedsondervindinge vertel het, te gee.

Hy is in Pruise op die 25ste September 1805 gebore. Hy het 'n baie goddelose lewe gelei toe hy jonk was, selfs nadat hy ingeskryf was as teologiese student aan die Universiteit van Halle. Op twintigjarige leeftyd het 'n vriend hom een aand na 'n biduur geneem wat 'n diepe indruk op hom gemaak het, en kort daarna het hy dan ook tot bekering gekom. Hy het hom nog 'n enkele keer aan dronkenskap skuldig gemaak, en van sy vorige sondes gedoen. Stadigaan het hy egter ernstiger geword, en 'n sterk begeerte het by hom ontstaan om sendeling te word. Dit het daartoe aanleiding gegee dat hy hom as sendeling onder die Jode by die Londense Sendinggenootskap aangebied het, en in 1829 na Londen gegaan het om ‘n aantal maande daar in hul Instituut opleiding te ontvang. In 1830 het hy sy ontslag aangevra omdat hy hom nie aan al die reëls van die Genootskap kon onderwerp nie, wat volgens sy oordeel nie genoeg vryheid oorgelaat het vir die leiding van die Heilige Gees nie. Hy word toe leraar van 'n klein gemeente in Teignmouth. In 1832 is hy na Bristol gelei, waar hy as predikant van die Kapel van Bethesda gelei was om die Weeshuis te stig en ander werk te doen, in watter verband die Here hom so wonderlik gelei het om Hom op Sy Woord te neem en die ondervinding te smaak hoe God daardie woord in vervulling bring.

'n Paar uittreksels wat betrekking op sy geestelike lewe het, sal die weg voorberei vir wat ons graag wil aanhaal omtrent sy gebedsondervindinge:

“Met betrekking tot dit sou ek wil noem dat die Here baie genadiglik aan my, reg van die begin van my geestelike lewe af, 'n mate van eenvoud en kinderlike gesindheid in geestelike dinge gegee het, sodat, hoewel ek nog uiters onkundig omtrent die Skrif was, en van tyd tot tyd dinge **tot die Here in gebed** te bring. En ek het die lewe van goddelike vrug (godsaligheid) voordelig vir alle dinge gevind, terwyl ek die belofte vir die teenwoordige lewe, en dit wat sou kom, gehad het. Hoewel baie swak en onkundig, het ek tog nou deur die genade van God tot 'n mate die begeerte gehad om andere te bevoordeel, en hy wat eers vir Satan so getrou gedien het, wou nou siele vir Christus wen."

Dit was in Teignmouth dat hy gelei was om te weet hoe om God se Woord te gebruik, en om die Heilige Gees as die Leermeester wat God gegee het te vertrou om daardie Woord aan hom te verklaar. Hy skryf: “God het toe vir my begin wys dat die Woord van God alleen ons maatstaf vir die beoordeling van geestelike dinge was; dat dit alleen deur die Heilige Gees verklaar kon word; en dat in ons dae net so goed as in vorige tye, Hy die Leermeester van Sy volk is. Ek het die werk van die Heilige Gees voor die tyd nie proefondervindelik verstaan nie.”

“Wat groot invloed op my gehad het, was toe ek veral hierdie laaste punt begin verstaan het, want die Here het my instaat gestel om dit te onderwerp aan die toets van praktiese, deur kommentare opsy te sit, en byna elke ander boek, en deur eenvoudig die Woord van God te lees en dit te bestudeer. Die uitslag hiervan was, dat ek die eerste aand wat ek myself in my kamer opgesluit en myself tot gebed en tot die oordenking van die Skrifte begewe het, meer in 'n paar uur geleer het as gedurende al die vorige maande. **Die eintlike verskil was dat ek daardeur ware sterkte vir my siel gevind het.** Ek het nou 'n begin gemaak om die dinge wat ek

geleer en gesien het aan die toets van die Skrif te onderwerp, en het bevind dat slegs daardie dinge wat die toets deurstaan het vir my van werklike waarde was."

Aangaande gehoorsaamheid aan die Woord van God skryf hy: “Dit het God in Sy oorvloedige genade behaag om my in so 'n toestand te bring, waar ek gewillig was om in my lewe uit te voer wat ek ook al in die Skrif kon vind. Ek kon sê: “Ek sal Sy wil doen,” en dit was om hierdie rede, glo ek, dat ek kon sien watter “**lering van God was**” - En hier wil ek aanmerk, tussen hakies, dat die gedeelte waarna ek verwys het (Joh. 7:17) die merkwaardigste verklaring vir my was aangaande baie leerstukke en voorskrifte van ons allerheiligste geloof. Byvoorbeeld: “*Maar Ek sê vir julle dat julle 'n slegte mens nie moet weerstaan nie; maar as iemand jou op jou regterwang slaan, draai ook die ander een na hom toe. En die wat met jou na die gereg wil gaan en jou onderkleed wil neem, laat hom ook die bokleed kry. En elkeen wat van jou een myl afdwing, loop met hom twee myl saam. Gee vir hom wat jou iets vra, en wys hom nie af wat van jou wil leen nie. Julle het gehoor dat daar gesê is: Jy moet jou naaste liefhê en jou vyand moet jy haat. Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat vir julle beledig en julle vervolg”* (Matt. 5:39-44). *“Verkoop julle besittings en gee aalmoese”* (Lukas 12:33). , “*Wees aan niemand iets skuldig nie, behalwe om mekaar lief te hê*”(Rom. 13:8).

Dit kan gesê word: “Maar hierdie gedeeltes kan tog nie letterlik opgevat word nie, want hoe sou die volk van God dan deur hierdie wêreld gaan?" Die gedagtegang wat in Joh. 7:17 aangemoedig word, sal sulke besware laat verdwyn. Wie gewillig is om op hierdie bevele van die Here letterlik te handel, sal, glo ek, saam met my gelei word om te sien dat dit God se wil is dat ons hulle letterlik sal opneem. Wie hulle so gaan opneem sal ongetwyfeld dikwels in moeilike omstandighede gebring word, wat vir die vlees swaar sal wees om te dra, maar hierdie dinge sal 'n neiging hê om

hul gedurig te laat voel dat hulle hier vreemdelinge en pelgrims is, dat hierdie wêreld nie hul tuiste is nie, en om hulle al meer op God te werp, wat ons verseker deur elke moeilikheid heen sal lei waarin ons mag beland het omdat ons gewaag het om te handel in gehoorsaamheid aan Sy Woord."

Hierdie onvoorwaardelike oorgawe aan God se Woord het hom tot sekere standpunte en 'n houding met betrekking tot geld gelei wat sy lewe daarna geweldig beïnvloed het. Hulle het hul wortel gehad in die oortuiging dat geld 'n goddelike rentmeesterskap was, en dat alle geld dus ontvang en uitgegee moes word in direkte gemeenskap met God self. Dit het hom daartoe gelei om die volgende vier reëls te aanvaar:

(1) **Om geen vaste salaris te ontvang nie**, beide omdat daar dikwels by die insameling daarvan baie dinge gepaard gegaan het wat glad nie gestrook het met die vrywillige offergawe waarmee die diens van God in stand gehou moes word nie, en deur dit te ontvang, mens gevaar geloop het om jou meer afhanklik te stel van menslike bronne van inkomste as van die lewende God self.

(2) **Om nooit vir 'n enkele persoon om hulp te vra nie**, hoe groot die nood ookal mag wees, maar om sy behoeftes aan God bekend te maak, wat belowe het om vir Sy kinders te sorg en hul gebede te verhoor.

(3) Om hierdie bevel letterlik op te vat: "***Verkoop julle besittings en gee aalmoese***" en om nooit geld weg te sit nie, maar om alles wat God aan hom toevertrou het aan die armes van God te bestee, en aan die werk van Sy Koninkryk.

(4) Om ook Rom. 13:8 letterlik op te vat: "***Wees aan niemand iets skuldig nie***" en nooit op skuld te koop nie, of om skuld vir iets aan te gaan nie, maar om God te vertrou om te voorsien.

Hierdie manier van lewe was in die begin nie so maklik nie. Maar Müller getuig dat dit baie seën meegebring het deurdat dit sy siel daartoe gebring het om in God te rus, en dit in nouer gemeenskap met Homself te bring wanneer dit wou terugval. “Want dit sal nie saamwerk nie - dit is nie moontlik om in sonde te leef en terselfdertyd deur gemeenskap met God op die hemel te trek vir alles wat 'n mens vir hierdie lewe nodig het nie."

Nie lank nadat hy hom in Bristol gevestig het nie, is "*The Scriptural Knowledge Institution for Home and Abroad*" gestig om hulp te verleen aan Dagskool, Sondagskool, Sendingwerk en Bybel-werk. Van hierdie organisasie het die weeshuis-werk, waarvoor mnr. Müller die beste bekend is, 'n tak geword. Dit was in 1834 dat sy hart aangeraak was deur 'n geval van 'n weeskind wat in een van die skole tot Christus gebring was, maar wat na 'n armhuis (waar armes maatskaplike werk ontvang) moes gaan waar vir sy geestelike behoeftes nie gesorg sou word nie. Nadat hy kort daarna met 'n lewens-beskrywing van Franke kennis gemaak het, skrywe hy (Nov. 20, 1835): “Vandag is dit baie swaar op my hart gelê om nie langer meer net aan die oprigting van 'n weeshuis te dink nie, maar om daar werklik 'n aanvang mee te maak, en ek het hieroor baie gebid om die Here se wil in die saak uit te vind. Mag God dit duidelik maak."

En weer Nov. 25: ”Ek het gister en vandag baie oor die weeshuis gebid, en word meer en meer oortuig dat dit van God is. Mag Hy my genadiglik lei. Die drie vernaamste redes is:

(1) Dat God verheerlik mag word, as dit Hom mag behaag om die middele te skenk, daarin dat gesien kan word dat dit nie tevergeefs is om Hom te vertrou nie; en dat die geloof van Sy kinders versterk mag word.
(2) Die geestelike welvaart van vaderlose en moederlose kinders.
(3) Hul tydelike welvaart."

Nadat hy ‘n paar maande in gebed en wag op God deurgebring het, het hy 'n huis gehuur waarin hy dertig kinders kon huisves, en in die loop van tyd nog drie, sodat hy altesame vir 120 kinders plek gehad het. Die werk is vir tien jaar lank op hierdie basis voortgesit: vir die behoeftes van die weeskinders het hy alleen tot God gegaan, en God het voorsien. Dikwels was dit 'n tyd van groot behoefte en baie gebed, maar die uitslag van die geloofsbeproewing, wat kosbaarder as goud was, was die lof en eer en heerlikheid van God. Die Here was besig om Sy dienskneg vir groter dinge voor te berei. Deur Sy voorsiening en deur Sy Heilige Gees, was mnr. Müller gelei om van die Here te begeer en op Hom te wag totdat hy die seker belofte ontvang het vir £15,000 vir 'n huis wat plek sou hê vir 300 kinders. Hierdie eerste huis is in 1849 geopen. In 1858 is 'n tweede en 'n derde huis vir nog 950 kinders geopen wat £35,000 gekos het. En in 1869 en 1870 'n vierde en 'n vyfde huis vir nog 850 teen 'n koste van £50,000 wat die getal weeskinders op 2,100 te staan gebring het.

Behalwe vir hierdie werk het God hom byna net soveel gegee vir ander werk, vir die ondersteuning van skole en sendingwerk, vir Bybel- en traktaatverspreiding, as vir die bou van die weeshuise en die onderhoud van die weeskinders. Altesame het hy van God gedurende die vyftig jaar meer as 'n miljoen pond ontvang om in Sy diens bestee te word. Hoe min het hy geweet, laat ons noukeurig hierop let, dat, toe hy sy geringe salaris van £30 per jaar in gehoorsaamheid aan die leiding van God se Woord en die Heilige Gees opgegee het, wat God besig was om vir hom te gee as loon vir sy gehoorsaamheid en sy geloof. Hoe wonderlik sou die woord in sy geval vervul word: *“Oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel"* (Matt. 25:21).

En hierdie dinge het gebeur as 'n voorbeeld vir ons. God roep ons om volgelinge van George Müller te wees soos hy van Christus was. Sy God is ons God; dieselfde beloftes is daar vir ons; dieselfde diens van liefde en geloof waarin hy gearbei het wag vir ons op elke gebied.

Laat ons in verband met ons lesse in die skool van gebed ondersoek instel na die weg waarlangs God aan George Müller as 'n man van gebed, gegee het: ons sal hierin die merkwaardige ooreenstemming vind van sommige van die lesse wat ons by die Meester in Sy Woord geleer het. Sy eerste groot les sal veral op ons afgedruk word, dat as ons tot Hom kom langs die weg wat Hy vir ons aangewys het, met definitiewe versoeke, aan ons deur die Gees bekendgemaak deur die Woord in ooreenstemming met die wil van God, dan mag ons met vertroue glo dat wat ons ookal mag vra sal ons ontvang.

## GEBED EN DIE WOORD VAN GOD

Ons het meer as eenmaal gesien dat as ons wil hê God moet na ons stem luister dan moet ons na Sy stem luister (Sien Lesse 22 en 23). Ons moet nie net 'n besondere belofte hê waarvoor ons pleit wanneer ons met 'n besondere versoek kom nie, maar ons hele lewe moet onder die heerskappy van die Woord wees: Die Woord moet in ons woon. Die getuienis van George Müller is op hierdie punt baie leersaam. Hy vertel ons hoedat die ontdekking van die regte plek van die Woord van God gepaard met die lering van die Heilige Gees, die begin was van 'n nuwe era in sy geestelike lewe.

Hieromtrent skryf hy as volg: “Die skriftuurlike manier van te redeneer sou gewees het: God Self het Hom neergebuig om die Outeur te word, en ek is onkundig omtrent daardie kosbare Boek wat deur middel van Sy diensknegte geskrywe is, deur die Heilige Gees daartoe gedrywe, en dit bevat dit wat ek behoort te weet, en die kennis wat my tot ware geluk sal lei. Daarom behoort ek hierdie allerkosbaarste boek oor en oor te lees, hierdie Boek van alle boeke, baie ernstig, met baie gebed, en met gedurige oordenking; en ek behoort dit die reël van my lewe vir al die dae van my lewe te maak. Want ek het begin verstaan dat, omdat ek dit maar min gelees het, ek daar feitlik niks van geweet het nie. In plaas van dit

egter te doen en weens my onkunde omtrent God se Woord, gelei te word om dit meer te bestudeer, het die moeilikheid om dit te verstaan, en die min genot wat ek daarin gekry het, my onverskillig in die lees daarvan gemaak (want om die Woord biddend te lees, gee nie net meer kennis nie, maar verskaf genot om dit te lees). Ek het dus, soos baie gelowiges, werklik vir die eerste vier jaar van my geestelike lewe, voorkeur gegee aan die werke van persone wat nie deur die Gees geïnspireerd was nie, bo die uitsprake van die lewende God. Die gevolg hiervan was dat ek 'n babatjie gebly het beide wat kennis en genade betref. In kennis, sê ek, want alle ware kennis moet deur die Gees uit die Woord kom. En omdat ek die Woord verwaarloos het, was ek vir byna vier jaar so onkundig dat ek nie eens 'n **duidelike** kennis van die **fundamentele** punte in ons heilige geloof gehad het nie.

Hierdie gebrek aan kennis het my tot my eie droefheid teruggehou om in die weë van God te wandel. Want toe dit die Here in Augustus 1829 behaag het om my werklik na die Skrif te bring, is my lewe baie verander. En hoewel ek sedertdien nog baie ver tekortgeskiet het aan wat ek kon en behoort te gewees het, nogtans is ek deur die genade van God instaat gestel om baie nader by Hom as ooit tevore te lewe. As daar gelowiges is wat dit lees, wat voorkeur aan ander boeke bo die Heilige Skrif gee, en wat die geskrifte van mense meer geniet as die Woord van God, laat hulle deur my verlies gewaarsku wees. Ek sal hierdie boek as 'n middel tot goed doen beskou as dit die Here mag behaag om, deur die lees daarvan, sommige van Sy gelowiges daartoe te bring om die Heilige Skrif nie te verwaarloos nie, maar om dit die voorkeur te gee wat hulle tot hiertoe aan ander geskrifte gegee het."

"Voor ek van hierdie onderwerp afstap wil ek net dit byvoeg: As die leser baie min van die Woord van God verstaan, dan behoort hy dit baie te lees; want die Gees verklaar die Woord deur die Woord. En as hy die lees van die Woord 'n bietjie geniet, dan is dit juis die rede waarom hy dit baie

moet lees; want hoe meer ons die Skrif lees hoe meer geniet ons dit, sodat hoe meer ons die Woord lees hoe meer wil ons dit lees. Bo alles behoort dit by hom 'n uitgemaakte saak te wees dat net God, deur Sy Gees, hom kan leer, en om dié rede dat God nodig sal wees vir seëninge, dit hom betaam om God se seën voor en terwyl hy die woord lees te vra. Dit moet ook by hom 'n uitgemaakte saak wees dat, hoewel die Heilige Gees die beste en doeltreffendste Leermeester is, hierdie Leermeester ons nie altyd onmiddellik, **wanneer** ons dit begeer, leer nie, en dat ons by Hom dus oor en oor behoort aan te dring om ons 'n verklaring van sekere gedeeltes te gee. Hy sal ons egter sekerlik uiteindelik leer as ons waarlik biddend om lig soek, geduldig is, en dit soek om God te verheerlik."

In sy dagverhaal maak hy dikwels melding van die feit dat hy twee of drie uur deurgebring het in gebed en met die Woord met die doel om sy geestelike lewe te voed. As vrug hiervan was die persoonlike beloftes vir hom, in tye wanneer hy behoefte aan krag en aanmoediging gehad het, nie soveel argumente uit 'n boek om by God te gebruik nie, maar lewende woorde wat hy die Vader met Sy lewende stem hoor spreek het tot hom, en wat hy nou na die Vader met 'n lewende geloof kon bring.

## GEBED EN DIE WIL VAN GOD

Een van die grootste probleme waarmee jong gelowiges te kampe het, is om te weet hoe om uit te vind of dit wat hulle begeer, volgens die wil van God is. Dit is seker een van die kosbaarste lesse wat God ons uit die ondervinding van George Müller wil leer omtrent dinge waarvan Sy Woord niks direk sê, dat dit Sy wil vir ons is, en dat ons dit mag vra. Die lering van die Gees, nie sonder of teen die Woord nie, maar as iets bokant of buitekant dit en daarmee gepaard, waarsonder ons die wil van God nie kan sien nie, is die erfenis van elke gelowige. Deur die **Woord en alleen die Woord** leer die Gees ons deur die algemene beginsels of beloftes op ons besondere behoefte toe te pas. Dit is die **Gees en alleen die Gees** wat

waarlik die Woord 'n lig op ons pad kan maak, of dit die weg van plig in ons alledaagse lewe, of die weg van geloof in ons toetree tot God, is.

Laat ons probeer sien hoe kinderlik eenvoudig en tog hoe duidelik God Sy wil aan Sy dienskneg geopenbaar het. Met betrekking tot die bou van die eerste huis en die versekering wat hy gehad het dat dit God se wil was, skryf hy in Mei 1850, net nadat dit geopen was, sprekende van die groot probleme wat daar was, en hoe onwaarskynlik dit vir die vlees geskyn het dat dié verwyder sou word: “Maar terwyl die vooruitsig voor my oorweldigend gelyk het as ek dit uit 'n natuurlike oogpunt sou beskou het, was ek tog nooit vir 'n enkele oomblik toegelaat om myself af te vra hoe dit gaan eindig nie. Want soos ek van die begin af seker was dat dit die wil van God was dat ek met die werk om vir Hom hierdie groot weeshuis te bou moes voortgaan, so was dit ook van die begin af vir my duidelik dat die hele gebou klaar sou kom asof dit al reeds gevul was."

Die weg waarlangs hy God se wil ontdek het, kom baie duidelik uit in die verslag van die bou van die tweede huis, en ek vra die leser om die les wat dit leer noukeurig te bestudeer: “Des. 5, 1850. Onder hierdie omstandighede kan ek slegs bid dat God in Sy tere genade nie sal toelaat dat Satan die oorhand oor my sou kry nie. Deur die genade van God sê my hart: Here, as ek seker kon wees dat dit U wil is dat ek met hierdie saak sou voortgaan, dan wil ek dit blymoedig doen. Aan die anderkant, as ek seker kon wees dat dit ligvaardige, dwase, hoogmoedige gedagtes is, dat hulle nie uit U is nie, dan sou ek hulle, deur U genade, haat en vir altyd laat vaar. My hoop is op God: Hy sal my help en my leer. As ek egter moet oordeel na Sy vorige handelinge met my, sou dit vir my nie iets wees nie, ook nie iets verrassend, as Hy my sou roep om in hierdie opsig nog groter dinge te doen nie.”

“Die gedagtes om die weeshuis te vergroot het nie ontstaan omdat daar in die laaste tyd 'n groter toevloed van geld ingekom het nie, want ek

moes in die afgelope tyd vir omtrent sewe weke op God wag, terwyl min, betreklik min ingekom het, bv. omtrent vier maal soveel is uitbetaal as wat ingekom het, en as die Here nie by vorige geleenthede groter somme vir my gestuur het nie, dan sou ons waarlik terneergedruk gewees het. Here, hoe kan U dienskneg U wil in hierdie saak ken? Mag dit U behaag om hom te leer."

"Desember 11 - Ek het, nadat ek die woorde hierbo geskryf het, die afgelope ses dae, dag na dag op God gewag in verband met hierdie saak. Dit was min of meer gedurig op my hart. As ek snags wakker lê was dit gewoonlik in my gedagtes. Daar is egter hierin geen ontsteltenis nie. Ek is heeltemal kalm en stil oor die saak. My siel sal verheug wees om met die saak voort te gaan, as ek seker kon wees dat die Here wil hê ek moet dit doen; want dan sal, nieteenstaande die oneindige hoeveelheid probleme, alles wel wees, en Sy Naam grootgemaak word."

"Aan die anderkant, as ek verseker was dat die Here wil hê dat ek tevrede moet wees met my teenwoordige werksgebied, en dat ek nie behoort te bid vir die uitbreiding van die werk nie, dan sou ek deur Sy genade, **sonder enige inspanning**, met blymoedigheid toegee, want Hy het my tot by daardie plek gebring waar ek alleen begeer om Hom in die saak te behaag. Wat meer is, ek het tot hiertoe nog nie met my geliefde eggenote oor hierdie saak gepraat nie, sy wat die deelgenoot van my vreugde, verdriet en arbeid was vir meer as twintig jaar, en dit is ook waarskynlik dat ek dit vir 'n geruime tyd nie sal doen nie, want ek verkies om stil op die Heer te wag, sonder om oor die saak te gesels, sodat ek op die manier makliker, deur Sy seën, vry van invloede van buite kan bly. Die les van my gebed oor hierdie saak is, dat die Here nie sal toelaat dat ek 'n fout maak nie, en dat Hy my sal leer om Sy wil te doen."

"Desember 26 - Vyftien dae het verloop sedert ek die voorafgaande paragraaf geskryf het. Ek het nog elke dag in gebed oor die saak volhard,

en dit met 'n taamlike mate van erns, deur God se hulp. G'n uur het verbygegaan in hierdie tyd, of my gedagtes het in hierdie rigting gegaan nie. Alles egter sonder 'n sweem van ongerustheid. Ek praat met niemand oor die saak nie. Tot hiertoe het ek nog nie eens met my eggenote daaroor gepraat nie. Ek bid nog, en onderhandel alleen met God oor die saak, sodat geen invloed van buite en geen uiterlike opgewondenheid in my pad mag staan om tot **'n duidelike besef van Sy wil** te kom nie. Ek het vanaand nog 'n besondere plegtige tyd van gebed gehad om te soek om God se wil te ken. Maar terwyl ek voortgaan om die Here se aangesig te soek en by Hom aan te dring dat Hy nie sal toelaat dat ek in die saak mislei word nie, kon ek sê dat ek haas geen twyfel in my gemoed het omtrent die uitslag nie, in dier voege dat ek met die saak moet voortgaan. Aangesien dit egter een van die gewigtigste stappe is wat ek ooit geneem het, oordeel ek dat ek nie te versigtig te werk kan gaan nie, maar baie moet bid en oorweeg."

"Daar is by my geen haas nie. Ek kon jare wag, deur God se genade, as dit Sy wil was, voordat ek een enkele stap in hierdie saak sal neem, of voordat ek met iemand daaroor sou praat. Aan die anderkant sou ek môre begin werk as die Here my gebied om dit te doen. Die kalmte in my gemoed, waar geen wil van my eie op die spel is nie, waar ek slegs die begeerte het om my Hemelse Vader daarin te behaag, waar ek slegs Sy eer en nie myne soek nie, waar my hart in hierdie toestand is, sê ek, het ek die volste versekering dat my hart nie deur vleeslike opgewondenheid beheers word nie, en dat as ek gehelp word om voort te gaan, **sal ek God se wil ten volle ken**. Maar, terwyl ek dit skryf, kan ek nie nalaat om by te voeg nie, dat ek tog waarlik verlang na die eer en heerlike voorreg om meer en meer deur die Here gebruik te word."

"Ek begeer om toegelaat te word om geestelike onderrig aan 'n duisend in plaas van driehonderd weeskinders te verskaf. Ek begeer om die Heilige Skrif gereeld aan 'n duisend in plaas van aan drie honderd

weeskinders uit te lê. Ek begeer dat dit nog oorvloediger geopenbaar mag word dat God nog die Hoorder en Verhoorder van die gebed is, en dat Hy nog die lewende God is, soos Hy altyd was en tot in ewigheid sal wees, wanneer Hy eenvoudig, in antwoord op gebed, Hom neergebuig het om my 'n huis te gee vir 700 weeskinders tesame met die middele om hulle te onderhou. Die laaste oorweging is in my gemoed die belangrikste. Die eer van die Heer is in hierdie saak vir my die vernaamste punt; en net omdat dit die geval is, as Hy meer verheerlik sal word as ek met die saak nie voortgaan nie dan sou ek, deur Sy genade volkome tevrede wees om alle gedagtes aan nog 'n weeshuis op te gee. Met so 'n gemoedstoestand, verkry deur die Heilige Gees, sal U, my Hemelse Vader, **tog seker nie toelaat dat U kind 'n fout maak of mislei word nie**. Met God se hulp sal ek voortgaan om dag na dag op Hom in gebed te wag oor hierdie saak, totdat Hy my mag gebied om te handel."

"Januarie 2, 1851 - Die vorige paragraaf het ek 'n week gelede geskrywe. Gedurende hierdie week is ek nog gehelp om dag na dag, en meer as eenmaal elke dag, om leiding van die Here te soek omtrent nog 'n weeshuis. Die las van my gebed was nog gedurig dat Hy, in Sy groot genade, my mag bewaar daarvan om 'n fout te maak. Ek het Spreuke in die afgelope week gelees, en my hart is verkwik in verband met die saak deur gedeeltes soos die volgende: *"Vertrou op die Here met jou hele hart en steun nie op jou insig nie. Ken Hom in al jou weë, dan sal Hy jou paaie gelykmaak."* (Spr. 3:5, 6). Deur God se genade ken ek die Here in al my weë, en veral in hierdie saak. Ek het dus die goeie versekering dat Hy my paaie gelyk sal maak aangaande hierdie deel van my diens, of ek my daarmee moet besig hou of nie. Verder: "*Die geregtigheid van die opregtes sal **hulle bewaar***". Deur die genade van God is ek opreg in hierdie saak. My eerlike doel is om heerlikheid vir God te verkry. Daarom verwag ek dat God my reg sal lei. Verder: *"Laat jou werke aan die Here oor, dan Sal jou planne uitgevoer word"* (Spr. 16:3). Ek laat my werke aan die Here oor, en verwag derhalwe dat my planne uitgevoer sal word. My

hart is meer en meer besig om tot 'n stille, en gevestigde versekering te kom, dat dit die Here sal behaag om my nog meer in verband met die werk onder die weeskinders te gebruik. Hier is U dienskneg Here."

Toe hy later besluit het om nog twee huise te bou, Nos. 4 en 5, het hy weer geskryf: “Twaalf dae is verby sedert ek die laaste paragraaf geskryf het. Ek is nog steeds instaat gestel om dag vir dag op die Here te wag in verband met die uitbreiding van die werk onder die weeskinders, en het gedurende die hele tyd volkome vrede ondervind, wat veroorsaak is deurdat ek in hierdie saak slegs die eer van die Here en tydelike en geestelike heil van my medemens soek. Ek kan deur Sy genade sonder opoffering alle gedagtes omtrent die hele saak opsy sit, as ek maar net die versekering het dat God dit so wil. Aan die anderkant weer sal ek onmiddellik voortgaan as dit Sy wil is. Ek het nog steeds die saak net vir myself gehou. Hoewel ek nou reeds vir sewe weke, min of meer dag na dag, besig is met die saak, en vandat ek daagliks daaroor begin bid het, weet geen enkele sterfling daarvan nie. Tot nog toe het ek dit nie eens vir my dierbare eggenote genoem nie, sodat ek op hierdie manier deur stil op die Here te wag nie beïnvloed mag word deur wat ander oor die saak mag dink nie. Ek het hierdie aand weer spesiaal afgesonder vir gebed, om die Here nogeens te vra om my nie in hierdie saak 'n fout te laat begaan nie, en nog minder om toe te laat dat ek deur die duiwel mislei sal word. Ek het ook weer al die redes waarom nog 'n weeshuis gebou moet word sowel as die waarom nie, voor my gees laat verbygaan: om duidelik en definitief te wees skryf ek hulle neer...”

“Hoe swaar die vorige nege redes ook by my weeg, tog sal hulle my nie laat besluit nie as daar nie nog een bykom nie. Dit is dit. Nadat ek vir maande die saak oorweeg het, en op al die gevolge en probleme ingegaan het, en toe gelei is na baie gebed om tot uitbreiding te besluit, is daar vrede in my gemoed. Die kind wat keer op keer sy Hemelse Vader gesmeek het om nie toe te laat dat hy mislei word, of om selfs 'n fout te

maak nie, het vrede, volkome vrede omtrent hierdie besluit, en hy het dus die versekering dat die besluit waartoe hy na baie gebed vir weke en maande gekom het, die leiding van die Heilige Gees is. Hy is dus van voorneme om voort te gaan, met die geloofsversekering dat hy nie sal misluk nie, want hy vertrou op God. Daar mag baie en groot uitdagings wees; duisende en duisende gebede mag nog nodig wees voordat die volle antwoord verkry is; baie geloofsbeoefening en geduld mag nog nodig wees; maar op die ou end sal dit weer gesien word dat Sy dienskneg wat Hom vertrou, nie beskaamd sal uitkom nie."

## GEBED EN VERTROUE IN GOD

Daar is ander punte in die verhaal van George Müller waarop ek graag sou wil wys maar met nog een moet ek volstaan. Dit is die les oor die vaste en onwrikbare vertroue op die belofte van God as die geheim van volhardende gebed. As ons net eers, deur onderworpenheid aan die lering van die Gees en die Woord, God se belofte aangegryp het, en geglo het dat die Vader ons gehoor het, dan moet ons nie toelaat dat ons geloof geskok word deur enige vertraging op ongunstige omstandighede nie.

“Die hele antwoord op my daaglikse gebede was ver van verwesenlik te wees, tog het die Here my oorvloedige aanmoediging geskenk om in die gebed te volhard. Maar veronderstel selfs dat baie minder ingekom het as wat ontvang is, dan behoort ek nog, nadat ek tot die besluit op skriftuurlike gronde gekom het deur baie gebed en selfondersoek, voort te gegaan het sonder weifeling met die beoefening van geloof en geduld aangaande hierdie saak. So behoort al die kinders van die Here, as hulle hulself eers eenmaal oortuig het dat wat hulle voor God in gebed lê volgens Sy wil is, aan te hou met gelowige, verwagtende en volhardende gebed totdat die seën verkry is.”

“So is ek besig om nou vir tien jaar en ses maande op God te wag vir seëninge op sekere dinge sonder dat ek een dag oorgeslaan het. Nogtans het ek nog nie 'n volle antwoord ontvang met betrekking tot die bekering van sekere persone nie alhoewel daar in die tussentyd duisende gebede verhoor is. Ek het ook dag na dag vir tien jaar lank vir ander persone gebid, vir ander ses of sewe en nog ander twee tot drie jaar, en nog het ek geen antwoord met betrekking tot hulle ontvang nie, terwyl in die tussentyd baie duisende gebede van my verhoor is, en ook siele tot bekering gekom het vir wie ek gebid het. Ek lê veral hierop nadruk ter wille van die persone wat reken dat ek maar net kan vra en God sal onmiddellik antwoord; of dat ek oor iets mag bid en dat die antwoord verseker sal kom. Mens kan alleen verwag dat God gebed sal verhoor wat volgens sy gedagtes is, en selfs dan mag dit wees dat geloof en geduld vir baie jare beoefen sal moet word, soos in my eie geval wat ek hierbo genoem het. Nogtans volhard ek daagliks in gebed en verwag ek die antwoord, en dit so seker dat ek dikwels God gedank het dat Hy dit vir my sal gee, hoewel ek my geloof en geduld nou vir negentien jaar lank so beoefen. Hou moed, liewe Christene, en gee uself met vernude erns tot 'n lewe van gebed, as u net seker kan wees dat wat u vra tot God se verheerliking is.”

“Die merkwaardigste punt is dit dat £6-6s-6d, van Skotland afkomstig, my voorsien het, sover ek nou weet, van al die middele wat ek nodig gehad het om die nuwe weeshuis te begin. Ek het vir ses jaar en agt maande dag na dag, en gewoonlik verskeie maal per dag, die Here gevra om my die nodige middele te gee vir hierdie uitbreiding van die werk onder die weeskinders, wat volgens berekeninge wat in die lente van 1861 gemaak is omtrent vyftigduisend pond sou gewees het maar wat later agt-en-vyftigduisend pond geblyk het te wees hierdie hele bedrag het ek nou ontvang. Ek loof en verheerlik die Here omdat Hy hierdie uitbreiding van die werk op my hart gelê het, en vir die moed en geloof wat Hy aan my daarvoor gegee het; en bo alles dat Hy my geloof dag vir dag sonder om

te twyfel ondersteun het, my geloofsversekering was niks groter op die dag toe ek die laaste pennie wat nodig was ontvang het, as op die eerste dag toe daar nog niks in die kas was nie.”

“By die aanvang, nadat ek eers seker van Sy wil gemaak het, wat met 'n baie geduldige en hart-deursoekend wag op God gepaard gegaan het, het ek die volle versekering gehad dat God dit tot stand sou bring, asof die twee huise met hul honderde weeskinders daarin reeds 'n voldonge feit was. Ek wil hier 'n paar aanmerkings in verband met die saak maak ter wille van jong gelowiges:

(1) **Moenie haastig wees** om nuwe stappe te neem in die Here se diens, of in jou besigheid, of met betrekking tot jou familie nie: oorweeg alles goed, **oorweeg alles in die lig van die Heilige Gees en in die vrees van God**.
(2) Soek om **geen wil van jou eie te hê nie**, sodat jy God se wil kan agterkom met betrekking tot die stappe wat jy van voorneme is om te neem, en eerlik sal kan sê dat jy gewillig is om die wil van God te doen, as dit Hom mag behaag om jou te onderrig.
(3) Maar as jy **Sy wil ontdek** het, **soek dan Sy hulp, en soek dit ernstig, volhardend, geduldig, gelowig en met verwagting**; en jy sal dit verseker op Sy eie tyd verkry.”

“Dit sou 'n fout wees om te dink dat ons net probleme met geld het. Daar is honderde ander behoeftes en probleme. Dit is iets buitengewoons as daar 'n dag verbygaan sonder een of ander probleem of behoefte, maar daar is dikwels baie moeilikhede en behoeftes wat op dieselfde dag aangepak en oorwin moet word. Dit word alles aangepak met gebed en geloof, ons universele redmiddel, en ons het nog nooit beskaamd uitgekom nie.”

“Geduldige, volhardende, gelowige gebed wat tot God gebid word in die Naam van die Here Jesus, het altyd vroeër of later seën gebring. Ek vertrou, deur God se genade, om nie enige seën te verkry; behalwe op voorwaarde dat ek seker kan wees dat dit **werklik goed sal doen** en **tot God se verheerliking** sou wees."

GEBED EN DIE HEERLIKHEID VAN GOD

Ons het meer as een maal gepoog om die waarheid tuis te bring, dat terwyl ons gewoonlik die redes vir ons onbeantwoorde gebede soek in die vermoede dat daardie gebede nie in ooreenstemming met God se wil is nie, die Skrif ons waarsku om die oorsaak by onsself te soek, daarin dat ons nie in die regte toestand is nie, of dat ons nie in die regte gees vra nie. Die ding wat ons vra mag volgens die wil van God wees, maar as die manier waarop ons vra, die gesindheid van die bidder nie volgens Sy wil is nie, dan word ons gebede nie verhoor nie. Waar die wortel van die sonde self en selfsug is, bring dit mee dat daar niks is wat, selfs in ons diep geestelike begeertes, God so doeltreffend verhinder om te hoor nie as dit, dat ons vir ons eie genot of roem bid. Vir gebed om krag te hê, moet dit opgestuur word om Hom te verheerlik, en dit kan ons alleen doen as ons leef om God te verheerlik.

In George Müller het ons 'n treffende voorbeeld van 'n man wat reg aan die begin van sy gebedslewe deur die Heilige Gees doelbewus en geleidelik gelei was om die eer en heerlikheid van God sy eerste en enigste doel te maak. Laat ons goed nadink oor wat hy sê, en die les leer wat God deur hom aan ons wil leer: “Gedurig is gevalle na my gebring wat die bewys gelewer het dat een van die besondere dinge waaraan die kinders van God in ons tyd behoefte het, **is dat hulle geloof versterk moet word**. Ek het dus die verlange gekoester om iets te hê waarop ek my broers kon wys as 'n sigbare bewys dat ons God en Vader dieselfde getroue God is wat Hy altyd was; nog net so gewillig om te toon dat Hy

die lewende God in ons tyd, soos in alle tye voorheen is **vir almal wat hul vertroue in Hom stel**. My hartsverlange was om die instrument te wees om hul geloof te versterk, deur aan hulle nie slegs gevalle uit die Woord van God aan te toon, van Sy gewilligheid en bekwaamheid om almal wat op Hom leun te help nie, maar om vir **hulle te toon** deur bewyse dat Hy nog ook vandag dieselfde God is. Ek het geweet dat die Woord van God genoegsaam behoort te wees, en deur Sy genade was dit vir my genoeg; maar nogtans het ek gereken dat ek my broers 'n helpende hand moes bied."

"Ek het dit dus as my plig beskou om 'n dienskneg van die Kerk van Christus in hierdie spesiale saak waarin God my Sy genade geskenk het, te wees, om naamlik vir God op Sy Woord te neem en daarop staat te maak. Die eerste doel van die werk was en is dit nog, **dat God verheerlik mag word** deur die feit dat die weeskinders onder my sorg voorsien word van alles wat hulle nodig het **alleen deur gebed en geloof**, sonder om iets vir iemand te vra; hierdeur is dit duidelik dat **God nog getrou is en nog gebed verhoor**."

"In die laaste tyd het ek weer baie tyd in gebed deurgebring oor die weeshuis en het my hart gedurig ondersoek, sodat ek kon uitvind of daar die geringste aanduiding is of daar iets in my begeerte is om myself te behaag. Want aangesien ek net God se verheerliking soek, sal ek bly wees om deur bemiddeling van my broer geleer te word as die saak nie uit Hom is nie. Toe ek die werk onder die weeskinders in 1835 begin het, was my hoof doel die verheerliking van God, deur 'n praktiese bewys te gee van wat gedoen kan word eenvoudig deur middel van gebed en geloof, sodat die Kerk in geheel daardeur kon baat, en om 'n onverskillige wêreld te oortuig van die werklikheid van die dinge van God, deur aan hulle deur hierdie werk te toon dat die lewende God nog, soos 4,000 jaar gelede, die lewende God is. Hierdie doel van my is oorvloediglik beloon. 'n Menigte sondaars het op hierdie manier tot bekering gekom, 'n menigte van

kinders van God in al die dele van die wêreld is deur hierdie werk bevoordeel, soos ek vooruit vermoed het. Maar hoe groter die werk geword het, hoe groter was die seën wat in die rigtings waarin ek dit verlang het, uitgestort, want die aandag van honderdduisende is op die werk gevestig, en baie duisende het die werk self kom besigtig. Dit alles wek by my 'n nog sterker begeerte op om nog verder op hierdie weg te gaan om sodoende nog groter heerlikheid aan die Naam van die Here te bring."

"My hoofdoel in hierdie arbeid is, **dat Hy te alle tye aanskou, verheerlik, bewonder, en vertrou mag word**; en so veral in die voorgenome uitbreiding. Dat gesien mag word hoeveel een arme persoon, deur eenvoudig op God te vertrou, deur die gebed tot stand kan bring; en dat op hierdie wyse ander kinders van God gelei mag word om meer en meer vir Hom in hul persoonlike posisies en omstandighede te vertrou, daarom word ek gelei om hierdie verdere uitbreiding te oorweeg."